# IDEOLOGIE EN DIE KONSTRUKSIE VAN 'N LANDELIKE SAMELEWING: 'N ANTROPOLOGIESE STUDIE VAN DIE HANANWA VAN BLOUBERG

deur

JOHAN ABRAHAM VAN SCHALKWYK

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE

in die vak

ANTROPOLOGIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF M DE JONGH

MEDEPROMOTOR: DR C J VAN VUUREN

NOVEMBER 1995

# VOORWOORD

Hierdie navorsing sou nie moontlik gewees het sonder die medewerking van al die mense van Blouberg nie. Aan 'n ieder en 'n elk my hartelike dank en waardering vir jare se vriendskap, samewerking en geduld met die navorsingsproses. 'n Spesiale woord van dank aan **kgosi** C. Leboho vir die toestemming wat hy verleen het om in die gebied te mag werk. Ek is ook baie dank verskuldig aan eerw. A. Kgashane van die Volle Evangeliese Lutherse Kerk, vir toestemming om by Leipzig te kampeer en van hulle fasiliteite gebruik te maak.

Graag wil ek ook die Raad en direkteur, dr. U.S. Küsel van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum bedank vir die toestemming en ondersteuning in die doen van hierdie navorsing. Aan Sam Moifatswane, vriend en kollega, asook sy gesin, my hartelike dank vir al die hulp en ondersteuning deur die jare. Ook aan my ander kollegas en vriende 'n woord van dank vir hulle belangstelling, hulp en ondersteuning.

Dank is ook verskuldig aan my promotors prof. M. de Jongh en dr. C.J. van Vuuren, vir hulle professionele leiding en ondersteuning in die voltooiing van hierdie navorsing.

Laastens, aan my vrou en dogter, vir hulle meelewing en ondersteuning oor die jare heen, kan ek net my innige dank uitspreek.

# OPSOMMING

Die verskillende pre-koloniale samelewings in suidelike-Afrika het in die laat 18de en vroeë 19de eeue reeds 'n herkenbaar moderne vorm begin aanneem, toe hulle identiteit deur koloniale intervensie 'gevries' is. Die verhouding wat met verloop van tyd tussen hierdie samelewings en die indringende koloniste ontwikkel het, is grotendeels gebaseer op persepsies en houdinge wat reeds sedert die 17de, 18de en veral die 19de eeu weens dié kontak 'n definitiewe vorm begin aanneem het. Hierdie kan as 'n proses van historiese voorstelling ("historical imaging") beskryf word.

In dié proefskrif word die agtergrond van hierdie pre-koloniale samelewings geskets en die historiese ontstaan van een samelewing word as tersaaklike voorbeeld bespreek. Die verhoudinge wat plaaslik as gevolg van die proses van koloniale intervensie ontstaan het, gee met verloop van tyd aanleiding tot die beleid van afsonderlike ontwikkeling, waarvan die toepassing oor 'n periode van nagenoeg 50 jaar in 'n groot mate bygedra het om die identiteit van hierdie besondere samelewing op 'n besonderse wyse te vorm.

Om hierdie beleid van afsonderlike ontwikkeling suksesvol toe te pas, was daar vanaf die regering van die dag vier mikpunte waaraan voldoen moes word. Dit is deur middel van wetgewing, oorreding en manipulering bewerkstellig.

Die eerste mikpunt het die ontwikkeling van 'n afsonderlike politieke bestel vir die swartmense behels, sodat hulle op 'selfstandige' wyse beheer oor die 'state' wat vir hulle geskep sou word, kon uitoefen.

Die tweede mikpunt was die daarstelling van 'n eie grondgebied waarbinne die

mense saamgevoeg kon word en wat as basis sou dien vir die fisiese skeiding tussen swartmense en blankes. Die politieke mag wat vir hulle geskep is, sou net binne die grense van hierdie eie grondgebied uitgeleef kon word.

Om die beleid suksesvol tot volvoering te kon bring, moes daar ook 'n strategie vir ekonomiese oorlewing geïmplimenteer word. Die derde mikpunt was die ekonomiese selfstandigmaking van elk van die gebiede. Aangesien die grondgebied wat aan hierdie mense afgestaan is totaal onvoldoende was, moes daar verskillende strategieë ontwikkel word vir hul voortbestaan - enersyds deur die regering en andersyds deur die inwoners.

Laastens sou al die mense binne 'n grondgebied tot 'n homogene eenheid saamgesnoer moes word. Daar is gevolglik gepoog om 'n eie identiteit vir die inwoners van elk van die gebiede te skep. Die strategie het grootliks op 'n etniese grondslag berus en was van sodanige aard dat dit die verskille tussen die groepe beklemtoon het.

Dié proses van die konstruksie van identiteit is aan die lig gebring deur navorsing wat onder die Hananwa, 'n Noord-Sotho-sprekende groep mense woonagtig in die weste van Noordelike Provinsie, gedoen is. Hierdie 'konstruksie-proses' was egter nie eensydig nie en die Hananwa het, soos wat dit hulle gepas het, aktief daaraan deelgeneem.

Die navorsingsproses het die toepassing van 'n multi-dissiplinêre benadering behels, wat hoofsaaklik van antropologiese, maar ook argeologiese en historiese metodologie gebruik gemaak het.

## SUMMARY


The various pre-colonial societies of southern Africa emerged in a recognizable modern form during the late 18th and early 19th centuries, when they were 'frozen' in their identities by colonial intervention. The relationships that developed with time between these societies and the colonial powers, were largely based upon perceptions and attitudes that developed since the 17th, 18th and especially the 19th centuries as a result of this contact. This latter process has been described as a process of historical imaging.

In this thesis, the background to these pre-colonial societies is given and the historical development of one such society is discussed as a relevant example. The relationships that resulted locally because of this process of colonial intervention eventually gave rise to a policy of separate development, the implementation of which over a period of close to 50 years largely contributed to the creation of the identity of this particular society.

As prerequisite for this policy to be successful, four aims that had to be successfully implemented were identified by the government of the day. This was done by means of legislation, persuasion and manipulation.

The first aim was the development of a separate political system for black people, by which they could 'independently' govern themselves in the 'states' that were to be created for them.

Secondly, for this political mechanism to work, it was necessary to establish a separate area or 'state', where the black people could live and govern themselves. The political power created for them could only be used within the

boundaries of these states. Furthermore, these states would also serve to separate whites and black people from each other.

Thirdly, for this policy to work, it was necessary to develop a strategy for the economic survival of the people in these states. As the areas set aside for them were totally inadequate, a number of strategies were developed for their economic survival - on the one hand by the authorities and on the other hand by the inhabitants of these areas themselves.

The last aim was to unite all the inhabitants within each of these states into one group. It was therefore tried to establish an identity or image for all the inhabitants of each of these areas. This strategy was largely based on ethnic principles, with particular emphasis on the differences between the various groups.

This process of the construction of identity is discussed with reference to a specific society, known as the Hananwa, a Northern-Sotho-speaking people living in the west of the Northern Province. Amongst the Hananwa, this 'construction process' was not one-sided and they took an active part in it as it suited their particular need at a specific time.

The research strategy was based on a multi-disciplinary approach that employed mainly anthropological methods, but also included archaeological and historical methodology.

**KEY TERMS**

Anthropology; History; Ideology; Archaeology; Ethnography; Tradition; Sotho-speakers; Separate development; Oral tradition; Pre-colonial society.

# INHOUDSOPGAWE


VOORWOORD . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . i

OPSOMMING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . ii

SUMMARY . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . iv

INHOUDSOPGAWE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . vi

LYS VAN KAARTE, TABELLE EN FIGURE . . . . . . . . . . . . . . . . . . x

AFDELING I: ORIëNTERING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1

HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING EN METODE . . . . . . . . . . . . . . 2
1. PROBLEEMSTELLING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2
2. TEORETIESE BEGRONDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 4
2.1 Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 4
2.2 Geskiedenis as tydsperspektief . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 5
2.3 Tradisionele praktyke as reaksie vir aanpassing . . . . . . . . . . 9
2.4 Ideologie en identiteit . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 14
3. EENHEID VAN ONDERSOEK . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 16
4. NAVORSINGSMETODOLOGIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 17
4.1 Voorondersoek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 17
4.2 Die ondersoek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 18
4.2.1 Literatuurstudie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 18
4.2.2 Veldwerk . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 20
4.3 Wyse van aanbieding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 21
5. SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 24

AFDELING II: DIE OMGEWING EN SY MENSE . . . . . . . . . . . . . . . 25

HOOFSTUK 2: DIE FISIESE OMGEWING . . . . . . . . . . . . . . . . . . 28
1. INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 28
2. GEOGRAFIESE AGTERGROND . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 30

2.1 Ligging ... 30
2.2 Topografie ... 33
2.3 Klimaat ... 35
3. HULPBRONNE ... 36
3.1 Minerale hulpbronne ... 36
3.2 Landboukundige hulpbronne ... 37
3.3 Waterhulpbronne ... 39
3.4 Fisiese infrastruktuur ... 40
3.5 Omgewings- en natuurbewaring ... 41
4. SAMEVATTING ... 43

**HOOFSTUK 3: DIE MENSLIKE OMGEWING** ... 45
1. INLEIDING ... 45
2. BEVOLKINGSAMESTELLING ... 45
2.1 Algemene beskrywing ... 45
2.2 Demografie ... 47
2.3 Sosio-ekonomiese profiel ... 48
3. GESONDHEIDSDIENSTE ... 52
4. ONDERWYS EN OPLEIDING ... 54
5. WINKELS EN ANDER DIENSTE ... 57
6. ONTSPANNING ... 60
7. SAMEVATTING ... 62

**AFDELING III: HISTORIESE KONTEKSTUALISERING** ... 64

**HOOFSTUK 4: HERKOMS EN BESITNAME VAN DIE GEBIED** ... 67
1. INLEIDING ... 67
2. OORSPRONGGESKIEDENIS EN VESTIGING IN DIE GEBIED ... 68
3. ONTWIKKELING VAN 'N MAGSBASIS EN UITBREIDING VAN NETWERKE ... 77
4. SAMEVATTING ... 87

**HOOFSTUK 5: PERIODE VAN VERANDERING** ... 89
1. INLEIDING ... 89
2. EERSTE KONTAK NA BUITE: SENDELINGE, REISIGERS EN AMPTENARE ... 91
3. BOTSING MET DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK ... 92
4. GEVOLGE VAN DIÉ EERSTE KONTAKTE ... 97
4.1 Gevolge van die oorlog ... 98
4.2 Invloed van die sendelinge ... 102
4.3 Handelaars, konsessionarisse en trekarbeid ... 107

4.4 Sosiale transformasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 109
5. Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 112

**AFDELING IV: HERSTRUKTURERING VAN 'N SAMELEWING** . . . . . . 113

**HOOFSTUK 6: POLITIEKE HERSTRUKTURERING** . . . . . . . . . . . . . . 115
1. INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 115
2. ONTLEDING VAN 'N STAATSVORM . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 116
3. RESENTE GESKIEDENIS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 122
4. POLITIEKE MARGINALISERING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 128
    4.1 Wet op Naturelle-administrasie, Wet 38 van 1927 . . . . . . . . 131
    4.2 Posisie van die stamhoof . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 133
5. POLITIEKE HEROPBOU . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 136
    5.1 Beleid van afsonderlike ontwikkeling . . . . . . . . . . . . . . . 136
    5.2 Wet op Bantoe-owerhede, Wet 68 van 1951 . . . . . . . . . . . . . 141
    5.3 Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur,
        Wet 46 van 1959 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 148
6. SAMEWERKING EN VERSET . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 149
    6.1 Samewerking: Die Lebowa Wetgewende Vergadering . . . . . . . 149
    6.2 Pogings tot verset . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 152
7. SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 154

**HOOFSTUK 7: 'N EIE GRONDGEBIED AS BASIS VIR AFSONDERLIKE ONTWIKKELING** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 156
1. INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 156
2. IDEOLOGIE VAN ONTEIENING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 157
    2.1 Tradisionele grondbesit . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 158
    2.2 Skep van eie grondgebiede . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 159
    2.3 Naturelle Grondwet, Wet 27 van 1913 . . . . . . . . . . . . . . 161
    2.4 Naturelle Trust- en Grondwet, Wet 18 van 1936 . . . . . . . . . 163
3. "BETTERMENT" . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 166
4. VAN "BETTERMENT" TOT "RESETTLEMENT" . . . . . . . . . . . . . . . 178
5. SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 183

**HOOFSTUK 8: STRATEGIEë VIR EKONOMIESE OORLEWING** . . . . . . . 184
1. INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 184
2. VERHOUDINGE VAN PRODUKSIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 185
3. STRATEGIE VIR EKONOMIESE ONTVOOGDING . . . . . . . . . . . . . . 194
    3.1 Bantoe Beleggingskorporasie (Wet 34 van 1959) . . . . . . . . . 196
    3.2 Bantoe Ontwikkelingskorporasie (Wet 86 van 1965) . . . . . . . . 196
4. NUWE EKONOMIESE ROLVERDELING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 197

5. INNOVERING VIR EKONOMIESE OORLEWING . . . . . . . . . . . . . . . 202
5.1 Landboukundige aktiwiteite . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 202
5.2 Kleinskalige aktiwiteite . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 207
5.3 Handwerk . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 211
5.4 Gemeenskapsprojekte . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 219
5.5 Innovering en aanpassing . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 220
5.6 Trekarbeid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 226
6. SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 232

**HOOFSTUK 9: STIMULERING VAN 'N EIE IDENTITEIT** . . . . . . . . . . . 234
1. INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 234
2. STRUKTUUR VAN 'N SAMELEWING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 235
3. 'N SISTEEM VAN GELOOF EN HANDELINGE . . . . . . . . . . . . . . . . 246
4. IDEOLOGIE VAN 'N EIE IDENTITEIT . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 263
5. MANIPULERING VAN TRADISIONELE KULTURELE INSTELLINGE 270
6. GROEPERINGE EN VERDELINGE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 275
7. SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 283

**AFDELING V: SLOT** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 285

**HOOFSTUK 10: SAMEVATTING** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 286

**BIBLIOGRAFIE** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 294

# LYS VAN KAARTE, TABELLE EN FIGURE

KAARTE:

Kaart 1. Ligging van die voormalige tuisland Lebowa, relatief tot die res van Suid-Afrika . . . . . 29

Kaart 2. Die groter Hananwa-woongebied as deel van die noordelike blok van die voormalige tuisland Lebowa (Bochum-distrik) . . . . . 31

Kaart 3. Reliëf van die noordelike blok van die voormalige tuisland Lebowa, insluitende die Hananwa-woongebied . . . . . 34

Kaart 4. Infrastruktuur en verspreiding van enkele dienste in die noordelike blok van die voormalige tuisland, Lebowa . . . . . 53

Kaart 5. Die verspreiding van die verskillende ouer stamhoof- en hoofmanskappe binne die woongebied . . . . . 79

Kaart 6. Verdeling van grond: oorspronklike reservaat, stam- en privaatgrond en Trustplase in die Hananwa-woongebied . . . . . 165

TABELLE:

Tabel 1. Lys van aangeduide stamhoofde en ander vername rolspelers van die Hananwa . . . . . 69

Tabel 2. Sleutelgenealogie van die Hananwa-stamhoofde, volgens die TNAD (1905) . . . . . 71

Tabel 3. Sleutelgenealogie van die Hananwa-stamhoofde, volgens die Lokasiekommissie (1905b) . . . . . 73

Tabel 4. Sleutelgenealogie van die Hananwa-stamhoofde, soos deur segspersone weergegee . . . . . 74

Tabel 5. Mansregimente van die Hananwa . . . . . 123

FIGURE:

Figuur 1. Kgalushi Leboho, welbekende voormalige stamhoof van die Hananwa, oorlede in 1939 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 94

Figuur 2. Die ou Berlynse Sendingstasie genaamd Blauberg, in ongeveer 1890 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 104

Figuur 3. Colin Matee Leboho, huidige stamhoof van die Hananwa . . . . 127

Figuur 4. 'n Man besig om houtbakke en mandjies te vervaardig . . . . . . 215

Figuur 5. **Tšhwene**, totem van die Hananwa van Blouberg, deur E. Mogerepe . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 218

Figuur 6. 'n Vrouedansgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 224

Figuur 7. 'n Geestesdanser (**lelopo**) besig om te dans . . . . . . . . . . . . . 253

Figuur 8. Etniese kleredrag van vrouens . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 278

# AFDELING I

# ORIëNTERING

Hierdie afdeling bied 'n oriëntering ten opsigte van die navorsing en maak die leser vertroud met die wyse waarop dit beplan, uitgevoer en aangebied is. Ten eerste word die probleemstelling uiteengesit, wat gevolg word deur die teoretiese begronding van die navorsing. Dit word deur 'n afbakening van die eenheid van ondersoek en 'n uiteensetting van die metodologie wat in die navorsing gebruik is, gevolg. Daarna word die aanbieding van die navorsingsinligting verduidelik.

# HOOFSTUK 1

# PROBLEEMSTELLING EN METODE

"To view local communities, their structures and contemporary predicaments, purely as the product of external historical forces - i.e. colonial capitalism - is to render them inert and vacuous, to deny them any active role in the dialectics of their own history" (Comaroff 1982:145).

## 1. PROBLEEMSTELLING

Die doel van hierdie navorsing is om die "strukturele dimensie van ervaring" (Van der Waal 1985:234), naamlik die herstrukturering en aanpassing, maar ook die kontinuïteit, wat voortgespruit het uit kontak met ander samelewings, in die lewenservaring van die inwoners van 'n spesifieke geografiese gebied, te ondersoek. Die basiese veronderstelling waarop die navorsing berus, is dat die huidige aard van die lewenswyse van die inwoners van dié gebied direk verband hou met die persepsies, houdinge en verhoudinge wat oor 'n lang periode van kontak en wisselwerking met ander groepe ontwikkel het. Vir dié doel is die gebeure van veral die afgelope 200 jaar van belang. Hierdie periode, vanaf ongeveer 1800, val saam met fundamentele veranderinge wat in die ekonomiese, politieke en sosiale omstandighede in plaaslike, sowel as in die groter suider-Afrikaanse konteks, plaasgevind het.

Die verhoudings wat by hierdie tipe veranderinge en aanpassings betrokke is, is

kompleks van aard en moeilik om te ontleed, selfs al is die verskillende komponente goed gedefinieer en die verbande tussen hulle duidelik. Coplan stel dit as volg:

> "The problem lies in attempting to isolate any form or process from its total context, to speak of one relationship without simultaneously implying another, and above all to establish lines of causation" (Coplan 1985:230).

Colin Murray, in sy ontleding van Sotho-samelewings, is van mening dat twee benaderings gebruik kan word om samelewings wat by hierdie tipe veranderinge en aanpassings betrokke is, te bestudeer. Een benadering wat gevolg kan word, is om vanuit mondelinge oorleweringe, geskrewe bronne en die argeologie 'n rekonstruksie te maak van 'n sosiale sisteem wat nie meer voorkom nie, maar wat beskou kan word as naastenby verteenwoordigend van 'n Sotho-samelewing. Die eenheid van ontleding is die 'stam',[1] 'n onafhanklike staatsvorm met sy eie territoriale basis, 'n hiërargie van oorerfbare ampte en 'n relatief selfonderhoudende ekonomie gebaseer op veeboerdery en landbou (Murray 1980a:21; Mitchell 1970).

'n Alternatiewe benadering is om 'n perspektief te ontwikkel aan die hand waarvan die lewe van mense wat tans in die landelike gebiede woonagtig is, bestudeer word. Dan word omstandighede wat nie uniek aan die Sotho is nie, maar wat wel tipies is van mense wat in die voormalige swart 'tuislande' woonagtig is, beskryf en ontleed (Murray 1980a:21).

Beide benaderings het inherente tekortkominge en die antwoord is dus om 'n kombinasie van die twee te volg (Murray 1980a:21; kyk ook Fischer 1992:70-71). Aangesien dit die doelstelling van hierdie navorsing is om die strukturele dimensie van ervaring van 'n samelewing te ontleed, beantwoord 'n kombinasie

---

[1] Daar word kennis geneem van die debat rondom die aanvaarding al dan nie van die term 'stam' - kyk byvoorbeeld Boonzaier & Sharp (1989).

van hierdie twee benaderings dus aan die doel. Die insig wat uit die diachroniese rekonstruksie verkry word, gee aanleiding tot die moontlikheid om die patrone en prosesse van aanpassing te identifiseer en te ondersoek, wat weer die interpretasie van die huidige struktuur vergemaklik. Hierdeur word die probleem van 'n eensydige historiese dialektiek ook vermy. Verder, aangesien die samelewing wat in hierdie navorsing ter sprake is ook van Sotho-sprekende herkoms is, word Murray se opvattinge as toepaslik beskou.

## 2. TEORETIESE BEGRONDING

### 2.1 Inleiding

Die etnograaf en historikus, maar ook die leek, versamel inligting en bied dit vanuit 'n besondere raamwerk van gebeure en opvattinge aan. Die inligting word allemans-eiendom en word aan 'n verdere proses van herinterpretasie en herkontekstualisering onderwerp. In hierdie vorm dra dit dan tot die ontwikkeling van verskillende persepsies of konvensies van voorstelling by. Die proses kan beskryf word as een van historiese voorstelling ("historical imaging"). In hierdie 'teksvorm', gee dit weer inhoud aan die houdinge wat mettertyd 'n betekenisvolle rol binne die onderskeie samelewings aanneem en wat ook die basis vorm vir die verhoudinge wat tussen verskillende samelewings bestaan.

Said, in 'n kritiese studie van die Weste se kennis in verband met die eksotiese (of die vreemde), dui aan dat dit grootliks die Europeërs was wat die 'primitiewe ander' ontwerp het in teenstelling met die 'beskaafde self'. Hy vra dan tereg of hierdie kategorisering waarde het aangesien dit "the human encounter between different cultures, traditions, and societies" (Said 1978:46), met ander woorde, die herkoms en inhoud van hierdie historiese voorstellings of

tekste, baie beperk.

Volgens Hamilton (1993:68) is een van die tekortkominge in Said se beskouing die feit dat hy nie onderskeid tref tussen tekste wat onder verskillende omstandighede en vir verskillende gehore geproduseer is nie. Hy ignoreer ook die invloed wat die teks wat die mense oor hulself produseer, op hierdie beskouinge kan hê. Sy erken egter dat dit nie altyd maklik is om laasgenoemde tekste ten volle te onderskei nie, maar dat dit tog moontlik is om invloede daarvan op die buitestanders se tekste te identifiseer (Hamilton 1993:69).[2]

## 2.2 Geskiedenis as tydsperspektief

Die proses van kontak wat sedert die 17de en 18de, maar veral die 19de eeu as resultaat van Europese gebiedsuitbreiding in Afrika plaasgevind het, het die oorgrote meerderheid Afrika-samelewings met verloop van tyd onder die invloedsfeer van die Europeër gebring. Aanvanklik het weinig Europeërs die geleentheid gehad om op eerstehandse wyse kontak met Afrika en sy mense te maak. Dit was meerendeels 'n verskeidenheid ontdekkingsreisigers, jagters, handelaars, wetenskaplikes en sendelinge wat oorspronklik verantwoordelik was vir die 'ontdekking' van vreemde mense in veraf gebiede.[3]

Die Europese reisigers en koloniste en die inheemse bevolking het fisies sowel as kultureel aansienlik van mekaar verskil. Bewyse van die bestaan van laasgenoemde mense en hulle lewenswyse is in die vorm van kulturele voorwerpe en beskrywings in boeke, briewe en vertellinge teruggeneem. In sommige gevalle is daar selfs lede van hierdie samelewings na Europa geneem, byvoorbeeld die

---

[2] Kyk ook Clifford (1988:255-276) vir breedvoerige kritiek op die werk van Said.

[3] In suidelike-Afrika kan die name van byvoorbeeld A. Sparrman (c. 1786), J. Barrow (c. 1806), J. Campbell (c. 1815), W. Burchell (c. 1822), R. Moffat (c. 1829), A. Smith (c. 1836), C. Harris (c. 1839) en D. Livingstone (c. 1850) genoem word.

groep Boesmans wat deur G.A. Farini (1886) na Engeland geneem is. Tuis in Europa is daar met die herinterpretasie en herkontekstualisering van hierdie inligting begin, vir aanbieding aan die breë publiek. Dié vroeë reisigers het in der waarheid die eerste etnografiese werke geskryf, wat dan deur die metropolitaanse geleerdes ver verwyder van die oorspronklike bron, gebruik is om afgeronde etnologiese studies te produseer (Thornton 1983:502).

Hierdie eerste reisigers in suidelike-Afrika het geen behoefte gehad om grondgebiede in besit te neem of om dit te eksploiteer nie en het gevolglik geen konflik met die inheemse mense uitgelok nie. Met die moontlike uitsondering van die sendelinge, het hulle geen motivering gehad om inheemse sosiale verhoudinge te verander nie en het dus ook nie in enige intervensie belang gestel nie. Thomas, in 'n bespreking van die tydgenootlike situasie in Fiji, meld dat hierdie beskrywings van mense, hul gewoontes en visuele kuns

> "fed a generalised knowledge of the world which was somewhat unmotivated at a specific level: things were usually of interest because they were striking or singular, not because they stood as necessary elements in a totalising ethnographic description, or because they rationalised an interventionist project" (Thomas 1989:42).

Hierdie onspesifieke beriggewing is opgevolg deur 'n fase waartydens die beriggewing aanleiding tot die ontwikkeling van persepsies binne definitiewe raamwerke gegee het. In die periode wat op hierdie vroegste reise gevolg het, is die inheemse mense deur 'n direkte bedreiging gekonfronteer. Die koloniste wat in die voetspore van die eerste reisigers gevolg het, het met die inheemse bevolking vir die beskikbare hulpbronne begin kompeteer, hoofsaaklik grond om op te woon en te boer. Waar die belangstelling en beriggewing in die vorige periode oor die opbou van 'n algemene kennis van die inheemse mense gegrond op dit wat anders en vreemd was gegaan het, is dit in hierdie tydvak grootliks beïnvloed deur besondere gebeure en situasies (Thomas 1989:46). In Suid-Afrika was dit ook die geval. So het kontak tussen die koloniste en die oorspronklike

inwoners, veral aan die Kaapse oosgrens en later in Natal en die twee Boererepublieke, in baie gevalle op konflik uitgeloop, wat weer 'n bepalende invloed op persepsies en verhoudinge gehad het.

Met verloop van tyd en die toename in kennis het die kundige sowel as populêre beeld wat oor Afrika bestaan het van die "immense and mysterious" na die "standardised though enigmatic" verander. Die posisie van die persone wat oor Afrika verslag gedoen het, het ook van "hero to handyman" verander. In die eerste helfte van die 19de eeu, was beriggewing oor Afrika romanties en verbeeldingryk, maar teen die einde daarvan het dit verander na 'n

> "ironic vision of people who had to be explained, both to themselves and the rest of the world" (Thornton 1983:516).

Hierdie verandering is grootliks aangevuur deur 'n administratiewe noodsaaklikheid, naamlik dat vir die koloniale owerheid om meer effektief te wees in die beheer van inheemse bevolkings, laasgenoemde beter verstaan moes word. Die benadering het tot gevolg gehad dat daar 'n "more serious concern for taxonomy and for the elaboration of complete series" (Clifford 1988:227) ontwikkel het. Gavin Jantjes skryf dat, as gevolg hiervan

> "we were examined, not appreciated. Our cultural body was painstakingly dissected by colonial archaeologists, ethnographers and anthropologists who studied each segment separately from the other" (Jantjes 1983:16).

In Suid-Afrika is daar in hierdie verband in 1925 die etnologiese afdeling van die Departement van Naturellesake gestig, met die doel om die wetenskaplike studie van die etnologie, sosiologie, taalkunde en antropologie van die Bantoe[4] te bevorder, maar ook om akademies gekwalifiseerde antropoloë beskikbaar te hê wat die Departement kon help in die administrasie van stamaangeleenthede

[4] Die inslag van hierdie navorsing is in wese histories van aard en gevolglik word terme, begrippe en benaminge soos Bantoe, stam, reservaat en lokasie deurgaans in die kontekstuele en histories aanvaarde vorm gebruik.

en in die voorkoming van friksie. Die navorsing wat deur hierdie afdeling gedoen is, het gehandel oor die

> "history, divisions and groupings, affinities and relationships of the tribes, their languages and state of culture, and a study is made of former conditions in comparison with the present" (Rogers 1949:232).

Vir baie jare sou hierdie afdeling 'n leidinggewende rol speel in die wyse waarop kennis in verband met die verskillende bevolkingsgroepe aangewend word om verhoudinge onderling tussen hulle en die blanke oorheersers te reël (Dubow 1991:94; ook Whisson 1985:134).[5]

Benewens die formele benadering tot en aanwending van hierdie inligting, is dit vir baie lank op plaaslike sowel as globale vlak geromantiseer en geïdealiseer en aan die breë publiek oorgedra. Volgens Ranger was dit in die twintiger en dertiger jare van hierdie eeu juis hierdie 'konservatisme' en veronderstelde onvermoë van die swartmense om te verander wat die Europeër aangegryp het. Op hierdie tydstip het dit duidelik begin blyk dat daar nie snelle ekonomiese verandering in Afrika gaan plaasvind nie en dat 'n groot deel van die swart bevolking deel van die landelike gemeenskappe sal moet bly. Aan die ander kant het die lewenswyse van 'n groot aantal swartmense egter drasties verander en het baie van hulle 'n groter rol in die lewe van die blankes begin speel. Vir baie blankes was dit nie aanvaarbaar nie en het hulle hierdie mense as minderwaardig beskou teenoor die 'ware' swartmense, "inhabiting their own, appropriate universe of tradition" (Ranger 1984:247). Hierdie 'tradisionele'[6] lewenswyse is dus as ideaal gestel en ook so aan die publiek voorgehou. Voorbeelde kan onder meer gevind word in die publikasies van H. Rider Haggard, P.J. Schoeman en L.

---

[5] Die invloed wat hierdie mense op die produksie van die geskiedenis van swartmense gehad het, is omvangryk. Daar kan byvoorbeeld net verwys word na die aard en omvang van die sogenaamde Etnologiese Publikasies wat deur die afdeling geproduseer is, veral die werk van P.L. Breutz, W.D. Hammond-Tooke, A.C. Myburg en N.J. van Warmelo.

[6] Daar word kennis geneem van die debat rondom die aanvaarding al dan nie van die term 'tradisioneel' - kyk Spiegel & Boonzaier (1989).

van der Post, asook 'n wye verskeidenheid films soos "Dingaka" en "Zulu Dawn".[7]

In die proefskrif word daar dus aangevoer dat identiteit in 'n groot mate op 'n toegeskryfde lewenswyse gebaseer is, wat op persepsies van die verlede steun vir die inhoud daarvan.

## 2.3 Tradisionele praktyke as reaksie vir aanpassing

Die beeld wat as resultaat van hierdie voorstelling van Afrika en sy mense oor die jare opgebou is, was veral behep met die beskrywing van samelewings soos wat hulle daar uitgesien het voordat die proses van kolonisasie plaasgevind het. Volgens Kasfir en ander is baie van hierdie opvattinge oor samelewings in Afrika grootliks 'n nalatenskap van die Victoriaanse verlede en is dit net soveel gesetel in die negentiende eeuse Romantiek en die "social-evolutionary" gedagte van verdwynende kulture (samelewings), as wat in die werklikheid aangetref word (Kasfir 1992:41; ook Curtin 1964; Clifford 1988; Kuper 1988; Rowlands 1989).

Curtin dui aan dat daar grootliks twee invloede was wat die inhoud daarvan bepaal het. Die eerste was dat hierdie Europese beriggewers, met slegs hul voorgangers se kennis, hoofsaaklik op inligting wat hulle vooropgesette idees bevestig het, gereageer het. Inligting wat nie by die bestaande beeld ingepas het nie, is gevolglik geïgnoreer. Tweedens het die beeld oor Afrika dienooreenkomstig die veranderinge wat in die Europeërs se gedagtes plaasgevind het, verander (Curtin 1964:479).

Met tyd kristaliseer hierdie siening hoofsaaklik uit in twee basiese, dog grootliks

---

[7] In hierdie materiaal word opvallende teenstellings aangetref. By veral die Zulu word hul militêre mag opgehemel en hul leierskap as bloeddorstig aangebied, byvoorbeeld Ritter (1972, oorspronklik 1958) en Becker (1972a, oorspronklik 1962; 1972b, oorspronklik 1964). Vir 'n volledige debat oor 'Zulu' en 'Shaka' mites, kyk Hamilton (1993). Daarteenoor word die Sotho meerendeels as polities standvastig (Becker 1972c, oorspronklik 1969) of as synde om 'n idilliese bestaan te voer (Franz 1957, 1967), voorgehou.

foutiewe, opvattinge. Die eerste handel oor 'n veronderstelde onveranderlikheid van samelewings in Afrika. Tog is daar geen samelewing in Afrika wat nie 'n geruime tyd reeds in 'n mindere of meerdere mate onder Westerse beïnvloeding staan nie. Hierdie invloed en die gevolglike reaksie daarop is sedert die 17de en 18de eeu, maar veral die 19de eeu, aktief. Nieteenstaande dit, is dit steeds moeilik om die vooropgestelde 'primitivist' idees wat in verband met Afrika heers, soos byvoorbeeld die afwesigheid van verandering, die kulturele agterlikheid en tegniese mislukking, teen te werk. In hierdie opsig is Rowlands van mening dat daar teen die 1950's nog min bereik is om opvattinge soos byvoorbeeld die van Hegel reg te stel, naamlik dat

> "Africa is not an historical continent; it shows neither change nor development ... as we see them today, so have they always been" (Rowlands 1989:261).

Die tweede opvatting het te make met die veronderstelde andersheid van samelewings in Afrika. In hierdie verband dui Miller twee elemente aan wat met verloop van eeue, maar veral die 19de eeu, deur die Europeër gebruik is vir die definiëring van Afrika en wat in 'n groot mate tot die vorming van die huidige sienswyse aanleiding gegee het. Die eerste hiervan is die definiëring van Afrika en sy mense as 'swart' en by implikasie anders as die Europeër. Vanaf die vroegste tye is hierdie element deur skrywers geaksentueer. Die tweede element wat 'n groot invloed op die Europeër se beskouing gehad het, is geleë in die foutiewe interpretasie van hulle religie as afgodediens ("idolatry") (Miller 1985:29-32; 39-49).

Dié beheptheid met statiese etnografiese beelde van die pre-koloniale verlede het vir baie lank ook antropologie in Suid-Afrika oorheers. Sedert die ontstaan van die vak as wetenskaplike dissipline, het antropoloë hulle dit ten doel gestel om mense wat anders is, dit wil sê samelewings wat nie-Westers en ongeletterd en nie-geïndustrialiseerd is, te bestudeer. Die idee was om die 'andersheid' van mense te bevestig (Rowlands 1989:262; Kuper 1988:9).

As gevolg van hierdie benadering het antropoloë nie daarin geslaag om in hul studies die mense self en hul eie persepsies na vore te bring nie. Verder slaag hulle ook nie daarin om erkenning te gee aan die belangrikheid van hoe mense kulturele hulpbronne, of dan tradisionele gebruike, aanwend om vir hulself sin te maak van die verandering en dit wat om hulle plaasvind nie (Spiegel & McAllister 1991:2). 'n Enkele voorbeeld hiervan is die konsep van "negritude" - 'n bewustheid en aanvaarding om terselfdertyd swart te wees asook trots daarop (Miller 1990:32).

Dit was eers in relatief resente tye dat antropologie in die breë hierdie beheptheid met tradisionele samelewings afgelê het. So verklaar Raum en De Jager in die 1970's byvoorbeeld dat:

> "Modern anthropology has turned from the study of traditional "primitive" societies to the study of "acculturation". By acculturation we mean the changes in one culture in the presence of another culture" (Raum & De Jager 1972:1).

Die begrip **tradisioneel** wys, in 'n beperkte mate, op die oordrag van kultuur - die aanhoudende oordrag van idees, konvensies en gebruike wat mense in sosiale interaksie benodig (Spiegel & Boonzaier 1989:40). In die verlede het die volharding van idees, instellinge en strukture onder hierdie omstandighede aanleiding gegee dat sommige antropoloë en historici tot die gevolgtrekking gekom het dat die ou lewenswyse óf die nuwe weerstaan het, óf ten minste op 'n effektiewe wyse daarnaas bly bestaan het (Sichone 1989:290). Dié opvatting het die grondslag gelê vir een aanwendingsmoontlikheid van die begrip, naamlik tradisionaliste, dit wil sê mense wat nie wil of kan verander nie.

Instede daarvan om hierdie populêre opvatting te steun, naamlik dat sodanige mense tradisionaliste is, het antropoloë in resente tye gepoog om aan te dui dat die klaarblyklike volharding van tradisionele oortuiginge en praktyke juis 'n dinamiese reaksie tot veranderende omstandighede is. In 'n artikel waar hulle krities na die begrip 'tradisie' kyk, kom Spiegel & Boonzaier tot die

gevolgtrekking dat die betekenis daarvan nie vanselfsprekend is nie, met die gevolg dat dit op 'n verskeidenheid wyses gebruik word. Verder is dit, aldus hulle, ook nie duidelik op wie en tot wat hierdie term betrekking het nie. Volgens hulle is dit juis in hierdie onduidelikheid wat oor die begrip bestaan, dat die potensiaal tot die misbruik daarvan lê (Spiegel & Boonzaier 1989:41).

Periodes van sosiale verandering en aanpassing word gewoonlik gekenmerk deur 'n teruggryp na die verlede en is die gevolg van die gevoel van sekuriteit wat tradisie verskaf deurdat dit beelde van kontinuïteit met die verlede oproep. Maar tradisies wat vir hierdie doel opgeroep word, om belangrikheid aan besondere gebruike en gelowe in situasies van sosiale verandering te gee, is nie staties nie en word aanhoudend verwerk. So ook die beelde van die verlede wat dit oproep. "Tradition then serves as a constantly reworkable resource" (Spiegel & McAllister 1991:1). Dit gee aanleiding tot die opvatting dat 'tradisies' (of gebruike) beskou word as 'n aanpasbare hulpbron vir die hantering van kontemporêre situasies van herstrukturering en aanpassing (Spiegel & Boonzaier 1989:53). Dit kan selfs die geval wees, soos wat Hobsbawm & Ranger (1984:9) dit stel, dat 'tradisie' doelbewus geskep word "to symbolizing social cohesion"; om "social institutions, status or relations of authority" te wettig; en "to socialise, inculcate beliefs, value systems and conventions of behaviour."

Hierdie beskouing oor 'tradisie', naamlik as 'n hulpbron waaruit idees vir die hantering van kontemporêre situasies geput kan word, is van kardinale belang aangesien dit die aandag weg lei van die neutrale opvatting van 'tradisie' as kultuur in oordrag. Dit is van groter belang, soos wat later in die proefskrif duidelik word

> "to analyse those situations where the process of transmission is actively pursued, that is, situations where it may be useful to those individuals or groups who transmit and receive the ideas comprising any particular 'tradition'" (Spiegel & Boonzaier 1989:56).

Die werk van James reflekteer bogenoemde standpunt baie duidelik. Sy is van mening dat, eerder as om dit te sien as 'n anachronisme of oorblyfsel uit die verlede, sogenaamde tradisionele voorwerpe en gebruike verstaan moet word as 'n voortdurende uitdrukking van ontwikkelende groepsidentiteite en die reaksie van hierdie groepe op die veranderende omstandighede (James 1989:6).

Een aspek waar tradisie aktief nagestreef word, is by die skep van identiteit. Dit word nie meer aanvaar dat die oorsprong van etnisiteit alleen geleë is in die oer of primordiale waardes wat met pre-kapitalistiese politieke sisteme en produksievorme in verband gebring kan word nie en wat antropoloë vroeër volgens stam ("tribe") gekategoriseer en geklassifiseer het (Harries 1989:82; Scott 1990:148). Veral in omstandighede van ekonomiese, sosiale en politieke verandering, word tradisies aangewend in die skep van identiteit (Spiegel & Boonzaier 1989:54-57; Norton 1993:741-759). Scott (1990:148) noem dit die "social circumstances" waaronder etniese identiteit bestaan. Harries stel dit dat

> "people choose, adopt and emphasize cultural symbols that they believe to be signs of a shared historical identity in order to benefit their class or regional interests" (Harries 1989:82).

Norton dui aan dat daar in die skep van identiteit drie verbandhoudende faktore werksaam is, wat die inhoud daarvan bepaal. Die eerste is die **opposisionele** aard van die konstruksie van identiteit - die skep van identiteit in konteks van inter-groep konflik. Die tweede faktor is die **skep** of **herskep** van tradisie - die konsep dat gebruike en gelowe eweveel beïnvloed word deur die behoefte om 'n eiesoortigheid op selektiewe basis te skep, as die voortbestaan van idees en gebruike uit die verlede. Die derde faktor is die **objektivering** van kultuur - die wyse waarop groepe mense sekere aspekte uitbou en verander as deel van hulle identiteit, in teenstelling met bloot net hul kultuur uit te leef (Norton 1993:741-742).

In hierdie proefskrif word aangevoer dat die mate waartoe identiteit, geskep,

aangeneem en behou word, afhang van die onmiddellike behoeftes van die verskillende groepe binne 'n samelewing is en ook dat dit in 'n groot mate 'n histories bepaalde proses is.

## 2.4 Ideologie en identiteit

Vanweë die bestaan van hierdie beeld van 'n tradisionele Afrika en sy mense, asook die rol wat dit in die bepaling van houdinge en verhoudinge gespeel het, is dit in baie gevalle aangewend in die ontwikkeling van abstrakte sosiale teorieë. Binne die Suid-Afrikaanse konteks het dit aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n ideologie van afsonderlike ontwikkeling, waarvolgens veral swartmense binne afgebakende gebiede, voorsien met 'n 'eie' politieke bestel en ondersteun deur die bybehore en ikone van 'n valse nasieskap (Perry & Perry 1991:169), hul eie lewenswyse, gebaseer op die tradisionele, kon bepaal. Met verloop van tyd sou 'n totale strategie aangewend word om dié beleid tot volvoering te bring.

Tudor omskryf **ideologie** as

> "a heterogeneous collection of practical beliefs which have been reduced to a system through being interpreted in the light of a single key doctrine; and ... this key doctrine is often (though not always) a political myth (Tudor 1972:121).

Die "key doctrine" waarvan Tudor praat, het binne die Suid-Afrikaanse konteks klem gelê op die fisiese, taalkundige en kulturele verskille wat tussen groepe mense bestaan en het gewerk vir die skeiding van mense op hierdie gronde. Of hierdie opvattinge op die waarheid berus, is nie belangrik nie omdat die mites waarop 'n ideologie gebaseer is, as waar aanvaar word, nie vanweë die feit dat die historiese gegewens bindend is nie, maar omdat dit "make sense of men's present experience" (Tudor 1972:124).

Bostaande is so omdat ideologie as kognitiewe voorstelling ("mental construct") 'n klaarblyklike samehangende formule bied wat sin maak van dit waarvan die individu die minste seker is. 'n Ideologie verleen sekerheid in die sin dat dit die posisie van die individu in die groter samelewing definieer, 'n diagnose verskaf van kontemporêre probleme en ook 'n oplossing daarvoor bied. Ideologie verwys dus beide na 'n psigiese geloofsisteem en na die artikulasie van daardie geloofsisteem in die vorm van 'n program van politieke aksie (Brown 1993:2-3).

Tudor sê dan verder

> "Like all other myths, a political myth explains the circumstances of those to whom it is addressed. It renders their experience more coherent; it helps them to understand the world in which they live. And it does so by enabling them to see their present condition as an episode in an ongoing drama. A political myth may explain how the group came into existence and what its objectives are; it may explain what constitutes membership of the group and why the group finds itself in its present predicament; and, often than not, it identifies the enemy of the group and promises eventual victory. It offers, in short, an account of the past and the future in the light of which the present can be understood" (Tudor 1972:139).

Die gebruik van politieke mites kan ook byvoorbeeld wees om die aanspraak van 'n sekere groep op leierskap, soewereine onafhanklikheid of gebiedsuitbreiding te bevestig. Dit kan ook gebruik word om in situasies van onsekerheid en bedreiging groepsolidariteit te versterk (Tudor 1972:139)

'n Ideologie bied dus sekuriteit aan die individu deur hom in 'n omskrewe etniese gemeenskap te plaas en dan daardie gemeenskap binne die groter nasie-staat te plaas (Brown 1993:3). Die ontwikkeling van die ideologie van afsonderlike ontwikkeling as staatsbestel in Suid-Afrika was daarop ingestel om aan die gevolge van die "plurale nalatenskap van die kolonialisme" te ontkom deur die ontwikkeling van die volkstaatgedagte. Nasionalisme onder die Afrikaner was aan die ontwikkel en was daarop ingestel om die behoefte aan hul eie identiteit te bevredig. Hieruit ontwikkel die behoefte aan die gee van 'n identiteit aan die

swartmense, om sodoende te verseker dat daar nie verwarring en dus vermenging van identiteite kon plaasvind nie. Die proses waarvolgens die nasionalistiese ideologie aan die swartmense 'sekuriteit' en 'deelname' aan die groter nasie-staat wou gee, het verskillende stappe ingesluit.

Die eerste stap was die skepping van 'n politieke struktuur wat uiteindelik op 'selfstandige' wyse beheer oor die 'state' wat geskep sou word, kon uitoefen. Die tweede stap was die daarstelling van 'n eie grondgebied, waarbinne die mense saamgevoeg kan word en wat as basis kon dien vir die fisiese skeiding tussen swartmense en blankes. Die derde stap was die ekonomiese selfstandigmaking van elk van die gebiede. Vierdens sou al die mense binne 'n spesifieke grondgebied tot 'n eenheid saam gesnoer moes word. Die laaste stap handel dus oor die konstruksie van 'n eie identiteit vir die inwoners van elk van die afgebakende, afsonderlike 'Nasionale State'.

In hierdie proefskrif sal daar ook aangevoer word dat die mate waartoe nasionalistiese identiteit op groepe mense afgedwing is, afgehang het van die heersende groep se behoefte aan 'n eie identiteit en sodoende sy eie vrese vir oorheersing te besweer.

## 3. EENHEID VAN ONDERSOEK

Die konsep van 'n eenheid van ondersoek in navorsing kan problematies wees. Volgens Comaroff is die "field of enquiry" nooit 'n natuurlike gegewe nie, maar reflekteer gewoonlik eerder "substantive assumptions about the constitution of the 'real' world" vanaf die kant van die navorser (Comaroff 1982:144).

Vir die doel van hierdie studie is die Hananwa (Van Warmelo 1935:37-80), 'n Noord-Sotho-sprekende samelewing, woonagtig in die Bochum-distrik van die

voormalige tuisland Lebowa, as ondersoekgroep gekies. Met die bogenoemde uitgangspunt van Comaroff in gedagte, word daar aanvaar dat hierdie nie 'n homogene groep mense is nie en die benaming word bloot gerieflikheidsonthalwe gebruik. Dit beskryf groepe mense wat aangrensend tot mekaar woon en wat sekere strukture en gebruike in gemeen het.

Die motivering vir die keuse van hierdie samelewing as ondersoekgroep, kan as volg aangedui word:

- Die Hananwa en die omgewing (Blouberg) waarbinne hulle woon was tot redelik onlangs relatief onbekend aan die buitewêreld. Hierdie situasie is egter besig om drasties te verander na aanleiding van die groter wordende getalle buitestaanders wat, hetsy vir ekonomiese redes of as natuurliefhebbers vir blote ontspanning, die gebied binnedring.

- Daar is sprake dat groot dele, indien nie die hele Blouberg nie, tot natuurbewaringsgebied verklaar gaan word. Dit sal die lewenswyse van die Hananwa, soos dit tans daar uitsien, fundamenteel beïnvloed. Dieselfde moontlikheid bestaan ook ten opsigte van die gebied bekend as Makgabeng, net suid van Blouberg.

- Weens vorige besoeke aan die omgewing vir navorsingsdoeleindes, wat so ver terug strek as 1980, is die navorser bekend met die gebied en sy mense en kon skakeling maklik bewerkstellig word.

## 4. NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 4.1 Voorondersoek

Die voorondersoek het 'n belangrike deel van die studie gevorm. Die funksie daarvan was die presiese formulering van die doelstelling en 'n tentatiewe beplanning van die werkswyse en die omvang van die ondersoek. Vir die doel van hierdie navorsing het die voorondersoek dieselfde aspekte as die ondersoek behels.

### 4.2 Die ondersoek

#### 4.2.1 Literatuurstudie

'n Groot hoeveelheid literatuur het reeds in die antropologie, argeologie en geskiedenis oor tradisionele samelewings en kulturele kontaksituasies verskyn. Die bibliografie aan die einde van hierdie werk getuig daarvan. Al die beskikbare tersaaklike bronne is bestudeer om

- op hoogte te kom van die konsepte, definisies en teorieë wat oor die onderwerp bestaan;
- kennis te neem van vorige navorsing wat van toepassing op die gebied is;
- 'n aanduiding te kry van die geskikste navorsingsontwerpe vir die probleemstelling;
- die navorser in staat te stel om 'n raamwerk te vind om sy eie bevindinge te kan orden.

Oor die Hananwa self bestaan daar relatief min gepubliseerde bronne. Bibliografieë soos dié van Schapera (1941), Van Warmelo (1977) en Musiker (1984) is in 'n poging om alle gepubliseerde bronne oor die Hananwa op te spoor, deurgewerk. Die beperkte aantal wat wel beskikbaar en toepaslik is, is bestudeer

en word deur die bibliografie aan die einde van hierdie werk weerspieël.

Die bydrae van die Berlynse sendelinge wat oor 'n periode van nagenoeg honderd jaar by die twee sendingstasies in die gebied (Blauberg en Makgabeng) werksaam was, kan uitgelig word. Hierdie persone was in die posisie om die lewenswyse van die Hananwa oor 'n lang periode waar te neem en te dokumenteer. Hulle beskrywings is in baie gevalle gedoen voordat die proses van intensiewe kulturele kontak en verandering begin het en dit kan in 'n sekere mate as grondslag geneem word vir vergelyking, veral ten opsigte van verandering wat plaasgevind het. Uit hulle geskrifte blyk dit egter dat van die sendelinge soms baie subjektief en selektief was, nie net in die keuse van die onderwerpe waaroor hulle berig het nie, maar ook in hulle aanbieding van gegewens en die interpretasie daarvan. Uiteraard het hulle aktiwiteite ook verandering by die Hananwa tot gevolg gehad.

Daar bestaan ook heelwat ongepubliseerde bronne oor die Hananwa en is veral vanuit twee oorde afkomstig, naamlik:

- Dokumentasie wat verband hou met die stryd tussen die Hananwa en die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) in 1894. Uit die aard van die saak is hierdie bronne uitsluitlik eensydig van aard en reflekteer slegs die kant van die ZAR. Die bietjie wat ten opsigte van die situasie onder die Hananwa in hierdie stryd bekend is, is ook deur buitestaanders, hoofsaaklik sendelinge, gedokumenteer.

- Amptelike dokumentasie wat met die groter Hananwa-woongebied verband hou en in die Transvaalse Argiefbewaarplek aangetref word, asook die dokumentasie van die voormalige Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Dit verskaf besonderse insigte in die proses van administrasie en ook manipulasie waaraan die Hananwa veral oor die laaste vyftig jaar onderworpe was.

4.2.2 Veldwerk

Veldwerk vir hierdie ondersoek is sedert September 1988 onder die Hananwa gedoen. Normaalweg is daar vir periodes van twee tot drie maande, maar nooit korter as drie weke nie, in die gebied gewoon en gewerk. In totaal is daar ongeveer 14 maande in die veld spandeer. In hierdie tydperk is daar kamp opgeslaan in die gronde van die ou Berlynse Sendingstasie op die plaas Leipzig. Die voordeel hiervan was dat die navorser binne die gemeenskap woonagtig was en relatief maklik by die alledaagse aktiwiteite kon inskakel. Die totale woongebied is egter groot, wat dit onmoontlik gemaak het om hierdie noue kontak orals te handhaaf. Om dit in 'n mate te kon bewerkstellig is daar mettertyd ook in ander dele van die gebied kamp opgeslaan. Die navorser is ook vir lang periodes deur sy vrou en dogter vergesel. Dit het die voordeel gehad dat die navorser op 'n meer informele en sosiale vlak met die mense kon kontak maak.

Argeologiese navorsing oor die Ystertydperk in die omgewing is ook gedoen. Die doel hiermee was hoofsaaklik om inligting in te win oor die pre-koloniale sosiale, ekonomiese en politieke strukture wat in die gebied aanwesig was, soos wat dit deur die vestigingswyse gereflekteer word en om dit met die Hananwa se bewoning van die gebied in verband te bring. Dit het die veldwerk op indirekte wyse bevoordeel deurdat daar tydens die opgrawings op 'n informele wyse met die navorsing voortgegaan kon word en meer geleentheid vir waarneming geskep is.

Aangesien die inligting wat ter sprake is ten dele histories van aard is, was die belangrikste veldwerktegniek die voer van **gestruktureerde onderhoude** met 'n wye verskeidenheid segspersone. Omdat nie alle segspersone oor ewe veel kennis aangaande die totale spektrum van inligting beskik nie, is die onderhoudvoering in baie gevalle ook volgens onderwerp of tema binne groepsverband gedoen. 'n Voorbeeld hiervan is die rekonstruksie van die geskiedenis wat saam met die

stamhoof en sy raad gedoen is. Daar is egter ook onderhoude met spesialiste of kenners op spesifieke terreine (byvoorbeeld pottebaksters, klerke, predikers, magiërs en so meer) en persone binne gesinsverband, individueel of gesamentlik, gevoer. Gevolglik is dit moeilik om 'n presiese aanduiding te gee van die totale aantal segspersone wat by die navorsing betrek is. Na raming is daar deurgaans van ongeveer 25 sleutelpersone, asook die nagenoeg 10 lede van die stamhoof se raad, gebruik gemaak. Ten opsigte van spesialiste of kenners op terreine is daar soveel as 20 persone by die navorsing betrek, terwyl 'n kerngroep van 6 gesinne ook betrek is.

Die inligting wat op hierdie wyse verkry is, is waar moontlik aangevul en gekontroleer deur **deelnemende waarneming**. Gevalle waar deelnemende waarneming toegepas is, is byvoorbeeld by hofsittings, massa-optogte en politieke vergaderings, die sluit van 'n huwelik, waarseggingsritueel, diens aan die voorouers, gemeenskapsaktiwiteite soos die dip van vee, die bou van skole, kerkdienste en so meer.

Alhoewel die navorser vertroud genoeg is met Sotho om gesprekke te kan monitor, is daar te veel afwyking tussen die Hananwa-dialek en Standaard Noord-Sotho. Gevolglik is daar tydens veldwerk deurgaans van 'n ervare tolk gebruik gemaak. Laasgenoemde is van die Koni van Matlala, wat net suid van die Hananwa woon, afkomstig en is dus goed vertroud met die omgewing, sy mense en hulle lewenswyse. Hierdie persoon is ook vir 'n tydperk van nagenoeg 25 jaar in diens van die Museum se Afdeling Antropologie waartydens hy deur verskeie navorsers in verskillende omstandighede in veldwerk en die navorsing-situasie geskool is.

### 4.3 Wyse van aanbieding

Die aanbieding van die navorsingsinligting word met inagneming van die

doelstelling gedoen, naamlik dat die huidige aard van die lewenswyse van die Hananwa direk verband hou met die historiese ontwikkelinge wat in die gebied plaasgevind het, binne die wyer konteks van die Suid-Afrikaanse politieke en ekonomiese sisteem.

In **afdeling een**, wat hoofstuk 1 bevat, word 'n uiteensetting gegee van die doelstelling, die teoretiese begronding van die navorsing, asook die metodologie wat aangewend word.

Die navorsingsresultaat word in drie onderafdelings aangebied. In **afdeling twee**, wat hoofstukke 2 en 3 insluit, word daar 'n uiteensetting gegee van die fisiese omgewing waarbinne die ondersoekgroep hulle gevestig het en 'n beskrywing van die menslike hulpbronne soos dit tans daar uitsien.

**Afdeling drie** bestaan uit hoofstukke 4 en 5. Hoofstuk 4 gee 'n oorsig van die geskiedenis van die Hananwa en hulle aanvanklike vestiging in die gebied. In hoofstuk 5 word die begin van die fundamentele kulturele verandering wat op die Hananwa deur veranderingsagente van buite afgedwing is, bespreek.

**Afdeling vier** behels vier hoofstukke. In hoofstuk 6 word beskryf hoe die Hananwa finaal hulle politieke outonomiteit moes afstaan en drastiese veranderinge in hul lewenswyse ondergaan het. Hoofstuk 7 beskryf, met verwysing na die Hananwa, die wyse waarop daar aktief gepoog is om die beginsel van afsonderlike ontwikkeling te stimuleer deur 'n eie grondgebied vir elke groter 'etniese groep' te vestig. In hoofstuk 8 word daar aangedui hoe die Hananwa op ekonomiese vlak by hierdie prosesse moes aanpas. In hoofstuk 9 word daarop gewys hoe etnisiteit, van binne en buite, gestimuleer is om 'n eie identiteit by die Hananwa te skep.

In die **vyfde afdeling**, bestaande uit hoofstuk 10, word daar tot 'n gevolgtrekking oor die ondersoek gekom. Die teoretiese implikasie van die ondersoek word ook

gestel.

Daar word deurgaans in die teenwoordige tyd geskryf, behalwe waar spesifiek na die verlede verwys word. Dié onderskeid word getref waar na persone verwys word of waar sommige gebruike en voorwerpe wat beskryf word vandag nie meer voorkom nie. Benaminge van groepe, titels of Departemente en begrippe wat verandering ondergaan het, word in die histories en kontekstueel korrekte vorm gebruik en word stelselmatig verander soos wat die proses sy normale verloop geneem het.

Waar moontlik word daar ook van toepaslike gevallestudies gebruik gemaak, 'n benadering wat 'n kwalitatiewe eerder as kwantitatiewe ondersteuning aan die navorsing gee (kyk Mouton & Marais 1988:153-163). In ooreenstemming met aanvaarde antropologiese gebruik, word die persone in hierdie gevallestudies aan die hand van skuilname geïdentifiseer en word die woonplek van die betrokke persone ook verbloem.

Die Hananwa praat 'n dialek van Noord-Sotho wat in 'n groot mate van die Standaard Noord-Sotho (SNS) afwyk. Een van die kenmerke van hierdie dialek is die feit dat die g-klank glad nie daarin voorkom nie en dat alle sodanige klanke met 'n h-klank vervang word. Om hierdie rede word daar byvoorbeeld gepraat van die Hananwa van Leboho teenoor die meer verouderde vorm, naamlik Gananwa van Lebogo. In gevalle waar daar na die titels van werke verwys word of in direkte aanhalings daaruit, word die oorspronklike spelwyse egter behou.

Daar word deurgaans gepoog om die korrekte Hananwa-terminologie te gebruik, maar waar dit te veel van die Standaard Noord-Sotho (SNS) afwyk, word laasgenoemde ter wille van duidelikheid in hakies bygevoeg. Vir verdere agtergrond oor dié dialek, veral vir die meer ooglopende afwykings soos byvoorbeeld die 's' wat nie altyd 'n diakritiese teken neem nie, kyk Kotze (1987).

## 5. SAMEVATTING

Die doel van hierdie navorsing is om die strukturele dimensie van ervaring, naamlik die herstrukturering en aanpassing, maar ook die kontinuïteit, wat voortgespruit het uit kontak met ander samelewings, in die lewenservaring van die inwoners van 'n spesifieke geografiese gebied, te ondersoek.

Die navorsingsproses behels die probleemstelling, bepaling van die metode van navorsing, insameling en sistematisering van inligting, selektering van toepaslike inligting, integrering van die inligting in 'n sinvolle geheel en opskrifstelling daarvan.

# AFDELING II

# DIE OMGEWING EN SY MENSE

> "Lebowa, as een van die selfregerende nasionale state, betree 'n ontwikkelingsfase waarin sy aansienlike ontwikkelingspotensiaal in toenemende welvaart omskep kan word - mits sy natuurlike, menslike en kapitale hulpbronne oordeelkundig benut word" (Botha 1983:v).

> "The vast mineral resources of the country, diamonds, gold, coal and base metals, lie outside the Reserves as do all the industries and the sources of power and transport. And what little mineral wealth there is in the Reserves belongs to Europeans" (Sachs 1965:37).

Menslike bewoning in die omgewing wat in hierdie navorsing ter sprake is, gaan sover terug as die Vroeë- en Middel Steentydperk. Die benutting van die omgewing in die vorm van jag en versameling en die gevolglike impak wat hierdie mense op die omgewing gehad het, was van 'n baie lae intensiteit. Dit was eers tydens die Laat Steentydperk wat die grootste deel van die omgewing intensief deur die mens benut is. Bewyse hiervan word gevind in die ryk nalatingskap van rotskuns en klipwerktuie uit hierdie periode wat in die gebied aangetref word.

Sedert ongeveer 500 n.C. is die gebied ook deur mense wat 'n landbou- en veeherderbestaan beoefen het en wat met die Ystertydperk in verband gebring

word, bewoon. Die Steen- en Ystertydperkmense het lank die omgewing gelyktydig bewoon. Tydens die latere fases van die Ystertydperk, wat deur 'n verdigting in bevolkingsgetalle in die periode vanaf ongeveer 1650 tot 1850 gekenmerk word, is die Steentydperkmense grootliks uit die gebied verdring. Die Hananwa, wat in hierdie navorsing ter sprake is, het 'n deel van hierdie laaste fase van die Ystertydperkbesetting van die gebied uitgemaak. Kort na hulle vestiging het die koloniale tydperk, wat deur die vestiging van blankes in die gebied gekenmerk is, aangebreek.

Vestigingwyse, tegnologie, ekonomiese welvaart en so meer word in 'n groot mate deur die vermoë van 'n groep mense om die moontlikhede wat die omgewing bied en die beperkinge wat dit stel, te benut en te oorkom, bepaal. Die omgewing waarbinne die mens leef omsluit 'n fisiese of natuurlike, asook 'n sosio-kulturele komponent. Elk van die groepe wat hierbo genoem is, het hierdie komponente volgens eie behoeftes en met behulp van beskikbare tegnologie en kennis benut.

'n Suiwer geografies-deterministiese aanslag as verklaringsmodel is te simplisties. Dit word aanvaar dat verskeie moontlike response op bepaalde omgewingstoestande kan bestaan. Die vraag sou dus eerder wees: Waarom het mense 'n besondere respons gekies en watter veranderlikes het op dié proses ingewerk?

In antwoord hierop kan daar kortliks aangevoer word dat die geskiedenis van 'n samelewing grootliks gekonstrueer word deur die wisselwerking van konflikterende belange binne die groep, maar ook tussen groepe onderling. Dié konflik kan 'n verskeidenheid faktore as oorsprong hê, soos onder meer ongelykhede in status en gesag, eiendomsreg, grondbesit, minerale en rykdom. Hierdie wisselwerking en konflik en die noodwendige gevolg daarvan, word in afdelings drie en vier bespreek.

Die bespreking van die fisiese en sosio-kulturele komponente vorm die basis van die volgende twee hoofstukke. Die fisiese komponent van die omgewing bestaan uit die natuurlike sowel as mensgemaakte elemente en sluit die verskillende aspekte soos die geografie, natuurlike hulpbronne en die infra-struktuur van 'n bepaalde gebied in en word in hoofstuk 2 bespreek. Die sosio-kulturele komponent het meerendeels betrekking op die mensepotensiaal in die omgewing en word in hoofstuk 3 behandel.

# HOOFSTUK 2
# DIE FISIESE OMGEWING

## 1. INLEIDING


Die verskillende Sotho-sprekende groepe mense word hoofsaaklik op die sentrale binnelandse plato van suidelike-Afrika aangetref. Met die uitsondering van enkele dialektiese variasies, word die meerderheid mense wat as Noord-Sotho-sprekend onderverdeel word, op die Pietersburg-plato aangetref. Dié gebied maak die grootste deel van die noordelike blokke van die voormalige tuisland Lebowa uit en dit is ook hier waar die Hananwa, die groep mense wat in hierdie navorsing ter sprake is, woonagtig is.

Lebowa het uit ses blokke grond van oneweredige grootte bestaan. Dit strek oor 'n groot deel van die huidige Noordelike Provinsie en Mpumalanga Provinsie, tussen 22°30' en 25°30' suiderbreedte en tussen lengtegraad 28°30' en 31°39' (kaart 1). Die totale oppervlakte van dié ses blokke beslaan na raming ongeveer 2 480 000 ha (Botha 1983:29).[1]

Die gefragmenteerdheid van hierdie grondgebied het heelwat implikasies, veral ten opsigte van die sinvolle administrasie en ekonomiese ontwikkeling daarvan. Een van die grootste probleme van die gebied is die skaarste aan natuurlike hulpbronne, wat weer tot gevolg gehad het dat die infrastruktuur nie na wense ontwikkel is nie. Dit hang egter ook saam met die oorhoofse politieke ideologie

---

[1] Tensy anders vermeld, is alle statistiese gegewens wat in hierdie gedeelte van die werk vervat is, aan Botha (1983) ontleen. Aangesien hierdie ook die omvattendste bron is wat oor die fisiese ontwikkeling van Lebowa handel, word daar deurgaans daarvan gebruik gemaak en word sy indelings en kategoriserings gerieflikheidsonthalwe in 'n groot mate ook gevolg.




**Kaart 1**. Ligging van die voormalige tuisland Lebowa, relatief tot die res van Suid-Afrika.

van afsonderlike ontwikkeling en die oogmerke wat hierdie beleid vir die gebiede gehad het (kyk afdeling 4). Daarenteen is een van die weinige voordele van hierdie gefragmenteerdheid die groter toegang tot die verskillende ekonomiese groeipunte soos Pietersburg, Nelspruit en Gauteng Provinsie (hoofsaaklik die voormalige PWV-gebied) en gevolglik ook tot baie meer werksgeleenthede (Botha 1983:31).

Die bespreking van die natuurlike sowel as mensgemaakte elemente in die gebied waarin die Hananwa hulle bevind, die moontlikhede wat dit bied en die beperkinge wat dit stel, vorm die basis van hierdie hoofstuk.


## 2. GEOGRAFIESE AGTERGROND

### 2.1 Ligging

Die Hananwa is woonagtig in en aan die voet van 'n bergreeks bekend as Blouberg, ongeveer 100 km noordwes van Pietersburg in die Bochum-distrik van die noordelike blok van die voormalige Lebowa (kaart 1). Die woongebied, soos wat dit deur die Hananwa aangedui word, word afgebaken deur natuurlike grense en historiese faktore. In die Staatskoerant no. 2503 van 15 Augustus 1969, word die verskillende plase wat die woongebied uitmaak, formeel aangedui (kaart 6). Kragtens artikel 5 (1) (a) van die **Wet op Naturelle-administrasie, Wet 38 van 1927**, bestaan dit uit drie kategorieë, naamlik

(1) die oorspronklike sogenaamde Maleboch-lokasie, waarby

(2) stam- en privaat grond en




Kaart 2. Die groter Hananwa-woongebied as deel van die noordelike blok van die voormalige tuisland Lebowa (Bochum-distrik).

(3) 'n aantal Bantoe-trustplase gevoeg is (Republiek van Suid-Afrika 1969:11-12 - kyk ook hoofstuk 7:2).

Dit is moeilik om die presiese grense van hierdie woongebied noukeurig aan te dui aangesien dit grootliks deur plaasgrense bepaal word, maar die onderstaande beskrywing, saam met kaart 2, kan as voldoende vir die doel van hierdie navorsing geag word.

Die westelike grens van die gebied word deur die Mogalakwena-rivier, wat van suid na noord verby Blouberg vloei, gevorm. Die suidelike grens word ten dele deur die noordelike rand van die 'hoogland' bekend as Makgabeng gevorm en deur 'n lyn vanaf die oostelike punt van dié hoogland tot by Bochum aangevul. Hierdie is dan ook ten dele die noordelike grens van die woongebied van die Bakoni baga Matlala. Die oostelike grens word op oneweredige wyse deur verskillende plase gevorm, sommige daarvan in privaat besit, ongeveer in 'n lyn vanaf Bochum noordwaarts, verby Blouberg, waarna dit effens na die weste swenk om die noordelike grens te ontmoet. Die noordelike grens is eweneens moeilik omskryfbaar, aangesien daar topografies nie veel natuurlike- of kunsmatige verskynsels is om dit aan te dui nie. Hierdie noordelike deel van dié blok van Lebowa word deur 'n splintergroep van die Hananwa, onder beheer van stamhoof Kibi bewoon en die grens tussen die twee gebiede word slegs deur die besit van sekere plase onderskei.

Die kern van die woongebied bestaan hoofsaaklik uit die plase Buffelshoek, Beauley en The Grange, wat om die koördinate 28°57' O en 23°05' S geleë is (kaart 2). Dit is dan ook hier, bo-op Blouberg, waar die Hananwa hulle met hul aankoms in die gebied gevestig het. Die beskerming wat die berg bied as fisiese struikelblok vir aanvallers, moes in die verlede by verskeie geleenthede 'n groot bron van sekuriteit vir die Hananwa gewees het. Maar, dit het ook soos by die Venda (kyk Loubser 1991:401), as simbool van die politieke gesag van die Hananwa-stamhoof gedien (kyk hoofstuk 4:3).


Mettertyd is dele van hierdie grond weens verskeie redes van die Hananwa vervreem, maar hulle het lank reeds die behoefte gehad om dit weer hulle eie te maak en het vroeg hierdie eeu enkele van die plase, aan die noorde- en suidekante van die berg, aangekoop (kyk hoofstuk 7:2.4). Dit is later deur die aankoop van nog plase gevolg en op hierdie wyse het die woongebied met verloop van tyd sy huidige omvang bereik.

## 2.2 Topografie

Die gebied wat hierbo beskryf is, is geleë op die sogenaamde Pietersburg-plato, wat strek vanaf die Strydpoortberge in die suide tot teen die Soutpansberg en Blouberg in die noorde. Die topografie van die groter plato-gebied is plat of saggolwend, behalwe in gebiede teen die groot bergreekse, waar die landskap verander na heuwelagtig of gebroke. Enkele kleiner klipkoppies kom oneweredig verspreid op hierdie vlakte voor en bied woonplek en skuiling aan 'n verskeidenheid hoofsaaklik Sotho-sprekende samelewings.

Aangesien hoogte bo seespieël 'n invloed op die klimaatstoestande het, wat plantegroei en landboukundige aktiwiteite kan beïnvloed, word dit vermeld. Die vlakte om Blouberg, as deel van die Pietersburg-plato, wissel in hoogte bo seespieël van 900 tot 1000 meter, maar styg aan die suidekant by Makgabeng vanaf 900 tot gemiddeld 1200 meter. Blouberg self is gemiddeld 500 tot 800 meter hoër as die omliggende vlakte, met die hoogste punt van die reeks 2051 meter bo seespieël (kaart 3).

Uiteraard is die opvallendste geografiese kenmerk van hierdie omgewing die berg. Die Hananwa self noem nie die berg Blouberg nie, maar het 'n naam vir elk van die besondere topografiese kenmerke daarvan. Voorbeelde hiervan is onder andere 'n piek bekend as **Lenare** (plek van die buffel) en die hoogste punt van die berg word **ga Monna a se na moriri** (die man sonder hare) genoem omdat




Kaart 3. Reliëf van die noordelike blok van die voormalige tuisland Lebowa, insluitende die Hananwa-woongebied.

daar geen plantegroei op voorkom nie. Bykans elke kloof, spruit en krans het 'n afsonderlike naam.

## 2.3 Klimaat

Die klimaat in die omgewing is tipies van 'n steppesone. Die somers is baie warm, met donderstorms wat 'n gemiddelde reënval van minder as 500 mm per jaar oplewer. Die hoeveelheid reën neem drasties af hoe verder wes beweeg word. Die winters is gematig, maar droog. Die gemiddelde Januarietemperatuur (somer) is 26° C, teenoor die gemiddelde Julietemperatuur (winter) van 13° C. Die gebied is redelik rypvry.

Die kombinasie van warm weer, min reën en 'n stowwerige uitgetrapte omgewing, maak dit 'n groot deel van die somermaande ondraaglik om in te lewe. Gesaaides verdroog en brand dood. Boorgate, damme en putte droog op. As dit wel reën, gebeur dit maklik dat die meeste van die paaie vanweë die uitgetrapte omgewing, asook die swak konstruksie en onvoldoende afvoerkanale, verspoel. Vervoer is dan, sonder 'n vierwiel-aangedrewe voertuig, vir 'n paar dae lank onmoontlik.

In kontras hiermee is die klimaat en gevolglik ook die plantegroei bo-op die berg aansienlik verskillend van die op die vlakte daaromheen. Oor die algemeen is die temperatuur bo-op die berg baie koeler (gemiddeld ongeveer 5° C laer) en is die reënval ook baie hoër, naamlik van 500 tot 1000 mm per jaar. Mis kom vir lang tydperke in die jaar voor, wat die totale presipitasie aansienlik kan verhoog. Oor die algemeen beskou is dit dus vir die mens sowel as dier 'n veel aangenamer omgewing om in te lewe.

# 3. HULPBRONNE

## 3.1 Minerale hulpbronne

Die geologie van die gebied word deur Brandl (1986) kortliks as volg beskryf. Die Blouberg word gekenmerk deur 'n groep gesteentes bekend as die Formasie Blouberg, wat weer deel van die Waterberggroep vorm. Eersgenoemde verteenwoordig 'n sandsteen-vulkaniese samestelling en word in sewe sedimentêre lede, met 'n vulkaniese lid heel bo, onderverdeel (Brandl 1986:26).

Na die suide word die Formasie Makgabeng aangetref. Dit bestaan uit 'n eenvormige ontwikkeling van gelerige sandsteen. Daar word gereken dat hierdie sandsteen aeolies van oorsprong is en moontlik vanuit die noordooste neergelê is. By Blouberg sowel as by Makgabeng word daar ook nog die sogenaamde Mogalakwena-konglomerasie aangetref (Brandl 1986:24). Die vlakte noord en suid van Blouberg is van Kwaternêre ouderdom en is uit grond, sand, alluvium en kalkreet saamgestel.

Weinig minerale afsettings van noemenswaardige omvang kom in die Hananwa-woongebied voor. Minerale wat wel aangetref word, is byvoorbeeld silwer, lood en nikkel. Slegs bariet,[2] wat aan die westelike grens van die woongebied voorkom, is 'n tyd lank op 'n ekonomiese basis ontgin. Dié myn is op die plase Langlaagte 279LR en Vergelegen 277LR naby die Mogalakwena-rivier geleë. Alhoewel dit werksgeleenthede aan 'n aantal plaaslike inwoners verskaf het, is dit reeds in 1954 gesluit (Brabers 1985:270). Steenkool, in die vorm van die Soutpansberg-steenkoolvelde, kom in die noordelike deel van die woongebied voor. Dit is egter laegraadse steenkool en die kanse op die toekomstige ontginning daarvan is nie groot nie (De Jager 1985). Een gerug wat steeds die

---

[2] Hierdie mineraal word hoofsaaklik as pigment en vuller in die vervaardiging van glas, papier en verf gebruik.

rondte doen is dat 'n prospekteerder genaamd L. Pogge, vroeg in die eeu goud in Blouberg ontdek het en dit in Pietersburg verkoop het. Tot dusver kon daar nog geen bewyse hiervoor gevind word nie.

Alhoewel daar in voorhistoriese tye yster in die gebied gesmelt is (onder andere op die plase Beauley en Millbank) is dit nog nie seker waar hierdie erts oorspronklik vandaan gekom het nie. Radiokoolstofdatering van die terreine het bepaal dat dit tot die Vroeë Ystertydperk behoort en van ongeveer 700 tot 900 n.C. bewoon is.[3] Dit is dus heelwat vroeër as die Hananwa se bewoning van die gebied. Volgens segspersone het die Hananwa in voorhistoriese tye ystervoorwerpe van die Venda en selfs ook die Phalaborwa verhandel. Die Hananwa, wat eers teen die begin van die 19de eeu in die gebied gevestig het (kyk hoofstuk 4:2), was nie lank genoeg daar woonagtig voordat kontak met die blankes en hul tegnologie en voorwerpe plaasgevind het nie, en het nie 'n beduidende invloed op die argeologiese rekord na gelaat nie. Gevolglik is hierdie inligting moeilik om te bevestig.

## 3.2 Landboukundige hulpbronne

Verskillende plantkundige streke kan in die groter Blouberg-omgewing onderskei word (kyk Acocks 1975). Twee streke word op die berg aangetref, naamlik die Suurbosveld, wat as die tipiese plantegroei van die Bosveldse bergwêreld beskryf kan word en wat veral in die Waterberg voorkom, maar ook in die Blouberg en Soutpansberg. Dit word in Blouberg deur die Suuragtige Gemengde Bosveldstreek omring, wat ook in die Makgabeng-hoogland aangetref word. Dit is oor die algemeen 'n meer oop savanna veld.

---

[3] Die dateringsinligting is gebaseer op ongepubliseerde gegewens wat deur middel van argeologiese opgrawings van die terreine verkry is, asook die verwerking van houtskoolmonsters deur die WNNR.

Die Gemengde Bosveldstreek word op die vlakte aan die suidekant van Blouberg aangetref. Hierdie streek kan in verskillende substreke verdeel word. Aan die ooste-, noorde- en westekant word die berg deur 'n streek bekend as die Dorre Soet Bosveld omring. Eweneens kan dit ook in verskillende substreke onderverdeel word. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die indeling van hierdie plantkundige streke volgens die ideaaltipe gedoen word. In werklikheid ondergaan dit groot verandering vanweë eksterne faktore soos oorbeweiding en ontbossing vir landerye, of deur die bymekaarmaak van vuurmaakhout. Groot dele van die berghang is reeds vir alle praktiese doeleindes ontbos. Die resultaat hiervan is die ontstaan van erosie en indringing van sekondêre gewasse soos sekelbos (**Dichrostachys** sp.), wat reeds groot dele as't ware ongeskik gemaak het vir weiding, met die uitsondering van miskien bokke. Slegs op enkele plase aan die noordekant van die berg (wat spesiaal vir die stamkuddes uitgesit is), is daar voldoende weiding. Dit is juis die agteruitgang van die plantegroei wat die voormalige Lebowa-regering gedwing het om verskillende natuurreservate hier te proklameer (kyk hoofstuk 7:3).

Landbou en veeteelt is een van die strategieë vir oorlewing en gevolglik kan die potensiaal daarvan as 'n natuurlike hulpbron geïnterpreteer word. Samevattend kan die volgende gesê word: Die grootste deel van die gebied leen hom slegs tot vee- en droëlandboerdery, terwyl die bergagtige dele slegs vir veeboerdery geskik is. Die weidingspotensiaal wissel van laag (8-12 hektaar per lewende eenheid - beeste) op die grootste deel van die vlakte, tot matig (4-6 hekaar per lewende eenheid - beeste) vir dele op die berg (kyk hoofstuk 7:3).

Ferguson (1991), wat 'n sosio-ekonomiese profiel van die mense van Blouberg geskets het, dui die volgende inligting ten opsigte van boerdery-aktiwiteite aan. Die gemiddelde aantal diere wat per huishouding aangehou word is 4 beeste, donkies en varke elk en 9 bokke en hoenders elk. Hierdie syfers is 'n veralgemening en daar is bereken dat ongeveer 40% van alle huishoudings nie grootvee aanhou nie. Ongeveer 85% van die huishoudings wat hy ondersoek het

bewerk landerye, waarvan 75% se landerye nie groter as 0,5 hektaar is nie. Hierdie landerye is gewoonlik by die huis geleë en die produkte wat hier geproduseer word is hoofsaaklik soetriet, pampoen, waatlemoen en groenmielies. Die huishoudings met groter landerye gebruik dit vir die produksie van sorghum- of mielieverbouing. Oorskot van hierdie produkte word aan plaaslike winkels verkoop of aan smouse verhandel.

### 3.3 Waterhulpbronne

Lopende water kom slegs in die somer voor, behalwe bo-op die berg waar dit dwarsdeur die jaar aangetref word. Normaalweg verdwyn hierdie water onder die grond voor dit die voet van die berg bereik, maar in die reënseisoen loop spruite wat deur die water op die berg gevoed word soms vir weke lank. Op verskeie plekke is daar damme gebou, maar dit blyk nie doeltreffend te wees nie. Die grootste dam in die omgewing is die Glen Alpine-dam in die Mogalakwena-rivier. Aangesien hierdie rivier die westelike grens van die woongebied vorm, het dit vir die meeste inwoners van die gebied nie veel waarde in terme van besproeiing nie. Water word hoofsaaklik deur middel van putte of boorgate verkry, wat reëlmatig in die nedersettings[4] versprei is. Die boorgate word gewoonlik deur die Departement Waterwese gesink, maar deur die inwoners van die verskillende nedersettings in stand gehou, terwyl putte in die meer afgesonderde gebiede deur die inwoners self gegrawe word. Aan die noordekant van die berg waar die watertafel besonder vlak is, is daar 'n groot aantal boorgate wat in privaat besit is.

Alhoewel water vir almal beskikbaar is, word dit in baie gevalle met moeite verkry. Meeste huishoudings moet oor 'n redelike ver afstand water gaan haal

---

[4] Onderskeid word gerieflikheidshalwe tussen dorpe, wat nedersettings is wat op 'n meer formele basis vanuit owerheidsweë beplan is en woonplekke, gebiede waar geen beplanning plaasgevind het nie, gemaak. Laasgenoemde val grootliks saam met die gebiede wat onder tradisionele grondbesitstelsels ontstaan het.

(selfs so ver as twee kilometer) en soms moet daar in lang toue van 20 tot 30 persone gewag word om 'n beurt te kry. Daar is ondervind dat baie van hierdie boorgate in die wintermaande opdroog. Die toue word langer en die water brak. Dit is veral die jong meisies wat hieronder ly - na skool moet hulle 'n uur of twee in die tou spandeer om water te gaan haal of om wasgoed te was. In die westelike gedeelte van die berg kom daar geen water voor nie en moet dit deur meisies en vrouens teen die berg uitgedra word in 25 liter kanne - 'n klimtog wat ongeveer 'n uur neem. Verskeie gemeenskappe probeer egter om self oplossings vir die tekort aan water te vind (kyk hoofstuk 8:5.4).

### 3.4 Fisiese infrastruktuur

In navolging van Van der Merwe (1983:2) word die term infrastruktuur in hierdie proefskrif slegs gebruik om daardie netwerke wat die mens skep om kontak en skakeling te bewerkstellig, te beskryf. Dit kan die struktuur intern sowel as ekstern bedien. Dit sluit dus nie diensfasiliteite soos skole en hospitale in nie. Dit word in die volgende hoofstuk behandel.

In ooreenstemming met swart woongebiede in ander dele van die platteland, is die basiese infrastruktuur in die Blouberg-omgewing totaal onvoldoende (kaart 4). Benewens ideologiese redes wat later duidelik sal word, moet die oorsaak hiervoor gesoek word in die feit dat daar weinig hulpbronne plaaslik beskikbaar is en daardie stimulus vir die ontwikkeling van 'n goeie fisiese infrastruktuur dus afwesig is.

'n Verdere probleem ten opsigte van die ontwikkeling van 'n goeie infrastruktuur is die groot afstande wat afgelê moet word. 'n Aantal grondpaaie verleen toegang tot die woongebied. Alhoewel dit per motor of bus (die voormalige Lebowa busdiens en die padvervoerdiens van die SA Spoorweë - Transnet) bereik kan word, is dit slegs enkele individue wat oor voertuie beskik en binne wie se

vermoë dit is om dit sonder moeite of koste te kan aflê. Binne die groter woongebied is daar ook 'n aantal paaie van wisselende gehalte wat die verskillende nedersettings verbind. Donkiekarre en trekkers met sleepwaens word gebruik om tussen die nedersettings te beweeg. Dié situasie bemoeilik onderlinge kommunikasie.

Alhoewel elektrisiteit en telefoondienste wel beskikbaar is, is dit vanweë die hoë koste om dit oor groot afstande aan te lê, tot die minimum beperk. Elektrisiteit is slegs by die stamkantoor en van die groter winkels beskikbaar, terwyl die enkele telefone wat in die gebied beskikbaar is, in privaatbesit is. Persone wat nie toegang tot 'n telefoon het nie, betaal 'n ongewoon hoë tarief om hierdie telefone te gebruik, dit wil sê indien dit in werkende orde is.

Kommunikasie kan wel ook per pos plaasvind, maar is gewoonlik baie stadig. Die grootste plaaslike poskantoor is te Addney, halfpad tussen Blouberg en Bochum geleë, dit wil sê ongeveer 15 km vanaf elke punt. Verskeie van die plaaslike winkels bied 'n possakdiens aan, wat in samewerking met die Spoorweë se padvervoerdiens bedryf word.

### 3.5 Omgewings- en natuurbewaring

Inligting oor die fauna wat in Blouberg aangetref word, is beperk. Die onderstaande berus gedeeltelik op persoonlike waarneming en besprekings met 'n aantal segspersone.

'n Groot aantal soogdiere, wat wissel van skeerbekmuise, dassies, blou-apies, bobbejane, meerkatte, muishonde, jakkalse, sivetkatte, luiperds, bosvarke, klipspringers, rooibokke en koedoes kom in wisselende getalle voor.[5] Veral op

---

[5] Hierdie en opeenvolgende beskrywings is nie volledige lyste van die fauna wat voorkom nie, maar dien eerder as 'n aanduiding van die variasie wat voorkom.

plase in privaatbesit en op sommige van die Trustplase (kyk hoofstuk 7:2.4) word daar nog ywerig met behulp van strikke en honde gejag.

Die variasie in voëllewe is groot en kan toegeskryf word aan die verskillende tipes plantegroei (kyk hoofstuk 2:3.2) wat aangetref word. Die belangrikste is sekerlik die kolonies kransaasvoëls wat in Blouberg sowel as Makgabeng voorkom. Blouberg is ook algemeen bekend vir die groot aantal slange wat aangetref word. Swart mambas, pofadders, rinkhalse, boom- en voëlslange is van die meer algemene spesies wat teëgekom is.

Twee natuurreservate kom aan die noordekant van die berg voor. In albei is daar verskillende soorte grootwild hervestig. Die ligging en fasiliteite van hierdie reservate is egter nie van sodanige aard dat dit baie besoekers lok nie. In een van hierdie reservate, wat aanvanklik onder beheer van die voormalige Lebowa-regering was,[6] word daar volgens 'n permitstelsel gejag. 'n Derde natuurreservaat, wat ook onder beheer van die Lebowa-regering was, is by die Glen Alpinedam in die weste van die gebied geleë. Hierdie is 'n baie gewilde hengeloord en kan deur ontwikkeling in 'n beperkte mate tot werkskepping aanleiding gee.

Daar is verder ook sprake dat die hele Blouberg (kyk Ferguson 1991; Scholes 1992) en ook 'n deel van Makgabeng tot natuurbewaringsgebiede verklaar gaan word. In laasgenoemde gebied word daar heelwat rotskunsterreine aangetref, waarvan weinig nog gedokumenteer is. Die potensiaal wat hierdie aksie vir die generering van inkomste veral uit eko-toerisme het, alhoewel nie altyd direk op die plaaslike mense van toepassing nie, is redelik groot. Die probleem is egter dat met die amptelike verklaring van hierdie gebiede tot bewaringsgebiede, die voortgesette benutting daarvan deur die plaaslike mense as bron vir brandhout, weiding, woongebiede en so meer ernstig ingekort sal word. Maar, in lyn met

---

[6] Die ander was tydens die navorsing onder beheer van die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrust.

kontemporêre opvattinge in verband met natuurbewaring, word daar in die beplanning van hierdie aktiwiteite gepoog om dit in samewerking met die plaaslike gemeenskap te doen en sal hulle ook 'n aandeel in die beheer en benutting daarvan hê. Die sogenaamde "Campfire" projek in Zimbabwe word as model voorgehou (kyk Duthie 1992; Scholes 1992).

## 4. SAMEVATTING

Die natuurlike omgewing waarbinne die Hananwa hulle in die Laat Ystertydperk gevestig het, het 'n aantal moontlikhede gebied, maar ook sekere beperkinge gestel. Wat die moontlikhede betref, was daar voldoende natuurlike hulpbronne wat in die produksie van lewensmiddele en gebruiksartikels deur Ystertydperk-samelewings gebruik kon word en was die Hananwa in staat om die meeste van hul behoeftes uit die plaaslike omgewing te bevredig.

Die klimaat by Blouberg is gematig en leen hom grootliks tot veeteelt, alhoewel landbou ook beoefen word. Binne die raamwerk van 'n Ystertydperkekonomie, kon die Hananwa ekonomies hierby aanpas en was dit moontlik om soms 'n surplus te produseer. Blouberg self het as bron gedien wat in die meerderheid van hul behoeftes soos skuiling, brandhout, weiding, hout, gras en ander materiaal vir die produksie van materiële kultuurgoedere voorsien het. Dit wat plaaslik nie verkrygbaar was nie, byvoorbeeld tekstiel, glaskrale en metaal, kon deur middel van handelsnetwerke bekom word.

Met die koms van die blankes na hierdie gebied, het hierdie oorspronklike bestaanswyse met verloop van tyd heeltemal tot niet gegaan. Die drastiese veranderinge in die sosio-ekonomiese posisie van die Hananwa wat hierop gevolg het, veral die bevolkingstoename, het daartoe aanleiding gegee dat die plaaslike bronne nie meer voldoende is om in alle behoeftes te voorsien nie. Die

potensiaal van die gebied, landboukundig sowel as anders, is te laag om intensiewe boerdery of industrieë, soos wat dit in kontemporêre tye vereis word, te vestig. Die Hananwa moes hulle nou tot eksterne bronne wend vir oorlewing. Die grootste bron hiervoor is die verkoop van arbeid in stede en op plase. Dit opsigself het weer 'n wye verskeidenheid komplekse veranderings meegebring waarmee hierdie mense gekonfronteer is en waarby hulle moes aanpas. Dit word in die volgende hoofstuk breedvoerig bespreek.

# HOOFSTUK 3
# DIE MENSLIKE OMGEWING

## 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die sosio-kulturele komponent, wat die mensepotensiaal en die strukture vir die ontwikkeling en behoud daarvan insluit, van die mense van die Blouberg-omgewing bespreek. Uit die bespreking in hoofstuk 2 kan afgelei word dat die Hananwa-woongebied geografies 'n groot oppervlak beslaan. Mense van verskillende herkomste word hier onder uiteenlopende omstandighede aangetref. Dit is dus bykans onmoontlik om 'n beskrywing van die menslike omgewing te gee sonder om te veralgemeen. Die onderstaande beskrywing is meerendeels op die situasie aan die suidekant van Blouberg, waar die meerderheid van die oorspronklike kerngroep van die Hananwa woonagtig is en waar die huidige stamkantoor geleë is, gebaseer. Daar word aanvaar dat hierdie beskrywing grootliks ook vir die res van die Hananwa-woongebied geldig is.

## 2. BEVOLKINGSAMESTELLING

### 2.1 Algemene beskrywing

Dit word algemeen aanvaar dat die Noord-Sotho-sprekende mense van die sentrale binnelandse plato 'n onderlinge historiese verbondenheid met mekaar vertoon. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat hulle 'n gemeenskaplike gebied

lank saam bewoon het. Die kontak wat hulle sedert pre-koloniale tye onderling met mekaar gehad het (kyk hoofstuk 4:3), het verder ook 'n groot mate van kulturele ooreenstemming tot gevolg gehad. Benewens taalkundige verskille, toon die Sotho-sprekende mense dan ook in die breë kulturele verskille met die Venda-, Tsonga-, Nguni-, Afrikaans- en Engelsprekendes wat in die res van suidelike-Afrika aangetref word.

Ten spyte van die taalkundige en kulturele ooreenstemming wat onder die Sotho-sprekende mense bestaan, is dit tog moontlik om ander Sotho-sprekende groepe aan te dui wat omliggend van die Hananwa woon en ook deur laasgenoemde erken word as behorende tot ander samelewings. Dit is egter belangrik om te onthou dat, soos wat reeds in hoofstuk 1 daarop gedui is, hierdie nie homogene groepe is nie, maar eerder losse versamelings van mense wat 'n gemeenskaplike gebied bewoon en sekere strukture, gebruike, waardes en simbole met mekaar in gemeen het.

Die naburige Sotho-sprekende groepe in die gebied is as volg: Oos van die Hananwa word die Tlokwa aangetref, wat in alle waarskynlikheid na die suide in die omgewing van Rustenburg hul ontstaan gehad het. Hulle is as splintergroep vanuit 'n tans nog onbekende groep mense afkomstig (Krige 1937:351). Die Birwa word na die noorde en weste van Blouberg aangetref. Volgens Westphal het hulle tussen 1510 en 1590 n.C. in die Letswalo (Sotho-sprekend) gebied in die omgewing van Duiwelskloof en Tzaneen hul ontstaan gehad. Vanaf hierdie gebied het hulle na hul huidige woongebied noordwes van Pietersburg, by 'n plek genaamd Tauyatswala, getrek (Westphal 1975:191; Van Warmelo 1953). Laasgenoemde plek is ongeveer 30 km noordwes van Blouberg.

Soos wat met die Birwa en Tlokwa die geval is, het die Hananwa ook baie kontak met die Koni, wat suid van hulle woonagtig is en van wie groot seksies selfs vandag nog vanweë historiese gebeure deel van die Hananwa-samelewing uitmaak. Die Koni voer hul herkoms terug na die ooste, in die omgewing van

Swaziland. Vandaar het hulle noordwaarts getrek, met die eskarpement op tot in die huidige Noordelike Provinsie. Hier het 'n groep agtergebly, terwyl 'n ander deel verder getrek het om uiteindelik noordwes van Pietersburg te vestig (Van Warmelo 1935:114). Die historiese aard van hierdie kontak met die Tlokwa, Birwa en Koni word in hoofstukke 4 en 5 bespreek.

Die gebied na die suidweste word tans hoofsaaklik deur mense wat as gevolg van die proses van tuislandkonsolidasie en die opruiming van sogenaamde swart kolle in resente tye hier hervestig is, bewoon (kyk Yawitch 1981). Verder word 'n verskeidenheid ander kleiner groepies mense van diverse herkoms soos Ndebele, Venda en Lemba in die omgewing van Blouberg aangetref.

Die kulturele ooreenstemming wat die Hananwa met hierdie omwonende Sotho-sprekende en ander gemeenskappe toon, word ook deur hulle taal gereflekteer. So byvoorbeeld dui die taalkunde aan dat baie van die terminologie wat gebruik word nie van hul oorspronklike Tswana-herkoms is nie. Kotze, wat 'n studie van die Hananwa-dialek gedoen het, is van mening dat dit veral deur die Tlokwa-, Birwa- en selfs die Venda- en Ndebele-tale beïnvloed is (Kotze 1987).

## 2.2 Demografie

Inligting in verband met die bevolkingsgetalle in die Hananwa-woongebied is onbetroubaar en wissel aansienlik van bron tot bron. Dit blyk duidelik uit 'n studie van sekere van die ouer bronne. Dit is ook interessant om die ouer bronne met die meer resente te vergelyk. Volgens eerw. Beyer was daar in 1872 altesaam 20 000 mense te Blouberg onder die regering van stamhoof Leboho van die Hananwa woonagtig (Anoniem 1872:318) en in 1888 beraam eerw. G. Lowe van die Metodistekerk die bevolking op 25 000 (Lowe 1888:281). Volgens die Lokasiekommissie was die totale bevolking in 1905, 7 941 individue (Lokasiekommissie 1905c:1).

Nie net bestaan daar onsekerheid ten opsigte van getalle in die verlede nie, maar is daar ook geen betroubare statistiese inligting spesifiek met betrekking tot die hedendaagse bevolkingsgetalle nie. Dit word tentatief beraam dat daar tans ongeveer 20 000 mense op die berg en in die onmiddellike omgewing van Blouberg woonagtig is (Ferguson 1991:18), alhoewel daar moontlik dubbel soveel in die totale woongebied kan wees. Die naaste betroubare syfers wat verkry kon word is die 1980 sensus, wat vir die totale Bochum-distrik 'n **de facto** inwonertal van 101 385 gee (Botha 1983:184) en 149 781 vir die 1991 sensus (Sentrale Statistiekdiens 1991:23). Dit kontrasteer skerp met die syfer vir 1970, naamlik 47 097 (Botha 1983:182). Die verskil kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die verandering van distriksgrense wat as gevolg van die proses van tuislandkonsolidasie plaasgevind het. Daar moet egter ook in gedagte gehou word dat volgens die stelsel van hervestiging van 'surplus-mense', wat met die proses van tuislandkonsolidasie gepaard gegaan het, groot getalle mense tydens die laaste aantal jare in die gebied hervestig is. Yawitch (1981:89-91) dui onder meer aan hoedat hierdie proses in gebiede net noord en suid van Blouberg plaasgevind het. Een so gemeenskap is die van Manthatha, wat tussen Dendron en Bochum geleë is.

## 2.3 Sosio-ekonomiese profiel

Ferguson (1991), wat gemoeid was met 'n sosio-ekologiese studie van Blouberg, verskaf die volgende inligting wat, alhoewel baie beperk, gebruik kan word vir die skets van 'n sosio-ekonomiese profiel van die mense in dié gebied.

Volgens Ferguson bestaan die gemiddelde huishouding uit 5,9 individue. Formeel word 'n huishouding[1] as 'n empiriese realiteit beskou en bestaan ruimtelik uit 'n perseel met wonings daarop en sosiaal as persone wat "vir verblyf en produksie,

---

[1] Bekend as **moša** (lapa - SNS) en kan verskillende betekenisse hê, byvoorbeeld die basiese eenheid van samewoning of die wonings self.

verbruik en toegang tot bronne en rondom verantwoordelikhede en verpligtinge residensieël en huishoudelik verbind is" (Fischer 1992:319-320). Die samestelling van hierdie huishoudings kan geweldig varieer, hoofsaaklik omdat die verhoudinge en omstandighede wat tussen persone en hul families[2] bestaan, na gelang van omstandighede kan verander.

Slegs 36% van die huishoudings se lede is ekonomies aktief. Van hierdie was 79% in Gauteng Provinsie (die PWV-gebied) as trekarbeiders werksaam. Dit is meerendeels die mans wat elders werk. Die tendens bestaan tans dat vrouens ook die gebied verlaat om werk te soek. Vrouens gee voorkeur aan byvoorbeeld plase met arbeidsintensiewe aktiwiteite soos die teeplantasies in die Tzaneen-omgewing, asook sitrusplase. Die rede vir hul deelname aan trekarbeid hang saam met die veranderende rol wat hulle tans in die samelewing beklee en word breedvoerig in hoofstuk 8:4 bespreek.

Die gevolg van hierdie arbeidspatroon, waar die ekonomies aktiewe lede weg van die huis af werk, is dat die meerderheid huishoudings uit drie en selfs vier geslagte wat saam woon bestaan, byvoorbeeld ouer mans en vrouens (grootouers); in meer as 70% gevalle, die vrou en haar kinders, kleinkinders en selfs agterkleinkinders. Die grootouers of ouer dogters moet nou na dié kinders omsien en hulle versorg. Hierdie data toon ooreenstemming met Murray (1980b:146) se werk in Lesotho. Buite-egtelike kinders kom ook algemeen voor en die meerderheid jong meisies het reeds een of meer kinders teen die tyd dat hulle die skool verlaat. Die addisionele las wat hierdie getalle-aanwas op die ekonomiese posisie van 'n huishouding plaas moet nie onderskat word nie. Dit is ook geldig in die geval van huishoudings waar dit persone is wie se kinders in die stede woon en werk en wat dan hulle eie kinders terugstuur (byvoorbeeld tydens die politieke opstande aan die Witwatersrand in die 1970's en 1980's is kinders

---

[2] Die term familie word deurgaans gebruik. In hierdie verband word daaronder al daardie lede van 'n groep wat agnaties aan mekaar verwant is verstaan, maar dit kan ook matrilaterale verwante insluit. In Sotho word die term **leloko** (**meloko**) hiervoor gebruik (kyk ook Kuper 1975:72; Murray 1980b:152).

teruggestuur om hier te kom bly) en nie die versorgingsplig in die vorm van die aanstuur van geld nakom nie.

Dit is moeilik om 'n gemiddelde maandelikse huishoudelike inkomste te bepaal as gevolg van die wisselvallige aard van die inkomstes wat verdien word. Selfs huishoudings met vaders of ander lede werksaam in die stede kan nie altyd van 'n konstante inkomste verseker wees nie. Die enigste redelike betroubare inkomste is die ouderdomspensioene wat twee-maandeliks uitbetaal word (R300-00 of R150-00 per maand, soos in 1990/1991). Die pensioengeld is nie bloot vir gebruik van die ontvanger daarvan nie. Dit word by enige ander inkomste gevoeg om in die huishouding se totale uitgawes te voorsien en word so versigtig moontlik gebruik om maksimale voordeel daaruit te kan trek. Die huishouding se skuld word by die winkels afbetaal en 'n nuwe sak meel is een van die eerste artikels wat aangekoop word. Vir luukshede is daar nie geld nie.

Dit wil voorkom asof Ferguson in sy opname net individue wat by die formele ekonomie betrokke is, in berekening gebring het. Die getal persone wat 'n inkomste maak uit ekonomiese aktiwiteite soos jag, ploeg van landerye, bou van huise, brou en verkoop van drank, kleremaak en so meer, behoort 'n beduidende invloed op die finale syfer te hê. Dit is egter so dat van die persone wat in die formele ekonomie betrokke is, ook laasgenoemde aktiwiteite op 'n deeltydse basis bedryf.

'n Klein aantal persone wat plaaslik voltyds as onderwysers, winkelassistente, verpleegsters en amptenare in die stamkantoor werk kan op 'n gereelde maandelikse inkomste staatmaak. Die politieke verwikkelinge in die onlangse verlede en die gerugte van grootskaalse korrupsie in die Lebowa-administrasie as geheel, het baie van hierdie mense in 'n toestand van onsekerheid oor die toekoms laat verval.

In 'n groot aantal gevalle is die inkomste wat verdien word seisoenaal van aard,

byvoorbeeld waar dit gepaard gaan met die ploeg van landerye, die verkoop van produkte van die oes of deelname aan arbeidsintensiewe boerdery buite die woongebied. Een segspersoon maak soveel as 'n R1000-00 per maand tydens die plantseisoen, maar daarna verdien hy in verhouding bykans niks nie. Die antwoord op finansiële oorlewing vir hierdie huishoudings lê dus in diversifikasie van inkomste-genererende aktiwiteite. Dit word weerspieël in die onderstaande gevallestudie.

- <u>Gevallestudie 1</u>:

  Hans Madiba is by Blouberg gebore. Hy is reeds meer as twintig jaar met Sara getroud. Hulle het vier kinders wat wissel in ouderdom van 7 tot 20 jaar. Sy vader wat reeds diep in die sewentig jaar oud is, asook hul oudste dogter Johanna se twee kinders, onderskeidelik 2 en 4 jaar oud, woon by hulle. Aangesien Johanna tans by die Jane Furse hospitaal opleiding as verpleegster ontvang, is dit grootliks Sara se plig om die twee kleinkinders op te pas. Aldrie die ander kinders is op skool en vorder goed met hul studies.

  Hans boer met beeste en bokke, ry transport (hy het 'n 2 ton ligte vragmotor), ploeg landerye op kontrakbasis, doen sweiswerk en algemene herstelwerk aan motors, dryf handel in mopaniewurms en dagga en maak wanmandjies vir verkoop. Sy vrou Sara, op haar beurt weer, brou en verkoop bier, plant en verkoop tabak/snuif, boer met hoenders en dryf handel met die opbrengs van haar landerye. Sy is ook lid van 'n dansgroep wat by feesgeleenthede teen betaling optree. Die twee dogters help hul moeder met die kook van kos en aandra van water en brandhout (ook teen vergoeding vir bure) en maak klere. Hans se seun, Klaas, wat die jongste kind is, is nie so aktief betrokke by die ekonomiese aktiwiteite nie, maar sal wel die beeste oppas, hulle water toe neem of kraal toe bring om gemelk te word. Tussendeur maak Klaas houtlepels en -bakke wat hy plaaslik verkoop om sakgeld te verdien. Sy oupa help hom hiermee en leer hom terselfdertyd ook van die prysliedere en geskiedenis van die

Hananwa.


Hans en sy gesin, alhoewel hulle nie in weelde leef nie, kom finansieel goed oor die weg - hy maak eerder 'n stukkende item reg as om 'n nuwe te koop - en moet as 'n uitsondering eerder as die reël beskou word. Dit is sy begeerte om al sy kinders naskoolse opleiding te laat kry. Alle geld wat moontlik afgeknyp kan word, word met hierdie doel gespaar. Self sou hy meer aktief by die plaaslike politiek betrokke wou wees, maar, in sy eie woorde, het hy te veel planne vir die maak van geld om werklik aandag aan die politiek te gee.

## 3. GESONDHEIDSDIENSTE

Die eerste gesondheidsdienste in die gebied, in die vorm van 'n hospitaal, is in 1905 deur Helene Franz, vrou van die sendeling eerw. C. Franz van die Berlynse Sendinggenootskap op die plaas Leipzig begin. Mettertyd kon hulle nie meer die finansiële las daarvan dra nie en het hulle om subsidie vanaf die regering aansoek gedoen. Dit het daartoe gelei dat daar in 1908 'n nuwe staatshospitaal te Bochum, onder bestuur van Helene Franz, gebou is. Die hospitaal is later van tyd na haar vernoem (Zöllner & Heese 1984:85).

Tans is mediese dienste vir die mense van die gebied beskikbaar in die vorm van die Blouberg Hospitaal, wat aan die suidekant van die berg op die plaas Inveraan geleë is, asook 'n tiental klinieke wat in die omgewing aangetref word (kaart 4).

Daar is egter geen permanente dokter teenwoordig nie en die naaste bereikbare dokters is by die hospitaal te Bochum. 'n Staatsgeneesheer, gestasioneer te Dendron, lê weekliks by al die klinieke besoek af. Persone wat ernstig siek is en nie plaaslik behandel kan word nie, word per ambulans na die hospitaal te Bochum of Pietersburg vervoer. Baie van die werk wat by die klinieke gedoen




Kaart 4. Infrastruktuur en verspreiding van enkele dienste in die noordelike blok van die voormalige tuisland, Lebowa.

word, is op voorsorg eerder as behandeling gemik. So word aan jong moeders voor- en nageboortelike onderrig en ondersteuning gegee en word die inenting van kinders gedoen. In hierdie opsig werk die klinieke met die skole saam, aangesien kinders nie in die skool aanvaar word alvorens hulle nie teen die algemene kindersiektes ingeënt is nie.

'n Groot aantal van die mense maak steeds in die identifisering en behandeling van siektes gebruik van die vermoeëns van die verskillende kategorieë magiërs, aangesien hulle steeds die konsep van siekte wat op bonatuurlike wyse op die individu bestel word, as deel van hulle wêreld-beskouing aanvaar (kyk hoofstuk 9:3). Slegs indien hierdie behandeling nie suksesvol is nie, sal hulle na 'n kliniek of hospitaal gaan.

## 4. ONDERWYS EN OPLEIDING

Net soos in die geval van die demografiese en statistiese gegewens in verband met inkomste, is daar geen betroubare inligting ten opsigte van die getal leerlinge of hulle slaagsyfer beskikbaar nie en sal daar in hierdie verband ook met 'n suiwer kwalitatiewe beskrywing volstaan moet word.

Die eerste en vir lank ook die enigste skool te Blouberg is in 1874 deur eerw. C. Stech van die Berlynse Sendinggenootskap (BSG) by die sendingstasie Blaauberg op die plaas Leipzig gestig (Van der Merwe 1984:68). Dit het in later jare baie uitgebrei. So byvoorbeeld het die BSG in die periode 1946 tot 1957, onder beheer van eerw. A. Brunke, benewens 25 buite-stasies waar gereeld gepreek is, ook 14 skole in die gebied gehad (Zöllner & Heese 1984:56). Die toestand het nie net by Blouberg geheers nie, maar deur die hele land. Op nasionale vlak het die toename in die getal skoliere 'n steeds groterwordende subsidie van die regering vereis. Van laasgenoemde se kant was die beswaar dat

hulle nie altyd doeltreffende beheer oor die omvang en gehalte van die skoolonderrig kon uitoefen nie. 'n Verdere knelpunt was ook die onvermoë om te voldoen in die steeds toenemende getal onderwysers wat opgelei moes word. 'n Kommissie van ondersoek, onder leiding van W.W.M. Eiselen het die saak in 1951 ondersoek. Hierdie kommissie se verslag het tot die aanvaarding van die **Wet op Bantoe-onderwys**, Wet 47 van 1953 aanleiding gegee. Dit het die tydperk ingelei waarin die regering ten volle verantwoordelikheid vir die onderwys van swartmense en ook die opleiding van onderwysers wat vir hierdie diens nodig was, aanvaar het (Botha 1983:250).

Geen kleuterskole kom by Blouberg voor nie. Dit kan toegeskryf word aan die ondersteuningstelsel wat elke huishouding het ten opsigte van die versorging van kinders, byvoorbeeld deur 'n grootouer wat inwoon. Maar, die voordeel van die stimulasie wat hieruit geput kan word, ontbreek dus tot nadeel van die kinders.

Ry die besoeker deur enige van die nedersettings, kan gesien word dat elk oor verskeie primêre skole beskik, terwyl die sekondêre skole verder uitmekaar versprei is. Dit is nie ongewoon dat baie van die leerlinge in sekondêre skole daagliks tussen 10 en 15 km te voet moet aflê om by die skool en weer terug te kom nie.

Skole, veral die nuwes, bestaan uit 'n aantal ongeverfde, sementsteen klaskamers met sinkdakke. Hieroor word daar baie gekla - die klaskamers is te koud in die winter en te warm in die somer. Dieselfde opset word ook by sekondêre skole aangetref, maar op 'n groter skaal. Verder is die instandhouding van die skole baie swak en enige skade - 'n dak wat afwaai of ruite wat gebreek is - neem maande om herstel te word, indien ooit.

By die meerderheid van die skole is die fasiliteite of baie gebrekkig of totaal afwesig. Mediasentrums en biblioteke bestaan nie. Selfs skoolboeke, waaroor

daar reeds in die onlangse verlede massabetogings gehou is, is of te min of word altyd baie laat in die jaar afgelewer. Die skoolgronde het min fasiliteite en sportafrigting is onbekend - die enigste hiervan wat herkenbaar is, is 'n informele sokkerveld, gewoonlik met ietwat wankelrige doelpale. Buitetoilette kom in die een hoek van die skoolgronde voor. Nieteenstaande die swak omstandighede vind die besoeker tog dat daar by sommige leerlinge en leerkragte 'n trots op die skool bestaan. Dit is dan ook geen ongewone gesig om veral kinders by primêre skole, in die tuin te sien werk, plante te plant, klippe af te wit en die rommel bymekaar te maak nie.

Die skole maak in sommige gevalle ook voorsiening vir die verblyf van die onderwysers. Aan een kant van die terrein, of moontlik aan die oorkant van die skool word daar 'n reeks klein tweevertrek wonings vir die onderwysers aangetref. Dit maak voorsiening vir onderwysers wat nie plaaslik woonagtig is nie. Sommige onderwyseresse verkies dit om, indien moontlik, by plaaslike mense te loseer.

Benewens bogenoemde probleme is die onderwyspeil oor die algemeen baie laag. Alhoewel daar voldoende onderwyspersoneel beskikbaar is, is hulle standaard van kwalifikasie baie laag en is dit nie buitengewoon dat 'n persoon met slegs std. 6 onderrig aan std. 1 of 2 leerlinge gee nie.

Die kombinasie van al hierdie faktore het tot gevolg dat ten minste een of twee uit elke tien leerlinge hulle matriekjaar herhaal in 'n poging om beter simbole te behaal. Min is egter suksesvol. Die gemiddelde ouderdom van 'n groep van ongeveer 20 matrikulante met wie daar oor hul skoolloopbaan gesels is, is op 23 jaar bepaal. 'n Groot bron van ontevredenheid in hierdie verband is die gebrek aan voldoende beroepsvoorligting wat hulle ontvang. Bloot die raamwerk van die navorser se werksaamhede en die instelling waar hy werk, was genoeg om die skoliere angstig te maak oor die agterstand wat hulle teenoor skoliere in die

groot stede ondervind.[3]

Dit is verder ook onmoontlik om enige ander vorm van formele opleiding in die gebied te ontvang. Persone wat na matriek vir verdere opleiding gekeur word moet byvoorbeeld na die Jane Furse- of Groothoek hospitale gaan vir verpleegopleiding, terwyl ander of na die Universiteit van die Noorde of na Seshego vir onderwysopleiding moet gaan. Beurse vir verdere studies is skaars en persone wat self universiteitsopleiding kan bekostig is uiters min. Die feit dat hulle nie vanuit hul ouerhuis hierdie opleiding kan ontvang nie, verhoog die koste aangesien daar koshuis- of losiesgelde betaal moet word. Geen persoon is teëgekom wat deur middel van afstandsonderrig aan die Universiteit van Suid-Afrika studeer nie.

## 5. WINKELS EN ANDER DIENSTE

Die naaste sentrum van noemenswaardige belang waar die mense van Blouberg op 'n redelike skaal aankope kan doen, is Dendron. Dit is egter halfpad na Pietersburg, gevolglik verkies die meeste mense om byvoorbeeld klerasie, meubels en gereedskap in Pietersburg te gaan koop. In en om Blouberg word die inwoners deur 'n aantal kleiner winkels bedien wat hoofsaaklik in basiese voedsel, klere, huishoudelike toerusting, boumateriaal en so meer voorsien. Die pryse van die ware in hierdie winkels is baie hoog en die verskeidenheid klein. As op groot skaal in Pietersburg gekoop word, moet die aankoper genoeg geld beskikbaar hê om vervoer na Blouberg te betaal, wat die pryse grootliks gelykstel. Sekere plaaslike winkels lewer ook gespesialiseerde dienste soos die herstel van motorbande en maal van koring. Een plaaslike ondernemer het 'n reeks groter winkels, gebaseer op die supermarkbeginsel daargestel en kan deur

[3] Van hierdie jongmense, veral seuns, het byvoorbeeld meegedoen aan die argeologiese opgrawings wat in die gebied gedoen is.

middel van 'n hoër omset laer pryse bewerkstellig. Verskeie drankwinkels word ook verspreid deur die gebied aangetref.

Alhoewel winkels redelik gerieflik naby die inwoners geleë is, is daar sekere inherente probleme wat oorbrug moet word. Die blote aankoop van 'n sak mieliemeel is 'n groot uitgawe. Baie huishoudings beskik nie oor 'n eie vervoermiddel nie en moet daar van aflewering deur die winkel gebruik gemaak word. Dit verhoog die prys van die artikel. Boumateriaal lewer dieselfde probleem op.

'n Slaggat waarin baie inwoners trap is die koop van meubels of ander huishoudelike toerusting op huurkoop vanaf winkels in Dendron of Pietersburg. Dit vind gewoonlik plaas as die huishouding om een of ander rede 'n groot som geld bekom. Die deposito word betaal en die meubels word uit Pietersburg deur die handelaar afgelewer. Een of twee paaiemente word betaal en dan is daar nie meer geld beskikbaar nie. Die handelaar kom haal dan die meubels om dit weer aan iemand anders te verkoop. 'n Handelaar het selfs aangedui dat die inkomste wat op hierdie wyse op 'n stel meubels verkry word, tot soveel as drie maal die oorspronklike koopprys kan wees. Die verhaal van Koos Waleng in gevallestudie 2, is tipies van die lot van baie huishoudings in die gebied.

- <u>Gevallestudie 2</u>:

  Koos Waleng is bo-op Blouberg gebore. Nadat hy vyftien jaar lank in Johannesburg gewerk het, het hy besluit om hom eerder permanent by Blouberg te vestig. Met sy beesboerdery het dit goed gegaan en het hy ook heelwat kontant verdien met die maak van skottels, ketels, tregters en so meer uit blik. In navolging van die geriewe wat hy in die stad gehad het, het hy 'n koolstoof op huurkoop aangekoop. Met die hulp van sy vrou, dogters en 'n paar vriende het hulle dit met baie moeite en sweet, stuk-stuk teen die berg opgedra. Die bier wat sy vrou vir hierdie **letaba** (werksparty) gebrou het, was oorgenoeg vergoeding vir die wat gehelp het.

Dit het hom en sy vrou baie plesier verskaf om saam met vriende en bure in die 'kombuis' by die stoof te sit, veral in die wintermaande as dit maar koud bo-op die berg is.

Vyf maande later kon Koos nie meer die paaiement op die stoof bekostig nie en kort daarna het verteenwoordigers van die handelaar opgedaag om die koolstoof op te eis. Dit was net twee persone en Koos het geweier om hulle te help om die stoof weer teen die berg af te dra. Een verteenwoordiger het Koos se byl geneem en die stoof stukkend gekap. Nie net het Koos al sy geld op hierdie wyse verloor nie, maar ook baie van sy aansien by sy bure. Hy is ook sy byl kwyt deurdat dit in die proses vernietig is en moet hy nou een by die bure leen as hy wil gaan hout kap om vuur te maak. Die skade is nog groter, aangesien die potte wat sy vrou vir gebruik op die stoof gekoop het, nutteloos eenkant staan aangesien dit nie op 'n oop vuur gebruik kan word nie.

Die hoë pryse en beperkte verskeidenheid wat die plaaslike winkels bied, skep die geleentheid vir 'n meer informele wyse van handel dryf. Dit is veral groente en vrugte wat hier 'n belangrike rol speel. Tamaties, aartappels, kool en so meer word deur smouse verruil vir koring en mielies, wat dan weer by die landbou-koöperasies van die hand gesit word. Die groente word gewoonlik vanaf blanke plase in die omgewing aangekoop en baie daarvan is, op die oog af, van swakker kwaliteit. Die gebruik het ook posgevat dat die vrugte- en groentehandelaars stalletjies by die bus- en taxihaltes opsit en daar hul ware aan die passasiers verkoop (kyk hoofstuk 8:5.2). Van die nabygeleë blanke boere dryf ook op hierdie wyse handel. Een ondernemende boer verkoop melk op 'n gereelde basis en koop ook boerbokke aan wat hy dan weer teen 'n groot wins in ander, veral droogte-geteisterde gebiede, verhandel.

Die aktiwiteite rondom die tweemaandelikse pensioenuitbetalings wat op verskeie punte plaasvind, ontwikkel ook in 'n informele mark by die verskillende uitbetaalpunte. Benewens die sosiale dimensie van die bymekaarkom van 'n groot

aantal mense, is dit 'n geleentheid vir plaaslike mense om surplus voedsel of produkte soos houtlepels, kleipotte en mandjies te verhandel vir wat nodig en beskikbaar is. 'n Groot aantal buitestaanders neem ook aan hierdie markte deel en volg die pensioenuitbetalingspan in voertuie. Groente, vrugte, hoenders, klere en gereedskap word op hierdie wyse verhandel. Gewoonlik word bier by een van die nabygeleë huise verkoop. Sodra die pensioene op 'n punt uitbetaal is, breek die mark op en verskuif dit na die volgende betaalpunt. Die frekwensie van die uitbetalings (twee maandeliks) en beperkte hoeveelheid geld in 'n geslote sisteem, is te min dat hierdie aktiwiteit deur die lede van 'n nedersetting enigsins benut kan word as 'n geleentheid tot die verkryging van 'n permanente inkomste. Slegs persone wat die uitbetalings van punt tot punt kan volg en dus 'n groter 'mark' kan bereik, staan 'n kans om hiervan 'n geleentheid vir die generering van 'n vaste inkomste te maak.

Daar is slegs op twee plekke brandstof beskikbaar, met die naaste betroubare bron in Bochum. 'n Wye verskeidenheid ander dienste, wat op informele wyse bedryf word, word aangetref. Hiervan is die gewildste motorherstelwinkels, sweiswerke en haarkapsters. Die inkomste wat hieruit gemaak word, is wisselvallig en moeilik bepaalbaar. Dit hang in 'n groot mate van die persoon se reputasie en die ligging van die besigheid af.

## 6. ONTSPANNING

Ontspanning vorm 'n deel van die alledaagse lewe van die meerderheid van die inwoners van Blouberg, maar die aard en intensiteit daarvan wissel na gelang van die seisoen. Die vermaak is grootliks informeel van aard, byvoorbeeld oor en weer kuier by vriende en verwante, of sokker wat deur die kinders gespeel word. Meer formele vorme van vermaak, soos bierdrinkgeleenthede (vir finansiële gewin) en sosiale geleenthede (byvoorbeeld 'n huwelik) kom egter met

ongereelde tussenposes in die normale verloop van die jaar voor. Vermaak van buite die gebied is nie 'n gereelde verskynsel nie en indien wel is dit gewoonlik in die vorm van 'n besoekende sokkerspan of 'n maatskappy wat met promosie hulle produk (waspoeier, koeldrank of ander soortgelyke produkte) in die gebied kom bekendstel. Die produkte wat as pryse gewen kan word en lekkergoed vir die kinders is gewoonlik die lokaas.

Kinders het almal, nadat die skool in die middag uitkom of tydens skoolvakansies, 'n aantal take soos waterhaal, klerewas en vee wat gesoek moet word. Daarna is hulle grootliks op hulself aangewese om die tyd om te kry. Een gewilde bymekaarkomplek, veral vir die kleiner kinders, is by winkels. In baie gevalle vorm die winkels ook die haltes vir busse en taxis. Hier kan almal wat kom en gaan besigtig word en word hulle aankope bespreek. Om die tyd om te kry word sokker of ander speletjies gespeel en indien enige van hulle moontlik geld het, word die lekkers wat daarmee gekoop word onder almal verdeel. Een van die meer welgestelde winkeliers het by al sy winkels televisiestelle geïnstalleer en vertoon hoofsaaklik kinderprogramme (ook M-Net). Sy motivering is dat die ouers baie geld in sy winkels spandeer en dat hy op hierdie wyse iets terug in die gemeenskap belê. Programme van hierdie aard is in baie gevalle die enigste kontak (met die uitsondering van die radio) wat die meerderheid kinders met die buitewêreld het. Die kinders self beskik oor so min geld dat hulle teenwoordigheid by die winkels uiters min invloed op die verkope het.

Die ouer kinders het inderwaarheid nog minder ontspanningsgeleenthede en -fasiliteite. Die meisies is veral besig met take soos die haal van water en brandhout, klerewas, die kook van kos en die oppas van kleiner kinders. Daarenteen het die seuns gewoonlik minder take om uit te voer as die meisies en verwyl hulle tyd deur rond te sit en te gesels of om sokker te speel. Selfs na sononder word daar nie dadelik huistoe gegaan nie en word daar om 'n vuurtjie gesit en gesels.

Bierdrinkgeleenthede is, benewens die verskeie rituele geleenthede, een van die min tye wanneer volwassenes in groot groepe bymekaar kom. Dit geskied gewoonlik by die tuiste van 'n persoon wat 'n hoeveelheid bier brou en dit dan verkoop. Onlangs het daar ook 'n aantal kroeë, alom bekend as **Lounge**, oopgemaak. Hier kan volwassenes bier drink en word daar ook gereeld Vrydae en Saterdae **sessions** of danse gehou. Laasgenoemde bestaan hoofsaaklik uit musiek wat baie hard gespeel word en die jonger mans en meisies wat rondstaan en met mekaar gesels, terwyl enkeles sal dans. Die meerderheid ouers wil egter nie hul kinders toelaat om na hierdie plekke toe te gaan nie, maar kan ook nie veel doen om hulle te keer nie.

Die verskillende kerkgenootskappe reël ook vermaak vir hul lidmate. Veral die Lutherse Evangeliese Kerk is baie aktief in hierdie verband. 'n Bus word gehuur en dan word daar byvoorbeeld 'n reis na Venda of Pietersburg onderneem om besoek af te lê by 'n gemeente aldaar. Omgekeerd kom groepe van ander gebiede weer besoek by Blouberg aflê. Dan word Bybelstudie gedoen, gesing en sosiaal verkeer. Dit dien ook as uitkomkans vir die kinders, sommiges wat andersins nooit weg van Blouberg sou gaan voordat hulle nie op hoërskool is nie. Die besoeke het in 'n stadium doodgeloop toe daar agtergekom is dat 'n betrokke individu van die geld wat vir die aktiwiteite bymekaargemaak word, verduister het en geweier het om dit terug te betaal nadat sy uitgevang is.

## 7. SAMEVATTING

Die ontwikkeling van die mensepotensiaal in die ondersoekgebied, soos wat uit die voorafgaande bespreking afgelei kan word, voldoen slegs aan 'n basiese minimum. Mediese- en opvoedkundige dienste, asook ontspanningsfasiliteite, alhoewel beskikbaar, is ontoereikend. Die sosio-ekonomiese profiel van die inwoners van die gebied, op enkele uitsonderings na, kan as een van armoede en

voorsiening in slegs die allernodigste opgesom word. Oorlewing is gebaseer op diversifikasie van ekonomiese aktiwiteite. Die aanleidende oorsake hiervoor is geleë in die min plaaslike geleenthede wat deur die inwoners benut kan word. Dit moet ook, soos wat later in afdeling vier uitgewys sal word, gesoek word in die beleid van afsonderlike ontwikkeling, wat dit ten doel gehad het om die mense se 'landelike' lewenswyse te behou. Dit het tot gevolg dat groot getalle mense die gebied moet verlaat op soek na werk, wat weer die sosiale en politieke sisteem onder druk van verandering plaas.

In die volgende afdeling word die historiese agtergrond van die gebied en sy mense, veral die besetting daarvan deur die Hananwa, breedvoerig bespreek.

# AFDELING III

# HISTORIESE KONTEKSTUALISERING

"... while some ideologies pay little explicit attention to history, all ideologies are historically constituted and so require diachronic analysis" (Comaroff 1982:144-145).

Die vroeë 19de eeu was vir die meerderheid samelewings in suidelike-Afrika 'n periode van ekspansionisme, kontak en konsolidasie, wat noodwendig op verandering uitgeloop het. Die Hananwa het kort na die eeuwending besit van 'n nuwe gebied geneem en was besig om hulle gesag daaroor te vestig en te konsolideer, toe die proses drasties beïnvloed is weens intervensie van buite.

Die aanbieding van bogenoemde gebeure in die vorm van 'n geskiedenis word as noodsaaklik vir die konteks van die navorsing beskou. Die huidige lewens- en ervaringsveld van die inwoners van die ondersoekgebied kry sinvolle gestalte as dit teen die agtergrond van die verskillende historiese prosesse beskou word. Dit is ook 'n poging om die moontlikheid van 'n te eensydigheid van aanbieding te vermy en die Hananwa se eie konvensies van voorstelling te ontplooi.

Dit is moontlik om dié geskiedenis vanuit twee verskillende perspektiewe te benader. Die een beskryf bloot die geskiedenis van 'stamme'. Hiervolgens word die historiese verbintenisse tussen groepe mense grootliks geïgnoreer, wat aanleiding gee dat afsonderlike stamgeskiedenisse geskryf word. Dié geskiedenis

behels hoofsaaklik net 'n beskrywing van die genealogie van die stamhoofde en word tot 'n chronologie van gebeure gereduseer. Dit opsigself, is bruikbaar, maar ook onvermydelik as daar bloot na die aard van mondelinge oorleweringe gekyk word. Die probleem is egter dat dië geskiedenis dan as totale geskiedenis aangebied word en vanweë die feit dat dit net 'n enkele faset van die geskiedenis hanteer, hoofsaaklik net die 'verhaal van die konings', hou dit min waarde vir die verklaring van die huidige situasie in (Fischer 1992:70-71; Murray 1980a:21).

Die tweede perspektief verklaar die verskillende historiese prosesse interpreterend vanuit 'n bestaande realiteit en beklemtoon die gemeenskaplike geskiedenis van die inwoners van die gebied as deel van 'n wyer wêreld (kyk Fischer 1992:70; Murray 1980a:21). Elke samelewing is deurlopend deur sy geskiedenis vasgevang in 'n proses van wisselwerking met die elemente waaruit die sosiale omgewing saamgestel is. Dit sluit, kumulatief, in ruimte en tyd, ander samelewings op 'n plaaslike, streeks- en globale vlak, in. Hierdie proses van wisselwerking, of dit bestaan uit uitruiling of ekonomiese onteiening, sendingaksies of militêre oorheersing, handel of ooreenkomste, koloniale politiek of kulturele imperialisme, is nie gebaseer op interaksie tussen losstaande strukture, sisteme van produksie, of ander abstrakte totaliteite nie. Dit sluit menslike deelnemers en agentskappe betrokke in verskillende, uiteenlopende en soms teenstrydige vorms van materiële en simboliese praktyke in (Comaroff & Comaroff 1992:96-97). Die geskiedenis van die mense van Blouberg is dus die geskiedenis van die Noordelike Provinsie en ook Suid-Afrika.

In 'n beskrywing van die verskillende pre-koloniale samelewings soos wat hulle in die onlangse verlede in die noordelike dele van Suid-Afrika voorgekom het, is die navorser grootliks op twee bronne aangewese, naamlik inligting wat uit mondelinge oorleweringe verkry word en inligting wat deur middel van argeologiese metodes ingewin word. Beide hierdie bronne het hulle eiesoortige beperkinge, wat die implikasie dra dat 'n beskrywing van hierdie aard altyd 'n

element van rekonstruksie insluit. In hierdie navorsing was dit moontlik om diē twee bronne aan te vul en te kontrolleer deur middel van geskrewe bronne wat uit die beginfase van die periode van kontak dateer.

In hierdie afdeling word daar in hoofstuk 4 'n aanduiding gegee van waar die Hananwa oorspronklik vandaan gekom het en hoe hulle hul gesag in die nuwe gebied gevestig en by die omgewing en ander samelewings aangepas het. Hoofstuk 5, handel oor die begin van die kontak wat met buitestaanders gemaak is en die effek wat dit op die samelewings in die groter Blouberg-omgewing gehad het, naamlik die begin van die transformasie van die landelike bevolking tot 'n migrante werkersklas.

# HOOFSTUK 4
# HERKOMS EN BESITNAME VAN DIE GEBIED

## 1. INLEIDING

Die Hananwa het as 'n Laat Ystertydperk samelewing, in alle waarskynlikheid, ongeveer 180 jaar gelede in die Blouberg-omgewing van die Noordelike Provinsie ingetrek. As sodanig het hulle in daardie stadium nog nie as 'die' Hananwa bekend gestaan nie - kyk in die verband byvoorbeeld Hofmeyr (1890:16-17) se beskrywing van die inwoners van die noordelike deel van die voormalige Suid-Afrikaansche Republiek (ZAR). Dit is 'n benaming wat eers heelwat later, nadat die gebied deur reisigers, handelaars, sendelinge, nedersetters en amptenare binnegedring is, aan hulle gekoppel is (kyk hoofstuk 9). Die term, in sy etnologiese betekenis, word hier bloot gerieflikheidsonthalwe gebruik. Dit is meer korrek om, soos wat die Comaroffs herinner ook by die Tswana die geval was, hulle eerder te sien as groepe mense met ooreenstemmende lewenswyses, wat aangrensend tot mekaar gewoon het (Comaroff & Comaroff 1991:126).

Die gebied waar die Hananwa hulle gaan vestig het, het ekologies gesproke nie veel van hul gebied van herkoms in Botswana verskil nie (kyk byvoorbeeld Sansom 1974:139-145 se kategorisering van breë ekologiese gebiede in suidelike-Afrika) en sou hulle dus nie veel probleme gehad het om daarby aan te pas nie. Hulle het ook, soos wat hieronder aangedui word, met 'n verskeidenheid ander samelewings in aanraking gekom. Met verloop van tyd het hulle 'n leiding-gewende rol in die breë politieke en sosiale opset van die huidige Noordelike Provinsie geneem. Die resulterende wisselwerking het veroorsaak dat hulle lewenswyse, in die algemeen gesproke, tans weinig van hul herkoms reflekteer,

maar wel groot ooreenstemming met dié van die omwonende samelewings het. Hierdie vroeë geskiedenis en proses van besitname van die Blouberg-omgewing, vorm die kern van die huidige hoofstuk.

Die dilemma is dat daar verskillende weergawes van hierdie vroeë geskiedenis bestaan. Elkeen daarvan kan as 'n afsonderlike konstruksie gesien word en deur 'n sintese daarvan te maak, word 'n verdere geskiedenis gekonstrueer. Gevolglik word die verskillende weergawes afsonderlik behandel. Wat die meer resente geskiedenis betref, is daar groter eenstemmigheid en sal 'n meer geïntegreerde weergawe aangebied word.

Tabel 1 bied 'n uiteensetting van die name van die stamhoofde en ander belangrike rolspelers, asook enkele bekende datums, wat die lees van die onderstaande teks sal vergemaklik.

## 2. OORSPRONGGESKIEDENIS EN VESTIGING IN DIE GEBIED

Daar bestaan nie algehele eenstemmigheid en duidelikheid aangaande die vroeë geskiedenis van die Hananwa nie. Dit word algemeen aanvaar dat hulle aanvanklik tot die groter Hurutse-verband (dit wil sê Tswana-sprekend van Botswana en Noordwes-Provinsie) behoort het. Hulle herkoms as Hananwa word teruggevoer na 'n afsplitsing van die Malete (totem = **nare** - buffel)[1], wat ook van Tswana-herkoms is en wat deels in Noordwes-Provinsie en deels in Botswana woonagtig is (**Transvaal Native Affairs Department** [TNAD hierna] 1905:37; Lokasie-kommissie 1905b:1; Roberts 1916:243; Lestrade 1928:428; Krige 1937:354; Breutz 1953:20).

---

[1] Die Hananwa **bina** (het as totem) die **tšhwene** (bobbejaan) en **ila** (vermy) die duiker (**ntsha** - Tswana of **phuti** - Sotho).

Die eerste weergawe wat hier aangebied word, is dié van eerw. Noel Roberts. Volgens hom was die eerste stamhoof van die Hananwa bekend as Maliti (Malete, dit wil sê Tswana) en was hy die oorgrootvader van die vader ("great-great grandfather") van KGALUSHI,[2] wat ten tye van Roberts se ondersoek, dit wil sê

LEBOHO[3] = @ Sebodi<br>
NGWAKO<br>
MATOME<br>
NTSOSE<br>
(MA)TSELA (♀)[4] = ?@ Malebogo, ?@ Pula-Boshego<br>
MATSEOKWANE = @ Leboho, @ Matome, † 1879[5]<br>
KGALUSHI = Leboho, @ Ratshathsa, @ Gabush, @ Masilu, @ Sekete, † 1939<br>
MMAMPOKHU (♀), † 1940<br>
Mabea = @ Mphoku, oorlede as jong man<br>
Mosima (♀)<br>
SEIPHI, @ Moloko, † 1953<br>
WILSON, @ Matome, † 1980<br>
COLIN, @ Matee

**Tabel 1**. Lys van aangeduide stamhoofde en ander vername rolspelers van die Hananwa.[6]

---

[2] Die name van die troonopvolgers word in hoofletters aangedui.

[3] Soos uit die onderhawige bespreking afgelei kan word, het slegs die eerste stamhoof hierdie naam gehad, wat later as van deur die heerserslinie aangeneem is. In die algemene literatuur en in die volksmond word daar baie van Maleboch of Malebogo gepraat en word hierdie verpopularisering van die benaming ook aan al die regeerders gegee.

[4] Tsela = pad, weg of roete. Sy is so genoem vanweë die feit dat sy kwansuis langs die pad gebore is met die Hananwa se verhuising na Blouberg.

[5] Ander bronne is van mening dat dit 1880 was, kyk Anoniem (1880c:359).

[6] Hierdie is 'n lys van voormalige en huidige stamhoofde, soos wat dit in die literatuur aangetref is en deur segspersone weergegee is. In alle gevalle is daar gepoog om die meer algemene naam waaronder 'n persoon bekend gestaan het, te gebruik en die ander name word dan as aliasse aangedui. @ = ander naam waaronder die persoon ook bekend gestaan het; † = jaar waarin oorlede.

in 1916, regeer het. Hierdie Maliti het twee seuns gehad, van wie die jongste Lebogo (LEBOHO) geheet het. Weens 'n opvolgingstryd breek LEBOHO met sy volgelinge van die Malete weg. Hulle ontduik 'n agtervolgingsaksie onder aanvoering van die ouer broer en word daarna deur die agtervolgers die Bahananwa genoem, wat beteken "the deniers, refusers or quarrellers", met verwysing na die feit dat hulle nie wou saamwerk nie (kyk hoofstuk 9:5). Mettertyd gaan vestig hierdie groep hulle te Blouberg (Roberts 1916:244-245).

Volgens Breutz vertel die Hurutshe dat hul stamhoof Mohurutshe twee seuns genaamd Motebele en Motebejane gehad het. Motebele word stamhoof, maar as gevolg van onderlinge stryd word hy deur sy jonger broer Motebejane verdryf. Hy trek met sy volgelinge in die rigting van Pietersburg om hulle uiteindelik daar as die voorsate van die Hananwa te vestig (Breutz 1953:20).

Volgens Krige (1937) het LEBOHO met sy volgelinge van die Malete weggebreek. In daardie stadium was hulle woonagtig by 'n plek genaamd Tšhweneng, wat in die ooste van Botswana geleë is. Vanaf laasgenoemde woonplek beweeg hulle eers noordwaarts om te Ntswaletadi[7] onder die Ngwato te gaan woon. Mettertyd het hulle hier weggetrek en nadat hulle deur die Limpoporivier getrek het, het hulle klaarblyklik vir korter tydperke op verskillende plekke gewoon, onder andere by Mohohabe, 'n aantal kilometer wes van Blouberg, alvorens hulle by laasgenoemde plek gaan vestig het (Krige 1937:354). Malebogo I (LEBOHO) het twee kinders gehad. Die oudste, 'n dogter, se seun Matome (@ MATSEOKWANE) het haar later opgevolg. Die tweede kind, 'n seun, het later weens 'n opvolgingstryd met sy onderdane weggetrek om die seksie onder stamhoof Kibi te vorm (Krige 1937:354).


In die **Transvaal Native Affairs Department** (TNAD 1905) se weergawe van die

---

[7] Ntswaletsatsi? - volgens Krige is hierdie plek volgens Sotho en Tswana legendes die "klip waar die son uitkom", met ander woorde, 'n baie algemene en vae verwysing na die veronderstelde ontstaanspunt van hierdie mense, moontlik ook in Botswana.

verhaal was die eerste stamhoof van die Hananwa as onafhanklike groep, bekend as LEBOGO (LEBOHO - tabel 2). Hy trek met sy volgelinge weg van die Malete en gaan woon eers 'n tyd lank onder die Ngwato, alvorens hulle oor die Limpopo-rivier trek en hulle te Blouberg gaan vestig. LEBOHO, na wie hierbo verwys word, het verskeie vrouens gehad. By sy senior vrou het hy slegs 'n dogter, genaamd PULA-BOSHEGO (@ TSELA), gehad en by 'n junior vrou 'n seun met die naam Ramatho (Ramahlo) (TNAD 1905:37; Krige 1937:354).

Na die afsterwe van LEBOHO is daar vir PULA-BOSHEGO 'n man getrou by wie sy twee seuns gehad het, onderskeidelik Matome (@ MATSEOKWANE) en Tabo.




**Tabel 2.** Sleutel genealogie van die Hananwa-stamhoofde, volgens die **TNAD** (1905).

---

[8] Volgens die **TNAD** was hierdie persoon ook bekend as Matsheokoane (MATSEOKWANE). Dit is egter nie so nie, aangesien laasgenoemde Gabush (KGALUSHI) se vader (Matome) was.

[9] In daardie stadium, d.w.s in 1905, die stamhoof.

[10] Hy het klaarblyklik sy ouer broer se opvolging teengestaan en is toe deur Gabush om die lewe gebring (Anoniem 1880c:369-370).

PULA-BOSHEGA tree hierna as regentes[11] vir MATSEOKWANE op (**TNAD** 1905:37). Met laasgenoemde se oorname as stamhoof, maak sy oom, Ramatho (Ramahlo - ook soms bekend as Kibi - Anoniem 1876:371), ook op die stamhoofskap aanspraak. In die daaropvolgende stryd word Ramahlo verdryf en hy vestig hom en sy volgelinge in die oostelike dele van Blouberg. Mettertyd het MATSEOKWANE, as 'n aksie van weerwraak en met die hulp van die Koni van Matlala en die Mapela[12] vir Ramahlo daar aangeval en hom gedood.

Laasgenoemde se seun, bekend as Maloko, vlug hierna met sy volgelinge na die Soutpansberg, waar hy die Voortrekkers te Schoemansdal vra om hom teen MATSEOKWANE te help, wat hulle ook doen, maar sonder sukses (**TNAD** 1905:37; Krige 1937:354). Volgens sommige ouer literatuurbronne (byvoorbeeld Anoniem 1876:360, 363) was Ramahlo eerder die regmatige opvolger van die Hananwa en nie MATSEOKWANE nie.

Die Lokasiekommissie van 1905[13] se weergawe (tabel 3) van hierdie vroeë geskiedenis aangaande die Hananwa verskil in 'n mate van die bostaande. Maar, nieteenstaande hierdie verskille is dit tog moontlik om 'n ooreenstemmende patroon daarin waar te neem.

Volgens die Lokasiekommissie was die eerste stamhoof van die Hananwa bekend as NTSOSE.[14] Hy het by sy eerste vrou slegs drie dogters gehad, van wie die oudste as TSELA (@ Malebogo, ? @PULA-BOSHEGO) bekend gestaan het. Hy het by een van sy ander vroue twee seuns, Rakgotiane en Ramatho (Ramahlo) gehad.


---

[11] Vergelyk die uiteensetting aangaande die opvolging van die stamhoof in hoofstuk 6.

[12] Die Mapela, 'n Ndebele-groep wat ver-Sotho het.

[13] Dié Naturelle Lokasiekommissie is op 19 Augustus 1905 aangewys om sekere sake rakende grondsake te ondersoek en aanbevelings te maak ten opsigte van die verskillende 'stamme'. Die kommissie is in Mei 1907 ontbind (kyk hoofstuk 7:2.2 vir kommissies wat dit voorafgegaan het).


[14] Tog dui hulle in 'n bygaande genealogiese tabel aan dat NTSOSE voorafgegaan is deur die volgende persone: Lebogo, Ngwako en Matome (Lokasiekommisie 1905b:1).




**Tabel 3.** Sleutelgenealogie van die Hananwa-stamhoofde, volgens die Lokasiekommissie (1905b).

Na NTSOSE se dood wou TSELA met Rakgotiane trou om sodoende 'n opvolger te verwek, maar laasgenoemde het geweier aangesien hy homself nie as senior genoeg beskou het nie. Gevolglik trek hy met sy volgelinge weg, alhoewel hy homself steeds as ondergeskik aan TSELA verklaar. TSELA neem toe haar vader se jonger broer, Ngate as man, by wie sy dan ook 'n aantal kinders gehad het. Die oudste hiervan was MATSEOKWANE, wat haar later sou opvolg (Lokasiekommissie 1905b:1-5).

Volgens Trott (1935:37-40) was MATSEOKWANE se ma bekend as Lerekolola en die se vader Boidyane. Eersgenoemde se vrou was bekend as Modikwa. Verder was Rakgotiane die vader van Ramahlo en nie sy halfbroer nie, wat hom dus in dieselfde generasie as MATSEOKWANE plaas. Ramahlo was weer die vader van ene Moloko. Huidige segspersone is dit eens dat TSELA wel MATSEOKWANE se moeder was en dat sy vader Lerekolola geheet het (wat natuurlik ook 'n alias vir Ngate kan wees - kyk tabel 4).




**Tabel 4**. Sleutelgenealogie van die Hananwa-stamhoofde, soos deur segspersone weergegee.

Met die dood van Rakgotiane, dit wil sê die halfbroer van TSELA (kyk tabel 3), het eersgenoemde se vrou die regering van sy seksie van die stam oorgeneem. Rakgotiane se jonger broer, Ramahlo, het toe die stamhoofskap vir homself geëis. Volgens sommige segspersone wat uitgevra is, was Ramahlo 'n jonger broer van TSELA en het die opvolgingstryd daarom gegaan dat Ramahlo geweier het om onder die regering van sy suster te staan en dat hy die stamhoofskap by haar wou oorneem. 'n Tweede groep segspersone is van mening dat hy 'n jonger broer van MATSEOKWANE was en nie van TSELA nie, dit wil sê 'n vadersbroer van KGALUSHI (kyk ook Anoniem 1880c:362). Ander segspersone is weer van mening dat dit meer waarskynlik is dat hy die seun van Rakgotiane is, wat weer ooreenstem met die beskouing van Trott (1935:37-40) hierbo. Hy is ook daarvan verdink dat hy die stamhoofskap van die groter Hananwa-seksie wou oorneem en gevolglik skaar MATSEOKWANE hom by Rakgotiane se vrou. Ramahlo gaan

soek hulp by die Voortrekkers wat in daardie stadium reeds by Schoemansdal gevestig was. Hierdie gesamentlike mag val die Hananwa in Blouberg aan, maar die aksie het onsuksesvol afgeloop.

Met die vertrek van die Voortrekkers, val MATSEOKWANE op sy beurt weer vir Ramahlo aan. Laasgenoemde word gedood en sy seun, Maloko, vlug met sy aanhangers na die Machaba (sic - Matsaba). Weer wend hulle 'n onsuksesvolle poging aan, gesteun deur die Voortrekkers onder aanvoering van Stephanus Schoeman,[15] om die Hananwa te onderwerp. Hierna het Maloko besluit om terug te keer en kry hy toestemming by MATSEOKWANE om homself en sy volgelinge weer by Blouberg te vestig. Later verhuis hulle na die oostelike punt van Blouberg waar hy mettertyd deur sy seun Kibi opgevolg is (Lokasiekommissie 1905b:5).

Hierdie weergawe verskil dus ietwat van die ander. Die belangrikste verskil is dat Ramahlo aanvanklik nie in 'n direkte opvolgingstryd met TSELA of haar seun MATSEOKWANE (Matome) gewikkel was nie, maar met Rakgotiane se vrou. Die res van hierdie uiteensetting deur die Lokasiekommissie stem verder grootliks met dit wat deur huidige segspersone aangaande die vroeë geskiedenis meegedeel word, ooreen.

Daar bestaan ook verwarring oor die datum van die Hananwa se aankoms in die gebied. Breutz se inligting dui daarop dat die Hananwa wel lank in Blouberg woonagtig kon gewees het. Volgens hom kon die afsplintering wat tot die ontstaan van die Hananwa aanleiding gegee het (tussen Motebele en Motebejane), reeds so vroeg as die middel van die 15de eeu plaasgevind het. Hy stel dit egter dat hulle ook eers op ander plekke woonagtig kon gewees het alvorens hulle te Blouberg gevestig het (Breutz 1953:20, 25).

---

[15] Stephanus Schoeman, na wie die nedersetting van Schoemansdal vernoem is (Wagner 1985).

Eerw. Beyer, 'n sendeling van die Berlynse Sendinggenootskap se sendingstasie te Blouberg, skryf in 1874 dat die Hananwa 150 jaar gelede, dit wil sê ongeveer in 1725, reeds by Blouberg gevestig was (Beyer 1874:103). Geen verdere bevestiging van enige aard kon vir hierdie vroeë datum verkry word nie.

In teenstelling met hierdie vroeë datums, is Krige van mening dat die Hananwa se vestiging te Blouberg na die aanvang van die derde dekade van die vorige eeu, dit wil sê na 1820 plaasgevind het. Hierdie afleiding baseer hy op die feit dat daar tot en met 1937 (dit wil sê die publikasiedatum van sy werk) slegs drie Hananwa-stamhoofde was. Daar bestaan ook geen oorlewering van strooptogte wat deur die Matabele van Mzilikazi teen hulle uitgevoer is nie. Volgens hom is die eerste strooptogte wat die Hananwa onthou dié deur die Pedi van Sekwati (c. 1831) (Krige 1937:354).

Vir Krige se datum in verband met die aankoms van die Hananwa by Blouberg om korrek te wees, moet in ag geneem word dat hulle 'n tyd lank onder die Ngwato woonagtig was en dat hulle daar moes weggebreek het voor 1831. Dit was die jaar waarin Mzilikazi 'n strooptog teen die Ngwato onderneem het (Rasmussen 1978:76). Dit beteken dat die Hananwa vir 'n langer periode by Blouberg woonagtig kon gewees het. Krige se datum word egter ondersteun as in ag geneem word dat gesê word dat TSELA tydens die reis na Blouberg gebore is en as stamhoof daar regeer het voordat haar seun MATSEOKWANE as stamhoof oorgeneem het. Laasgenoemde is eers in 1879 oorlede, wat 'n genealogie van slegs twee of uiters drie stamhoofde (TSELA se vader, haarself en dan MATSEOKWANE) by Blouberg impliseer.

In teenstelling met Krige word in die verslag van die Lokasiekommissie aangedui dat die Matabele van Mzilikazi die Hananwa tydens die regering van TSELA by Blouberg aangeval het. Die berg was egter fisies te moeilik om in te neem en Mzilikazi het gou die aftog geblaas. Kort hierna het die Pedi ook die Hananwa aangeval, maar is deur TSELA se oudste seun en opvolger, MATSEOKWANE,

verslaan (Lokasiekommissie 1905b:3). Sonntag (s.j.:142) maak ook die stelling dat Mzilikazi die Hananwa te Blouberg aangeval het. Tans is segspersone ook van mening dat dit wel die geval was.

Daar bestaan egter nie sekerheid of die Matabele van Mzilikazi wel so ver as Blouberg strooptogte uitgevoer het nie (kyk Rasmussen 1978). Verder is dit uit historiese bronne duidelik dat ander Noord-Ndebele-groepe ook gedurig in botsing met die mense te Blouberg en Makgabeng was. Sodanige insidente vind byvoorbeeld in Maart 1875 en Mei 1877 plaas, toe die Ndebele van Mapela (Mankopane) die Koni van stamhoof Monyebodi, woonagtig te Makgabeng, aangeval het. Die plaaslike sendelinge het 'n aktiewe rol gespeel om hierdie aanvallers te verdryf (Anoniem 1876:354-355; Anoniem 1878a:444). Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat daar dus moontlik verwarring tussen die verskillende Ndebele groepe kan bestaan en dat dit nie noodwendig die Matabele van Mzilikazi was nie.

Alhoewel daar dus nie algehele sekerheid bestaan nie, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die Hananwa na alle waarskynlikheid voor 1830, maar nie vroeër as 1750, al by Blouberg gevestig kon gewees het.

## 3. ONTWIKKELING VAN 'N MAGSBASIS EN UITBREIDING VAN NETWERKE

Met hulle aankoms te Blouberg, het die Hananwa ander gemeenskappe aangetref wat reeds op die berg gevestig was, onder andere 'n groep Venda, asook die mense van Madibana (totem = **tau** - leeu). Beyer (1874:103) noem laasgenoemde die "Bafalo" (= **nare**, dit wil sê Birwa). Roberts noem hulle die Magoela en sê ook dat aan hom vertel is dat Blouberg deur die Masetedi, "...a tall, pale, long-

haired race" bewoon was (Roberts 1916:244, 245).[16] Volgens segspersone was die Madibana ook as die Dibata (= roofdiere, ondiere, met ander woorde leeus, na aanleiding van hulle totem) bekend en het hulle grootliks 'n jag- en versamelbestaan gevoer. Ander groepe wat as oorspronklike inwoners van die berggebied aangedui word, is byvoorbeeld die Ralotang en Motlatlane. Al dié genoemde groepe is mettertyd deur die Hananwa aan hulle gesag onderwerp (Anoniem s.j.(b):2; Lokasiekommissie 1905b:2; TNAD 1905:37; Krige 1937:354) en vorm tans deel van die groter Hananwa-samelewing.

Daar was ook ander gemeenskappe in die groter gebied gevestig en met verloop van tyd sou die Hananwa met hulle almal in kontak kom. Van belang vir die navorsing is die invloed wat hierdie gemeenskappe op mekaar gehad het en gevolglik moet daar aandag aan hul identiteit gegee word. Dit is egter so dat vanweë hierdie kontak en ook die wisselwerking wat veral in latere jare plaasgevind het, hulle tans nie meer maklik as afsonderlike entiteite onderskei kan word nie.


'n Ondersoek, volgens argeologiese metodes en beginsels, van alle voormalige en van die ouer, steeds bewoonde nedersettings binne die grense van die groter Hananwa-woongebied is gedoen. Hierdie terreine[17] is tans in die meeste gevalle ontruim. Die rede is enersyds die gevolg van die oorlog van 1894 en andersyds die stelsel van "betterment" wat in die 1940's en 1950's in die gebied geïmplimenteer is (kyk hoofstuk 7:3). Dit was wel moontlik om van die inwoners se nageslagte wat steeds in die omgewing woonagtig is, op te spoor en sodoende kon inligting oor hul herkoms bekom word deur mondelinge oorleweringe daaroor op te teken.[18] In sommige gevalle kon dit ook ondersteun word deur toepaslike

---

[16] Kyk ook Boshier (1972) se verklaring oor die herkoms van die naam Masetedi.

[17] Vanweë die argeologiese belang van hierdie terreine, word hulle ligging nie volledig aangedui nie.

[18] Vir die tipe probleme wat met hierdie benadering ondervind kan word, kyk byvoorbeeld Miller (1980).




**Kaart 5**. Die verspreiding van die verskillende ouer stamhoof- en hoofmanskappe binne die stamgebied.

tydgenootlike geskrewe bronne.

No. 1 - Hierdie terrein is op die plaas The Glade 2LS in die oostelike gedeelte van Blouberg geleë. Dit is hier waar die tweede seksie van die Hananwa, onder leiding van stamhoof Maloko (Kibi) hulle gevestig het nadat hulle van die hoof seksie weggebreek het. Kort na hulle hier gevestig is, het hulle weer weggetrek na die omgewing van Soutpan, naby die westelike punt van die Soutpansberg.

No. 2 - Hierdie terrein, bekend as HaManaka is op die plaas Dantzig 3LS, aan die suidoostekant van Blouberg geleë. Sonntag skryf in 1894 dat dit bewoon is deur 'n "under-Chief" bekend as Manaka, wat ook in die gebied woonagtig was voor die Hananwa hulle daar gevestig het. Hierdie was 'n relatief groot nedersetting, 'n feit wat deur Sonntag bevestig word as hy skryf dat die mense van Manaka ongeveer een derde van stamhoof Leboho (KGALUSHI) se onderdane uitgemaak het. In daardie stadium was 'n groot gedeelte van die mense op die vlakte suid van die berg gevestig en is hulle van die eerstes wat deur die ZAR-magte in 1894 aangeval is (Sonntag s.j.:25).

Die indruk word gekry dat Sonntag soms met die verskillende nedersettings deurmekaar geraak het. Eers dui hy aan dat hoofman Manaka aan die westekant van Blouberg woonagtig was (Sonntag s.j.:43), maar later skryf hy weer dat dit aan die oostekant is (Sonntag s.j.:133, 135). Laasgenoemde posisie word deur ander skrywers (kyk byvoorbeeld Anoniem 1878b:458, Anoniem 1880a:208), sowel as huidige segspersone, bevestig.[19]

No. 3 - Die mense van Mabotsha het onder leiding van hulle stamhoof Moloto vanaf die Moletse (kyk Krige 1937:353) weggebreek en onder die Koni van Matlala gaan vestig. Hiervandaan het 'n klein deel weer weggebreek en hul reeds voor die oorlog van 1894 aan die noordekant van Blouberg op die plaas

[19] Dit het ook aan die lig gekom dat van hierdie probleme ontstaan het met die vertaling van Sonntag se dagboek uit Duits (Berg, 1994, persoonlike mededeling).

Glenferness 1LS gevestig. Daar was baie min van hulle en na die oorlog het hulle verspreid geraak en woon nou op die vlakte aan die noorde- sowel as die suidekant van die berg.

No. 4 - Die terrein bekend as Malikele is deur Mahote, 'n **ntona** (hoofman) van stamhoof KGALUSHI bewoon en op die plaas The Grange 257LR geleë. Hy het met sy mense in 1894 van die berg afgetrek en was hier tot in die laat 1940's gevestig, waarna hulle as gevolg van "betterment" op die vlakte noord van Blouberg hervestig is.

No. 5 - Eerw. Stech, 'n sendeling verbonde aan die Berlynse Sendinggenootskap, skryf in 1879 'n brief aan die ZAR dat die nedersetting van hoofman Morotsi in totaal ongeveer 400 mense omsluit (Stech 1879a). In daardie stadium het hulle op die latere plaas Springfields 268LR, aan die suidwestekant van Blouberg, gewoon. Sonntag beskryf in sy dagboek hoe hierdie nedersetting op 14 Junie 1894 deur die ZAR aangeval en die mense verdryf is (Sonntag s.j.:61). Segspersone is van mening dat die hoofdoel van hierdie nedersetting was om Blouberg teen aanvalle vanuit die weste te verdedig. Klaarblyklik is die nedersetting na die oorlog weer herbou, aangesien die inwoners daarvan eers in die laat 1940's, vroeë 1950's weens die stelsel van "betterment" ongeveer 5 km verder op die vlakte hervestig is. Die huidige hoofman word steeds as een van die 10 mees senior onder die Hananwa hoofmanne gereken.

No. 6 - Die mense van Hlako woon op die plaas Gallashiels 316LR in die Makgabeng-omgewing. Eerwaardes Stech en Herbst van die Berlynse Sendinggenootskap het in 1889 'n besoek aan hulle gebring. Vanuit 'n beskrywing van die roete wat hulle geneem het, blyk dit dat die oorgrote meerderheid van die mense van Hlako meer na die suidweste, op die plaas De Villiersdale 313LR, gewoon het (Anoniem 1889:476-477). Verskeie segspersone is van mening dat die mense van Hlako van die Koni baga Matlala afstam, maar ander is weer van mening dat hulle Tshadibe (Tswana) is en vanaf Botswana afkomstig is. Hulle

vestig hulle na die mense van Monyebodi (kyk onder) in die gebied. Die plaaslike hoofman word steeds as die junior van **ntona** Monyebodi gereken.

No. 7 - Die mense van Monyebodi, wat ook van die Koni van Matlala afstam, is van mening dat hulle op die plase Lomondside 323LR en Millbank 325LR gevestig was lank voordat die Hananwa by Blouberg aangekom het. Weens onderlinge geskille en stryd met die Noord-Ndebele (meer spesifiek die Langa van Mapela), het hulle onder stamhoof Radira weggetrek en by hulle huidige woonplek gevestig. Hier het hulle 'n aantal Venda aangetref wat hulle verdryf het. Die uitleg van hierdie terrein met sy klipterrasse toon groot ooreenstemming met dit wat normaalweg van die Venda verwag kan word (Huffman 1990, persoonlike mededeling). Van der Merwe (1936:13) skryf egter dat hy deur wyle dr. H. Franz meegedeel is dat die terrasse deur die sendeling eerw. J.M. Baumbach van die Berlynse Sendinggenootskap gebou is. Franz was die seun van die sendeling eerw. G.H. Franz wat van 1897-1914 by Blouberg gestasioneer was (kyk ook Van Schalkwyk 1990). Baumbach was vanaf 1871 tot 1882 by Makgabeng gestasioneer. Plaaslike segspersone verwerp egter die stelling dat Baumbach vir die bou van hierdie terrasse verantwoordelik was. Dit is ook belangrik om daarop te let dat eerwaardes Stech en Herbst sewe jaar nadat Baumbach die gebied verlaat het, mense op 'n ander plek soortgelyke terrasse sien bou het (Anoniem 1889:475-476).

No. 8 - Op die plaas Brodie Hill 76LS kom daar 'n gefortifiseerde koppie voor. In die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, is daar 'n foto, vermoedelik geneem tydens die oorlog van 1894, wat 'n aantal wonings op die kop aandui. Roberts (1916) is van mening dat toe hy die terrein in 1902 (d.w.s. agt jaar later) besoek het, dit reeds ontruim was. Malan en Brink het hierdie terrein reeds in die vroeë 1950's opgegrawe, maar kon nie tot 'n gevolgtrekking kom oor wie vir die bou daarvan verantwoordelik was nie (Malan & Brink 1951:136; Cumings 1933; Van der Merwe 1936). Na bouvorm, -tegniek en uitleg blyk hierdie vesting van Venda oorsprong te wees (Huffman 1990, persoonlike

mededeling).

No. 9 - Op die plaas Old Langsine 360LR, aan die suidoostekant van Makgabeng, kom die ou nedersetting van Mpebe voor. Segspersone voer aan dat hy ook afkomstig was van die Koni van Matlala. Hierdie nedersetting is ook in 1889 deur eerwaardes Stech en Herbst besoek (Anoniem 1889:474) en is aan die begin van die 1950's ontruim.

No. 10 - Hierdie was die oorspronklike **mosada** (hoofsetel - **mošate** -SNS) van die Hananwa en is geleë op die plase The Grange 257LR en Buffelshoek 261LR. Stech is van mening dat die nedersetting uit ongeveer 6 tot 8 wooneenhede bestaan het, wat in totaal ongeveer 600 individue ingesluit het (Stech 1879a). 'n Paar jaar later, in 1894, beskryf Rae die hoofsetel van die Hananwa as bestaande uit ongeveer 50 wonings wat tussen groot rotse geleë was en slegs vanaf een kant toeganklik was (Rae 1898:99). Na die dood van KGALUSHI (1939) is hierdie nedersetting ontruim en is 'n nuwe daarnaas gebou. Met die dood van WILSON (1980) is laasgenoemde verlaat. Albei terreine speel egter nog 'n belangrike rol in die rituele lewe van die Hananwa.

Uit hierdie beskrywing kan gesien word dat verskeie groepe mense, van uiteenlopende herkoms, hulle in die onmiddellike omgewing van die berg bevind het.

Nie almal het egter bo-op die berg of teen die hange daarvan gewoon nie. Volgens die beskrywings van Sonntag kan afgelei word dat 'n aantal nedersettings ook op die vlakte onderkant die berg voorgekom het, hoofsaaklik die van hoofmanne (of onder-stamhoofde) Kobe en Manaka aan die suidekant en Mapene aan die noordekant (Sonntag s.j.:25, 40). Vanweë die maak van landerye en die algemene agteruitgang van die omgewing, asook die gebrek aan klipmure en -terrasse, is dit nie moontlik om hierdie terreine op te spoor nie.

Volgens Van Warmelo is die mense van Khobe (Kobe) oorspronklik van Birwa herkoms (Van Warmelo 1953:29). In 1894 het Kobe en sy mense suidwes van 'n reeks randte gewoon wat die Mikjaberg (sic - Makgabeng) met Blouberg verbind. In 'n brief gedateer 12 Augustus 1879, skryf eerw. C. Stech dat daar in die omgewing van Kobe ongeveer 10 tot 12 nedersettings is, wat ongeveer 2000 individue insluit (Stech 1879a). Hoofman Kobe word vandag as een van die meer senior hoofmanne van die Hananwa beskou en speel steeds 'n belangrike rol in van die verskillende gemeenskapsrituele.

Aan die noordekant van die berg was die nedersetting van 'n stamhoof (soms ook genoem hoofman) Mapene. Hy was van Birwa-herkoms (totem = **nare** - buffel) en het later aan die kant van die Zuid-Afrikaansche Republiek teen die Hananwa geveg. Na afloop van die oorlog het hy en sy volgelinge weens vrese vir vergelding deur die Hananwa, die gebied verlaat en uiteindelik in Zimbabwe gaan woon (Lokasiekommissie 1905b; kyk ook Sonntag s.j.:141). Volgens Weidemann (1946:2) het Mapen (sic - Mapene) aan die suidekant van die berg, in die rigting van Pietersburg gewoon, maar by nadere ondersoek het Weidemann se opvatting foutief geblyk te wees.

Ander minder bekende groepe het hulle ook in die groter gebied bevind. Stech maak byvoorbeeld melding van 'n aantal "Troglodytes" of "Vaalpense" wat in hierdie area, onder die gesag van die Hananwa woonagtig was. Hierdie was groepe verarmde mense wat 'n jag- en versamelbestaan gevoer het en in losse verband oor groot dele van Botswana, Noordwes- en Noordelike Provinsies aangetref is. Vir meer inligting kyk van Schalkwyk (1985a).

Soos wat uit die bostaande afgelei kan word, bevind 'n verskeidenheid groepe mense van uiteenlopende herkoms hulle tans in die Hananwa-woongebied en wel onder die nominale gesag van stamhoof Leboho. Ten einde die verhouding onderling tussen hierdie gemeenskappe te verstaan, moet 'n konseptuele raamwerk gevind word waarvolgens dit ontleed kan word. So 'n raamwerk

bestaan wel in die stamhoofskap, die kern waarom hierdie samelewing ontwikkel het (kyk hoofstuk 6:2). Volgens Hall (1987:63) is die idee van 'n stamhoofskap ("chiefdom") - 'n stadium van politieke en sosiale ontwikkeling tussen die jagter/versamelaar bende en meer komplekse samelewingsvorme - uiters geskik vir die ontleding van die politieke en ekonomiese organisasie van hierdie tipe samelewings. Carneiro definieer 'n stamhoofskap as

> "an autonomous political unit comprising a number of villages or communities under the permanent control of a paramount chief" (Carneiro 1981:45).

Carneiro dui verder aan dat dit moontlik is om verskillende vlakke van stamhoofskappe te onderskei. Die kleinste hiervan is op 'n aantal nedersettings wat om die vestiging van 'n dominante individu gerangskik is, gebaseer. Die meer gevorderde vlak van stamhoofskap wat hy onderskei, berus op die groot kontras wat in die rykdom en status van die stamhoof tot sy onderdane bestaan. Denbow daarenteen, in 'n studie gebaseer op 'n ontleding van Ystertydperk nedersettings in Botswana, is van mening dat daar op 'n hiërargiese wyse gewoonlik drie verskillende vlakke in hierdie nedersettings, wat op grond van grootte onderskei kan word, aangedui kan word (Denbow 1984:26-28). Hieruit kan gepostuleer word dat die verskillende woonterreine by Blouberg 'n fisiese weerspieëling van die politieke struktuur is (kyk ook Carneiro 1981:52-53; Kuper 1975:70) en is dit dus moontlik om vanuit 'n studie van die verspreiding en grootte daarvan sekere afleidings in verband met die stamhoofskap te maak.

In navolging van Denbow (1984) is dit moontlik om hierdie bogenoemde groepe, soos verteenwoordig deur hul ou woonterreine, volgens 'n hiërargiese basis in drie breë kategorieë te verdeel. Op die laagste vlak van hierdie hiërargie kan verskeie kleiner terreine onderskei word, wat nie noodwendig op 'n politieke vlak sou funksioneer omdat dit nie as 'n afsonderlike wyk beskou word nie. Dit is in alle waarskynlikheid deur 'n enkele gesin bewoon en is 'n verskynsel wat hier moontlik slegs in resente tye ontwikkel het. Die middelvlak van die

hiërargie bestaan uit terreine wat groter in omvang is (en wel bespreek is) en wat gewoonlik met 'n hoofman, of in die verlede met een van die outonome kleiner stamhoofskappe, geassosieer kan word. Die hoogste vlak van die hiërargie, naamlik 'n enkele terrein, is die **mosada** (hoofsetel) bo-op die berg waar die stamhoof van die Hananwa woonagtig was en wat polities beheer oor die kleiner stamhoof- en hoofmanskappe gevoer het.

Al hierdie nedersettings was verder in 'n hiërargiese orde, deur middel van tussengangers, aanmekaar geskakel. Hierdie orde is onder meer deur verwantskap aan die stamhoof, lengte van verblyf in die gebied en so meer bepaal. Die funksionering van die stelsel as politieke en administratiewe eenheid word in hoofstuk 6:2 verduidelik.

Alhoewel die datum vir die aanvanklike besetting van die meerderheid van hierdie terreine onbekend is, dateer die bewoning grootliks uit die periode wat deur Huffman (1986:294) bestempel word as 'n "period of aggregation", waartydens mense vir beskerming saamgegroepeer het. Dit was veral die geval gedurende die negentiende eeu, wat gekenmerk is deur onrus as gevolg van grootskaalse politieke verwikkelinge. In hierdie tyd vind onder andere die strooptogte van die Matabele van Mzilikazi en die Pedi plaas. Hierdie beskouing word by die Hananwa bevestig deur die grootte van die terreine, die ligging daarvan teen die steil hellings en die skansmure van klip wat daar aangetref word. Verder is die woonterreine ook in 'n groot sirkel om die **mosada** (hoofsetel) gerangskik (kaart 5) en vorm dus 'n fisiese verdedigingslinie en verleen sodoende beskerming daaraan (kyk hoofstuk 5:3). Hierdie was dus 'n periode waartydens nie net die fisiese vestigingswyse grootskaalse verandering ondergaan het, maar ook die bevolkingsamestelling van die gebied.

Die hegte verhouding wat tussen hierdie gemeenskappe geheers het, blyk ondermeer duidelik uit **ntona** Monyebodi se optrede tydens die oorlog van 1894. Hy en sy volgelinge is oorspronklik van die Koni van Matlala afkomstig.

Nieteenstaande die feit dat stamhoof Matlala die ZAR tydens die oorlog ondersteun het en meer as 400 van sy soldate saam met die magte van die ZAR teen die Hananwa geveg het, het die mense van Monyebodi getrou aan stamhoof Leboho (KGALUSHI) gebly. Selfs na afloop van die oorlog het Monyebodi homself aan die ZAR-magte oorgegee om saam met sy stamhoof opgehang te word (Sonntag s.j.:123), wat gelukkig nie gebeur het nie.

Die politieke invloed wat die Hananwa in hierdie vroeë tye oor die gebied uitgeoefen het, strek baie verder as die onmiddelike Blouberg/Makgabeng gebied. Dit word onder andere ook deur Sonntag (s.j.:57) se beskrywings ondersteun. So byvoorbeeld is die verskillende nedersettings teen die Mogalakwena-rivier, wat hoofsaaklik deur mense van Birwa-herkoms bewoon is en elk 'n eie stamhoof gehad het, deur middel van alliansies aan die Hananwa verbind. Dit is byvoorbeeld gedoen deur die gee van susters of dogters in die huwelik aan die ander stamhoofde. Hulle het ook volgens die **mafisa**-beginsel van die Hananwa se beeste opgepas. Hiervolgens sal 'n mindere stamhoof die beeste van 'n meerdere oppas en versorg in ruil vir 'n deel van die aanwas. Van Warmelo (1953:35-40) beskryf 'n insident waar burgers van die ZAR tydens die oorlog vee by hierdie mense buitgemaak het aangesien dit regtens aan die Hananwa behoort het.

## 4. SAMEVATTING

In die inleidende afdeling tot hierdie hoofstukke is gestel dat dit noodsaaklik is om die verskillende historiese prosesse wat in die ontstaan en ontwikkeling van die Hananwa as onderskeibare groep werksaam was, te ondersoek. In hierdie hoofstuk is die prosesse op plaaslike vlak ondersoek.

Die Hananwa het as Laat Ystertydperk of pre-koloniale samelewing van Tswana-

sprekende herkoms in 'n nuwe gebied ingetrek. Uit die oorsig wat oor die vroeë deel van hulle geskiedenis gegee is, kan afgelei word dat hulle met verloop van tyd met 'n wye verskeidenheid omwonende samelewings kontak gehad het. Die aard en intensiteit van die kontak was van sodanige aard dat die algemene lewenswyse van die Hananwa ooreenstemming met die van omliggende samelewings begin toon het en dat dit vandag weinig, indien enige van hulle Tswana-herkoms reflekteer.

Tog het hulle hul identiteit as groep behou, wat toegeskryf kan word aan die feit dat hulle daarin geslaag het om hulle politieke gesag oor die gebied te vestig en te behou. Vanweë hierdie magsposisie het kleiner stamhoofde in die gebied hulle vir beskerming onder die gesag van die Hananwa geskaar.

Elk van hierdie kleiner gemeenskappe het, alhoewel hulle hul polities onder die Hananwa geskaar het, steeds ook 'n eie identiteit behou, soos wat gereflekteer word in 'n eie oorsprongsgeskiedenis, totemaanhorigheid en samewoning in 'n wyk onder gesag van 'n erflike hoofmanskap. Vanweë die behoud van 'n eie identiteit was dit baie maklik vir hierdie kleiner stamhoofde om weg te trek en hulle by 'n ander stamhoof te gaan skaar. Kort hierna het sake 'n drastiese wending geneem en die spontane groei en verandering wat die omgewing en sy mense tot in daardie stadium vorm gegee het, is kort geknip. Kuper beskryf hierdie proses as dat

> "most of the large [Sotho-speaking] tribes emerged in a recognizable modern form .... in the late eighteenth and nineteenth centuries, when they were frozen in their identities by the imposition of colonial overrule" (Kuper 1975:69).

Hierdie laasgenoemde proses, wat op regionale vlak afgespeel het, word in die volgende hoofstuk beskryf.

# HOOFSTUK 5
# PERIODE VAN VERANDERING

## 1. INLEIDING

Teen die middel van die negentiende eeu was die Hananwa nog grootliks 'n Laat Ystertydperk samelewing, wat, soos reeds in hoofstuk 4 aangedui is, redelik vinnig en maklik hulle politieke mag oor 'n groot area gevestig het. Maar kort hierna het omstandighede radikaal begin verander, hoofsaaklik weens die koms en werking van 'n aantal eksterne veranderingsagente. Vyftig jaar later, met die draai van die eeu, het hulle hul politieke onafhanklikheid aan 'n eksterne regering verloor. Hulle lewenswyse het ook drastiese verandering ondergaan, sodanig dat dit beskryf kan word as die begin van 'n periode waartydens die Hananwa as samelewing al meer en meer op die politieke en ekonomiese kantlyn gestoot is.

Dit was egter nie heeltemal 'n eensydige proses van afsondering nie. 'n Insident wat teen die einde van die vorige eeu plaasgevind het, naamlik 'n gewapende botsing teen die magte van die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), het daartoe aanleiding gegee dat hulle in hul bergvesting teruggetrek het en die teenwoordigheid van vreemdelinge (hoofsaaklik blankes) daardeur ontmoedig het. Hierdie houding van afsydigheid en amperse vyandigheid het daartoe bygedra dat 'n groot aantal mites oor die gebied en sy mense deur die loop van jare ontstaan het. Dit is iets wat selfs tot in die huidige 'n belangrike rol in die opvattinge van buitestaanders oor die gebied en sy mense speel.

Een van dié mites lui dat in 'n stadium, lank voordat enige blankes by Blouberg

woonagtig was, ligkleurige mense met lang hare daar gewoon het (Roberts 1916:245). Beyer het reeds so vroeg as 1874 hierdie gerugte gerapporteer en sê dat mense wat metaal helmets gedra het en perde gery het by Blouberg aangetref is (Beyer 1874:102-103). Dicke beweer verder dat daar kort na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) 'n begraafplaas op die plaas Leipzig ontdek is. Hierdie grafte verbind hy met Portugese[1] wat, volgens hom in die gebied kom prospekteer het lank voordat enige ander blankes daar teenwoordig was. Volgens hom het hulle klaarblyklik almal aan slaapsiekte en malaria omgekom (Dicke 1932:793). Hierdie stellings is moontlik op dieselfde feite gebaseer as Franz se beskrywings van 1939 oor die grafte wat in 1905 naby die hospitaal te Leipzig oopgegrawe is en waarin onder andere eienaardige munte, vreemde kleredrag en dies meer saam met die geraamtes gevind is (Franz 1939:35). 'n Meer logiese verklaring sou wees dat dit grafte van burgers van die ZAR is wat in 1894 daar gesneuwel het, aangesien een van die ZAR-weermag se kampe in die omgewing van die Berlynse Sendingstasie was (kyk Van Schalkwyk & Moifatswane 1991). Uit die werk van Sonntag (s.j.) blyk dit duidelik dat van die burgers wat gesneuwel het moontlik in die omgewing begrawe kon gewees het.

Ander mites, soos byvoorbeeld die vind van wapens van Romeinse herkoms, grotte met groot hoeveelhede gewere, verlore skatte (die sogenaamde Kruger miljoene) en ryk goudmyne het by nadere ondersoek geblyk foutiewe inligting of net mites te wees. Geen bewys kon vir die bestaan van enige daarvan opgespoor word nie. Die aanbieding van die inligting vanuit 'n historiese oogpunt dien dus grootliks om die Hananwa en hulle gebied te ontmitologiseer.

---

[1] Ander verwysings na die voorkoms van Portugese in die gebied word gevind in een van die vroegste verwysings na die argeologie van die gebied. Dit dateer terug na die 1870's en word aangetref in 'n stelling gemaak deur Thomas Baines in sy boek **The Gold Regions of South Eastern Africa.** Hier verwys hy na inligting wat aan hom gegee is in verband met die bestaan van 'n ou stad, gebou uit stene ("bricks") in die Blouberg omgewing. Hy is egter nie seker of hierdie struktuur deur die Portugese gebou is, of deur iemand wat hulle vooraf gegaan het nie (Baines 1877:69). Ander verwysings hierna is ook deur B.H. Dicke. In 'n brief gedateer 13/11/1931 aan die direkteur van die Transvaal Museum, skryf hy van sy besoek aan 'n ou fort, moontlik van Portugese oorsprong in die omgewing van Blouberg (Dicke 1931). Dit is moontlik dat hy hier verwys na die gefortifiseerde koppie te Brodie Hill, wat in alle waarskynlikheid van Venda oorsprong is (kyk hoofstuk 4:3).

## 2. EERSTE KONTAK NA BUITE: SENDELINGE, REISIGERS EN AMPTENARE

Dit was tydens die regering van stamhoof MATSEOKWANE (tabel 1 - hoofstuk 4) dat die Hananwa vir die eerste keer in kontak met blankes gekom het. Aanvanklik was hierdie kontak beperk tot reisigers (byvoorbeeld Thomas Baines en Alexander Struben), jagters, handelaars en enkele boere. Dit het begin toeneem met die vestiging van die Voortrekkers te Schoemansdal (1849-1867). Later het amptenare soos byvoorbeeld naturelle-kommissarisse en landmeters hulle in die gebied bevind. Dié amptenare was aanvanklik te Kalkbank, ongeveer 50 km suid van Blouberg gevestig en het vandaar mettertyd 'n groot invloed op die Hananwa begin uitoefen (kyk byvoorbeeld Sonntag s.j. vir die rol van naturelle-kommissaris B. Vorster tydens die tagtiger- en negentigerjare van die vorige eeu in hierdie verband).

Volgehoue kontak met blankes het egter drasties toegeneem met die koms van die eerste sendelinge na die gebied. Aanvanklik het eerw. S. Hofmeyr van die N.G. Kerk in Kaapland toestemming by stamhoof Leboho (MATSEOKWANE) ontvang om in die Blouberg-omgewing sendingwerk te doen (Hofmeyr 1890:71-72). Aangesien Hofmeyr geen hoop gehad het om spoedig 'n sendeling hier aan te stel nie, het hy in 1868 toestemming aan die Berlynse Sendinggenootskap (BSG hierna) verleen om 'n sendingstasie by Blouberg te begin. Die eerste van twee sendingstasies in die gebied, bekend as Blauberg, is dan ook in 1868 op die plaas Leipzig deur eerw. E.B. Beyer van die BSG gestig. Hy is later van tyd onder meer opgevolg deur eerwaardes C.H.C. Stech, A.G.E.G. Herbst en C. Sonntag (Van Schalkwyk 1990:244).

Twee jaar later, in 1870, is 'n volgende sendingstasie suid daarvan op die plaas Lomondside, te Makgabeng aangelê. Die eerste sendeling hier was eerw. R.F.G. Trümpelmann. Hierdie stasie is egter reeds in 1896 nie meer permanent beman nie en het sedertdien slegs as buitepos vir Blaubergsendingstasie gedien (Van Schalkwyk 1990:246).

Hierdie twee sendingstasies is later opgevolg met 'n tiental buitestasies wat hoofsaaklik deur plaaslike predikers beman is (kyk Van der Merwe 1984, 1987; Van Schalkwyk 1990). Die BSG was tot in 1962 aktief by Blouberg. In daardie jaar, met die konstituering van die Evangeliese Lutherse Kerk in Suid-Afrika, het die Genootskap sy aktiwiteite hier, asook elders in die land, gestaak (Van der Merwe 1987:142).

Kontak met blankes en ander sosiale, ekonomiese en politieke sisteme het egter nie net eensydig na die Hananwa toe gekom nie. Dit sal later in hierdie hoofstuk (kyk afdeling 4.3 onder) aangedui word hoe die Hananwa van vroeg reeds as trekarbeiders vanaf Blouberg na die stede en hulle potensiële rykdom getrek het en daar as gevolg van kontak op intense wyse die proses van kultuurverandering beleef het.

## 3. BOTSING MET DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK

Die Hananwa het na hulle aanvanklike vestiging in die gebied, 'n groot rol in die sosio-politieke opset van die noordelike dele van die voormalige Transvaal gespeel. Dit kan onder andere uit verskeie gebeure afgelei word. Daar is reeds in hoofstuk 4:2 verwys na die botsings tussen hulle en die verwante seksie van die stam onder stamhoof Kibi, wat deur die Voortrekkers bygestaan is. 'n Verdere voorbeeld het betrekking op die Venda. Die Venda-stamhoof, Ramapulana, het as die tweede seun van sy vader, die stamhoofskap verower deur sy oudste broer met die hulp van die Hananwa te verslaan (Stayt 1931:16; kyk ook Van Warmelo 1940:39, 55-57 vir 'n ander weergawe). Ramapulana is in die vroeë 1860's deur sy seun, Makhado, wat in 1894 weer op sy beurt hulp aan die Hananwa teen die magte van die Suid-Afrikaansche Republiek (ZAR hierna) verleen het, opgevolg (Weidemann 1946:8, 11, 25).

Die Hananwa se invloed was nie net tot die sosio-politieke sfeer beperk nie. Hulle was ook baie bekend vir hulle vermoë om reën te maak (kyk hoofstuk 8:2) en het dit gebruik om hul mag oor ander groepe uit te oefen. So byvoorbeeld skryf Schapera dat die Kaa (Tswana) in 'n stadium by hulle gaan reën vra het, meer spesifiek by 'n magiër bekend as Menwane (Schapera 1945:111). Daar word deur sommige segspersone beweer dat Modjadji, stamhoof van die Lobedu, in 1894 tydens gevegte tussen die Lobedu en die magte van die ZAR, 'n tyd lank by die Hananwa geskuil het.

Oor die algemeen was die ZAR se beleid vir 'naturelle administrasie', veral vir die meer afgeleë gebiede, een van nie-inmenging. Dié beleid is in breë trekke deur Transvaal Wet, No. 4 van 1885, omskryf. Hierdie wet maak voorsiening dat "the laws, habits and customs hitherto observed among the Natives" volgehou moet word vir so lank as wat dit nie blyk "to be inconsistent with the general principles of civilization recognised in the civilised world" te wees nie. Dit stel ook die Staatspresident aan as die Opperhoof van die naturelle bevolking, met die bevoegdheid om oor al hierdie naturelle alle mag uit te oefen wat in enige opperhoof volgens Naturelle-reg, gebruike en gewoontes gesetel was (Rogers 1949:2-3).

Slegs indien 'n spesifieke groep deur die regering as 'n bedreiging beskou is, sou daar teen hulle opgetree word. Dit het gewoonlik geskied by wyse van militêre aksie, wat opgevolg is deur die stam as eenheid op te breek en die mense deur middel van 'n inboekstelsel op blanke plase werk te gee. Die gevolge van hierdie beleid het in 1894 ook die Hananwa te beurt geval. Grootliks vanweë hulle uitgebreide magsbasis en die belangrike rol wat die Hananwa in die groter omgewing gehad het, soos hierbo en in hoofstuk 4 beskryf is, het die regering van die ZAR hulle as 'n bedreiging beskou en sou alle pogings aangewend word om hulle te onderwerp.

Dit was tydens stamhoof KGALUSHI (sien figuur 1) se regering dat die Hananwa



**Figuur 1.** Kgalushi Leboho, bekende voormalige stamhoof van die Hananwa, oorlede in 1939 (Foto: Transvaalse Argiefbewaarplek).

in 1894 deur die magte van die ZAR, onder aanvoering van genl. Piet Joubert aangeval is. MATSEOKWANE, na wie in hoofstuk 4 verwys is, het twee seuns gehad, naamlik KGALUSHI en Magore, by 'n tweede vrou. Volgens die **Transvaal Native Affairs Department** (**TNAD** 1905:37) is MATSEOKWANE in 1879 oorlede, maar volgens 'n tweede bron (Anoniem 1880c:359) was dit in 1880. KGALUSHI (@ Sekete, @ Gabush - **TNAD** 1905:37, @ Ratshathsa) het met die afsterwe van sy vader, MATSEOKWANE, die stamhoofskap oorgeneem.

Die oorsake en verloop van hierdie oorlog is in detail in Rae (1898), **General Staff, War Office** (1907) en Weidemann (1946) beskryf. In baie breë trekke kan die oorsake as volg saamgevat word. Die Hananwa, onder stamhoof KGALUSHI, het aanvanklik geweier om belasting aan die regering van die ZAR te betaal. Later toe dit duidelik geblyk het dat die situasie op oorlog afstuur, het hulle wel 'n poging aangewend om van hierdie belasting te betaal, maar dit is nie deur die regering aanvaar nie (Sonntag s.j.:26). Alhoewel hoofman Kobe bereid was om die belasting wat deur die regering gehef is te betaal, was hy en sy volgelinge verplig om na 'n nuwe lokasie (= reservaat) geleë teen die Mogalakwena-rivier te verhuis. Gelukkig het eerw. Sonntag daarin geslaag om hierdie aksie te stop (Sonntag s.j.:40) en word hulle vandag steeds in hul oorspronklike woongebied aangetref.

Die kwessie van die betaling van belasting (in hierdie spesifieke geval hutbelasting, kyk Sonntag s.j.:28), het sentraal gestaan in verskeie van die konfliksituasies wat tussen die blanke regering en die verskillende swart groepe deur die hele land geheers het. Davenport (1987b:158) en Omer-Cooper (1988:97) is van mening dat die blankes, veral in die Transvaal, se ekonomie nie sodanig was dat hulle belasting kon betaal nie. Die belasting is dus op die swartmense gehef, wat hulle gevolglik gedwing het om vir die blankes op plase te werk of na die myne te migreer as arbeiders. Die alternatief was om hul beeste te verkoop, wat nie vir die swartmense aanvaarbaar was nie. Op hierdie wyse het die regering dus 'n inkomste verdien en ook arbeid vir die plase en myne bekom.

Daar is al aangetoon dat dieselfde situasie ook byvoorbeeld in Botswana aan die orde van die dag was (kyk Massey 1981:70).

Die Hananwa het ook geweier om hul woonplek in die berg te verlaat en na 'n lokasie in die weste, dit wil sê in die rigting van die Mogalakwena-rivier, wat deur die regering aan hulle toegeken is, te verskuif. Onder Konvensie 1881, Artikel 22, Uitvoerende Raadsbesluit no. 191 van 11 Mei 1882, en belowe deur die Lokasiekommissie, Artikel 103 van 9 Februarie 1888, was die Hananwa geregtig op 'n lokasie, wat, volgens hierdie kommissie uit 'n aantal plase langs die Mokgalakwena-rivier, wes van Blouberg sou bestaan (Weideman 1946:7; kyk ook hoofstuk 7:2.2).

Ander faktore het ook bygedra tot die uitbreek van die oorlog. Een hiervan was onder meer die taktlose optrede van die plaaslike Naturellekommissaris, B. Vorster, wat volgens beriggewing nie voldoende geduld en insig aan die dag gelê het by die invordering van belasting nie. Verder het die vyandige optrede van Makhado, op daardie tydstip die stamhoof van die Venda in die Soutpansberg, die regering van die ZAR aangespoor om enige dreigende probleme so vinnig moontlik die nek in te slaan (kyk Sonntag s.j.:xv-xvi; Weidemann 1946: **et seq**).

Die regering van die ZAR het vervolgens in 1894 oorlog teen stamhoof Leboho (KGALUSHI) en die Hananwa verklaar. Vanaf die begin Mei tot einde Julie volg die burgers, onder aanvoering van genl. Piet Joubert, 'n strategie van beleg om die Hananwa tot oorgawe te dwing. Vir hierdie doel is daar verskeie fortifikasies gebou om sodoende die **mosada** (**mošate** - hoofsetel) te omsingel en van water en kosvoorraad af te sny (Van Schalkwyk & Moifatswane 1991).

Hierdie magte het nie net die blanke lede van die verskillende kommando's ingesluit nie. Ongeveer 700 krygers van Koni, Ndebele, Birwa, Venda en ander herkoms het as hulptroepe aan die kant van die ZAR geveg (**General Staff, War Office** 1907:18). Vir hierdie hulptroepe was daar, net soos vir die burgers, die

belofte van 'buit', hoofsaaklik in die vorm van groot- en kleinvee, as vergoeding vir hul deelname aan die oorlog. Die optrede van stamhoof Mapene, wat later van tyd uit die gebied gevlug het, dui daarop dat hy nie bloot net 'n vermeerdering van sy veestapel in gedagte gehad het met sy ondersteuning van die ZAR nie, maar heel moontlik 'n uitbreiding van sy gebied en die vestiging van sy onafhanklikheid.

Nadat Leboho (KGALUSHI) se **mosada** enkele maande deur die magte van die ZAR beleër is, het die Hananwa op 31 Julie 1894 uiteindelik oorgegee. KGALUSHI is gevange geneem en hy, asook van sy raadslede, is Pretoria toe gebring, waar hy sonder verhoor aangehou is. Alhoewel hy skuldig bevind is deur die krygsraad, is hy nooit gevonnis nie. In 1900, met die Britse oorname van Pretoria is hy en andere vrygelaat. Hy keer terug na Blouberg en regeer daar, ten spyte van die oorlog en die gevolge daarvan, tot met sy dood in 1939. Terwyl hy in die tronk was, het sy seun Mabea, wat tydens die oorlog by die Malete in Botswana geskuil het, sy rol as stamhoof vervul.

In 1896 is Kibi, as beloning vir sy aandeel in die oorlog teen KGALUSHI, in die oostelike gedeelte van Blouberg 'n lokasie deur die Lokasiekommissie aangebied, maar aangesien dit te veel sou kos om die plase uit te koop, is ander plase, tussen Blouberg en Soutpan as alternatief aangebied. Dit was egter eers in die laat 1950's dat hierdie seksie van die stam, weens langdurige vertoë om 'n eie stamgebied, op Trustplase direk noord van die Hananwa gevestig is (**TNAD** 1905:37, Lokasiekommissie 1905d:2, Yawitch 1981:90).

## 4. GEVOLGE VAN DIé EERSTE KONTAKTE

Die dominante tema in die moderne geskiedenis van pre-koloniale samelewings in suidelike-Afrika is die proses van opname in 'n koloniale en later 'n na-

koloniale staat. Die Comaroff's dui egter daarop dat die begrip 'staat' twee betekenisse het: 'n institusionele orde van politieke bestuur en 'n toestand van bestaan, dit wil sê 'n struktuur en 'n toestand, albei waaroor die koloniseerders beheer probeer kry. Gevolglik verwys hulle na hierdie proses as die kolonisasie van die inheemse mense se bewustheid en hulle bewustheid van kolonisasie (Comaroff & Comaroff 1992:235-236).

Dit was egter nie 'n eensydige proses nie en die pre-koloniale samelewings het aktief hieraan deelgeneem. Dié proses is in die meeste gevalle eerstens deur sendelinge na hierdie samelewings gebring, maar is kort daarna gevolg deur politieke onderwerping. In die een geval het die Hananwa teruggeveg, in die ander het hulle die sendelinge gebruik om 'n wêreld wat bedreig word, te probeer beskerm. Verskeie kleiner faktore, wat kumulatief net so 'n groot invloed gehad het, kan ook aangedui word. Al hierdie faktore het saamgewerk om die Hananwa as entiteit te identifiseer, te definieer en by prosesse wat op 'n globale vlak werksaam was, te betrek.

## 4.1 Gevolge van die oorlog

Die gevolge wat die oorlog van 1894 op die lewenswyse van die Hananwa in die algemeen gehad het, was omvangryk. Nie net moes hulle hul politieke soewereiniteit afstaan nie, maar ook 'n deel van hulle grondgebied. Dit het die gevolg gehad dat die onmiddellike sfeer van politieke mag wat die stamhoof op omliggende groepe uitgeoefen het, baie ingeperk is. Onmiddellik na die oorlog is daar oorgegaan om die gebied in plase op te deel en het blanke boere hulle daar gaan vestig. Wat die Hananwa oorspronklik deur besitname en onderhandeling gekry het, is nou deur middel van wetgewing bepaal.

Die direkte gevolge van die oorlog kan op 'n meer materiële vlak as volg aangedui word. Die koerant De Volkstem rapporteer byvoorbeeld dat daar op die

19de Junie 1894 reeds meer as 600 hutte tydens die vyandighede afgebrand is (De Volkstem, 20 Junie 1894). Benewens die verlies van wonings en die arbeid wat later aangewend en spandeer moes word om dit weer op te rig, was die verlies aan persoonlike besittings onbepaalbaar groot. Colin Rae wat as prediker saam met die Pretoria-kommando die veldslag meegemaak het, skryf onder meer hoedat die burgers die Hananwa se graanhouers geplunder het en die inhoud daarvan aan hulle perde gegee het as voer (Rae 1898). Verder is 'n groot aantal beeste as oorlogsbuit gekonfiskeer en onder die burgers verdeel (Sonntag s.j.:127-128; De Volkstem, 4 Julie 1894). Dié twee aksies het na afloop van die oorlog verreikende gevolge, in die vorm van hongersnood, vir die mense van Blouberg ingehou. Baie wapens en ander voorwerpe is as kuriositeite buitgemaak, terwyl sommiges in museums in Pretoria en Johannesburg opgeneem is (kyk byvoorbeeld Anoniem 1932; Roberts 1932; Van Schalkwyk 1991).

Die gevolge van hierdie optrede op die Hananwa se ekonomie was van so 'n omvang dat van die ouer segspersone selfs vandag nog kan onthou dat hulle ouers van die hongersnood wat daarop gevolg het, vertel het (kyk ook Rae 1898). Die situasie sou moontlik baie ernstiger gewees het, as dit nie vir twee faktore was wat op indirekte wyse 'n uitkoms vir 'n aantal van die mense gebied het nie.

Die eerste faktor was die sendeling eerw. C. Sonntag se vrees dat die Hananwa, wat na die oorlog leierloos was, sou "revert to a wild and savage state." Hy beveel dus by genl. Joubert (aanvoerder van die ZAR se magte) aan dat van die mense by hom op die sendingstasie kom woon, waar hy vir hulle 'n veilige hawe sou skep (Sonntag s.j.:127), wat hy dan ook gedoen het. In 1897 eis hy die bedrag van £ 102/7/6 van die ZAR vir uitgawes wat hy in hierdie verband aangegaan het (Sonntag 1897:5).

Die tweede faktor vir die behoud van die Hananwa is meer dubbelsinnig. In navolging van die ZAR se beleid van daardie tyd, is 'n groot groep van die inwoners van Blouberg volgens Volksraadresolusie, Artikel 1580 van 4 September

1894, vir 'n tydperk van vyf jaar op plase in verskillende distrikte van Transvaal ingeboek (Lokasiekommissie 1905a:1). Die Hananwa-vrouens en -kinders is opgedeel en by burgers van ses distrikte ingeboek, moes vyf jaar gratis vir die burgers werk en het slegs kos en klere as vergoeding ontvang. Hiertydens het hulle op 'n wye front kontak met ander mense, kultuuruitinge en idees. Alhoewel hierdie stelsel 'n negatiewe effek op die sosiale struktuur van die Hananwa gehad het, het dit tog vir baie van hulle 'n kans op oorlewing in die tydperk direk na afloop van die oorlog gebied. Dié wat in Blouberg agtergebly het, het volgens segspersone vir die eerste paar maande met ernstige hongersnood te kampe gehad.

Boeyens (1994) behandel die oorsprong en effek van die inboekstelsel soos wat dit hoofsaaklik in die Soutpansbergdistrik deur die inwoners van Schoemansdal beoefen is. Volgens hom is meerendeels jong kinders tydens gewapende botsings as 'buit' geneem, om in toestande wat grens aan slawerny goedkoop arbeid aan die boere te verskaf. Teen 1894, met die oorlog teen die Hananwa, was daar al heelwat teenkanting teen hierdie stelsel ingebring en dit blyk asof hierdie insident moontlik die laaste doodsnikke daarvan was, aangesien nie net kinders geneem is nie, maar ook vrouens met hul kinders en net vir 'n periode van vyf jaar.

Van die ingeboekte mense het vroeg reeds hulle weg terug na Blouberg gevind om daar hulle lewens te hervat. Dit sou egter nooit weer dieselfde wees nie en hulle lewenswyse het hierna drasties verander (Sonntag s.j.:127, 128, 147). Die effek van hierdie ontworteling word op grafiese wyse deur Sonntag in die volgende aanhaling beskryf:

> "A number of women and the older girls who had returned, already carried signs of their attempts to emulate the representatives of the new civilization. Some of them had been overjoyed by their mistress with the remains of a modern jacket. Others had acquired a huge discarded bonnet, others again had been put by their mistress into a most respectable-looking blue-print dress. If the good women who had bestowed these gifts on them had hoped

> thereby to shackle their servants to their kitchens, they were very much disappointed.
>
> On the Sunday that the escapees came to church, the owners of these articles of clothing paid us a visit and flaunted their latest acquisitions. The twist and turns, the waltzing motions and the revolutions which these ladies performed in the costumes to which they were by no means accustomed yet, defied description" (Sonntag s.j.:149).

Benewens die Hananwa is ander groepe woonagtig in die omgewing ook deur die oorlog ontwortel en het die vestiging en verspreiding van die mense oor die groter gebied baie verander. Van die ouer nedersettings is verlaat en nooit weer herbou nie en het die mense op ander plekke gaan vestig (kyk hoofstuk 4:3). Ander groepe het weer heeltemal uit die gebied weggetrek. Een voorbeeld hiervan is stamhoof Mapene wat met sy volgelinge weggetrek het uit vrees vir weerwraak deur die Hananwa. Hulle het mettertyd in Zimbabwe gaan vestig (kyk hoofstuk 4:3).

Met stamhoof KGALUSHI wat as 'politieke gyselaar' (Roberts 1932) in die tronk in Pretoria aangehou is, was dit nie nodig om veel te doen om die Hananwa polities op hul plek te hou nie. Die amptelike beheer en bestuur van hulle het eers in 1903 'n formele beslag gekry. Die vertraging, sedert die oorlog van 1894 kan toegeskryf word aan die uitbreek van die Tweede Anglo-Boere-oorlog in 1899. Op die vlak van die groter Suid-Afrikaanse politieke toneel was daar dus gebeure en prosesse werksaam wat meer prominensie as die Hananwa en ander soortgelyke samelewings geniet het, maar wat wel met verloop van tyd ook 'n invloed op hulle sou hê. In 1903 is 'n kantoor vir die Naturellekommissaris en 'n polisiestasie op die plaas Beauley aan die suidekant van die berg opgerig, op grond wat by die eienaar gehuur is. Van hier af vorentoe sou die eerste betekenis van die begrip 'staat': 'n institusionele orde van politieke bestuur, vanaf hierdie sentrum vir die inwoners van Blouberg 'n realiteit word. In 1930 is die huurgeld van hierdie eiendom egter sodanig verhoog dat die Departement Openbare Werke besluit het om nie meer die ooreenkoms te verleng nie.

Kontrakte vir die skuif van die kompleks na Bochum is aangegaan (Departement Openbare Werke 5/1851). Vandag is slegs die ruïnes en paradegrond van die kompleks te Beauley oor.

Die gevolge van die oorlog kan opgesom word deur te kyk na die beeld wat oor die Hananwa ontstaan het na aanleiding daarvan. Hulle is grootliks as moeilikheidmakers voorgehou, wat 'n bedreiging vir die regering ingehou het en moes sover moontlik dopgehou word. Om dit te kon doen is daar selfs pogings aangewend om hulle uit hul bergvesting te verskuif. Na die Britse oorname van die ZAR in 1902 het die **General Staff, War Office**, in die publikasie **Native strongholds and locations of the Transvaal** (1907) selfs strategieë uitgewerk van hoe die Hananwa militêr onderwerp kan word indien hulle weer in opstand sou kom. Dié vrese is uit die aard van die saak aangehelp deurdat die Hananwa baie wantrouig en selfs afsydig teenoor enige optrede van die blankes was.

## 4.2 Invloed van die sendelinge

Soos wat sendelinge toestemming verkry het om in 'n gebied te werk, rig hulle 'n 'teater van aktiwiteite' (Comaroff & Comaroff 1992:240) in waar hulle begin met die rekonstruksie van die mense se wêreld volgens hul eie behoeftes en opvattinge. Hul doelstelling was om die mense te 'bekeer', enersyds deur vir hulle 'n nuwe teologie voor te hou, maar andersyds ook deur hulle alledaagse lewenswyse te herkonstrueer. Die tweede betekenis van die begrip 'staat': 'n toestand van bestaan, kry dus hier inhoud.

As resultaat van die groter kersteningsaksie word daar tans 'n verskeidenheid kerkgenootskappe, wat almal groot aanhang onder die mense van Blouberg geniet, aangetref. Die belangrikste hiervan is die **Zion Christian Church**. Ander groepe is die Apostoliese Kerk (en variasies daarop), die Metodiste Kerk, die Volle Evangeliese Lutherse Kerk en die Nederduits Gereformeerde Kerk. In

eersgenoemde twee gevalle het hierdie kerke elemente uit die tradisionele religie behou en dit by die Christelike godsdiens geïnkorporeer, wat moontlik hulle populariteit aangehelp het. Die Volle Evangeliese Lutherse Kerk, as opvolger van die Berlynse Sendinggenootskap (BSG) het egter die langste geskiedenis van aktiwiteite in die Blouberg-omgewing. Die sendelinge van die BSG wat hulle net na die middel van die vorige eeu by Blouberg gevestig het, was ongetwyfeld 'n groot faktor in die implementering van verandering by die Hananwa, asook in die skep van die beeld wat oor die Hananwa aan die 'buitewêreld' voorgehou is.

Die eerste sendelinge by Blouberg het hul huise volgens 'n Europese patroon gebou. Uitheemse bome soos sipres, bloekom en jakaranda is aangeplant en les bes is 'n gebou om kerkdienste in te hou opgerig, totaal in teenstelling met die Hananwa wyse van bymekaarkom in die opelug (figuur 2). Pogings is aangewend om die stamhoof sover te kry om 'n stuk grond permanent aan hulle te gee en bekeerlinge is oorreed om daar, buite sosiale verband, by hulle op die sendingstasie te gaan bly.

Die invloed van die BGS-sendelinge, met betrekking tot hulle kersteningsaksie, was volgens hulle eie beriggewing nie altyd so suksesvol as wat hulle dit graag sou wou gehad het nie. Dit het veral in die beginjare van die sendingaksie moeilik gegaan. Dit word aangrypend weerspieël deur eerw. Beyer se oproep om hulp van Bo, wat hy uit moedeloosheid laat opklink het en spreek boekdele vir die stryd wat hulle gestry het (Beyer 1874:106). Met verwysing na eerw. Sonntag, maak Colin Rae, wat prediker vir die ZAR-magte tydens die oorlog van 1894 was, die volgende uitspraak:

> "A missionary's life is not, as some people imagine, one of ease and plenty, but, on the contrary, is, in my opinion, one of the hardest and most trying means of existence. The solitariness of such life is one of the greatest trials" (Rae 1898:47).

Reeds van baie vroeg af was die BSG deeglik onder die indruk dat die getal



**Figuur 2.** Die ou Berlynse Sendingstasie genaamd Blauberg, in ongeveer 1890 (Foto: Transvaalse Argiefbewaarplek).

bekeerdes maar gering in getal is. In 1902 is vasgestel dat daar slegs 205 gemeentelede in die Blouberg-omgewing was (Van der Merwe 1984:120); teen 1911 was daar 412 (Van der Merwe 1987:22) en in 1988 was daar in die hele stamgebied nagenoeg 1000 dooplidmate aan die Volle Evangeliese Lutherse Kerk verbonde (Kgashane 1988, persoonlike mededelinge).

Dit was veral op gebiede buite die kerklike waar die invloed van die sendelinge in die vorming van die 'Hananwa' groot was. So byvoorbeeld was hulle verantwoordelik vir die eerste skole wat in die gebied opgerig is. Vir baie jare sou die mense wat hier opleiding ontvang het, 'n leidinggewende rol in die gemeenskap as predikers, onderwysers, voorligters, klerke en so meer speel. In 'n stadium het die BSG 14 skole in die gebied bestuur (kyk hoofstuk 3:4).

Op mediese gebied het hulle eweneens 'n groot rol gespeel (kyk hoofstuk 3:3). Helene Franz, die vrou van eerw. C.H.R. Franz wat vanaf 1897 tot 1914 by Blouberg gestasioneer was, was so bekend vir haar mediese dienste, dat met hulle verplasing vanaf die Molepo-woongebied na Blouberg, 'n aantal pasiënte hulle gevolg het. Om hierdie mense te akkommodeer is 'n hospitaal op die plaas Leipzig by die sendingstasie aangelê. Hulle kon egter nie die finansiële las daarvan dra nie en het om regeringsubsidie aansoek gedoen. Daar is toe in 1908 besluit om 'n hospitaal te Bochum, ongeveer 30 km suidoos vanaf Blouberg, te bou. Die Franze verhuis gevolglik na Bochum om die bestuur van die hospitaal oor te neem (Van der Merwe 1984, 1987).

Op akademiese gebied het die sendelinge ook 'n groot invloed gehad. Van vroeg reeds het hulle 'n bydrae tot die taalkunde, etnografie en geskiedskrywing, as deel van normale verslaglewering aan die hoofkantoor van die BSG gemaak, met hulle beriggewing oor die geskiedenis, lewenswyse en taal van die Hananwa en omliggende mense. Hierdie het veel bygedra tot die skep van 'n beeld oor die Hananwa.

Aan die negatiewe kant hiervan is die Hananwa se eie taal nie gedokumenteer nie, maar is dit tot deel van Standaard Noord-Sotho, wat mettertyd vir hulle aangebied is in die vorm van 'n Bybel en as voertaal in die skole, gereduseer. Eerw. G. Trümpelmann wat by Makgabeng gestassioneer was, het byvoorbeeld 'n kategismushandboek en gesangboek geskryf en ook gehelp met die vertaling van die Bybel in Sepedi (Zöllner & Heese 1984:449).

Benewens dit, het hulle ook op 'n meer populêre vlak bygedra tot die skep van 'n beeld oor die Hananwa. In die verband kan die werk van veral twee persone, G.H. Franz en M. Jäckel uitgesonder word. Eersgenoemde, as seun van Helen Franz en later streeksdirekteur van Bantoe-onderwys, se populêre letterkundige werke (byvoorbeeld Franz 1957, 1967) speel in die meerderheid gevalle in die Blouberg-omgewing af. Die werke is sentimenteel van aard en romantiseer die verhouding wat daar tussen blank en swart op die platteland bestaan het. Jäckel, wat self 'n sendeling by Blouberg was, het meer oor die sendinggeskiedenis by Blouberg geskryf (Jäckel s.j.), asook verskeie werke wat historiese gebeure in plaaslike konteks as tema het.

Selfs op die gebied van die politiek het die sendelinge 'n beduidende rol gespeel. Dit is ook moontlik om aan te dui dat dit in sommige gevalle 'n teenstrydige rol was. In hoofstuk 4 is reeds daarop gewys hoedat eerw. Stech inligting oor die Hananwa aan die regering van die ZAR verskaf het, wat laasgenoemde later handig te pas gekom het tydens die oorlog van 1894. Stech was nooit gewild by die Hananwa nie en die uitwerking van sy optrede het hom die onmin van die stamhoof en sy onderdane op die hals gehaal (Sonntag s.j.:1). Aan die ander kant het eerw. C. Sonntag 'n groot rol as bemiddelaar tussen die twee strydende partye tydens hierdie oorlog gespeel. Hy het, sonder om te versuim, in hierdie stryd die kant van die Hananwa gekies. Na afloop van die oorlog het Sonntag ook heelwat gedoen om die Hananwa weer op te hef en hulle lyding te verlig. Hierdie ondersteuning op politieke gebied is in 'n mindere of meerdere mate deur verskeie van die Genootskap se sendelinge tot in die 1960's volgehou (kyk

hoofstuk 6:6.2).

Uit die werk van Colin Rae, die prediker wat die Pretoria-kommando vergesel het, kan afgelei word dat hy nie altyd die ZAR ondersteun het nie. Hy skryf:

> "...all through the campaign the poor Malabochians were seldom, if ever, the aggressors, their attitude being nothing more or less than gentle protest against what they considered unjust encroachment on their ancestral rights" (Rae 1898:63).

Die resultaat van die rol wat hierdie vroeë sendelinge in die skep van 'n beeld oor die mense onder wie hulle gewerk het gespeel het, is blywend van aard. Dit kan duidelik in hul publikasies gelees word, byvoorbeeld Hofmeyr (1890) en die artikels in onder andere die tydskrif **Berliner Missionsberichte** - kyk die verskillende bronne in die bibliografie aan die einde van hierdie werk. Die wêreld van die Hananwa het, aldus die sendelinge, berus op 'vreemde' en heidense instellinge soos towery, poliginie en trougoedere. Voeg hierby subjektiewe karakteriserings soos onwilligheid, onsindelikheid en luiheid en 'n mens het die ideale resep vir 'n lewenswyse of 'n 'toestand van bestaan', wat ten alle koste verander moes word.

## 4.3 Handelaars, konsessionarisse en trekarbeid

Sedert ongeveer die middel van die 19de eeu het blanke handelaars na die gebied gekom om doekmateriaal, glaskrale, metaal en gewere vir ivoor, mielies, koring, velle en so meer te verruil. Die voordeel wat dit vir die Voortrekkers ingehou het, kan afgelei word uit hulle gewilligheid tot deelname by die interne konflik van die Hananwa en ander samelewings in die omgewing (kyk ook Boeyens 1994). Hierdie houding kan moontlik verklaar word aan die hand van Wagner se beskouing, wat die nedersetting te Schoemansdal (Zoutpansberg) sien as dat hierdie samelewings dit ervaar het as

> " a raiding state, exercising hegemony over them through annual

> tribute levies and meeting obduracy with destructive forays, funded out of the attendant plunder" (Wagner 1985:322).

Hierdie kontak het ook op ander terreine en met ander motiverings plaasgevind. Vir baie lank was die enigste winkel in die omgewing die van ene Schellsop, wat in die gebied van die Koni van Matlala geleë was (De Volkstem, Junie 1894). Dit het later verander. So byvoorbeeld is in Junie 1890 konsessies vir prospektering en die oprigting van winkels in die gebied aan P.C. Ernst toegestaan (Lokasiekommissie 1905c:3). Mynkonsessies is veral in die westelike dele van die woongebied toegestaan.

In die jare na die oorlog van 1894 was 'n klein winkeltjie op die plaas Beauley naby die latere polisiestasie, opgerig deur Johan Colenbrander, die enigste winkel in die oostelike gedeelte van die berg (Kennedy 1959:27), terwyl ene Harvey 'n winkel meer na die westekant van die berg gehad het. In 1921 doen ene Kruger aansoek vir die oprigting van 'n smidswinkel op die plaas Leipzig (Departement Naturellesake 292/162). Later is daar ook 'n skrynwerkery deur die Berlynse Sendinggenootskap begin.

Een van die grootste geleenthede vir kontak met ander groepe het ontstaan as 'n gevolg van trekarbeid. Benewens mense wat na die plase en stede gegaan het, word daar selfs aangedui dat die Hananwa so ver as **Damane** (Diamant = Kimberley) gegaan het om werk te soek (Franz 1939:89). Delius (1985:296) dui aan dat trekarbeid reeds sedert die begin van die 1860's op groot skaal onder die Pedi plaasgevind het en die moontlikheid dat dit op daardie tydstip op 'n vergelykbare skaal ook onder die Hananwa plaasgevind het, is dus goed. Eerw. Baumbach van Makgabeng skryf in 1875 dat dit die mans tot twee maande neem om na die diamantvelde te loop om daar te werk. Volgens hom het baie van hulle daar doodgegaan, terwyl die wat terugkeer gewere en ander 'waardelose' goed saam met hulle terugbring (Baumbach 1875:349-350). Die feit van trekarbeid word verder bevestig deur stellings van Sonntag, waar hy in 1893 en

weer in 1894 skryf dat verteenwoordigers van mynmaatskappye (onder andere 'n mnr. Norson) besoek by hom afgelê het tydens hul pogings om werkers vir die myne by die Hananwa te werf (Sonntag s.j.:9, 19, 27). Op hierdie wyse is daar verdere kontak met die blankes, maar ook met ander Suid-Bantoesamelewings gemaak. Nie net is nuwe materiële kultuuritems (gewere, kleredrag, huisraad en so meer), konsepte en kennis op hierdie wyse verkry nie, maar het nuwe waardes en norme ook ontwikkel.

In baie gevalle het die stamhoofde die binnedringing van sendelinge, setlaars en handelaars as groot bedreiging vir hul eie politieke mag gesien, maar kon dit nie weerstaan om hierdie mense se samewerking te verkry nie. Hierdie vreemdelinge het kennis, tegnologie en voorwerpe gebring wat die stamhoofde gehoop het om te gebruik om hul eie mag en posisie te versterk. So het die besit van vuurwapens dit vir die Hananwa makliker gemaak om te glo dat hulle suksesvol in opstand teen die onderdrukkers kan kom. Aan die ander kant het juis die besit van gewere die gevolg gehad dat die regering van die ZAR die Hananwa as 'n bedreiging gesien het en spoedig teen hulle sou optree.

Vir die vroeë handelaars en konsessionarisse was die Hananwa 'n potensiële bron wat vir rykdom uitgebuit kon word, veral ten opsigte van beeste, ivoor en goedkoop arbeid. Die beeld is aangehelp deur gerugte van goud wat plaaslik gevind kan word en gevolglik is die omgewing ook in finansiële terme geïntrepreteer.

### 4.4 Sosiale transformasie

Die gevolg van al die bogenoemde invloede en veranderinge was dat dit uiteenlopende nuwe geleenthede vir die Hananwa as groep, maar veral ook vir individue geskep het. Die feit van die saak is egter dat dit op 'n verdeling van die gemeenskap uitgeloop het - die groter vrymaking van die individu maar ook

'n verwydering wat tussen die gewone stamlede en die 'aristokrasie' plaasgevind het. Die aristokrasie - stamhoof, sy familie en raadsmanne - het grootliks net hulle plig as funksionarisse bly uitvoer. Daarteenoor het die gewone stamlede met nuwe konsepte, aktiwiteite, gebruike en voorwerpe in kontak gekom en om aan te pas by hierdie veranderinge moes hulle noodwendig nuwe vaardighede aanleer. Die resultaat was dat dit vir sommige individue moontlik geword het om welvaart op te bou, iets wat in pre-koloniale omstandighede in 'n grootliks gelykmakende ekonomie nie moontlik was nie.

Hierdie proses het so vroeg as hulle betrokkenheid by die diamantmyne in Kimberley begin, maar is later uitgebrei met werk in die stede en op plase. Weens die gebrek aan werksgeleenthede in die gebied het veral mans na die stede toe getrek en daar gaan werk, met die gevolg dat die stamhoof grootliks net oor vrouens en kinders begin regeer het. Vir van die mans moes dit maklik wees om met hul tuiskoms die swakhede van 'n stamhoof waar te neem en ook om die beperkinge van die stamhoofskap te identifiseer. Om 'n deel van hul inkomste waarvoor daar, soms onder moeilike omstandighede, gewerk is aan die stamhoof oor te dra, het later nie meer by almal byval gevind nie. In die stede en op die myne is hulle nie aan die beperkende mag van die stamhoof onderworpe nie, met die gevolg dat al meer individue begin weier het om aan die tradisionele strukture ondersteuning te bied, hoofsaaklik deur bloot net nie weer huis toe te gaan nie.

In latere jare is pogings deur die sentrale regering aangewend om hierdie proses van verwydering tussen die stamhoof en sy onderdane reg te stel. Byvoorbeeld, stamlede wat by trekarbeid betrokke was, moes 'n heffing aan die stamhoof betaal. Laasgenoemde moes ook amptelike toestemming verleen aan persone wat in die stede wou gaan werk. Omgekeerd het daar ook strukture ontwikkel waarvolgens hierdie migrante mans, bes moontlik op 'n onbewustelike wyse, gepoog het om hulle plek en posisie in die tradisionele samelewing te behou (kyk hoofstuk 9:5).

Die invloed wat die sendelinge in hierdie verband gehad het, moet ook nie onderskat word nie. Hulle werksaamhede was nie altyd in belang van die tradisionele leiers nie. Die bedreiging vir die stamhoof lê daarin dat hy nie meer sy tradisionele rol teenoor die voorouers kan uitvoer as hy die Christendom aanneem nie. Hy kan in die proses van sy onderdane antagoniseer. Hulle staan dus verwyderd van die sendingaksie, met die resultaat dat dit meerendeels die gewone stamlede is wat baat by die sendelinge se invloed (kyk Comaroff & Comaroff 1991:240).

Gewone stamlede het van vroeg reeds in tye van onrus en nood die sendelinge as toevlugsoord gesien (kyk hoofstuk 4:2 en afdeling 4.1 bo). Hier het hulle voordeel getrek uit beter mediese dienste en verdere opgeleiding, nie net in 'n nuwe religie wat hulle kon verkondig nie, maar byvoorbeeld ook as onderwysers vir die skole wat deur die BSG bedryf is. Laasgenoemde beroep het en is steeds een van die min geleenthede waarvolgens die individu op plaaslike vlak bo sy medemens in die samelewing kan uitstyg.

Nuwe sosiale klasse en belangegroepe waarmee die stamhoof nie kon kompeteer nie, begin dus ontwikkel. Tradisioneel was daar in hierdie samelewings nie veel van 'n klasseverdeling nie. Die aristokrasie moes dieselfde werk as ander doen, maar verteenwoordig die stamlede merendeels in rituele en kontak met die samelewings na buite. 'n Nuwe klasseverdeling wat nie op tradisionele en familiebande geskoei is nie, maar op eksterne faktore soos godsdiens (bekeerd en onbekeerd), geletterd en ongeletterd, ryk en arm, progressief en tradisioneel, is algaande gevorm. Belangegroepe ontstaan dus en die wisselwerking tussen hulle begin ook 'n rol op die pad na verandering speel. Die enigste wapen wat die stamhoof hierteen gehad het, was die verskillende rituele wat hy kon manipuleer om sy gesagposisie te behou. Die effektiwiteit daarvan het egter algaande begin afneem (kyk hoofstuk 8:3).

## 5. SAMEVATTING

Uit die voorgaande beskrywing is dit duidelik dat die Hananwa, as relatief onlangse intrekkers in die gebied, mettertyd die politieke oorhand gekry het en 'n leidende rol binne die groter geografiese opset ingeneem het. Gedurende die eerste nagenoeg vyftig jaar van kontak met blankes, is hulle gekonfronteer deur faktore wat op 'n wye front fundamentele veranderinge in hulle lewenswyse bewerkstellig het. Van 'n pre-koloniale Ystertydperksamelewing, met mag en invloed wat hulle een van die meer dominante rolspelers gemaak het, verloor hulle nie net beheer oor hulle grondgebied nie, maar word daar reeds op hierdie vroeë stadium deur eksterne agente begin met die proses waarvolgens daar vir hulle 'n nuwe lewenswyse ontwerp sou word. Algaande het die invloede van buite, maar ook van binne, begin inwerk en in baie gevalle drastiese veranderinge in hulle lewenswyse teweeggebring. Enkele voorbeelde hiervan is nuwe godsdiensuitinge, 'n veranderende ekonomiese situasie, nuwe politieke gesagstrukture en uiteindelik die kwessie van segregasie of, later, afsonderlike ontwikkeling.

Waar die Hananwa eers net op lokale vlak 'n rolspeler was, begin hulle in hierdie periode op makro vlak figureer. Eers is hulle net in die amperse isoteriese publikasies van die BSG aangebied. Met die oorlog van 1894 haal die 'Maleboch' die pers en word hulle as entiteit aan die groter Suid-Afrika en selfs wêreldwyd voorgehou. Hierdie beeld was nie positief nie, maar was een van mense wat 'n bedreiging ingehou het. Omdat hulle as 'n bedreiging gesien is, nie net as entiteit nie, maar ook binne die groter geheel van inheemse mense wat deur 'n eksterne moontheid beheer word, betree hulle nou 'n fase in hul geskiedenis waar daar drasties oorgegaan word tot die skep van 'n nuwe lewenswyse. Dit word in die volgende afdeling bespreek.

# AFDELING IV

# HERSTRUKTURERING VAN 'N SAMELEWING

"While we encourage the complete cultural, intellectual and economic development of the Bantu, we believe that this can only be realised if the Bantu takes pride in what is his own, if he visualises his own development in terms of Bantu culture, Bantu language, Bantu education and a Bantu future; in other words, you must build what is your own, by your own. We, the Europeans, will be glad to help you attain your ideal, but you must adhere to this most important condition: that you develop separately, i.e. purely along your own lines to an ideal that you will set yourselves" (Van Heerden 1955:67-68).

Die historiese ontmoeting tussen twee sosiale-kulturele wêrelde - hoe beperk die een of uitgebreid die ander ookal is - is altyd dialekties van aard in die sin dat die een altyd probeer om die ander te verander, selfs al word hulle in 'n nuwe orde van verhoudinge saamgevoeg. Dit beteken egter nie dat die proses of die produk daarvan in gelyke hoeveelhede deur beide partye bepaal word of dat die uitwerking wat hulle op mekaar het van gelyke mate is nie. Inteendeel, die verhoudinge wat bepalend inwerk verander na gelang van die situasie. Dit impliseer dat die grense tussen die 'interne' wêreld of intra-groepverhoudinge in enige samelewing en die 'eksterne' wêreld daar buite of inter-groepverhoudinge - dit wil sê tussen die plaaslike, streeks- en globale vlakke - nie vooraf bepaal of vas is nie. Dit verander soos wat die proses van inskakeling sy koers neem en verander ook die verhoudinge van mag en produksie (Comaroff & Comaroff 1992:97).

Dié proses van inskakeling het vir die meeste samelewings in suidelike-Afrika teen die einde van die 19de, vroeë 20ste eeu 'n oorgang van 'n grootliks handelsekonomie na 'n geïndustrialiseerde ekonomie beteken. Verder was dit ook 'n periode waartydens verskillende samelewings se persepsies van mekaar gestalte gekry en nasionalisme 'n grondslag gekry het. Die wisselwerking tussen hierdie twee faktore sou grootliks aanleiding tot die verdere ontplooiing van die groter Suid-Afrikaanse samelewing gee. Die proses soos wat dit plaasgevind het, sou mettertyd uitkristaliseer in die beleid van afsonderlike ontwikkeling, wat gestruktureer was om die nuwe orde van verhoudinge - die van mag en produksie - te bepaal.

In die uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling was daar hoofsaaklik vier mikpunte wat bereik moes word om die sukses daarvan te verseker. Hierdie mikpunte was grootliks gelyklopend van aard, maar word gerieflikheidshalwe afsonderlik behandel. Dit beteken dus dat daar in die aanbieding daar 'n opoffering gemaak moet word ten opsigte van konteks en chronologie om die breë tematiese verdeling te behou.

Die eerste mikpunt, wat in hoofstuk 6 behandel word, was die skepping van 'n politieke struktuur wat uiteindelik op 'selfstandige' wyse beheer oor die 'state' wat geskep sou word, kon uitoefen. Die tweede mikpunt was die daarstelling van 'n eie grondgebied, waarbinne die mense saamgevoeg kon word en wat as basis vir die fisiese skeiding van swartmense en blankes kon dien. In hoofstuk 7 word aangedui hoe daar voorsiening gemaak is vir hierdie grondgebied, wat eers as lokasies of reservate en later as 'Bantoe State' en 'Nasionale State' benodig sou word. Die derde mikpunt was die ekonomiese selfstandigmaking van elk van die gebiede en word in hoofstuk 8 behandel. Laastens sou al die mense binne 'n spesifieke grondgebied tot 'n eenheid saam gesnoer moes word. Hoofstuk 9 handel oor die konstruksie van 'n identiteit vir die inwoners van elk van die afgebakende afsonderlike 'Nasionale State', maar met verwysing na die Hananwa van Blouberg.

# HOOFSTUK 6
# POLITIEKE HERSTRUKTURERING

## 1. INLEIDING

Die aftakeling van die outonomiteit van die Hananwa-stamhoofskap, wat grootliks met die oorlog van 1894 'n aanvang geneem het (kyk hoofstuk 5:3), sou in resente tye op verskeie vlakke deur middel van veral wetgewing, maar ook ander aksies, voltooi word. Dit is grotendeels gedoen ter bereiking van die ideaal van afsonderlike ontwikkeling, of dan apartheid, 'n ideaal wat voortgespruit het uit die groei van Afrikaner-nasionalisme.

Teen die 1940's en 1950's het die Suid-Afrikaanse regering al meer en meer in die plattelandse gebiede begin inmeng. Volgens Lodge (1990:261) was die reservate waarin swartmense gedwing was om te woon, in daardie stadium benodig om op ekonomiese en politieke vlak gestalte te gee aan die beleid van afsonderlike ontwikkeling. 'n Reeks aksies is geloots om die reservate daarvolgens te herstruktureer. Een gevolg hiervan was dat die tradisionele gesagstrukture wat hier gefunksioneer het, van enige vorm van outonomiteit wat dit gehad het, ontneem is. In die plek daarvan is 'n valse ("ersatz") nasieskap, voorsien van 'n 'eie' politieke bestel en ondersteun deur 'eie' bybehore en ikone (Perry & Perry 1991:169), aan hulle voorgehou as alternatief. Dit het in baie gevalle aanleiding gegee tot die ontstaan van konflik tussen die geaffekteerde mense en die regering. Die druk wat op hulle uitgeoefen is, was egter so meedoënloos dat die inwoners van die reservate op die ou end genoodsaak was om daarby in te val. Hierdie proses van inmenging en herstrukturering van die plaaslike gesagstruktuur vorm die basis van die

bespreking in dié hoofstuk.

## 2. ONTLEDING VAN 'N STAATSVORM

Die meerderheid gemeenskappe wat aan die Hananwa ondergeskik was (en ook aan spesifieke woonterreine gekoppel kan word - kyk hoofstuk 4:3), het in besondere verhoudinge tot mekaar gestaan. Die vraag ontstaan dus, hoe sou hierdie sisteem in 'n polities-administratiewe opset gefunksioneer het om die politieke mag te sentraliseer en sodoende eenheid en stabiliteit binne die samelewing te bewerkstellig? Aangesien hierdie struktuur van beheer vandag in 'n mate steeds funksioneer, word die beskrywing daarvan aangebied om die verlede sowel as die hede toe te lig.

Kuper som die politieke stelsel van die tipiese pre-koloniale Sotho-samelewings as volg op:

> "The Sotho tribes are all traditionally chiefdoms, and each has a ruling aristocracy which provides the chief and many of the powerful office-holders. The chiefdom is divided into administrative subdivisions. The most important of these is the ward, the administrative unit within which rights in fields and pastures are allocated. Citizenship of the chiefdom is mediated by membership of the ward. Wards may contain immigrant groups under their own heads or be ruled by members of the aristocracy, and new wards are often created for sons of the chief. The wards are ranked, those ruled by close relatives of the chief ranking highest, those ruled by immigrant leaders lowest. Similarly, the members of the tribe are divided into ranked categories - 'nobles' or 'aristocrats' (i.e. members of the founding and ruling line of the tribe) [the nucleus]; later immigrants who are culturally similar [i.e. people who have actually been assimilated into the first category]; and foreigners" [people not yet assimilated]" (Kuper 1975:70).

'n Breër omskrywing van die aanhaling sal help om die funksionering van hierdie

staatsvorm by die Hananwa duidelik te maak (kyk in die verband ook Comaroff 1974 vir 'n uiteensetting van die stelsel onder die Tswana).

Uit bostaande stelling van Kuper is dit duidelik dat die twee vernaamste elemente waarom die administratiewe beheer van die stam draai, die **stamhoofskap** en **wyk** is. Die posisie van die stamhoof is erflik en gaan van die vader na die oudste seun by die hoofvrou. Laasgenoemde word gewoonlik bepaal deur die feit dat die hele stam tot haar trougoedere bygedra het. Die stelsel van opvolging van die stamhoofskap onder die Hananwa is heel besonders. Aangesien die Hananwa se opvolgingsreg in wese teen die beginsel van regente is, kan die hoofvrou of haar eersgebore dogter, indien daar nie 'n seun is nie, as volle stamhoof regeer. As die hoofvrou by die afsterwe van die stamhoof nog nie 'n opvolger het nie, kan daar vir haar 'n bruid getrou word uit een van drie adellike families waaruit alle stammoeders getrou word - Rangata, Kubu of Morudu. 'n Saadopwekker (**ho belehisa**) word gekies uit die stamhoof se jonger broers of die seuns van die oorlede stamhoof se broers om 'n opvolger by haar te verwek. Die oorlede stamhoof se vrou regeer dan as volwaardige stamhoof tot hierdie opvolger oud genoeg is om by haar te kan oorneem. As die stamhoof deur een van sy eie dogters opgevolg word, sal daar op dieselfde wyse vir haar 'n saadopwekker uit die afstammelinge van haar vader se broer gekies word (Anoniem s.j.a:1). Hierdie praktyke word duidelik in die beskrywings van die Hananwa-geskiedenis gedemonstreer - kyk byvoorbeeld hoofstuk 4 en hoofstuk 6:3 onder.

Die stamhoof kan egter nie sy pligte outokraties uitoefen nie en het rade en verskillende amptenare wat hom bystaan. Die belangrikste van hierdie rade word saamgestel uit van sy oorlede vader se raadslede, sy vader se jonger broer (**rangwane**), asook van sy eie broers wat nie toesig oor wyke het nie. Laasgenoemde staan as **bakgomana** (edelmanne) bekend. Enkele van die hoofmanne kan ook, na gelang van die saak wat bespreek word, hierby betrek word. Hierdie raad oefen kontrole uit oor die wyse waarop die stamhoof sy pligte uitvoer en

sal ook altyd eerste oor 'n saak (byvoorbeeld die instel van 'n inisiasieskool of een van die verskeie gemeenskapsrituele) besluit, waarna die besluit aan die stamhoof oorgedra word.

Die regerende stamhoof se **rangwane** (tans Philip Leboho) is die hoof van die stamraad, dit wil sê hoofraadslid. Hy gee boodskappe en besluite van die raad aan die stamhoof deur en neem ook waar as laasgenoemde nie daar is nie. Hy dien ook as saadopwekker as die stamhoof sonder erfgenaam sterf. Verder het die stamhoof se **rakgadi** (vader se jonger suster) ook 'n belangrike rol in die rituele aangeleenthede in die stam en is dit ook deel van haar plig om na die verskillende voorwerpe wat met die stamhoofskap verband hou om te sien.

Op streekvlak word die administrasie deur wykshoofde of hoofmanne, bekend as **dintona**, uitgevoer. Tans is daar 71 erkende hoofmanne in die groter woongebied teenwoordig, wat elk 'n afsonderlike wyk verteenwoordig. In die verlede was dit 'n posisie wat deur die stamhoof aan vertrouelinge toegeken is, maar daarna van 'n vader na sy seun oorgeërf is. Van die stamhoof se broers kan ook wykshoofde wees, dit wil sê **ntona** sowel as **mokgomana**. Mindere stamhoofde wat hulle aan die gesag van die Hananwa-stamhoof onderwerp het, het met hul volgelinge 'n eie wyk gevorm en eersgenoemde is as een van die wykshoofde aangestel. In die meerderheid van laasgenoemde gevalle het hierdie vreemdelinggroepe ook 'n afsonderlike nedersetting gevorm op 'n plek wat deur die stamhoof aan hulle uitgewys is.

Die stamhoof delegeer sy magte aan dié verskillende **dintona** of wykshoofde en daar kan dus gesê word dat elke **ntona** 'n stamhoof in die kleine is aangesien die verskillende wyke in wese administratiewe eenhede is. Elk van hierdie wyke het sy eie hof waar politieke aangeleenthede bespreek en verskille besleg word (kyk ook Huffman 1986:291). Die hoofmanne verskil in senioriteit van mekaar, wat onder meer bepaal word deur verwantskap aan die stamhoof en kerngroep van die stam, asook lojaliteit en lengte van verblyf in die woongebied. Omdat hulle

volgens senioriteit georden is, is die natuurlike progressie vir hofsake om te gaan van die familiehof na die van die hoofman van die wyk. Indien hy nie die saak kan besleg nie, word dit na die hoofman wat volgende in senioriteit is, geneem. In hierdie handeling dien die een hoofman dan as 'n tussenganger of **motseta** vir die ander. Hierdie patroon word herhaal tot die saak by die hof van die stamhoof in die **mosada** (hoofsetel) kom, wat dan ook die hof van hoogste gesag was (kyk ook Coetzee 1979). Daar is reeds in hoofstuk 4 gewys op die posisie van spesifieke hoofmanne binne hierdie stelsel en hoedat die een ondergeskik aan die ander is.

Die volgende vlak van administrasie bestaan uit die stamvergadering (**pitso**). In teorie het alle volwasse mans sitting in hierdie raad. Dit is hier waar sake rakende die hele stam bespreek word, byvoorbeeld die inhuldiging van 'n nuwe stamhoof. Geen saak sal egter hier geopper word alvorens dit nie ten minste op een van die voorafgaande vlakke bespreek is nie.

Daar is ook sekere funksionarisse aan hierdie sisteem gekoppel. Een hiervan, 'n persoon bekend as **motseta wa mosada**, was byvoorbeeld vir die ordelike verloop van aktiwiteite by die stamhoof se nedersetting verantwoordelik. Sy posisie was erflik en daar word gesê dat hy in die verlede, wanneer die stamhoof te sterwe kom, ook doodgemaak is om die stamhoof in die lewe hierna te kan bedien. Daar was in die verlede ook 'n generaal as aanvoerder van die magte, bekend as **mohlabani wa kgosi**. Sy posisie was eweneens erflik. 'n Stelsel gebaseer op klerke en wat deur die gebiedsowerheid in stand gehou word, het hierdie funksies vandag in 'n groot mate oorgeneem.

Hierdie politieke sisteem funksioneer tans nog by die Hananwa op die wyse hierbo bespreek. Die struktuur wat in die proses van politieke onafhanklikheidmaking op hulle afgedwing is, het doelbewus elemente daarvan behou, byvoorbeeld die stamhoof-in-rade stelsel en die wyke wat deur hoofmanne verteenwoordig word. Dit word later in hierdie hoofstuk aangedui

hoedat dit van alle statuur deur die proses van voogdyskap wat deur die sentrale regering op alle swartmense afgedwing is, ontneem is.

Beheer oor die stam is egter nie bloot net gesetel in die politieke mag van die stamhoof nie. Die manipulering van sekere ander kulturele instellinge het ook daartoe bygedra om die politieke mag in hom en sy raadslede te sentraliseer en te versterk. In hierdie verband kan aangevoer word dat die verskillende gemeenskapsrituele nie bloot net ingestel was op die versekering van ekonomiese welvaart van die gemeenskap nie, maar dat dit ook 'n weerspieëling van die tradisionele politieke en religieuse strukture van die stam is en dat dit inderwaarheid deur hierdie strukture as 'n meganisme vir die instandhouding daarvan gebruik is. Die posisie van die stamhoof, enersyds op politieke gebied en andersyds op religieuse vlak, was tradisioneel sentraal in die lewe van die Hananwa. Deur sy byna onontbeerlike deelname aan gemeenskapsrituele en die ondersteuning daarin deur sy verskillende raadslede en hoofmanne, het hy nie net die ekonomiese produksiemasjinerie van sy onderdane onder sy beheer gehad nie, maar ook die stam as geheel. Gemeenskapsrituele is op onderdane afgedwing deur die toepassing van verskillende boetes wat opgelê is vir enige oortreding daarvan (kyk hoofstuk 8:2).

Die belangrikheid van hierdie rituele het by die Hananwa begin vervaag. So byvoorbeeld gaan die stamhoof nog saam met van sy senior verwante en 'n magiër teen die berg uit om 'n deel van die reënmaakritueel (kyk hoofstuk 8:2) uit te voer - dit is byvoorbeeld in 1989 en 1991 gedoen. Die gewone inwoners word egter nie meer daarby betrek nie en dit is slegs die mense wat bo-op die berg woon wat daaraan deelneem. Segspersone is van mening dat die laaste werklike volledige ritueel vir die maak van reën tydens die regering van stamhoof SEIPHI gehou is (kyk tabel 5).

Dit is nie moontlik om 'n enkele oorsaak vir die afname in die beoefening van rituele aan te dui nie en moet gesien word as die resultaat van komplekse

faktore wat daartoe saamgewerk het. Die koms van verskillende kerkgenootskappe soos die Lutherse- en Zionistekerke, het in 'n groot mate die stamhoof sy posisie in hierdie opsig ontneem. Sommige segspersone is die mening toegedaan dat die koms van die kerke geleidelik die verdwyning van hierdie rituele veroorsaak het, terwyl ander dit ontken en sê dat die kerke daar was lank voordat die tradisies begin vervaag het.

Daar was egter ook ander faktore werksaam wat nie buite rekening gelaat kan word nie. So byvoorbeeld het die stelsel van trekarbeid baie van die stamhoof se senior, manlike ondersteuners uit die gebied laat beweeg en is sy mag gevolglik verswak aangesien hy op indirekte wyse hulle steun verloor het. Sy posisie is verder verswak deur die regering wat 'n groot aantal vreemdelinge binne die stamgebied hervestig het, wat bygedra het tot die afname van sy gesag oor die totale inwonertal van die gebied. Dit het tot gevolg dat twee gesagstrukture ontwikkel het:

- Die stamhoof wat as tradisionele leier 'n deel van die inwoners van die gebied regeer;

- Gesag van buite, dit wil sê die sentrale regering. 'n Aantal van die vreemde hoofmanne woonagtig in die gebied verkies om met die kommissaris in Bochum te skakel, eerder as die **kgoro** (bymekaarkomplek) van die stamhoof.

Dit blyk egter dat die situasie nie heeltemal so eenvoudig is nie. Die afname in die voorkoms van 'tradisionele, etnies' georiënteerde rituele word tans ondervang deur ander, nuwe rituele wat in die plek daarvan aanvaar word. Dit is duidelik die verklaring vir die groot voorkoms en populariteit van die **malopo**-kultus (kyk in die verband Boersema 1984 se siening wat die beskouing ondersteun), of die groot aanhang wat die Zioniste, met hulle geformaliseerde gedrag, drag, simbole en so meer het. Die afleiding is dus dat ritueel as

noodsaaklik beskou word, maar dat die tradisionele etniese rituele onder beheer van die stamhoof vervang word met rituele wat op 'n groter, nie-etniese grondslag funksioneer.

## 3. RESENTE GESKIEDENIS

Mabea, wat die oudste seun en regmatige troonopvolger van KGALUSHI was (kyk tabel 5), is voor sy vader oorlede en het dus nooit werklik as stamhoof regeer nie. Volgens segspersone is hy tydens die oorlog van 1894 na Botswana gestuur waar hy in veiligheid by die mense van Malete gewoon het. Na afloop van die oorlog het hy teruggekeer en as stamhoof waargeneem terwyl sy vader deur die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) in die tronk in Pretoria aangehou is. KGALUSHI is met die Britse oorname van Pretoria in 1900 vrygelaat en het na die oorlog vir nagenoeg veertig jaar gelewe. Hy is eers in Januarie 1939 oorlede, waarna sy vrou, MMAMPHOKU, tot met haar dood op 2 Desember 1940, regeer het (Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Lêer F54/1074/2:20). Laasgenoemde is deur Mabea se oudste seun, bekend as SEIPHI, opgevolg (kyk tabel 5).

SEIPHI het in 1941 by MMAMPHOKU oorgeneem. Die Departement van Naturellesake het lank getalm om sy aanstelling as stamhoof formeel te bevestig. Die rede hiervoor is nie duidelik nie, maar die Naturelle-kommissaris: Bochum het byvoorbeeld oor sy gedrag gekla, onder meer dat hy nie met die administrasie wou saamwerk nie (Lêer F54/1074/2:24), asook oor sy "onbehoorlike gedrag (dronkenskap)" (Lêer F54/1074/2:48). Dit kan egter wees dat dit 'n poging was om SEIPHI tot onderhorigheid aan die administrasie te dwing en moet in konteks van die verwikkelinge van die tyd gelees word. Dit was eers op 1 Maart 1946 dat hy, "na die verandering van sy weë" en met die goedkeuring van die Staatsetnoloog (Lêer F54/1074/2:31, 38), kragtens

subparagraaf 7, Artikel 2 van die Wet op Naturelle-administrasie van 1927 amptelik as die stamhoof aangestel is, met die vergoeding van £12 per jaar (Uitvoerende Raadsbesluit 3257). Hierdie subparagraaf lui:

> "The Governor-General may recognise or appoint any person as a chief or headman in charge of a tribe or of a location, and is hereby authorised to make regulations prescribing the duties, powers and privileges of such chiefs and headmen. The Governor-General may depose any chief or headman so recognised or appointed" (Harries 1929:142).

| Regiment | Leier | Jaar[1] |
|---|---|---|
| Maohu/Makoba | KGALUSHI | |
| Mabitsi | Ntinikwane | |
| Marutho | Mabea | |
| Mapaswa/Matitswa | Phuledi | |
| Dithaga | SEIPHI | 1920 |
| Mmantso | Mphati | 1928 |
| Madingwana | Tlatlhudi | 1937[2] |
| Malau | Tswenyegi[3] | 1947 |
| Matlakana | Pakhisa | 1957 |
| Mapulana | COLIN | 1967 |
| Makoba | Ngako | 1984 |

**Tabel** 5. Mansregimente van die Hananwa[4]

---

[1] Beyer (1870:147) dui aan dat daar in 1869 'n inisiasieskool gehou is en volgens Franz (1903:644) is daar in 1902 ook een deur die Hananwa gehou.

[2] Die datum vir die inisiasieskool in 1937 word deur Trott (1938:55) bevestig.

[3] WILSON (@ Mathome) het nie 'n regiment gevorm nie. Tswenyegi (? Philip) was 'n seun van SEIPHI, maar vanuit 'n junior **moša** (**lapa** - huishouding).

[4] Dié tabel word ingevoeg aangesien dit help om die chronologie van stamhoofde te bevestig. Dié stelsel van regimentvorming is lineêr van aard, wat dit onmoontlik maak om vroeëre regimente af te lei. Vir 'n effens anderse weergawe van die lys, kyk Norton (1922).

SEIPHI en sy senior vrou, Mosima, was kinderloos. Alhoewel SEIPHI sewe vrouens gehad het, was slegs Mosima uit die familie van Rangata en kon sy ander seuns uit junior huishoudings dus nie die stamhoofskap by hom oorneem nie.[5] Na sy dood op 20 November 1953 is hy deur sy vrou, Mosima, opgevolg. Sy is vroeg in 1954 tydens 'n vergadering deur die stam voorgestel en as opvolger aanvaar (Lêer F54/1074/2:49), 'n aksie wat ook deur die Hoof Naturelle-kommissaris aanbeveel is (Lêer F54/1074/2:51). Die saak is gevolglik deur die Naturellekommissaris na die Staatsetnoloog (N.J. van Warmelo) vir kommentaar verwys. Laasgenoemde was klaarblyklik teen die aanstelling van 'n vrou gekant en bevraagteken dit op grond van **tradisionele gebruike**, byvoorbeeld of Mosima wel die hoofvrou was, of sy werklik kinderloos was en watter stappe gedoen is om 'n opvolger te verwek (Lêer F54/1074/2:53). Hy spreek verder die opinie uit dat dit bloot 'n strategie is sodat die "regering met poppe [moet] onderhandel terwyl die ware magshebbers in die agtergrond bly" (Lêer F54/1074/2:80).

Hierdie hele debat is klaarblyklik gevoer weens die feit dat die Hananwa deur die plaaslike Naturellekommissaris as "dwarstrekkers" bestempel is, 'n opvatting wat ook deur die Staatsetnoloog onderskryf is. Dit is gebaseer op die feit dat die Hananwa nie wou saamwerk met die **registrasie van geboortes en dood** nie, dat hulle nie die **instelling van pasboeke** wou aanvaar nie. Ook wou hulle nie in die **"betterment" programme** saamwerk en die nuwe reëls ten opsigte van **howe vir stamhoofde en hoofmanne** aanvaar nie. Om hulle te straf en in lyn te bring stel hy dus voor dat Mosima se aanstelling nie bekragtig word nie, dat die uitbetaling van maatskaplike voordele (pensioene) gestaak word en dat die sisteem vir watervoorsiening nie onderhou word nie (Lêer F54/1074/2:56, 57). Hierdie opvattinge word deur die Hoof Naturelle-kommissaris: Pietersburg ondersteun (Lêer F54/1074/2:58).

Die opvatting van die Kommissaris dat die Hananwa dwarstrekkers is, was heel

---

[5] Alle stammoeders word uit die adellike families van Rangata, Kubu of Morudu getrou.

moontlik deel van die beeld wat reeds oor hulle bestaan het, maar dit het ook 'n bydrae gemaak tot die bevestiging van hul identiteit, aangesien volgens Roberts (1916) dit juis die betekenis van die naam Hananwa is (kyk hoofstukke 4 en 9). Segspersone is egter van mening dat hul optrede nie bloot was omdat hulle van nature dwarstrekkers is nie. Volgens hulle moet dit eerder gesien word dat hulle moeg was om voortdurend in hul doen en late voorgeskryf te word. Hul mening is dat deur nie saam te werk nie, hulle inderwaarheid net deelgeneem het aan die proses van verset wat vanuit alle oorde en oor baie jare in die fundamentele veranderinge wat onlangs in die politieke bestel in die land plaasgevind het, gekulmineer het.

In antwoord op die aanbevelings van die Kommissaris, skryf die Sekretaris van Naturellesake (W.W.M. Eiselen) in Augustus 1954 in 'n brief aan die Hoof Naturellekommissaris: Pietersburg, dat die Departement Naturellesake nie bereid is om Mosima as opvolger aan te wys nie. Verder versoek hy die Kommissaris om die Hananwa te waarsku

> "... om te kies watter weg hulle in die toekoms gaan volg: gehoorsaamheid en samewerking of ontrouheid en weerstand teen die Regering se wette. Indien dit hulle keuse is om vol te hou met die negatiewe optrede moet hulle bereid wees om die gevolge te dra. Is hulle egter bereid om nou koördinerend saam te werk en 'n progressiewe rigting in te slaan, is die Regering bereid om sy volle steun aan hulle te verleen" (Lêer F54/1074/2:60).


Hierdie waarskuwing het egter geen effek op die Hananwa gehad nie en weer stel die Naturellekommissaris voor dat daar tugmaatreëls teen hulle toegepas word, naamlik:

> a) "dat die uitbetaal van sosiale hulpskemas in Maleboch lokasie gestaak word;
> b) die instandhouding van paaie, damme en windpompe gestaak word;
> c) dat Departementele bystand (geldelik) aan skole gestaak word" (Lêer F54/1072/2:86).

Die Sekretaris van Naturellesake staan dit eers teen (Lêer F54/1074/2:106). Vervolgens word daar op 22 Mei 1956 voorgestel dat Mosima op 'n proeftydperk aangestel word, maar dat haar aanstelling en die van haar raad in Bantoe-owerheidsvorm moet wees, dit wil sê sy moet aan die hoof staan van 'n raad wie se name bekend is en wie haar in die bestuur van die stam moet bystaan (Lêer F54/1074/2:108).

Die getalm met die amptelike aanstelling van Mosima het mettertyd tot wrywing tussen haar en die **bakgomana** (stamraad) gelei. Weens 'n misverstand kon daar ook nie vir haar 'n aanvullende vrou getrou word deur middel van wie 'n erfgenaam verwek kon word nie. Dit lei daartoe dat die **bakgomana** haar onttroon. Uit die beskikbare korrespondensie blyk dit duidelik dat sy nie hiermee tevrede was nie en prokureurs in Pietersburg het namens haar die saak opgeneem (Lêer F54/1074/2:153). Aangesien daar niks verder in hierdie verband opgespoor kon word nie, kan afgelei word dat haar aksies onsuksesvol was. Sy is mettertyd sonder 'n regmatige opvolger oorlede (Anoniem s.j.(a):1; Wiid 1972:2). Volgens sekere segspersone is Mmantshako toe in haar plek as stamhoof aangestel. Hiervoor kon daar geen bewys in die betrokke lêers gevind word nie. Dit word ook nie so deur alle segspersone aangedui nie. Dit blyk verder onlogies te wees dat daar weer 'n vrou as stamhoof aangestel sou word, veral nadat die Departement Naturellesake so lank gepoog het om haar voorganger, Mosima, uit hierdie amp te hou. Sy het later 'n baie belangrike rol ten opsigte van die aanvaarding en instelling van 'n stamowerheid deur die Hananwa gespeel (kyk hoofstuk 6:5.2 onder).

Hierdie ingryping deur amptenary in die dinamiek van die tradisionele sisteem van opvolging, is nie uniek aan die Hananwa nie. Comaroff (1974:45-46) dui aan dat dit op dieselfde wyse en om soortgelyke redes onder die Tswana plaasgevind het. Inteendeel, hierdie tipe intervensie deur die Departement Naturellesake is amptelik deur die amptenare van hierdie Departement verkondig (kyk byvoorbeeld Breutz 1958). 'n Geval soos wat hierbo genoem is illustreer die



**Figuur 3.** Colin Matee Leboho, huidige stamhoof van die Hananwa (Foto: J.A. van Schalkwyk, 1988).

voorskriftelikheid en die houding van voogdyskap wat deur die regering ingeslaan is. Dit is duidelik dat die amptenary die ideologie en nie die mense gedien het nie - kyk hoofstuk 7:3 vir kommentaar deur Du Toit (1982) oor die rol van die Etnologiese afdeling van die Departement Naturellesake in die implementering van ontwikkelingswerk.

Op 6 November 1957 is WILSON tydens 'n stamvergadering as waarnemende stamhoof aangewys tot tyd en wyl 'n regmatige opvolger vir SEIPHI gevind kon word. WILSON was die seun van Mmantshako, wat SEIPHI se moeder (Mmamphoku) se suster was. As jong meisie is sy as oppasster vir SEIPHI gekies. Mettertyd het Mabea haar ook tot vrou geneem en twee seuns is uit die huwelik gebore, naamlik Ntshako, wat vroeg dood is en WILSON (@ Matome), wat in 1926 gebore is. Aangesien Mmantshako uit die familie van Rangata was, was daar nie besware teen haar seun WILSON se oorname van die stamhoofskap nie (Wiid 1972:1) en is hy dan ook in Januarie 1958 na 'n lang stryd as waarnemende stamhoof deur die Departement aangestel (kyk hoofstuk 6:4.2 onder).

WILSON is in 1980 oorlede, waarna hy deur sy seun COLIN (@ Matee, @ Ramampu) opgevolg is. COLIN (figuur 3; tabel 5) was die eerste stamhoof van die Hananwa wat ingewillig het om sy **mosada** (hoofsetel, **mošate** - SNS) na die voet van Blouberg te skuif en sodoende 'n groter aandeel te kon kry in die administrasie van die stam spesifiek en Lebowa in die algemeen. 'n Nuwe woning aan die voet van die berg, 'n aantal gesubsidieerde motors en 'n nuwe kantoorkompleks het bygedra om sy deelname aan die Lebowa-gebiedsowerheid te vergemaklik.

## 4. POLITIEKE MARGINALISERING

Die geskiedenis van die Hananwa soos dit hierbo uitgespel is, het plaasgevind

binne 'n proses van politieke marginalisering wat reeds in die vorige eeu begin is, maar slegs met verloop van tyd tot volvoering gebring kon word. Daar is reeds in hoofstuk 5:3 gewys op die beleid van die Zuid-Afrikaansche Regering (ZAR) ten opsigte van swartmense, soos bepaal deur Wet No. 4 van 1885. Die ZAR sou nie ingryp tensy 'n spesifieke groep openlik 'n bedreiging vir hulle ingehou het nie. Na die Britse oorname van Suid-Afrika (1899-1902), het daar egter 'n duidelike beleidsverandering plaasgevind. Die Britse beskouing in verband met "racial superiority" en hul gevolglike houding ten opsigte van die swartmense in hierdie tydperk, kan by monde van die Britse Hoë Kommissaris lord Milner, as volg opgesom word:

> "The white man must rule because he is elevated by many, many steps above the black man; steps which it will take the latter centuries to climb and which it is quite possible that the vast bulk of the black population may never be able to climb at all. But then, if we justify, what I believe we all hold to, the necessity of the rule of the white man by his superior civilization, what does that involve? Does it involve an attempt to keep the black man always at the very low level of civilization at which he is to-day? I believe you will all reject such an idea. One of the strongest arguments why the white man must rule is because that is the only possible means of gradually raising the black man, not to our level of civilisation - which is doubtful whether he would ever attain - but up to a much higher level than that which he at present occupies" (Milner 1933:467).

Die beleid soos wat dit ten opsigte van swartmense in die volgende aantal jare sou ontplooi, is duidelik in hierdie stelling opgesluit. Hierin word hulle as minderwaardig beskou en aanvaar dat hulle nie in staat is om polities selfstandig te wees nie, wat die noodsaaklikheid van die beginsel van voogdyskap en obsessiewe paternalisme impliseer. In hierdie stelling word die kern gevind van die beginsel van ontwikkeling volgens eie kulturele aard, gebaseer op die andersheid van die swartmense se lewenswyse en die veronderstelling dat dit vir hulle onmoontlik sou wees om te verwesters. Met ander woorde, die basis vir die behoud van die tradisionele lewenswyse word hier gelê.

In die Britse beleid is van die bestaande praktyke wat in die vier gebiede (Kaapprovinsie, Natal, Oranje Vrystaat en Transvaal) ten opsigte van die swartmense gegeld het in wese net so deur die nuwe regering oorgeneem. Dit sluit in:

- die toekenning van reservate en hulle beperking;
- instromingsbeheer na die stede deur middel van paswette; en
- die manipulasie van die stamhoofde as agente van die koloniale staat (Marks & Trapido 1987a:7).

Geen dokumentêre bewys kon gevind word dat die Hananwa, wat in hierdie stadium nog herstel het van die gevolge van die oorlog van 1894, inmenging van 'n owerheid van buite toegelaat het nie. Daarenteen is die verslag van die **General Staff, War Office** (1907) 'n strategiese ontleding van die ligging en militêre bedreiging wat die verskillende groepe in die Transvaal vir die koloniale regering mag inhou. Die Hananwa figureer vanweë die oorlog van 1894 baie prominent in hierdie verslag.

Die Unie van Suid-Afrika is gekonstitueer onder die Suid-Afrika Wet, 1909, wat voorsiening maak vir die samevoeging van die vier genoemde gebiede. Artikel 147 van hierdie wet bepaal dat die beheer en administrasie van Naturellesake in die Unie as geheel in die hande van die Goewerneur-Generaal gesetel is en dat dit gedoen moet word in ooreenstemming met die magte wat vroeër gesetel was in die Goewerneurs van die vier afsonderlike gebiede (Rogers 1949:1). In die provinsie van Natal is die pligte van die Goewerneur as Opperhoof deeglik in die **Natal Code of Native Law** (Wet 19 van 1891) omskryf. Maar in die Transvaal en die Oranje Vrystaat is hierdie magte vir die opperhoof nooit duidelik omskryf nie en is dit grootliks deur inheemse reg en gebruike bepaal. Hierdie saak sou eers heelwat later met die implementering van die Wet op Naturelle-

administrasie van 1927 reggestel word.

### 4.1 Wet op Naturelle-administrasie, Wet 38 van 1927[6]

Die verandering in die stamorganisasie en gepaardgaande beheer en dissipline wat met verloop van tyd toegepas is, het dit vir die Opperhoof (d.w.s die Goewerneur-generaal) al hoe moeiliker gemaak om sy magte uit te oefen en om op gebruike van die verlede staat te maak. In gevalle waar dit nodig was om sodanige magte uit te oefen, was dit in die Transvaal vir die Administrasie nodig om die bestaan van die naturellereg, gebruike en gewoontes eers in die hof te vestig. Dit het die verloop van sake baie bemoeilik (Rogers 1949:18). Gevolglik is daar deurgaans deur die Departement Naturellesake pogings aangewend om staminstellinge te hervestig en veral die erosie van die gesag van die stamhoofde teen te werk (Dubow 1991:113). Die situasie is mettertyd reggestel met die aanvaarding van die Wet op Naturelle-administrasie, Wet 38 van 1927. Artikel 1 van hierdie wet erken die goewerneur-generaal as Opperhoof van alle swartmense en verleen by implikasie uitgebreide magte aan die Departement Naturellesake, naamlik

> "The Governor-General shall be the Supreme Chief of all Natives in the Provinces of Natal, Transvaal and Orange Free State, and shall in any part of the said Provinces be vested with all such rights, immunities, powers and authorities in respect of all Natives as are or may be from time to time invested in him in respect of Natives in the Province of Natal" (Harries 1929:141).

Met ander woorde, die omskrywing volgens die **Natal Code of Native Law** (Wet 19 van 1891) kon nou orals van toepassing gemaak word. Daar moet ook daarop gelet word dat die magte van die Goewerneur as Opperhoof nie tot die Kaapprovinsie uitgebrei is nie. Dit kan toegeskryf word aan die beleid van die

[6] Hierdie Wet het later as die Swart Administrasiewet bekend gestaan. Weens die historiese aard van die aanbieding, word die ou benaming hier gebruik.

Kaapse Regering om, anders as in die ander drie provinsies, die tradisionele stamstelsel doelbewus af te breek eerder as om dit te laat voortbestaan (Rogers 1949:18).

Benewens die bogenoemde bepalinge ten opsigte van die stamhoof, het hierdie wet ook gepoog om ander aspekte van die tradisionele lewenswyse aan te spreek. Die algemene agteruitgang van die materiële toestande in die reservate, die verswakking van tradisionele sosiale strukture en die verhuising na die stede, het die Departement Naturellesake genoodsaak om die ekonomiese opheffing van die gebied en die herstel van stamgesag te bepleit. Een element wat geïdentifiseer is in die poging om dit reg te stel, was dat die lewering van trougoedere as positiewe element gesien moet word, aangesien dit die mening was dat dit sosiale bande sou verstewig. Hiervoor was die erkenning van gewoontereg byvoorbeeld nodig (Dubow 1991:113). Dit was 'n ommeswaai van vorige opvattinge wat die siening van sendelinge wat daarteen gekant was, onderskryf het (kyk Comaroff & Comaroff 1991:260).

In teenstelling met die bevordering van sekere tradisionele en ander gebruike deur die wet, het dit ander weer beperk, byvoorbeeld:

- die verbod op die dra van spiese, messe, kieries en ander wapens;[7]
- die nakoming van fatsoenlikheid;
- die beheer van stamgewoontes wat die verminking, verwydering of opereer van enige deel van die liggaam insluit.

Die Naturelle-administrasiewet het dus duidelik ook te make met die manipulering van elemente van die tradisionele lewenswyse van die swartmense.

---

[7] Tot vandag toe doen gerugte onder die Hananwa die rondte van grotte vol wapens in Blouberg wat weggesteek is na die instelling van hierdie Wet.

Ten opsigte van voorgenoemde het dit nie 'n groot effek op die Hananwa gehad nie. Hul lewenswyse is slegs in 'n mindere mate beïnvloed aangesien hulle nie veel tatoeëring en liggaamsverminking (met moontlik die uitsondering van besnydenis tydens inisiasie) toegepas het nie. Konsepte soos fatsoenlikheid en die dra van wapens is lank reeds deur die sendelinge beïnvloed, sodat dit nie meer werklik 'n faktor in hulle lewe was nie.

## 4.2 Posisie van die stamhoof

Uit afdeling 2 hierbo kan afgelei word dat die oorspronklike stelsel van stamhoofskap gebaseer was op die beginsel dat erkenning en arbeid gevloei het vanaf die stamlede op na die stamhoof en dat goeie gunste en gawes van hom af teruggevloei het na die mense. Die persone wat nie daarmee tevrede was nie, kon wegtrek. Die identiteit van die individu en die groep is dus gedurigdeur herformuleer en hersaamgestel. Die gevolg is dat baie min van hierdie stamhoofskappe vir langer as 'n generasie of twee stabiel gebly het (kyk ook Ranger 1984:248).

Met die aanvaarding van die Wet op Naturelle-administrasie verander dinge egter drasties. Artikel 2 van hierdie wet bepaal dat die Goewerneur-generaal enige persoon as stamhoof of hoofman van 'n stam mag aanwys en daardie persoon se regte en pligte kan bepaal (Harries 1929:142).[8] Verder, Artikel 5 van hierdie wet bepaal dat die Goewerneur-Generaal mag

> "define the boundaries of the area of any tribe or of a location, and from time to time alter the same, and may divide existing tribes into one or more parts or amalgamate tribes or parts of tribes into one tribe, or constitute a new tribe, as necessity or the good government of the Natives may in his opinion require" (Harries 1929:142).

[8] Later van tyd het die situasie verander en berus die bevoegdheid hiervoor, ingevolge Item 27 van Bylae 1 van die Grondwet van die Nasionale State, 1971, by die Lebowaregering (Wiid 1982:9).

Die implikasie hiervan is dat mense nou gedwing was om onderdanig aan 'n stamhoof te bly en hulle kon nie maklik wegtrek nie. Die spontane, amper organiese groei van groepe mense tot 'n eenheid soos blyk uit die afsplitsing van eers LEBOHO en sy volgelinge van die Malete en later Kibi en sy mense van die Hananwa, asook die ander groepe wat hulle onder gesag van die Hananwa in die gebied kom vestig het (kyk hoofstuk 4:3), is deur hierdie bepalinge aan bande gelê. Die situasie is verder ook bevestig deurdat die mindere stamhoofde se status verander is tot hoofmanne en hulle dus aan 'n enkele stamhoof onderhorig gemaak is. Die Hananwa se woongebied en inwonersamestelling is meer as een maal deur hierdie bepalinge beïnvloed. Dit het veral in latere jare die samestelling en grootte van die stam beïnvloed - soos wat die proses van tuislandkonsolidasie plaasgevind het, is mense by hulle gevoeg en is ander weer weggelaat (kyk hoofstuk 7).

Die praktiese funksionering van die Wet op Naturelle-administrasie kan verder aan die hand van die oordra van pligte wat aan stamhoofde toegeken word, met spesifieke verwysing na die opvolging van onderskeidelik SEIPHI (1946) en WILSON (1958), geïllustreer word. Dit is volgens Uitvoerende Raadsbesluit No. 3257 van 10 November 1945 aan SEIPHI[9] gegee en is as volg verwoord:

> (i) "in terms of section <u>twelve</u> of the Native Administration Act, No. 38 van 1927, as amended, jurisdiction to hear and determine civil claims arising out of Native Law and Custom brought before him by Natives against Natives resident within his area of jurisdiction;
>
> (ii) in terms of section <u>twenty</u> of the said Act, criminal jurisdiction as set out in the Government Notice No. 1376 of the 30th July, 1943."

Dit beteken dus dat magte wat die stamhoof oorspronklik as hof van hoogste gesag gehad het, nou per wet aan hom toegestaan word. Daar is egter sekere

9 Omdat dit dieselfde is wat later ook aan WILSON toegestaan is, word dit hier net vir een geval bespreek.

beperkinge, veral ten opsigte van kriminele sake, hierby ingesluit.[10] So word daar per brief op 27 Januarie 1958 (Lêer F54/1074/2:139), deur die Sekretaris van Naturellesake, magte aan WILSON[11] toegestaan, maar met sekere uitsonderings, naamlik dat hy geen saak sal verhoor

> (a) "which has been committed by two or more persons any of whom is not a Native; or
>
> (b) which has been committed in relation to a person who is not a Native or property belonging to any person who is not a Native, other than property, movable or immovable, belonging to the South African Native Trust, or held in trust for a Native tribe or a community or aggregation of Natives or a Native.
>
> Offences which [he] may not try are the following:
>
> Treason; crimen laesae majestatis; public violence; sedition; murder; culpable homicide; rape; robbery; assault with intent to commit murder, rape or robbery; indecent assault; arson; crimen injuria; abortion; abduction; offences under any law relating to stock theft; sodomy; bestiality; bribery; breaking or entering any premises with intent to commit an offence either at common law or in contravention of any statute; receiving any stolen property knowing that it has been stolen; fraud; forgery or uttering a forged document knowing it to be forged; any offence under any law relating to illicit possession of or dealing in any precious metals or precious stones; any offence under any law relating to conveyance, possession or supply of habit-forming drugs or intoxicating liquor; any offence relating to the coinage; perjury; man stealing; incest; extortion; defeating or obstructing the course of justice; any conspiracy, incitement or attempt to commit any of the above mentioned offences.
>
> In the exercise of this jurisdiction [he] may not inflict any punishment involving death, mutilation, grievous bodily harm or imprisonment or impose a fine in excess of twenty pounds or two head of large stock or ten head of small stock or impose corporal punishment save in the case of unmarried males below the apparent age of thirty years."

---

[10] Kyk ook Breutz (1958:150) vir detail oor hierdie situasie by die Tswana.

[11] Dit was min of meer dieselfde in die geval van die aanstelling van SEIPHI en gevolglik word dit hier ook weer net vir een geval bespreek.

Met die uitsondering van sivielregtelike jurisdiksie, het daar dus weinig van die stamhoof se oorspronklike mag en posisie op die politieke en judisiële gebiede behoue gebly. (Kyk ook hoofstuk 9:5 waar dit handel oor die aanstelling van 'n stamhoof.)

## 5. POLITIEKE HEROPBOU

Tydens die dertiger- en veertigerjare van die eeu breek daar vir die Hananwa 'n periode van kontraste aan. Aan die een kant word die pre-koloniale posisie van die stamhoof verswak en aan die ander kant word sy magte, regte en pligte per wetgewing aan hom toegeskryf. Verder word, soos reeds daarop gewys, verskeie tradisionele kulturele instellinge afgebreek terwyl ander weer kunsmatig in stand gehou word.

### 5.1 Beleid van afsonderlike ontwikkeling

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling of dan apartheid het nie altyd bestaan nie. Daar is byvoorbeeld genoeg rede om te glo dat die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) nie so 'n beleid gehad het nie. Inteendeel, hulle Naturellebeleid soos wat reeds aangedui is, was grootliks ongedefinieerd aard. Aan die ander kant het hierdie beleid ook nie oornag tot stand gekom nie. 'n Redelik algemeen aanvaarde aanname is dat hierdie beleid deur die Afrikanernasionaliste in die veertigerjare van die huidige eeu tot stand gebring is. Volgens Dubow (1991:22-23) is dit egter grootliks 'n foutiewe opvatting. Dit is vir baie jare voorafgegaan deur 'n beleid van segregasie (kyk die aanhaling van Milner hierbo), wat later wel tot 'n groot mate die grondslag van die apartheidsbeleid gevorm het.

Volgens Dubow (1991) lê die aanvanklike formulering van die beleid van segregasie by die liberaal-denkende Engelssprekendes wat dit hoofsaaklik in die tydperk tussen die twee Wêreld-oorloë geformuleer het. Vir hierdie mense was die motivering vir die volg van 'n beleid van reservaat-segregasie aanvanklik nie een wat gemik was op die daarstelling van goedkoop arbeid nie (kyk hoofstuk 7:2), maar, byvoorbeeld in die woorde van Howard Pim, was dit gedoen met die oog op handhawing van sosiale orde en kontrole. Pim was van mening dat dit die beste gedoen sou kon word deur die bestaande sisteem van "tribal" reservate en dat dit makliker sou wees om die swartmense te beheer as hulle as "a native community" geleef het, eerder as wat hulle verspreid deur die blanke bevolking gevestig was. Die genoemde Howard Pim is later in hierdie verband gevolg deur persone soos Maurice Evans, Charles Templeman en Howard Brookes (Dubow 1991:23-28).

Dubow is van mening dat genl. Hertzog, wat grootliks vir die 1936 wetgewing verantwoordelik was, die segregasiebeleid verkondig het as "white supremacist" eerder as Afrikaner heerssugtigheid en het hy meeste van sy idees by hierdie Engelssprekendes gekry. Genl. Hertzog was egter nie altyd duidelik in sy formulering van dié beleid nie, wat tot baie verwarring aanleiding gegee het. Volgens Dubow was daar in hierdie stadium nog grootliks twee strominge binne die beleid van segregasie te bespeur. Aan die een kant het genl. Hertzog gestaan, wie se beleid 'n rassistiese karakter gehad het en wat klem gelê het op die ekonomiese en politieke uitsluiting van swartmense uit 'n gemeenskaplike samelewing. Genl. Smuts, aan die ander kant, se siening was een van paternalisme en voogdyskap (Dubow 1991:43-44).

Daar word egter nie heeltemal met Dubow saamgestem nie, aangesien daar aanduidings is dat genl. Hertzog op 'n indirekte wyse wel die beginsel van voogdyskap aanvaar het. So het hy onder meer in 'n toespraak wat hy op 3 Desember 1925 voor die Uniale Naturellekongres in Pretoria gemaak het, gepleit vir 'n beleid van segregasie as hy sê:

> "Ek voel daar oortuig van dat dit nie alleen vir die Europeaan, maar ook vir die naturel, die beste is dat wat betref die besit van grond die naturel afgesonder sal wees van die Europeaan" (Die Burger 4/12/1925:7).

Binne hierdie naturellegebiede sal swartmense dan hul eie administrasie uitoefen "deur middel van hulle eie, naturellekragte." Maar hy gaan verder en maak die stelling dat die swartmense van Suid-Afrika nie in onafhanklike state sal woon nie:

> "Ek mag hier byvoeg dat hierdie naturellestreke nooit sal word die onafhanklike of halfonafhanklike naturellestate waarvan sommige naturelle soms praat. Diegene wat dit verlang misken die toekoms vir Europeaan en naturel in Suid-Afrika. Die naturellestreke sal staan onder die hoofleiding van die Regering van die Unie" (Die Burger 4/12/1925:7).

Dit kom dus neer op 'n aanvaarding van die beginsel van voogdyskap oor die swartmense, soos wat genl. Smuts se siening aldus Dubow, ook was. Daar kan gevolglik afgelei word dat daar in hierdie stadium nog geen vaste standpunt oor die plek en funksie van die reservate binne die politieke en ideologiese raamwerk van die land was nie. Die ideologie moes eers volwaardig uitgewerk word en dit is eers in latere jare dat die beleid van totale skeiding uitgekristaliseer het. Dit word byvoorbeeld twintig jaar later eers gereflekteer in die woorde van D.F. Malan, wat in 1944 verklaar:

> "[Ek] gebruik nie die woord segregasie nie, omdat dit uitgelê is as afhokking, maar wel apartheid, wat aan dié wat op hulle eie staan die geleentheid gee om hulself op te hef op die grondslag van wat hul eie is" (Die Burger 8/5/1944).

Hoe sterker Afrikaner-nasionalisme in hierdie tyd gegroei het, hoe duideliker omlyn het die apartheidsbeleid geword. Vanaf hierdie tyd is die beginsel van apartheid in kontras met segregasie deur verskeie persone en mondstukke verkondig. Dit was nie net politici wat die beleid van apartheid verkondig het nie. Verskeie Afrikaner akademici het ook aktief meegedoen. Enkele werke

daterende uit hierdie periode, wat sterk nasionalisties is en ook die beleid van apartheid as gevolg daarvan verkondig het, is onder andere die van Coertze, Language & Van Eeden (1943), Cronje (1945, 1947, 1948) en Bosman (1955). Politici het op hul beurt hierdie geskrifte gebruik om status en legitimiteit aan hulle uitsprake te gee.

Teen 1948 was daar egter nog nie 'n nasionale apartheidsbeleid nie, alhoewel die idee van apartheid reeds deel van 'n volksbeweging was wat die Nasionale Party tot sy oorwinning in die verkiesing sou lei. Na 1948 sou alles in die stryd gewerp word om dit tot volvoering te bring.

Selfs lank daarna, soos wat met die beleid gevorder is en veral weens toenemende teenkanting deur die buitewêreld daarteen, is baie pogings aangewend om dit te regverdig. 'n Voorbeeld hiervan, deur bloot net na die titel daarvan te kyk, is die referaat gelewer deur M.D.C. de Wet Nel, destydse minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling: **Die morele grondslag van ons Apartheidsbeleid** (Nel 1961:383-398).

Rhoodie & Venter som die situasie, soos wat die regering in daardie stadium daaroor gedink het, as volg op:

> "Met apartheid probeer die Regering dit egter so bewerkstellig dat die volle aanslag van ... [Swart nasionalisme en pan-Afrikanisme] ... die Bantoe in sy eie nasionale tuisland tref, terwyl hulle die Blanke, eweneens in sy eie nasionale tuisland, betreklik onaangetas laat.
>
> Die apartheidsbeleid maak gelukkig voorsiening vir die vreedsame en gesonde ontwikkeling van die verskillende potensiële nasionale Bantoegemeenskappe. Hierdie proses is dan ook in volle harmonie met wat in die meeste Swart Afrika-state plaasvind. Die enigste verskil is dat die toekomstige Bantoestate in Suid-Afrika 'n meer ordelike en sistematiese evolusieproses sal deurmaak as hul ekwivalente verder noord - hoofsaaklik omdat die Bantoe d.m.v. apartheid, gekoppel aan tydelike voogdyskap, werklik opgevoed en opgelei word vir toekomstige selfstandigheid" (Rhoodie & Venter 1960:204-205).

Hierdie 'evolusionêre' politieke ontwikkeling van die 'Bantoestate' of later 'Nasionale State', gekoppel aan 'n sterk houding van paternalisme, was hoofsaaklik gemik op die ontwikkeling van 'n konstitusionele patroon wat die swartmense geleidelik na onafhanklikheid binne hulle afsonderlike Nasionale State sou lei. Die eerste noodsaaklike stap in hierdie rigting was om die onderskeie etniese groepe in hul tradisionele tuislandgebiede (Nasionale State) te vestig en te konsolideer (Botha 1983:385). Hierdie konsolidasie is onder meer gedoen deur middel van die Naturelle Trust en -Grondwet, Wet 18 van 1936 (kyk hoofstuk 7:2.4).

Die tweede noodsaaklike stap was die politieke ontwikkeling van die swartmense binne hierdie state. Volgens die opvattinge van die regering was dit noodsaaklik dat hierdie ontwikkeling gedoen word met behoud van die tradisionele stamhoofskap (kyk ook Comaroff 1974 en Breutz 1958 wat die situasie bespreek met verwysing na die Tswana). Volgens Botha (1983:399-400) het Lebowa sedert 1952 deur 'n proses van modernisering en 'evolusie' 'n selfregerende gebied met sy eie Wetgewende Vergadering geword. Hierdie proses het hoofsaaklik uit vier stappe bestaan:

- Die **eerste** stap in hierdie rigting is in 1951 geneem toe **stamowerhede** vir die verskillende stamgebiede ingevolge artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, Wet 68 van 1951, ingestel is. Terselfdertyd is daar volgens dieselfde wet ook **streeksowerhede** ingestel, wat uit verteenwoordigers van die stamowerhede in elk van die verskillende gebiede, bestaan het. Hierbenewens is die **Lebowa-gebiedsowerheid**, wat uit verteenwoordigers van die verskillende streeksowerhede bestaan het, vir die gebied ingestel. Dit is later deur die Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur, Wet 46 van 1959, aangepas (kyk afdeling 5:3 onder).

- Die **tweede** stap is in 1969 gedoen toe die Lebowagebiedsowerheid hersaamgestel is en uitvoerende magte aan 'n Uitvoerende Raad oorgedra

is. Terselfdertyd is daar ook 'n staatsdiens, wat uit ses departemente bestaan het, ingestel.

- Die **derde** stap het in 1971 gevolg toe die Lebowagebiedsowerheid ingevolge Proklamasie R156 van 1971 na 'n Wetgewende vergadering met beperkte wetgewende magte verander is. Dit is volgens die Wet op die Grondwet van die Swart State, Wet 21 van 1971, gedoen.

- Die **vierde** stap het in Oktober 1972 gekom toe Lebowa ingevolge Proklamasie R225 en R226 'n selfregerende gebied met beperkte wetgewende magte geword het.

Hierdie 'modernisering' van die stamowerheid waarvan Botha praat, wat maar net 'n poging tot die skep van legitimiteit vir die beleid was, is aangehelp deur middel van die aanstelling van klerke en sekretaresses, die bou van 'n stamkantoor, die uitreiking van kwitansieboeke, amptelike skryfbehoeftes en briefhoofde. Vlagpale is opgerig en die landsvlag, naas die Lebowa-vlag, verleen 'n amptelike status aan die kantore. By die Hananwa word korrespondensie amptelik gemaak deur dit met die **Royal Rubber Stamp**, waarop eersgenoemde woorde, die stamhoof se naam, die stamkantoor se adres en 'n afbeelding van die totemdier (bobbejaan) verskyn, te stempel. Dieselfde patroon is ook by ander stamowerhede gevolg. Soms is die totemdier groot op die stamkantoor geverf.

### 5.2 Wet op Bantoe-owerhede, Wet 68 van 1951

Onder hierdie wet is die ou Naturelle Verteenwoordigende Raad, wat in 1936 ingestel is, afgeskaf. Volgens die nuwe wet sou die plaaslike regering gebaseer wees op staminstellinge waarbinne die stamhoof en sy hoofmanne groter uitvoerende magte sou hê. Dit maak gevolglik voorsiening vir drie vlakke van beheer:

- **Stamowerhede**, wat uit die stamhoof en sy raadslede, asook enige ander persone wat hy mag goeddink om aan te stel, bestaan. Die stamowerheid se funksie was die algemene administrasie van die stam. Hulle moes ook toesien dat regulasies ten opsigte van gesondheid, betaling van belasting, registrasie van geboortes en dood, voorkoming van dieresiektes, en so meer uitgevoer word.

- **Streeksowerhede** is uit al die hoofde van die Stamowerhede en gemeenskapsowerhede en hulle verteenwoordigers, verteenwoordigend van die streek saamgestel. Hulle is aanvanklik spesifieke funksies opgelê, maar dit is later verander sodat hulle slegs as agente van die tuislandregerings in die administrasie van laasgenoemde gebiede optree.

- **Gebiedsowerhede** vorm die toppunt van die Bantoe-owerhede sisteem. Dit is uit alle lede van die streeksowerhede of hulle verteenwoordigers in die gebied saamgestel. Vir elke streek word 'n Hoof Uitvoerende Raadslid uit die verteenwoordigers, asook ander raadslede aan wie spesifieke portfolios toegeken word, gekies. In 1971 het wetgewing voorsiening gemaak vir die skep van wetgewende vergaderings om hierdie gebiedsowerhede te vervang (Horrell 1973:42).

Aanvanklik was daar in sommige dele van die land groot teenstand teen die aanvaarding van hierdie wet en die implikasie wat dit ingehou het, veral aangesien dit direk bygedra het tot die manipulering van tradisionele gebruike. Horrel stel dit:

> "The measure was, however, opposed in some areas on the grounds that it reinforced tribalism, enhanced the powers of chiefs, divided people into separate ethnic groups, and made little or no provision for commoners to participate in elective processes in the constitution of authorities" (Horrell 1973:41).

Die Hananwa is lank deur die plaaslike Naturellekommissaris bearbei om 'n

Bantoe-stamowerheid te stig. Dat dit nie onmiddellik na die aanvanklike instelling van die wet gedoen is nie, kan moontlik toegeskryf word aan die wrywing wat op daardie stadium tussen die stamraad en die Departement Naturellesake oor die aanstelling van Mosima as stamhoof geheers het (kyk bo). Daar is egter daadwerklik deur die lede van die Departement en die Kommissaris gepoog om die idee te bevorder. In November 1957 skryf die Hoof Naturellekommisaris (H. Bosman) aan die Sekretaris van Naturellesake dat die Hananwa "onderontwikkel" is en dat die stam weens sy "agterlikheid" lank nie gereed is vir die stig van 'n stamowerheid nie (Lêer F54/1074/2:124). In Januarie 1958 skryf die Sekretaris van Naturellesake (W.W.M. Eiselen) aan die minister van Naturellesake, dat die Hananwa steeds deur die Assistent Hoofnaturellekommissaris (P. de Beer) bearbei word om 'n stamowerheid te stig (Lêer F54/1074/2:132).

Met die aanstelling van WILSON is daar meer druk in hierdie verband op hom geplaas. Op sy navraag oor wie beheer uitoefen oor die mense wat op die Trustplase woonagtig is, is hy deur die Hoof Naturellekommissaris op 12 Februarie 1958 verseker dat die saak aandag sal geniet sodra hy besluit om 'n Bantoe-stamowerheid te stig (Lêer F54/1074/2:142). In Junie 1958 vra die stamhoof en sy raadslede pamflette aan, in Sotho, in verband met die regulasies van howe vir Stamhoofde en Hoofmanne, asook aangaande die Bantoe-stamowerhede (Lêer F54/1074/2:159). Die verskaffing van hierdie materiaal word in Julie 1958 deur die Ondersekretaris (Naturellegebiede) toegestaan (Lêer F54/1074/2:162).

Op 11 November 1958 berig die Naturellekommissaris: Bochum aan die Hoof Naturellekommissaris dat hy weer die geleentheid gebruik het om die voordele van die Bantoe-owerhede aan die Hananwa-stamhoof en sy raadslede oor te dra. Hulle was steeds baie wantrouig hierteenoor en die kommissaris rapporteer dat hulle hul saak as volg aan hom gestel het:

> "Die regering maak gedurig wette wat outomaties op ons van

> toepassing is, en ons moet dit volg, of ons nou daarvan hou of nie. Waarom moet ons dan nou juis vir hierdie nuwe wet vra, veral daar die amptenare so begerig is om ons daarvoor voor te berei" (Lêer F54/1074/2:167).

In Junie 1960 nader die stamhoof en van sy raadslede weer die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling om navraag te doen oor die verlening van regsmag aan die stamhoof oor die mense woonagtig op die Trustplase (kyk hoofstuk 7:2.4). Die posisie in verband hiermee en 'n algemene verduideliking in verband met die Bantoe-owerhede is deur die Staatsetnoloog aan hulle gedoen (Lêer F54/174/2:173).

In Julie van daardie jaar skryf die Bantoesake-kommissaris: Bochum aan die Hoof Bantoesake-kommissaris: Pietersburg, dat hy daarteen gekant is dat regsmag aan WILSON oor die Trustplase toegeken word. As rede hiervoor voer hy aan dat WILSON nie in administratiewe aspekte soos die registrasie van geboortes en dood wil saamwerk nie en dat hy nie 'n Bantoe-owerheid wil stig nie. Verder wys hy ook daarop dat weens hierdie houding van WILSON daar geen diensbonus in dié jaar aan hom toegeken is nie (Lêer F54/1074/2:174). Die terughouding van salarisverhogings en terughouding of vermindering van diensbonusse blyk 'n algemene strategie van die Departement te gewees het, aangesien Fischer (1992:140) byvoorbeeld soortgelyke gevalle in Mpumalanga Provinsie rapporteer.

In Augustus 1960 verwys die Hoof Bantoesake-kommissaris: Pietersburg hierdie aangeleentheid na die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Pretoria. Hy beveel aan dat:

> "Totdat Waarnemende kaptein Maleboch 'n Stamowerheid gestig en verbetering onder proklamasie 116/1949[12] aanvaar het sal dit nie raadsaam wees om enige Trustplase aan hom toe te ken of hom enige seggenskap daaroor te gee nie" (Lêer F54/1074/2:175).

---

[12] Het te make met "betterment" - kyk hoofstuk 7:3.

Strafmaatreëls om die Hananwa te dwing om tot die stigting van 'n Bantoe-owerheid, soos wat reeds hierbo genoem is oor te gaan, word gaandeweg teen hulle ingestel. 'n Jaar later, in Augustus 1961 is daar besluit om, weens hierdie "weerbarstige houding" van die stamhoof en 'n gedeelte van sy volgelinge, nie meer weiding op die Trustplase aan hulle te verhuur nie. Hulle kry opdrag om hul beeste te verwyder, anders sou dit geskut word (Lêer F54/1074/2:185, 186, 187). In hierdie stadium het die verhoudinge sodanig versleg dat dit aan kleinlikheid gegrens het. In 1961 het WILSON weens die nie-toekenning van gesag oor die Trustplase aan hom, geweier om die gedenkpenning wat tydens Republiekwording aan alle tradisionele leiers gegee is, in ontvangs te neem. Hieroor was die amptenary baie ontsteld (Lêer F54/1074/2:185).

Die aangeleentheid sloer vir baie lank en die volgende wat daarvan verneem word, is 'n skrywe van die Staatsekretaris, gedateer 29/7/1969 en onderteken deur die Eerste Minister (B.J. Vorster). Aangesien hierdie 'n belangrike 'mylpaal' op die Hananwa se pad na 'selfbeskikking' is, word die dokument hier in geheel aangehaal:[13]

> "MINISTERS het die eer om die Staatspresident mee te deel dat die Bahananoa-stam onder waarnemende kaptein Wilson Maleboch in die distrik Pietersburg, by geleentheid van 'n stamvergadering geraadpleeg is aangaande die instelling van 'n stamowerheid en dat dit geblyk het dat die stam nie ongeneë is dat so 'n stamowerheid, ingestel word nie.
>
> MINISTERS het derhalwe die eer om aan te beveel dat dit die Staatspresident mag behaag om kragtens die bevoegdhede hom verleen -
>
> 1. by artikel 5(1)(a) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), die grense van die gebied van die Bahananoa-stam te bepaal soos omskryf in die bygaande Bylae (in Afrikaans en Engels);
> 2. by artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (wet No. 68 van 1951), 'n Bantoe-stamowerheid in te stel, ten opsigte van die voornoemde Bahananoa-stam onder waarnemende kaptein W. Maleboch en ten opsigte van die

[13] Dit is ook in die Staatskoerant, no. 2503 van 15 Augustus 1969 aangekondig (Republiek van Suid-Afrika 1969:11-12).

gebied soos omskryf in die genoemde Bylae en wat bekend sal staan as die Bahananoa-stamowerheid; en

3. by artikel 3(1) van die genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, te bepaal dat die stamowerheid benewens die kaptein van die genoemde stam, uit hoogstens 67 raadsmanne moet bestaan" (Staatsekretaris R4678/88:1174).

In die Bylae tot hierdie skrywe word die grondgebied van die Hananwa ook aangedui. Dit bestaan naamlik uit 11 plase van die sogenaamde Maleboch lokasie, 14 plase wat in stam- of privaatbesit was en ongeveer 40 Bantoe Trustplase (kyk hoofstuk 7, kaart 6). Die ironie is dat hierdie gebied grootliks met dit wat die kern van die aanvanklike direkte politieke invloedsfeer van die Hananwa teen die einde van die 19de eeu was, ooreenstem (kyk hoofstuk 4:3).

Na verloop van jare kon die Hananwa-stamhoof nou weer gesag uitoefen oor dit wat histories geproke hulle s'n was. WILSON se aanvanklike houding van verset en sy uiteindelike aanvaarding van die Bantoe-stamowerheid kan geïnterpreteer word as 'n poging om die grondgebied te herstel, vandaar die belangstelling in die Trustgronde. Omgekeerd kan dit ook wees dat hy die sisteem bloot wou uitbuit om sodoende meer mense en grondgebied onder sy gesag te kry.

Die situasie hiervandaan vorentoe het egter nie heeltemal vlot verloop nie en die 'Bahananoa-stamowerheid' is nie dadelik geaktiveer nie. Die saak is tot 'n punt gedryf deur die Magistraat: Bochum wat, in 'n klaarblyklike poging om die stamowerheid ingestel te kry, pogings aangewend het om WILSON as waarnemende stamhoof te laat onthef. In 'n brief gedateer 5 Augustus 1971 maak hy die bewering dat WILSON nie die werklike stamhoof is nie en dat dit eintlik sy oom Philip is. Volgens hom het WILSON se moeder, Mmantshako, 'n groot houvas op hom en gebruik sy dit om die instelling van 'n stamowerheid teen te werk. Hy vra dat die saak na die Etnoloog verwys moet word om sodoende korrekte inligting te bekom (Lêer F54/1074/2).

Op 13 Augustus 1971 antwoord die Etnoloog: Pietersburg dat hy die saak sal

ondersoek. Hy waarsku egter dat die vervanging van WILSON as stamhoof nie van buite die stam aan die gang gesit kan word nie, maar slegs van binne die stam self. In hierdie sowel as latere briewe, byvoorbeeld op 8 Februarie 1972, toon die Etnoloog aan dat die Magistraat se sienswyse oor WILSON en Philip foutief is. Volgens die Etnoloog is die Hananwa se weiering tot samewerking veral aan twee redes toe te skryf:

> (a) "'n Diepgewortelde wantroue in die Blanke veral ten gevolge van die Mmalebôgô-oorlog van ongeveer 1896 (sic).
> (b) 'n Natuurlike konservatisme wat versterk word deur die betreklike isolasie waarin die kapteinsfamilie en 'n deel van die stam op die Blouberg woon" (Lêer F54/1074/2).

Hy is van mening dat weinig 'vordering' met hierdie stam gemaak sal word vir so lank as wat hulle toegelaat word om in isolasie op die berg te lewe. Hy is egter daarteen gekant dat die stamhoof en ander mense wat steeds op die berg woon, aan die onderkant hervestig word. Verder is hy ook nie ten gunste daarvan dat kantore en skole vir bediening van die mense wat bo-op die berg woonagtig is, onder die berg gebou moet word nie. Om hierdie isolasie te vebreek doen hy aan die hand dat daar 'n pad teen Blouberg uit gebou moet word tot by die hoofsetel. Hy sluit af met die volgende:

> "Ek wil graag weereens waarsku teen die gedagte rigting dat die kapteinskap van hierdie stam van regeringskant in een of ander rigting geforseer word" (Lêer F54/1074/2).

Die Magistraat: Bochum was klaarblyklik nie hiermee tevrede nie. Op 28 November 1972 skryf hy aan die Kommissaris-Generaal en die Sekretaris van die Hoofminister en vra dat WILSON as waarnemende stamhoof onthef moet word. Hy is die mening toegedaan dat die Lebowaregeringsdiens en die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling geen voordeel daaruit kry dat WILSON stamhoof is nie. Hy is steeds van mening dat Philip die eintlike stamhoof is. Philip is egter, volgens hom, nou ook teen 'vooruitgang' gekant aangesien hy bang is dat WILSON al die erkenning daarvoor sal kry. Dieselfde kan ook gesê

word van die 'Kapteinsraad' want dan sal hulle kapteinskap nooit weer herstel kan word nie. Hy sê:

> "Ek wil geensins die kapteinskap afdwing nie maar alleenlik bevorder deur aan te beveel dat Wilson Maleboho onthef word van sy amp as waarnemende Kaptein. Dit sal meebring dat Mantsoko (sic) alleen erkening as Kapteine sal hê en dat die Kapteinsraad dus 'n weg sal vind om of die Stamvrou aan te wys met Phillip as Prins-gemaal, of om 'n ander waarnemende Kaptein aan te wys of om Mantsoko van haar troon te onthef en dan die stamvrou aan te wys" (Lêer F54/174/2).

In antwoord hierop, lewer die Etnoloog die volgende uitspraak:

> "Die gedagte dat hierdie stam tot ander insigte gebring sal kan word deur die kapteinskap te manipuleer is, myns insiens, blote wensdenkery" (Lêer F54/1074/2).

### 5.3 Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur, Wet 46 van 1959

Hierdie wet het die Wette van 1927, 1936 en 1951 aangepas. Die doel daarvan was (Bantu 1972a:2):

- die erkenning van die onderskeie nasionale eenhede[14] van die Bantoe,
- om vir die geleidelike ontwikkeling van selfbestuur vir die Bantoe nasionale gebiede te sorg,
- om as skakeling tussen die regering en die nasionale eenhede te dien deur die daarstelling van 'n sterk band tussen die Bantoegroepe en die Sentrale regering in die vorm van Kommissarisse-generaal, en

---

[14] Vir doeleindes van hierdie wet sou die swart bevolking van Suid-Afrika uit agt etniese nasionale eenhede bestaan: Noord-Sotho, Suid-Sotho, Swazi, Tsonga, Tswana, Venda, Xhosa en Zulu, elk met 'n eie grondgebied. 'n Negende gebied, vir die Ndebele-sprekende mense, sou later bygevoeg word.

- die erkenning van die Bantoevolke se reg om politieke en administratiewe beheer oor alle aspekte van hul eie gemeenskappe te aanvaar.

Die voorskrif tot die Wet begin met die volgende woorde:

> "The Bantu people of the Union of South Africa do not constitute a homogeneous people, but form separate national units on the basis of language and culture: .... it is desirable for the welfare and progress of the said peoples to afford recognition to the various national units and to provide for their gradual development within **their own areas** to selfgoverning areas on the **basis of Bantu systems of government:**[15] .... it is therefore expedient to develop and extend the Bantu system of government for which provision has been made in the Bantu Authorities Act, 1951, with due regard to prevailing requirements, and to assign further powers, functions and duties to regional and territorial authorities" (Sachs 1965:278).

In daardie stadium was die gesaghebbende liggaam in die tuislande 'n gebiedsowerheid. Die volgende stap in die proses van grondwetlike ontwikkeling sou die instelling van wetgewende vergaderings wees. Die Hananwa, as deel van die Noord-Sotho nasionale eenheid, word dus deur hierdie wet vanaf 'n entiteit wat op plaaslike vlak funksioneer het (stamowerheid), by verwikkelinge op streeks-(gebiedsowerheid) en nasionale vlak (Noord-Sotho volk) betrek. Die aard van hul betrokkenheid op nasionale vlak word steeds van buite bepaal: binne 'n eie gebied en volgens 'n sisteem van regering wat spesiaal vir die doel geskep is.

## 6. SAMEWERKING EN VERSET

### 6.1 Samewerking: Die Lebowa Wetgewende Vergadering

---

[15] Eie beklemtoning. In hoofstuk 7 word gewys hoe hierdie grondgebiede gevestig is. Vroeër in hierdie hoofstuk (6) is aangedui hoe 'n stelsel van regering gevestig is.

Die gebiedsowerheid van Lebowa wat op 10 Augustus 1962 ingestel is, is op 16 Junie 1969 hersaamgestel en groter uitvoerende magte is ook aan 'n Uitvoerende Raad toegeken. Die Lebowa Gebiedsowerheid is vervolgens op 1 Julie 1971 in 'n Wetgewende Vergadering omskep, waarna die gebied in 1972 tot die tweede fase van selfregering oorgegaan het (Bantu 1972b:4; Breytenbach 1974:48). Die uitvoerende magte van die Wetgewende vergadering is in die Kabinet, wat uit 'n Hoofminister en vyf ander ministers bestaan, gesetel. Vier lede van hierdie kabinet moet stamhoofde wees. Verder word Noord-Sotho as een van Lebowa se amptelike tale erken en die tuisland is nou ook op "'n eie nasionale vlag en volkslied geregtig" (Bantu 1972b:5).

Soos reeds daarop gewys, het Lebowa ingevolge Proklamasie R226 van 1972 'n selfregerende gebied met beperkte wetgewende magte geword. Hiervolgens sou die Wetgewende Vergadering uit 100 lede bestaan, wat die 15 distrikte van Lebowa verteenwoordig. Van hierdie 100 persone sou 59 uit tradisionele stamhoofde bestaan, een 'n verteenwoordiger van stamhoof Modjadji van die Lobedu en die ander 40 verkose lede (Botha 1983:400; Horrell 1973:59-60). Die tradisionele gesagsfigure is in Februarie 1973 aangewys, terwyl die verkose lede eers in April 1973 verkies is (Breytenbach 1974:49). In hierdie verkiesings het primêre stamgroeperinge nie 'n wesentlike rol gespeel nie, sodanig so dat die belangriker stamhoofde, onder andere dié van die Hananwa (d.w.s WILSON), nie een van die twee hoof partye tydens die verkiesing ondersteun het nie. Die rede hiervoor, volgens Breytenbach, moet gesoek word in die feit dat daar so 'n groot aantal tradisionele gesagsfigure (stamhoofde) reeds in die Wetgewende Vergadering opgeneem is (Breytenbach 1974:51).

Tradisionele instellinge het ook 'n groot rol in die verdere ontwikkeling van die Lebowa Regering gespeel. Stamhoof Matlala het in 1974 sy opposisieparty ontbind en aangekondig dat hy hom by die party van C. Phatudi, sy voormalige teenstander, gaan skaar. Die rede hiervoor was moontlik die feit dat hy nie 'n verenigde front van stamhoofde tot stand kon bring nie en sodoende sy steun

verloor het. Phatudi het egter in die manifes van sy politieke party onder andere in twee van die sewe punte klem op tradisionele aspekte gelê, wat moontlik 'n groot rol kon gespeel het in die steun wat hy by die tradisionele leiers gehad het:

> 2) "Kapteinskap: Hierdie is ons tradisionele groep-krag. Ons glo van harte dat hierdie inrigting gehandhaaf moet word. Hieraan moet die rol van plek en eer toegeken word. Gevolglik is ons van voornemens om eerlike diens te lewer aan alle kapteins en lede van koninklike bloed.
> 3) Spesiale gewoontes: Ons onderneem om die spesiale gewoontes van ons nasie te eer, byvoorbeeld, besnydingskool en godsdienstige gebruike" (Breytenbach 1974:122).

In teenstelling met hierdie opvatting het een van sy teenstanders, C. Ramusi, openlik verklaar dat stamhoofskap en stamgesag vernietig behoort te word (Breytenbach 1974:55-56).

Die Bochum-distrik word by die Lebowa Wetgewende Vergadering deur twee sogenaamde tradisionele leiers, naamlik stamhoofde LEBOHO en Kibi, en twee verkose lede van die parlement, verteenwoordig. Laasgenoemde twee persone, P. Tshula en M. Leboho wat albei van Blouberg is, het hulle posisie en steun aan hierdie twee tradisionele leiers te danke (die situasie soos in 1990). Die politiek verander egter en in 1990 het die **South African Youth Congress** (SAYCO) daarop aangedring dat die twee gekose leiers moet bedank aangesien hulle as "puppets" van die regering beskou word en dat hulle niks doen om 'n bydrae tot die ekonomiese opheffing van Blouberg te maak nie.[16] Toe hulle nie wou bedank nie, het die skoliere 'n boikot teen hierdie twee persone se besighede - 'n winkel en drankwinkel respektiewelik - ingestel. Beide besighede is baie naby aan die grootste plaaslike hoërskool geleë en kon dus maklik deur die kinders geboikot word. Hulle was egter nie baie suksesvol hierin nie. Die plaaslike inwoners was

---

[16] In 1989 het voormalige Hoofminister Nelson Ramodike 'n politieke toespraak by Blouberg kom lewer. Hiertydens is beloftes gemaak, byvoorbeeld dat die grootpad vanaf Vivo via Bochum na Blouberg geteer sal word, maar dit het nooit gerealiseer nie. Dié tipe onverantwoordelike optrede het dalk aanleiding gegee tot die versterking van hierdie opvattinge.

nie ingenome met hierdie optrede nie aangesien hulle van mening is dat dit van buite gestimuleer is. Dit reflekteer in 'n groot mate die algemene houding van politieke onbetrokkenheid wat deur die mense (met die uitsondering van die groter skoolkinders) van die gebied geopenbaar word (kyk onder), veral die groep mense wat hulle steeds met die tradisionele vorm van gesag, soos verteenwoordig deur die stamhoof, vereenselwig. Dit beteken egter nie dat daar nie individue was wat op 'n meer onopsigtelike wyse by die politiek betrokke was nie.

### 6.2 Pogings tot verset

In die jare onmiddellik na die instelling van die Wet op Bantoe-owerhede is dit op verskillende plekke in die land gevestig.[17] Dit word onder meer getuig deur die bydraes wat van tyd tot tyd in die tydskrif **Bantu**, amptelike mondstuk van die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, aangetref word. Byvoorbeeld, die ander seksie van die Hananwa onder stamhoof Kibi het reeds in Oktober 1954 oorgegaan tot die aanvaarding van 'n stamowerheid (Bantu 1955:59).

Daar was egter ook teenkanting teen Bantoe-owerhede, soos in geval van die Hananwa. Die proses van verset teen dit wat deur 'n sentrale owerheid van buite op hulle afgedwing is, het 'n lang geskiedenis onder die Hananwa, maar dit is ook van 'n lae intensiteit. Die eerste daadwerklike poging tot verset was uiteraard die oorlog van 1894, wat onsuksesvol vir die Hananwa verloop het (kyk hoofstuk 5:3). Die latere optredes van SEIPHI en WILSON wat reeds bespreek is, kan ook as pogings tot verset beskou word. Alhoewel veral die ouer segspersone steeds met bitterheid verwys na die ontwrigting wat gevolg het op die verskuiwing van woonplekke en die vermindering van veestapels wat weens die

---

[17] Teen 1982 is daar in die voormalige Lebowa ten opsigte van 125 erkende 'stamme' reeds stamowerhede ingestel (Wiid 1982:9).

beleid van "betterment" in die 1940's en 1950's op hulle afgedwing is (kyk hoofstuk 7:3), was daar by hulle nie veel aktiewe deelname aan die verset nie.

In dié verband dateer een van die min gedokumenteerde gevalle van verset uit 1956. Dit het egter nie plaasgevind alleen weens die inisiatief van die Hananwa self nie. 'n Sendelingsuster van die Berlynse Sendinggenootskap (BSG), wat te Blaauberg op die plaas Leipzig gestasioneer was, is deur die Naturelle-kommissaris van Pietersburg gelas om die gebied te verlaat aangesien sy haar te openlik met landsake bemoei het en die Hananwa teen die regering probeer opsweep het (Van der Merwe 1987:151). Sodanige optredes is reeds volgens seksie 29 van die Naturelle-administrasiewet, Wet 38 van 1927, verbied (Rogers 1949:23). Dié geval moet egter nie in isolasie gesien word nie. In hierdie periode was daar in die platteland op nasionale vlak verskeie ander pogings van verset teen die regering, onder andere in die Soutpansberg- en Marico-distrikte en Sekhukhuneland (kyk Lodge 1990).

Volgens Van der Merwe het die Berlynse Sendinggenootskap reeds sedert 1948 krities teen die beleid van afsonderlike ontwikkeling gestaan, maar het dit eers in 1967 daadwerklik veroordeel. Die rede hiervoor was vermoedelik dat die BSG-komitee verkies het om 'n lae profiel te hou weens die feit dat die Luthers-Berlynse Sendingkerk in daardie stadium in wording was en dat hulle gevoel het dat te sterk uitsprake die vestiging van die Kerk sou benadeel. Dit beteken egter nie dat daar nie individuele sendelinge was wat teen die beginsel van apartheid gekant was nie (Van der Merwe 1987:151), soos wat daar sekerlik individue was wat dit voorgestaan het.

Dit was eers weer in die laat 1980's en vroeë 1990's dat daar op sporadiese wyse pogings was om verset teen die regering aan te teken. Hierdie keer was dit egter nie soos in die verlede die stamhoofskap wat in verset gekom het nie. Nou het dit meerendeels bestaan uit skoolkinders, grootliks georganiseer deur die "Civics", wat die bywoning van skole geboikot het en opmarste na Bochum

gehou het om daar teen die gebrek aan skoolboeke, swak fasiliteite en so meer te betoog. Baie taxi- en motoreienaars in die omgewing het die skoliere na Bochum aangery vir die geleenthede. Dit het onder meer in 1989 en 1991 plaasgevind, maar kan in omvang glad nie vergelyk word met soortgelyke protes-aksies wat in die stedelike gebiede plaasgevind het nie. Dit was eers sedert laat 1990, vroeg 1991 dat openlike ondersteuning van die populêre "struggle", byvoorbeeld plakkate en T-hemde wat pro-Cosatu en die ANC was, in die gebied opgemerk is. Die effek van hierdie opmarste op die posisie van die amptelike strukture was egter nie beduidend nie, maar dit het by die kinders 'n eenheidsgevoel en 'n gevoel van deelname aan die "struggle" gelaat, iets wat later deur sommiges met trots opgehaal is in gesprekke oor die 'Nuwe Suid-Afrika', die aanloop tot die verkiesing van 1994 en veral die materiële voordeel wat dit vir almal gaan inhou.

In al hierdie tyd is slegs 'n enkele geval van intimidasie teengekom. Dit het uit plakkate wat sonder toestemming van 'n winkeleienaar teen sy winkel aangebring is, bestaan. Toe hy beswaar daarteen gemaak het, is vae dreigemente dat die winkel afgebrand sal word gemaak. Ander eienaars wat oor die aanbring van hierdie plakkate uitgevra is, het dit as ondersteunend van hulle persoonlike standpunt verduidelik.

## 7. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar aangedui hoedat die gesag van die tradisionele stamhoof en sy rade deur middel van wetgewing bepaal is. Dit is op 'n ondemokratiese en kunsmatige wyse gedoen deurdat die Goewerneur-generaal per wetgewing as die Opperhoof van alle swartmense aangewys is. Dit is egter verduidelikend van die houding van voogdyskap, wat vir die grootste deel van die eerste helfte van die huidige eeu die amptelike benadering van die regering

was. Mettertyd het die situasie ook verander en het voogdyskap in apartheid oorgegaan. Om hierdie nuwe ideologie te onderhou moes daar, as een van die belangrikste hoekstene vir afsonderlike ontwikkeling, 'n gesagstruktuur bewerkstellig word om dit te kan akkommodeer. Elemente van die tradisionele politieke struktuur is daarin opgeneem, hoofsaaklik met die doel om dit 'gebruikersvriendelik' te maak sodat die mense daarin kon tuisvoel.

Maar, soos met die aanvanklike proses van ontmagtiging, is die mense op wie hierdie stelsel van toepassing gemaak is, nie daarin geken nie. Vanuit amptelike dokumentasie blyk dit duidelik dat die Hananwa nie bereid was om sonder teenkanting in hierdie sisteem gemanipuleer te word nie. Dit was slegs later met die besef dat dit ook oor grondgebied gaan (kyk hoofstuk 7) dat die stamhoof bereid was om daarby in te skakel, moontlik ook met die doel om die stelsel te manipuleer.

Hierdie hele proses het daarom gedraai dat daar 'n politieke identiteit vir hulle geskep moes word, een wat hulle sou verhef vanaf die mense van Blouberg, wat nie wou saamwerk nie, na mense wat op 'nasionale' vlak, as deel van 'n Sotho-volk, binne die ideologie van afsonderlike ontwikkeling hulself sou kon handhaaf.

# HOOFSTUK 7

# 'N EIE GRONDGEBIED AS BASIS VIR AFSONDERLIKE ONTWIKKELING

## 1. INLEIDING

Die omstandighede en beginsels waarvolgens swartmense woonagtig in die voormalige Transvaal grond besit het, het oor die afgelope honderd jaar drastiese verandering ondergaan. Aanvanklik het die grond in geheel aan die stam behoort en was die konsep van privaatbesit totaal onbekend. Daar was altyd voldoende grond beskikbaar en meer kon deur gebiedsuitbreiding verkry word indien dit benodig sou word. Dit is gevolg deur 'n proses waarvolgens swartmense stelselmatig van hulle grond ontneem is, die grond verkapitaliseer en hulle tot arbeiders verlaag is om onder direkte kontrole van die nuwe grondeienaars te werk. Vir die grootste deel van die huidige eeu was die eienaarskap van grond deur swartmense beperk tot daardie gebiede wat opeenvolgend bekend gestaan het as 'naturelle lokasies', 'naturelle reservate', 'tuislande' en 'selfregerende state' of 'nasionale state'. Die besit van die grond is deur middel van optrede van buite hierdie samelewings gereël.

Die daarstelling van eie grondgebiede of tuislande vir elk van die groter 'etniese groepe' in die land, as basiese voorvereiste vir onafhanklikheidmaking, was een van die belangrikste mikpunte waaraan die regering van die tyd moes voldoen vir die suksesvolle uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling (kyk hoofstuk 6:5). Dit het volgens Yawitch (1981:7) tot gevolg gehad dat eiendomsreg van grond in Suid-Afrika nie net 'n rol in die uitbouing van 'n politieke ideologie gespeel het nie, maar dat dit ook 'n raamwerk daargestel het waarvolgens landboukundige- en ander ontwikkelingstrategieë sou plaasvind. Die

bespreking van hierdie prosesse vorm die inhoud van hierdie hoofstuk.

## 2. IDEOLOGIE VAN ONTEIENING

Daar bestaan verskillende interpretasies van die grondliggende beginsels agter die skep van die 'naturelle reservate'. Slegs dié van twee persone, M. Lacey en S. Dubow, wat as't ware elk 'n deel van die antwoord onderskryf, sal bespreek word. Volgens Lacey se beskouing is die naturelle reservate die resultaat van die wisselwerking tussen die groot mynhuise en blanke landboukapitaal. Vir eersgenoemde moes die reservate as reservoir van arbeid dien, wat deur die myne en industrieë benut kon word. Werkers sou as migrante na die blanke gebiede kon gaan en daar teen 'n salaris wat so laag is dat dit slegs die enkel migrant, sonder sy gesin, kon onderhou, werk. Die mense wat nie in die myne gewerk het nie, sou in die reservate deur middel van landbou op selfstandige wyse vir hulself moes sorg. Die blanke landboukapitaal, daarenteen, was gekant teen die uitbreiding van die reservate en het dit tot hul voordeel beskou om dié gebiede so klein as moontlik te hou. Dit was juis as gevolg van die onvoldoende beskikbaarheid van grond, dat hierdie sisteem van reservate mettertyd sou misluk (Lacey 1981).

Volgens Lacey is die wisselwerking tussen hierdie twee hoof rolspelers, en die vraag óf die mynhuise óf die landboukapitaal sou wen, opgelos deurdat genl. Smuts en genl. Hertzog in 1934 hul onderskeie politieke partye saamgevoeg het - die Suid-Afrikaanse Party wat die myne verteenwoordig het en die Nasionale Party wat die landbou verteenwoordig het - in 'n Verenigde Party. Van toe af kon daar konsensus oor die eksploitering van swart arbeid bereik word (Lacey 1981).

In sy uiteensetting voer Dubow aan dat twee ander faktore in hierdie verband

'n rol gespeel het. Die eerste is dat die staat nie totaal monolities en eenstemmig in die voorstaan van verskillende kapitalistiese belange was nie. Die tweede faktor was dat die segregasiebeleid die potensiaal gehad het om 'n wye reeks politieke belangegroepe binne die grense van sy ideologie te betrek. Die hele kwessie van stemreg en grondsake, wat op daardie tydstip van kardinale belang was, is hier relevant. Hy gaan voort om te wys dat die rol van hierdie groepe die aangaan van kompromieë was wat 'n antwoord tussen grondgebied aan die een kant en die verlies aan politieke verteenwoordiging aan die ander kant was (Dubow 1991).

## 2.1 Tradisionele grondbesit

Onder pre-koloniale omstandighede is besitreg oor 'n grondgebied deur besetting of verowering daarvan verkry (kyk hoofstuk 4). By die Sotho-sprekende samelewings van suidelike-Afrika was daar geen beginsel van individuele grondbesit nie en het die grondgebied in geheel aan die stam behoort, met die stamhoof wat as 'trustee' daarvan opgetree het. Grond is nooit as 'n kommersiële of verhandelbare bate beskou nie.

Alhoewel die grond aan die stam as geheel behoort het, was die verdeling en benutting daarvan nie gemeenskaplik nie, maar is dit deur middel van sekere beginsels gereël. Die reg tot toekenning en verdeling is deur die stamhoof en sy rade uitgeoefen, wat die gebruik daarvan aan individue toegesê het. Vir alle praktiese doeleindes behoort die grond dan aan die individu. Areas wat nie toegeken is nie, het as gemeenskaplike grond gedien en is vir weiding en jag gebruik (kyk byvoorbeeld Mönnig 1967; Harries 1929).

Elke hoof van 'n huishouding was geregtig op 'n perseel om op te woon en 'n stuk grond om as landerye te bewerk. Hy kon dit dan weer tussen sy verskillende vrouens onderverdeel omdat elk op 'n stuk van haar eie geregtig is. Die vrou

sal voortgaan om dit te bewerk of braak te laat lê so lank as wat sy wil. Hierdie grond is oorerfbaar binne die verwantegroep. Alle geskille ten opsigte van grond en die gebruik daarvan is vir beslegting na die hoofman verwys. Indien hy nie die probleem kan oplos nie, is dit uiteindelik na die stamhoof vir beslegting geneem. In gevalle waar 'n stuk grond in onbruik raak, byvoorbeeld as mense wegtrek of almal oorlede is, kan die stamhoof of hoofman dit weer aan iemand anders toeken.

Die stamhoof ken ook grond aan nuwe intrekkers in die woongebied toe. Daar is reeds in hoofstuk 4 'n uiteensetting gegee van die verskillende nedersettings wat in die onmiddellike omgewing van Blouberg bestaan het. Soos wat hierdie nuwe intrekkers hul alliansie aan die stamhoof bevestig het, is daar grond aan hulle toegeken. Die verspreiding van hierdie nedersettings was ook so beplan dat dit 'n eerste linie van verdediging vir die **mosada** (hoofsetel) van die stamhoof kon wees, soos wat tydens die oorlog van 1894 duidelik geblyk het (kyk hoofstuk 5:3).

Dit is belangrik om te onthou dat die aanvanklike verdeling en toekenning van grond in tye voordat daar 'n skaarste daaraan bestaan het, plaasgevind het. Die toekenning wat aan elke gesin gedoen is, was ruim genoeg om in alle behoeftes te voorsien, selfs ook vir latere onderverdeling. Met die beperkinge wat gevolg het op die afbakening van die reservate of lokasies en die toename in bevolkingsgetalle, moes die beskikbare landbougrond al meer en meer onderverdeel word om in almal se behoeftes te kan voorsien. Die resultaat was oorеksploitasie, wat mettertyd tot agteruitgang van die omgewing en swakker opbrengste gelei het.

### 2.2 Skep van eie grondgebiede

Voor unifikasie in 1910 het die vier voormalige Republieke en Kolonies elk hulle

eie beleid ten opsigte van die eienaarskap van grond gehad. In baie gevalle was dit ook teenstrydig met mekaar. In die Transvaal het die proses van vervreemding van die grond aan die blanke boere en ander grondeienaars daartoe bygedra dat slegs 'n klein gedeelte van die provinsie vir bewoning deur swartmense oorgebly het. In plattelandse gebiede waar daar groot konsentrasies swartmense was, is min of geen grond vir hulle gelaat. Die ligging en grootte van die reservate is in die meeste gevalle deur kommissies bepaal, wat op hulle beurt weer in hul werk grootliks gelei is deur die bestaande vestiging van groepe in die verskillende gebiede en behoeftes soos wat dit op daardie oomblik was. Die mense waarvoor daar nie voorsiening in die reservate gemaak is nie, is op die grond wat hulle geokkupeer het, gelaat. Die res van die grondgebied is as plase opgemeet en aan blankes verkoop of as kroongrond behou (Sachs 1965:47). Op hierdie wyse het groot dele van Blouberg en die onmiddellike omgewing mettertyd in die hande van blanke boere gekom.

In die Transvaal het Volksraadresolusie, Artikel 124 van 1853 bepaal dat kommandante van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) grond vir bewoning aan swartmense asook hul nageslag kan gee, op voorwaarde van goeie gedrag en onderdanigheid. Die gevolg was dat in die Transvaal tot met die eerste Britse Anneksasie van 1877, slegs enkele 'lokasies' of 'reservate' vir bewoning deur die swartmense eenkant gesit is en wel in Sekhukhuneland en die voormalige Zoutpansberg-distrik (Weideman 1946:7). Laasgenoemde distrik het in daardie stadium ook Blouberg ingesluit.

Tydens die Pretoria Konvensie van 1881 is daar voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n lokasiekommissie (wat later deur verskeie ander opgevolg is), wat die toekenning van lokasies aan swartmense op regverdige basis sou ondersoek. Heelwat werk is deur hierdie kommissie gedoen. So is daar byvoorbeeld volgens die Konvensie van 1881, Artikel 22, Uitvoerende Raadsbesluit no. 191 van 11 Mei 1882 en belowe deur die Lokasiekommissie, Artikel 103 van 9 Februarie 1888, 'n lokasie vir die Hananwa aan die

Mogalakwena-rivier afgebaken (Weidemann 1946:7). Die afbakening hiervan het ook later een van die aanleidende oorsake van die 1894 oorlog geword (kyk hoofstuk 5:3). Dit sou bestaan het uit 40 000 morg langs die Mogalakwena-rivier, vanaf die suidwestelike grens van die plaas Driekoppies, noord langs die rivier af tot by die plaas Goudmyn, daarvandaan oos tot by die oostelike grens van die Goewermentsgronde (Weidemann 1946:7). Die grootste gedeelte van dit wat hier beskryf is, val vandag onder die nominale gesag van die Hananwa en was in elk geval grondgebied waaroor hulle in die verlede politieke beheer uitgeoefen het (kyk hoofstuk 4).

Die Lokasiekommissie van 1905, daarenteen, het aan die hand gedoen dat die Hananwa 'n lokasie oos van Blouberg aan die Brakrivier, langs dié van Kibi, op die plase Rietbokvlei, Zuurbult, Leone, Knoppiesdoorn, Kaalplaats, Stafford, Kierielaagte, Oog van Brakrivier en Zandheuvel kry (Lokasiekommissie 1905c:3). In hierdie geval sou die lokasie dus presies aan die teenoorgestelde kant wees van waar die vorige Kommissie dit aangedui het.

Weens die uiteenlopendheid van die beleid wat onderling tussen die provinsies geheers het, was daar met Unie-wording in 1910 dus geen eenvormige stelsel nie en is stappe dadelik geneem om dit reg te stel. Die eerste hiervan was die aanvaarding van die Naturelle Grondwet van 1913.

### 2.3 Naturelle Grondwet, Wet 27 van 1913

Hierdie wet was 'n tussentydse maatreël wat daarop ingestel was om die onsistematiese besetting van grond deur blankes en swartmense te verhoed en die verdere verkryging van grond deur swartmense te beperk. Dit het ook ten doel gehad om te voorkom dat geen swart persoon buite die sogenaamde geskeduleerde naturelle gebiede grond mag koop, huur of belange daarin mag verkry. Die **Geskeduleerde gebiede** is daardie gebiede wat in 1913 deur

swartmense bewoon en opgeneem was in die Skedule van Naturelle Grondwet van daardie jaar (Bantu 1954:3).

Dié Wet maak ook voorsiening vir die aanstelling van 'n Kommissie, later bekend as die Beaumont Kommissie, wat as hooftaak gehad het

- die vasstelling van gebiede waarbinne swartmense nie grond mag besit of huur of belange in mag hê nie; en

- die vasstelling van gebiede waarbinne persone anders as swartmense nie grond mag besit of huur of belange in mag hê nie (Rogers 1949:144).

Die verskillende gebiede, soos voorgestel deur die Kommissie, is ook per skedule by die wet gevoeg. Ten tye van die aanvaarding van die wet is daar reeds sowat 40 lokasies wat afsonderlik uit 33 losliggende gebiede bestaan het, afgebaken. In hierdie verband is die Lebowa-gebied kragtens die Naturelle Gronde (Natal & Transvaal) Bevrydingswet, Wet 28 van 1925, gewysig met die uitruil van nege plase in die Soutpansberg-distrik vir nege plase in die Pietersburg-distrik. Op hierdie wyse het die sogenaamde 'Mmalebogo-lokasie' tot stand gekom (Bantu 1973:3).

Verdere probleme wat in verband met eiendomsreg van grond ontstaan het, is in 1927 met die aanvaarding van die Naturelle-administrasiewet opgelos (kyk hoofstuk 6:4.1). In terme van hierdie wet is die Goewerneur-Generaal aangewys as die opperhoof van alle swartmense. Ten opsigte van grondsake het hy en sy amptenare die reg gehad om die grense van lokasies te bepaal, om 'stamme' onder te verdeel of saam te voeg, of nuwe 'stamme' te verklaar. Hy kon ook 'in openbare belang' 'n stam of gedeelte daarvan enige tyd vanaf een gebied na 'n ander verskuif (Harries 1929:142-143; ook Sachs 1965:44). Sekere ander probleme ten opsigte van grond was steeds nie uitgestryk nie. Dit sou eers 'n paar jaar later met die aanvaarding van die Naturelle Trust en -Grondwet van 1936

gedoen word.

## 2.4 Naturelle Trust- en Grondwet, Wet 18 van 1936

Hierdie wet is as deel van genl. Hertzog se beleid van 'segregasie' ingestel en was 'n poging om 'n finale verdeling van die grond tussen swartmense en blankes te maak. Dit is aanvullend tot die Naturelle Grondwet van 1913 en gesamentlik verteenwoordig dié twee wette die beginsel van territoriale skeiding of afsonderlike grondregte tussen blankes en swartmense in nie-stedelike gebiede (Rogers 1949:147).

Die hoof doelstellings van hierdie wet is kortliks die volgende:

- Die stigting van die Suid-Afrikaanse Naturelle Trust met die Goewerneur-Generaal as Trustee.

- 'n Fonds, bekend as Suid-Afrikaanse Naturelle Trust Fonds is gestig om grond vir die swartmense te bekom en om die ontwikkeling van landbou in die gebiede aan te help.

- Alle kroon- en Trustgrond,[1] naturelle lokasies en reservate en onvervreembare kroongrond in die vrygestelde gebiede[2] is aan die Suid-Afrikaanse Naturelle Trust toegesê.

- Die vrygestelde areas mag in totaal nie meer as sewe en 'n kwart miljoen

---

[1] **Trustplase** - Kroongrond en plase wat deur die Trust in terme van Naturelle Trust- en Grondwet van 1936 bekom is (Bantu 1954:3).


[2] **Vrygestelde gebiede** - Dit wat in die Skedule van die Naturelle Trust- en Grondwet van 1936 verskyn as daardie gebiede waarin die Suid-Afrikaanse Naturelle Trust geregtig is om addisionele grond te bekom (Bantu 1954:3).

morg oorskry nie (Sachs 1965:77-78).

In die algemeen het hierdie wet die grond wat tot die beskikking van die swartmense volgens die Naturelle Grondwet van 1913 was, van 'n syfer van 7% van die totale landsoppervlakte tot 13% uitgebrei. Dit het verder ook die geleentheid geskep vir inwoners van hierdie gebiede om grond van hulle eie te bekom. Individue en groepe individue by Blouberg het dan ook vroeg reeds begin om plase wat vrygestel is, op te koop. Dit is gedoen deurdat 'n aantal persone saamgespan en geld bymekaar gemaak het vir die aankoop van 'n plaas waarop hulle reeds gewoon het, of waarby hulle historiese belange gehad het. Dit is in hoofsaak vermag deur aan trekarbeid deel te neem en 'n deel van hulle inkomste te spaar, asook onder andere deur die verkoop van beeste. Hierdie eiendom vererf dan ook na die nageslagte van die aanvanklike aankopers.

Een van die eerste plase wat so opgekoop is, was Bognafuran aan die suidekant van Blouberg. Dit is later gevolg deur die aankoop van onder meer Too Late (1944), Eusarinca (1946), Eldorado (1946) en Old Langsine (1947). Daar was egter in die omgewing ook enkele ander plase reeds in privaatbesit, byvoorbeeld The Bul-Bul, wat in 1929 van 'n sekere Van Zyl-Slabbert aangekoop is (Uitvoerende Raad 2279; Departement Naturellesake 803, 286/162). In teenstelling met die situasie in ander dele van die Transvaal, byvoorbeeld Thabamoopo-distrik, het die mense van Blouberg nooit veel probleme gehad om grond op hierdie wyse te bekom nie.

Kaart 6 gee 'n aanduiding van die samestelling van die grondgebied waaruit die stamgebied bestaan: die plase wat deel vorm van die oorspronklike reservaat of Maleboch's lokasie, privaat- en stamgrond en Trustplase. Die enkele plase wat nie aangedui word nie, byvoorbeeld Schroellen, is ook in privaatbesit. Die bewoners van die meerderheid van hierdie privaat plase neem hulle sake na die Hananwa-stamhoof vir beslegting en vorm dus vir alle praktiese doeleindes ook deel van die stamgebied (Lêer F54/174/2:129). Ander werk egter weer direk met die magistraat te Bochum




Kaart 6. Verspreiding van grond: oorspronklike reservaat, stam- en privaatgrond en Trustplase en die Hananwa-woongebied.

met die magistraat te Bochum.

## 3. "BETTERMENT"

Dit is reeds hierbo gestel dat een van die grondliggende idees agter die aanvanklike skep van die reservate was dat dit as bron van arbeid, veral vir die myne, moes dien, maar soos in die geval by Blouberg, ook vir industrieë en die algemene sektor. Werkers wat as trekarbeiders die gebiede verlaat sou deur die inkomste wat hulle verdien in staat wees om vir hulle afhanklikes wat in die reservate agterbly, te sorg. Die res van die mense wat nie aan trekarbeid deelgeneem het nie, moes plaaslik deur middel van landbou selfstandig wees. Daar moes dus voldoende grond beskikbaar wees om hulle op onderhoubare wyse te ondersteun. Blanke boere was egter heeltemal teen die uitbreiding van die reservate gekant aangesien die Naturelle Trust potensieel van hulle grond sou opneem. Die ander kant van die saak was dat hoe minder grond die swartmense tot hulle beskikking gehad het, hoe geredeliker sou hulle as arbeiders op die plase en in die industrieë bly werk het, wat tot voordeel van die werkgewers was (kyk Murray 1992:126-127).

Teen die 1920's het die landbou-opbrengs van die reservate begin daal, sodanig dat dit teen die 1930's in sekere gebiede drastiese afmetings begin aanneem het. Reeds vanaf 'n baie vroeë stadium was die regering bekommerd oor die agteruitgang van die grond in die naturelle reservate en is daar besef dat dit noodsaaklik is om die landboukundige aktiwiteite te verbeter om die mense sodoende daar gevestig te hou. Om hierdie kwessie aan te spreek is daar in 1929 binne die Departement Naturellesake 'n direkteur vir Naturellelandbou aangestel (Dubow 1991:95).

Die basis van die probleem was dat die totale oppervlakte grond wat in 1913 vir

die reservate ge-oormerk is, onvoldoende was. Verskeie kommissies is aangewys om hierdie situasie te ondersoek. Een van die resultate was die Naturelle Trust en -Grondwet van 1936, waarvolgens addisionele grond tot die naturellegebiede toegevoeg kon word. Ander resultate was byvoorbeeld die ondersoek na die ekonomie van die reservate deur die **Social and Economic Planning Council** wie se verslag in 1946 onder die titel **The Native Reserves and Their Place in the Economy of the Union of South Africa** verskyn het.

Die vraagstuk waarmee hierdie Raad hom besig gehou het, was: of die reservate gesien moes word as die tuiste van 'n gevestigde, stabiele naturelle arbeidersklas, of moes dit dien as reservoir van arbeid vir die myne, industrieë, en so meer (kyk afdeling 2 bo). Die hoofbevinding van die Raad was dat die reservate vinnig agteruitgaan en dat daar dringend aandag daaraan gegee sal moet word (Sachs 1965:82). Die Raad se gevoel was dat die beleid vir ontwikkeling op eersgenoemde oplossing gerig moet wees en dat programme uitgevoer moet word vir interne verstedeliking. Deur die ontwikkeling van handwerk en ander toepaslike industrieë, kon aanvaarbare en voldoende inkomste vir die mense wat nie grondeienaars kan wees nie, bewerkstellig word. Daar is gehoop dat dit 'n nuwe mark sal skep vir landbouprodukte wat plaaslik geproduseer word en sodoende ook 'n stimulerende effek op die ekonomiese en kulturele lewe van die reservate sal hê (Sachs 1965:81). Dit gee met verloop van tyd aanleiding tot die ontstaan van die beginsel van "betterment".

Per definisie is **"betterment"**-areas al daardie naturelle reservate of gebiede wat, na konsultasie met die bewoners,[3] deur die Minister as sodanig verklaar word. Aanvanklik is hierdie konsep deur Proklamasie 31 van 1939 geïmplementeer, maar is in 1944 weer aangepas en het finaal beslag gekry met Proklamasie 116 van 1949 (Yawitch 1981:11, 14). Binne hierdie gebiede is die Departement

---

[3] Daar is reeds in hoofstuk 6:5.2 gewys op die drastiese stappe wat soms deur die owerheid geneem is in 'n poging om onder andere die konsep by die mense, veral die plaaslike gesagstruktuur, te vestig.

van Naturellesake gemagtig om kontrole oor die grond uit te oefen en die veestapel te verminder tot by die drakrag. Verder is alle Trustplase outomaties as "betterment"-areas geklassifiseer en kon die Departement dus daarop beplanning doen soos wat hulle wou. Aangesien daar amper geen mense in die laasgenoemde gebiede woonagtig was nie, was die teenstand teen die "betterment" nie van dieselfde intensiteit as in die oorspronklike lokasie-gebiede nie. Dit was ook in ander plattelandse gebiede soos byvoorbeeld Qwaqwa die geval (Murray 1992:157).

Vir die implementering van die "betterment"-program, is komitees vir elk van die streke, waarvan die voormalige Noordelike- en Sentraal-Transvaal een was, aangewys. Die oogmerke van die program van "betterment" kan as volg opgesom word:

- vestiging van die grond volgens die mees voordelige wyse
- afbakening van woon-, landbou- en weidingsgebiede[4]
- die vestiging van landelike nedersettings
- die vestiging van 'surplus' mense in landelike nedersettings[5]
- bebosting, om die vraag na brand- en bouhout te bevredig[6]
- oprigting van grensdrade
- grondbewaringsprogramme
- bewaring en ontwikkeling van waterbronne
- veldkontrole (drakapasiteite ens.)[7]

---

[4] Hierdie word deur segspersone as een van die mees kontroversiële aspekte van die sisteem bestempel. Dit het daarop neergekom dat groot getalle bestaande nedersettings, soos in hoofstuk 4 uiteengesit is, ontruim moes word en die mense na aangeduide gebiede moes verhuis (kyk onder).

[5] Dit het veral eers later aan die noorde-, weste- en oostekante van die Hananwa-woongebied plaasgevind en het 'n groot verandering in die etniese samestelling van die bewoners daarvan meegebring.

[6] Sover vasgestel kan word, het dit nooit by Blouberg plaasgevind nie en is dit moontlik een van die redes waarom die ontbosting van die berg tans op so 'n groot skaal plaasvind.

[7] Volgens segspersone is hulle op kort kennisgewing beveel om van oortollige vee ontslae te raak. Na gelang van die drakrag van 'n gebied is die minimum aantal per huishouding vasgestel en moes die res per openbare veiling verkoop word. Klaarblyklik het baie individue groot skade weens lae pryse gely. In gebiede na die suide is daar selfs van die oortollige vee doodgeskiet. Hierdie

- stabilisering van sandduine
- ontwikkeling van besproeiingsmoontlikhede[8]
- verbetering van sanitasie
- verbetering van paaie, brûe en vervoermiddele
- ontwikkeling van plaaslike industrieë[9]
- enige ander maatreëls vir die bevordering van die algemene ekonomiese en sosiale welvaart van die mense
- toekomstige supervisie en beheer van die area
- kosteberamings vir hierdie handelinge (Rogers 1949:157-160).

Dit blyk duidelik dat 'n groot deel van die bogenoemde handelinge gemik was op die hervestiging van mense om dorpstigting te fasiliteer. Volgens Horrel (1973:81) is daar bepaal dat in die droeër gebiede van Noordelike Provinsie, 'n ekonomiese eenheid varieer van 2,5 tot 7,7 hektaar verboubare grond, plus 14 stuks beeste (kyk ook hoofstuk 2). Vanweë die groot getal mense wat op hierdie tipe boerdery staatgemaak het, is daar nie vir almal genoeg grond om op te boer nie. Die antwoord hierop was volgens die Departement Naturellesake dus in dorpstigting geleë.

Die uitvloeisel hiervan was dat daar volgens die sisteem van "betterment" 'n opname van alle grond in die reservate gemaak is en is dit in drie kategorieë onderverdeel, naamlik grond wat geskik is vir weiding, landbou, of om op te vestig. Nuwe nedersettings is nou uitgelê volgens 'n ruitpatroon (by Blouberg algemeen bekend as **malaene**, wat afgelei is van die Engelse woord "line") en almal is gedwing om na hierdie areas te verhuis. Daar het elke gesin 'n enkele

---

sensus word vandag steeds streng toegepas en die vee word ten minste twee keer per jaar deur amptenare van die Departement van Landbou getel.

[8] Byvoorbeeld, aan die noordekant van die berg is daar op die plaas Edwinsdale 'n dam gebou vir besproeiingsdoeleindes. Dit is tans geheel en al in onbruik.

[9] Hierdie aspek sou eers later met die stigting van die Bantoe Beleggingskorporasie en die Bantoe Ontwikkelingskorporasie (hoofstuk 8:3) tot sy reg kom, alhoewel dit nie veel impak by Blouberg gehad het nie (kyk hoofstuk 3).

erf gekry om op te vestig. Die gevolg was dat die familie opgebreek is en persone ruimtelik verder vanaf verwante en bure verskuif is. Dit het die moontlikheid van 'n 'organiese' groei van die vestigingswyse verhinder aangesien verwante hulle nie altyd in die nabyheid kon vestig nie.[10] By Blouberg was die meerderheid mense op die aanvanklike lokasie-gebiede gevestig en het hulle nie onder veel druk van hierdie program gekom nie. Tog is 'n aantal mettertyd na dorpe (kyk hoofstuk 2) wat op hierdie wyse in die Trustgebiede beplan is, verskuif.

Soos wat dorpies volgens malaene gestig is, moes die mense daarheen trek. Veral daardie nedersettings wat teen die hange van die berg geleë was (kyk hoofstuk 4), is hierdeur beïnvloed aangesien die bergdele volgens die beginsels van "betterment" as weiveld geklassifiseer is. So byvoorbeeld moes die mense wat te Morotsi op die plaas The Park woonagtig was, na dorpe op die plase Springfields en My Darling trek. Noord van die berg het dit byvoorbeeld op die plase Witstein en Varedig plaasgevind. Die optrede was grootliks ingestel op die hervestiging van mense wat nie in die landbou betrokke sou wees nie, asook die landbouers self. Vir die ordelike verloop van hierdie proses van hervestiging en om die "tradition, tribal customs, family bonds, attachment to birthplaces and [the] graves of ancestors" in stand te hou, is dit deur die Kommissie aanbeveel dat 'n deel van die bevolking in die 'landelike' gebiede moet agterbly om hierdie oorgang te fasiliteer terwyl die res in die dorpe hervestig word (Horrell 1973:136-137). By Blouberg was dit in wese nooit 'n groot probleem nie. Die rede hiervoor, aldus segspersone van die stamhoof, is dat "betterment" nie noodwendig die stamhoof wat in daardie stadium nog bo-op die berg woonagtig was, dit wil sê op 'n deel van die oorspronklike sogenaamde lokasie, asook die verskillende 'heilige' terreine[11] waar die vroeë stamhoofde begrawe is, geraak

---

[10] Vir verdere inligting in verband met hierdie onderwerp, kyk byvoorbeeld die werk van Yawitch (1981) en Davenport (1987a).

[11] Met ander woorde ritueel belangrike terreine, byvoorbeeld Moilatha wat die ou verlate hoofsetel van die Hananwa is en waar vir verskeie geslagte reeds die stamhoofde in die beeskraal begrawe word.

het nie. Met ander woorde, die tradisionele politieke gesag- en religieuse struktuur is nie daardeur ondermyn nie en die gewone mense kon met die wete dat hierdie bande steeds behoue gebly het, verhuis.

Dit is ook duidelik dat hierdie verandering wat in die vestigingswyse van die Hananwa plaasgevind het, in 'n groot mate ook verantwoordelik is vir die veranderende patroon in hul rituele. Aanvanklik het die Hananwa in 'n meer hegte verband, waar daar 'n groter gevoel van gemeenskaplikheid was, saamgewoon. Die verandering in vestigingswyse, asook die groot groepe vreemdelinge wat hier hervestig is, het 'n verandering in die rituele, van 'n gemeenskapsgeoriënteerde patroon tot een wat op die kleiner groep ingestel is, tot gevolg gehad. Die gemeenskaplikheid van die rituele het dus as't ware geskuif van een 'gemeente' of belangegroep na 'n ander. Indien groepe mense nou byeenkom vir een of ander ritueel, word dit nie uitgevoer ten behoewe van die groter gemeenskap nie, maar slegs vir die kleiner belangegroep. Voorbeelde hiervan is die biddag vir reën wat deur 'n deel van die gemeenskap gehou is of die oesfees wat deur die verskillende Kerke aangebied word. Kyk ook Colson (1971:210-244) vir vergelykende inligting by die Tonga.

Daar was wel by Blouberg teenstand teen hierdie beleid van "betterment", maar die intensiteit daarvan was nie so hoog as in ander dele van die land nie (kyk byvoorbeeld Lodge 1990). Dit is egter ook waar dat die verset teen "betterment" gepaard gegaan het met die verset teen die aanvaarding van die Wet op Bantoe-owerhede. In hoofstuk 6:5 is daarop gedui hoedat stamhoofde SEIPHI en WILSON teen hierdie ontwikkelingswerk gekant was. Die een resultaat hiervan was dat die ou sogenaamde Maleboch-lokasie selfs vandag nog min van hierdie ontwikkeling reflekteer, veral ten opsigte van woonwyse en die ordelike implementering van dienste en fasiliteite.

Dit is ook so dat die beleid van "betterment" meer gebruikersvriendelik geïmplimenteer kon gewees het. In hierdie verband wys Du Toit daarop dat van

die kant van die Departement Naturellesake niks gedoen is om die proses van hervestiging vir die mense te vergemaklik nie. Volgens hom is daar geen studie van die gemeenskappe wat hervestig moes word, die area waarin hulle hervestig word en hulle besondere behoeftes gedoen nie. Volgens hom moes dit die taak van die Etnologie Afdeling van die Departement gewees het, maar hulle het nooit sodanige studies gedoen nie (Du Toit 1982:156-157). By Blouberg was dit ook die geval. Die hulp wat die mense tydens hervestiging in die oorspronklike lokasiegebied gekry het, was totaal onvoldoende. Volgens segspersone is daar hoofsaaklik net boorgate gesink, handpompe opgerig, enkele damme gebou en paaie as toegangsroetes gemaak.

Op plase wat aan die Trust behoort het, was die situasie egter heelwat anders en kon die beginsels van "betterment" makliker toegepas word: die infrastrukturele ontwikkeling soos paaie en watervoorsiening, asook die plasing van hospitale, klinieke, kerke, winkels en veedippe is veronderstel om meer sinvol te wees, maar dit is nooit in konsultasie met die mense gedoen nie. Dit is selfs moontlik om 'n standaard uitleg in hierdie dorpe waar te neem. Gewoonlik is die hoof waterbron (reservoir) in die middel van die dorp gebou. Die kliniek is aan die een kant, naby die hoofpad, geleë. 'n Primêre skool word in die middel van die dorp opgerig, maar soos wat dit uitbrei, word nuwes in ander dele opgerig. Die sekondêre skool, indien daar wel een is, word so geplaas dat dit binne die bereik van leerlinge van meer as een dorp is.

Dit is maklik om te veralgemeen en slegs die negatiewe ten opsigte van die ontwikkeling wat deur dié Departement gedoen is uit te wys. Individue en geleenthede bewys soms die teendeel, soos duidelik uit die onderstaande gesien kan word.

In die verlede en tans nog meer (kyk hoofstuk 2) het daar groot bekommernis geheers oor die agteruitgang van die natuurlike omgewing. Veral die situasie op die berg het aanleiding tot groot bekommernis gegee. Oorbeweiding en die afkap

van bome vir vuurmaakhout was en is steeds aan die orde van die dag. Die feit dat daar sekere rare plantsoorte op die berg voorkom, het gehelp om natuurbewaringskundiges bekommerd te maak.

Sedert die vroeë 1970's is daar pogings aangewend om Blouberg of gedeeltes daarvan tot natuurreservaat te verklaar. Dit sou beteken dat die mense wat bo-op die berg woonagtig was hervestig moes word. Die Etnoloog: Pietersburg, maan op 14 November 1974 teen die onverantwoordelike verskuiwing van mense uit die berg en doen aan die hand dat alternatiewe gebiede oorweeg word. Hy spreek verder die oordeel uit dat die mense nie doelbewus die plantegegroei verniel nie. Dit is eerder die gevolg van die feit dat hulle noodgedwonge weens swak lewensomstandighede hierdie hulpbronne moet eksploiteer. Hy stel voor dat daar met ontwikkeling op die vlakte om Blouberg gekonsentreer moet word deur veral aandag te gee aan watervoorsiening, akkerbou en weidingsmoontlikhede en alternatiewe bronne vir bou- en vuurmaakhout. Sodoende sal die bosveld om die berg aantrekliker gemaak word en die mense uit eie beweging uit die berg trek. Dit sal ook verhoed dat mense op die vlakte hulle na die berg wend vir noodsaaklike lewensbehoeftes. Hy maan verder (13 Januarie 1975) oor die 'politieke' implikasies wat sodanige verskuiwings vir die stam kan inhou, aangesien van die hoofmanne hulle woongebiede sou moes opgee en daar nie beskikbare grond is om hierdie wyke te hervestig nie. Klaarblyklik is ander gebiede, waar minder mense by 'n verskuiwing betrokke sou wees, later gekies vir die skep van hierdie natuurreservaat (15 Mei 1975) (Lêer F54/1074/2).

Mettertyd is daar wel twee natuurreservate in dele van die berg geproklameer - kyk hoofstuk 2:3.5. Die voordeel wat dit vir die mense van Blouberg inhou is gering omdat dit min werkgeleenthede bied en hoofsaaklik net vir grootwildjagters toeganklik is.

Hierdie is slegs 'n enkele voorbeeld. In die meeste gevalle waar beplanning deur ander departemente gedoen word, word hierdie oordeel nie altyd aan die dag

gelê nie.

Onlangse planne vir die oprigting van 'n hoërskool en koshuis in 'n vallei op die plaas Beauley aan die voet van die berg, sal 'n groot negatiewe impak op die vallei hê. Benewens die natuurskoon en inheemse bos wat daardeur bedreig word, word 'n aantal Vroeë Ystertydperk- en historiese terreine ook in gevaar gestel. Trouens, paaie wat geskraap is vir die boormasjien om vir water te boor met die oog op hierdie ontwikkeling, is nieteenstaande beswaar wat aangeteken is, deur van die terreine gemaak en groot skade is aangerig. Die waarde wat hierdie tipe hulpbronne vir die gemeenskap, in die vorm van ekotoerisme, inhou, het nog nie tot die beplanners deurgedring nie.

Na wat verstaan word sal hierdie 'n eksklusiewe skool wees, iets wat nie bekostigbaar of tot voordeel van die plaaslike gemeenskap sal wees nie. Die kanse is beter dat 'n hotel van een of ander aard hier opgerig gaan word. Sonder die doen van geïntegreerde omgewingsimpakstudies, sal sodanige ontwikkeling katastrofies wees.

Oor die algemeen word "betterment" grootliks vanuit 'n negatiewe oogpunt beskou. Die probleem, so word geglo, moet eerder gesien word in die toepassing daarvan as in die konsep self. In teenstelling met die algemene beeld wat in die etnografie aangetref word, is "betterment" by Blouberg nie deur almal as negatief beleef nie, soos wat die volgende paar opmerkings, geneem uit 'n aantal gevallestudies, duidelik aantoon.

- <u>Gevallestudie 3</u>

- 'n Groep segspersone van een dorp wes van die berg is dit eens dat dit vandag aansienlik beter met hulle gaan aangesien toegang tot water en landbougrond nou makliker is. Hulle sou byvoorbeeld ook nie in staat gewees het om 'n komplekse watervoorsieningsisteem in te rig as hulle

nog op die 'ou' plek teen die hang van die berg gebly het nie. Daar bestaan egter steeds by hulle 'n gevoel van heimwee na hul ou woonplek.

- Simon Nkgweng vertel dat met die aanvanklike verskuiwing van die nedersetting sy vader daarin geslaag het om 'n veel beter perseel te kry om op te bou, asook in geheel 'n groter stuk landerye, omdat hy een van die eerste persone was wat ingewillig het om te trek. Dít word deur Simon as 'n prestasie beskou aangesien een van die hoof doelstellings van "betterment" die rasionalisasie van grondbesit was - oor die algemeen het almal minder grond gekry as wat hulle aanvanklik gehad het.

- Betty Leboho is 'n bejaarde vrou wie se man reeds baie jare in die stad woonagtig is en nooit meer terugkeer huistoe nie. Sy beskik slegs oor haar woning (bestaande uit drie rondawels), 0,5 hektaar om op te plant, drie bokke en 'n paar hoenders. Sy pas haar seun en drie dogters, wat almal in die stede werk, se kinders en kleinkinders op. Elk van haar kinders stuur maandeliks geld terug om haar te help met die onderhoud. Dit wissel gesamentlik van R10-00 tot R50-00, maar oor Kersfees kan dit tot soveel as R200-00 wees. Dit is egter tesame met haar pensioen beswaarlik genoeg om van te lewe. As bejaarde 'enkel-ouer' is sy bly dat skole, klinieke en water meer toeganklik is as wat dit by haar ou woonplek bo-op die berg was. Op haar oudag kan sy nie meer ver reis nie en wil ook nie hê dat haar kleinkinders ver skooltoe moet loop nie.

Vir vreemdelinge van buite die gebied was dit ook maklik om sonder om trou aan die stamhoof te bewys 'n perseel vir bewoning te bekom (kyk in hierdie verband byvoorbeeld ook Spiegel 1988).

- Verskeie segspersone vertel dat hulle slegs sowat R1-00 aan die hoofman van 'n wyk betaal het, waarna laasgenoemde dan as tussenganger optree en die voornemende intrekker na die stamhoof neem. By die stamkantoor,

teen betaling van 'n eenmalige heffing van ongeveer R50-00, kry hy dan 'n erf om op te bou, die reg om beeste te laat wei en indien daar nog grond beskikbaar is, ook 'n stuk om op te plant. In teendeel, in van die oostelike dele van die woongebied is daar 'n aantal mense afkomstig vanuit Vendaland wat na Blouberg verhuis het juis vanweë die feit dat die lewenskwaliteit volgens hulle hier baie beter is as in Vendaland.

Die probleme van mense op sommige van die plase wat in private besit is, is in verhouding tot voorgenoemde baie groot. Die infrastruktuur is steeds swak ontwikkel. Daar is byvoorbeeld slegs twee paaie wat in Makgabeng ingaan en dit is so sanderig dat dit nie sonder moeite met 'n gewone voertuig afgelê kan word nie. Water moet met groot moeite uit riviere en putte verkry word. Verder is daar nie winkels, klinieke, skole of 'n posdiens nie.

- Otto Leboho, woonagtig op een van hierdie plase in Makgabeng, het vier kinders van skoolgaande ouderdom. Vir 'n tydlank het sy kinders daagliks met sy donkiekarretjie skooltoe en terug gery. Die karretjie se as het egter gebreek en hy kan nie 'n geskikte plaasvervanger daarvoor kry nie. Die kinders moet nou by verwante en vriende loseer wat naby die skole woonagtig is, aangesien die afstande vir die kinders te groot is om daagliks te voet af te lê. Dit plaas 'n addisionele uitgawe aan losiesgelde op die skouers van Otto, wat in sommige gevalle nie eers die jaarlikse skoolgeld kan bekostig nie.

Dat die effek van hierdie verandering in vestigingswyse 'n omvangryke invloed op die lewenswyse van die mense van Blouberg gehad het, is gewis. Benewens die meer praktiese voorbeelde wat hierbo genoem is, het dit ook op ander gebiede gemanifesteer en kan dit selfs op visuele vlak onderskei word. Die mense wat verhuis het, moes sonder hulp en bystand nuwe wonings oprig en met hul besittings trek. In baie gevalle is daar in tradisionele boutegnieke van swaar houtpale vir die konstruksie van wonings en beeskrale gebruik gemaak. Die

mense het nie oor die middele beskik om dit self te vervoer nie en by die nuwe dorpe is hulle weens die toepassing van die konsep van die herstel van die bodem ook nie toegelaat om weer sodanige pale te versamel nie. Daar is dus meer en meer van kleimure gebruik gemaak, wat hulle meer geleentheid gegee het om versieringskuns te beoefen. Foto's dateerend uit die 1920's toon duidelik dat die Hananwa wel muurversierings gedoen het, maar dat dit intussen baie toegeneem het weens die groter gebruik van kleimure.

Die funksie van hierdie mure begin ook verdwyn. Dit wil onder meer blyk of die werfmure (**mebotwane**) wat om die wonings gebou word, hetsy van hout of van klei, oorspronklik baie hoog was - sodat 'n persoon nie met gemak daaroor kon kyk nie. Aanvanklik het die mense in familieverband saam gevestig, waar hulle in groot getalle dig teen mekaar gewoon het. Die funksie van hierdie mure in en om die nedersetting was redelik kompleks van aard en hou verband met verskillende aspekte soos privaatheid, die skep van religieuse en rituele ruimtes en sosiale groeperinge. Met die ontwikkeling van die vestigingswyse in **malaene** het elke gesin 'n eie werf gekry en is dus ruimtelik verder van bure en verwante verskuif. Gevolglik is dit nie meer nodig om privaatheid te bewerkstellig deur die bou van hoë mure nie en kon ander ruimtes op eenvoudiger wyses aangedui word. Die mure word laer en dien tans bloot net as 'n aanduiding van die ruimte, eerder as om dit te skep. Daar word gepostuleer dat die versiering van mure gevolglik ook met verloop van tyd heeltemal sal verdwyn.

Dit is dus duidelik dat die program van "betterment" ingrypende verandering in die lewenswyse van die mense van Blouberg tot gevolg gehad het. Netwerke van sosiale verhoudinge is versteur en moes van nuuts af saamgestel word. In baie gevalle is bronne van sekuriteit, soos groot kuddes beeste, drasties ingekort. Slegs in enkele gevalle het "betterment", byvoorbeeld op praktiese gebiede soos watervoorsiening, verligting vir die mense gebring. Dié swak prestasie lê opgesluit in die feit dat "betterment" deurgaans 'n ander belang, naamlik afsonderlike ontwikkeling dien, in plaas daarvan om die mense te help.

## 4. VAN "BETTERMENT" TOT "RESETTLEMENT"

Nieteenstaande die program van "betterment" het die situasie in die reservate, veral ten opsigte van die landbou, steeds agteruitgegaan. Die Nasionale Party het in 1948 aan bewind gekom en in 'n poging om 'n oplossing vir hierdie probleem te vind word verskeie kommissies van ondersoek aangestel. Die belangrikste was die Tomlinson-kommissie wie se verslag in 1955 gevolg het op die voorgenoemde **Social and Economic Planning Council** (Horrell 1973:77). Dit was ook een van die belangrikste hoekstene waarop die beleid van afsonderlike ontwikkeling sou steun en het vanaf 1950 onder voorsitterskap van prof. F.R. Tomlinson gefunksioneer.

Volgens Hellman was die probleem wat hierdie Kommissie in die gesig gestaar het die teenstrydigheid wat in sy aanvanklike opdrag ingebou is. Die opdrag was naamlik om 'n ekstensiewe ondersoek in te stel en verslag te doen oor 'n uitgebreide skema vir die rehabilitasie van die reservate. In hierdie verband het die Kommissie verreikende voorstelle gemaak vir die bevordering van landbou en industriële ontwikkeling. Wat dit onmoontlik gemaak het, was dat die Kommissie 'n sosiale struktuur in lyn met die 'kultuur' van die swartmense moes opstel, maar voorstelle moes doen vir die rehabilitasie van die swart gebiede gebaseer op effektiewe sosio-ekonomiese beplanning. Dit moes dus voorstelle wees vir die verwestersing van die ekonomie, maar terselfdertyd moes die tradisionele kultuur en sosiale struktuur behou word. Dit kon hulle nie doen nie (Hellman 1957:1).

Een van die Kommissie se voorstelle was byvoorbeeld dat industrieë na die swart landelike gebiede gelok moet word om werk te verskaf aan die mense wat hulle grond verloor het (Davenport 1987a:406-407). In die geval van Blouberg het dit egter nie gebeur nie, aangesien dit geografies te ver van die groter ekonomiese sentrums geleë is, asook vanweë die gebrek aan grondstowwe en 'n goeie infra-struktuur (kyk hoofstuk 2). Die mense sou dus steeds hoofsaaklik van

landbou en trekarbeid vir hul ekonomiese voortbestaan afhanklik bly (kyk hoofstuk 8).

Die regering het die meerderheid van die Kommissie se aanbevelinge nie aanvaar nie, veral daardie wat, soos gestel deur die destydse minister van Naturellesake, dr. H.F. Verwoerd, die tradisionele stamstruktuur sou ondermyn. Volgens Horrell het hierdie besluitloosheid en passiwiteit van die kant van die regering daartoe bygedra dat daar in der waarheid bitter min verrig is (Horrell 1973:80).

Die konsep van "betterment" ondergaan egter met verloop van tyd 'n gedaantewisseling as gevolg van die proses van tuislandkonsolidasie en die opruiming van sogenaamde swart kolle (kyk ook Yawitch 1981). Waar die aanvanklike doel was om vir die bestaande inwoners van die gebied 'n beter lewe te skep, word dit later toegepas om al die 'surplus' mense binne die grense van die reservate te akkommodeer. Die impak hiervan was omvattend. Dit verander enersyds die demografie van die gebied geweldig (kyk hoofstuk 3:2.2) en andersyds plaas dit meer druk op die bestaande hulpbronne. Die meeste dorpe aan die suide-, weste- en noordekant van die berg het as gevolg hiervan buite verhouding uitgebrei.

Scudder & Colson (1982:267) is van mening dat mense wat aan gedwonge hervestiging onderworpe is, deur twee fases gaan. Die aanvanklike periode van hervestiging veroorsaak baie stres. Gevolglik is hulle meer konserwatief van aard en klou onder meer vas aan ou groeperinge, verhoudinge, asook ou gebruike. Hulle vermy ook die neem van risikos (kyk ook De Wet 1993:321). Dit bring polarisasie tussen die aanvanklike inwoners en hervestigde mense mee, wat vinnig tot nuwe trauma aanleiding kan gee. Die nuwe intrekkers is geneig om nie gediend met die tradisioneel gesagstruktuur te wees nie, wat in krisissituasies baie spanning kan uitlok. In stede daarvan om 'n geskil volgens die tradisioneel sisteem te besleg, is dié mense geneig om eerder die hulp van die polisie in te roep aangesien hulle glo dat die tradisioneel gesagstruktuur in beginsel teen hulle gekant is. In hierdie verband is klagtes ten opsigte van verlore goedere,

weidingsregte en so meer tydens die ondersoek aangehoor.

Die probleem is egter baie meer kompleks. Vanweë die groot getalle mense wat met verloop van tyd in hierdie dorpe hervestig is, word baie probleme met dienste en fasiliteite, asook hulpbronne soos brandhout, dekgras en water ondervind. Dit word vererger deurdat werksgeleenthede skaars is en die mense gedwing word om hul eie planne vir oorlewing te maak. Die planne, wat noodwendig prakties van aard moet wees, impakteer in baie gevalle geweldig op die omgewing. In Makgabeng word trekkers gebruik om bome om te trek, dit met sleepwaens uit te ry, op te saag en as brandhout te verkoop as bron van inkomste. In sommige dele is die situasie so sleg dat daar selfs **morula**-bome afgekap word, 'n handeling wat onder normale omstandighede deur taboes verbied word. Daar is ook baie meer vee waarvoor weiding gevind moet word. Dit is veral duidelik in van die groter dorpe wat vinniger uitbrei as wat dit ontwikkel. Die veld is gestroop van alle bome, die strate is onvoldoende en bestrooi met vullis. Meer skole en watervoorsieningstelsels moet gebou word, wat bestaande bronne van inkomste swaarder belas. Die volgende paar opmerkings, geneem uit 'n aantal gevallestudies, dien om die situasie toe te lig.

- <u>Gevallestudie 4</u>

- Margaret Mojela, 'n bejaarde segspersoon kla dat sy nie meer kinders van skoolgaande ouderdom het nie. Sy word egter verplig om 'n bydrae tot die oprigting van 'n nuwe skool te maak aangesien haar kleinkinders dit moontlik ook eendag sal gebruik.

In hierdie situasie van hervestiging kan jaloesie by tye hoog loop en in baie gevalle gaan dit ook met beskuldigings van kwaadwillige towery gepaard. Beskuldigings oor die manipulasie van weerlig en die gevolglike vervolging van die 'skuldiges' deur die gemeenskap self, is herhaaldelik tydens die ondersoek teëgekom:

- In een geval aan die noordekant van die woongebied is 'n man se woning deur lede van die betrokke gemeenskap afgebrand kort nadat 'n jong kind deur die weerlig gedood is. Die opvatting plaaslik is dat 'n persoon wat nie dadelik kom kyk as die weerlig iemand raak geslaan het nie, vanselfsprekend skuldig is, aangesien hy of sy weet wat gebeur het en dus nie hoef te gaan kyk nie. Die man se verweer is egter dat hy 'n nuwe intrekker in die gebied is en nie van hierdie opvatting bewus was nie.

- In 'n ander deel van die woongebied is die murasies van 'n woning uitgewys waar 'n man 'n paar jaar vantevore met klippe doodgegooi is nadat hy daarvan beskuldig is dat hy weerlig aan ander mense 'verkoop' het.

Erkenning word gegee aan die feit dat kwaadwillige towery in enige konteks kan plaasvind. Dit blyk egter asof dit veral in situasies wat met baie stres gepaard gaan, soos met die vestiging van groot groepe nuwe inwoners, 'n hoër frekwensie van voorkoms het. De Jongh (1994:232) toon, in sy studie van Mosambiekse vlugtelinge wat hulle in Mpumalanga Provinsie bevind, dat stres ook hier 'n groot rol speel. Die hoof rede is dat die vlugtelinge in hierdie nuwe gemeenskap hulself op 'n lae vlak van bemagtiging bevind aangesien hulle grootliks tot 'n laer sosio-ekonomiese vlak behoort en oor min politieke gesag beskik. Hierdie situasie van stres is net die omgekeerde van die situasie wat Colson (1971:245) onder die Tonga van Zimbabwe gevind het. In hierdie geval is die gemeenskap as geheel hervestig en moes hulle mekaar dus in die nuwe situasie ondersteun. Verder het hulle nie nodig gehad om vir beperkte bronne met 'n reeds gevestigde gemeenskap te kompeteer nie.

Met verloop van tyd word die tweede fase van hervestiging betree. Die nuwe intrekkers begin om bande van vriendskap en verwantskap te smee en meer waagmoed en ondernemingsgees word aan die dag gelê. Dié mense is nou meer gewillig om kanse te neem, selfs meer nog as die deel van gemeenskap wat nie

hervestig is nie (De Wet 1993:321). Dit kan baie duidelik by Blouberg gesien word, byvoorbeeld aan die suidooste-, noorde- en westekante van die berg. Hier is nuwe intrekkers meer bereid om besighede soos winkels, steenmakerye, groentetuine, motorherstelwinkels en sweiswerke, te begin. Hulle spandeer ook in die algemeen meer geld aan die bou en verfraaiing van hul huise, die sink van boorgate en die span van draadheinings as ander lede van die gemeenskap.

- <u>Gevallestudie 5</u>

  'n Bejaarde segspersoon, Victor Waleng, wat vanaf Louis Trichardt afkomstig is, stel dit dat hy een maal alles waarvoor hy gewerk het moes prysgee. Nou het hy na Blouberg gekom met die wete dat hy daar gaan bly. Gevolglik spandeer hy alles wat hy het om hier vir hom en sy gesin 'n nuwe lewe te maak. Sy woning is groter en beter ingerig as enige ander in die onmiddellike omgewing. Hy het teen groot koste regte bakstene laat aanry en sy huis daarvan gebou, in kontras met ander mense wat gewone songedroogte stene gebruik. Hy het ook 'n boorgat in sy werf laat sink en het 'n groot groentetuin. Hy verkoop van die groente, sowel as die water teen R0-50 per 25 liter kan, aan sy bure.

  Die hunkering na die 'ou' woonplek bly egter steeds in sy gemoed. Alhoewel hy vrede gemaak het met die nuwe situasie, kan hy nooit vrede maak met die omstandighede wat aanleiding tot sy gedwonge verhuising gegee het nie.

Dit is veral die jonger geslag, die kinders van die hervestigde en aanvanklike inwoners, wat hierdie tweede fase van samegroeiing bewerkstellig. Aangesien hulle saam skoolgaan en speel, saam geïnisieer word en 'n regiment vorm, selfs ook verhoudinge aanknoop en trou, ontwikkel daar hegter bande tussen individue en groepe individue, wat op gemeenskaplike gronde gebaseer is, as wat daar tussen die ouer geslagte bestaan. Daar kan dus verwag word dat baie van hierdie stresgenererende faktore met verloop van tyd sal verdwyn.

## 4. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die finale fase bespreek van die proses waarvolgens die Hananwa van hul grondgebied ontneem is en dit dan later weer, maar met bepaalde voorwaardes aan hulle teruggegee is. Die voorwaardes inherent in hierdie optredes was alles sogenaamd daarop ingestel om die grondgebied wat hulle ontvang het, te verbeter en produktief te bestuur. Binne die grense van hierdie gebiede is daar van die mense verwag om 'n lewensvatbare bestaan te voer, wat, met verloop van tyd, die swartmense wat in die stede woonagtig was na die reservate sou teruglok. Op hierdie wyse sou die voortbestaan van blanke Suid-Afrika verseker word. Inderwaarheid sou hierdie proses van bestuur nooit suksesvol kon wees nie, vir die eenvoudige rede dat die hoeveelheid grond wat daarvoor beskikbaar gestel is nie voldoende was om almal deur middel van landbou te onderhou nie. Dit het egter 'n totale verandering in die lewenswyse van die Hananwa tot gevolg gehad. Armoede en magteloosheid neem steeds drasties toe.

Soos met die periode van versameling ("aggregation") in pre-koloniale tye waarna daar in hoofstuk 4 verwys is, is groot groepe mense gedwing om hier bymekaar te kom. Die verskil is dat dit nou nie op vrye keuse berus het nie, maar gedwonge was. Die feit is dat dit die bevolkingsamestelling drasties verander. Die 'Hananwa' sluit nou 'n groot aantal vreemdelinge in wat aan 'n eie identiteit vasklou en nie wil of kan assimileer nie. Dit wek stres binne interpersoonlike en groepsverhoudinge en belas ook verder die beperkte plaaslike bronne tot die uiterste.

Weens die totale mislukking van die stelsel, moes daar ander stappe vir ekonomiese oorlewing geneem word, enersyds deur die regering en andersyds deur die mense self. Dit word in hoofstuk 8 bespreek.

# HOOFSTUK 8

# STRATEGIEë VIR EKONOMIESE OORLEWING

## 1. INLEIDING

Om die beleid van afsonderlike ontwikkeling suksesvol tot volvoering te kon bring, moes daar 'n strategie vir ekonomiese selfstandigmaking vir die verskillende 'nasionale state' geïmplimenteer word. Aangesien die grondgebied wat vir elk van die gebiede afgestaan is totaal onvoldoende was, moes die regering dus doelgerigte strategieë vir ekonomiese oorlewing ontwikkel - enersyds aan die kant van die owerheid en andersyds aan die kant van die inwoners self. Hierdie raamwerk was egter baie spesifiek in sy doelstelling en het min ruimte vir die individu of groepe individue gelaat om na hulle eie vermoëns te presteer.

Vir 'n samelewing soos die Hananwa wat oor die afgelope 100 jaar en meer ekonomies sowel as polities grootliks gemarginaliseer en agtergelaat is, bestaan daar plaaslik weinig hulpbronne wat vir die produksie van lewensmiddele en die skep van welvaart aangewend kan word. Nie net is die aanvanklike beskikbare bronne gering in omvang en aantal nie (kyk hoofstuk 2:3), maar het die toegang daartoe veral in die onlangse verlede ook baie beperk geword. Hulpbronne wat in die verlede deur almal as vanselfsprekend aanvaar en op georganiseerde basis benut is, word nou beperk en selfs oorbeheer. Voorbeelde hiervan is onder andere landbougrond, weiding en brandhout. Dit gaan verder gepaard met 'n onvoldoende infrastruktuur en mensepotensiaal wat nie na behore ontwikkel is nie (kyk hoofstuk 3).

Om binne die ekonomiese raamwerk wat van buite af op hulle as samelewing afgedwing is te kon voortbestaan, moes die Hananwa planne maak en diversiteit aanleer. 'n Beperkte aantal nuwe moontlikhede soos werksgeleenthede in die stede is geskep, waar 'n inkomste verdien en gebruik kan word vir die aankoop van lewensmiddele en die skep van welvaart. In hierdie nuwe beroepsvelde is nuwe kennis opgedoen, wat vir oorlewing aangewend kan word. Hierdie proses en stryd om ekonomiese oorlewing vorm die bespreking van hierdie hoofstuk.

## 2. VERHOUDINGE VAN PRODUKSIE

Die ekonomie van die Hananwa in pre-koloniale tye kan beskryf word as 'n eenvoudige bestaansekonomie. Elke huishouding kan as 'n produksie-eenheid beskou word en was grootliks selfvoorsienend en selfversorgend, met die beginsel van onderlinge hulpverlening tussen bloed- en aanverwante as stabiliserende faktor. Die ekonomie was vir die lewering van voedsel op landbou gebaseer. Daarteenoor was veeteelt, alhoewel dit ook voedsel opgelewer het, op die sosiale en religieuse vlak ingestel en het dit veral tot die verkryging van rykdom en status bygedra.

Vanweë die belang van landbou as die hoofbron van voedsel vir die Hananwa, is dit dus te verstane dat hulle 'n verskeidenheid aktiwiteite sou loods om die sukses daarvan te verseker en kan daar verwag word dat die uitvoering daarvan 'n belangrike rol in die verskillende gemeenskapsaktiwiteite sal speel. Die landboukundige produksiemasjinerie (Odendaal 1970:22) van die Hananwa is tot 'n eenheid saamgesnoer en deur die stamhoof in samewerking met sy rade en hoofmanne deur die implementering en onderhouding van 'n aantal gemeenskapsrituele beheer.

Alvorens hierdie gemeenskapsrituele bespreek word, is dit noodsaaklik om te let

op die bestaan (selfs vandag nog) van 'n aantal taboes of seremoniële vermydingsreëls, wat in hierdie geval ook in verband gebring kan word met die wisseling van seisoene of ander aspekte wat met die klimaat te make het. Gevolglik hou dit direk met die suksesvolle uitvoering van die gemeenskaps-rituele verband. Hierdie taboes is merendeels op die mens se benutting van spesifieke plantsoorte uit die omgewing, asook die gebruik van sekere materiële kultuurvoorwerpe op spesifieke tye gerig. Enkele voorbeelde hiervan is onder meer dat maroelavrugte nie van die boom afgepluk mag word nie, maar dat ryp vrugte slegs van die grond af opgetel mag word. Nog voorbeelde is die verbod op die pluk van **modi**-gras ('n tipe gras wat veral vir die vleg van toue gebruik word) en magiërs wat nie medisyne tydens die somermaande mag versamel nie. Seremoniële vermydingsreëls wat ten opsigte van materiële kultuurvoorwerpe bestaan is onder meer dat 'n vloerslaner nie in die middel van die dag gebruik mag word nie, of dat grond vir die herstel van die werf nie van buite af, dit wil sê van buite die hek ingebring mag word om herstelwerk te doen nie. 'n Verdere voorbeeld is die verbod op die speel van tromme tydens die somermaande (kyk hoofstuk 8:5.5).

Die verontagsaming van vermydingsreëls van hierdie aard sal, so word geglo, stormsterkte wind, groot haelstorms en oorstromings tot gevolg hê. Die verskillende verbodsbepalings in hierdie verband kan moontlik as 'n rudimentêre vorm van natuurbewaring geïnterpreteer word, omdat dit die plantsoorte die geleentheid gee om hulle volle groeisiklus deur te gaan. Die kanse op saadvorming en voortplanting is dus baie groter as wat andersins die geval sou wees.

Die taboes wat hier genoem word, is almal aan die Hananwa se begrip van die seisoene, wat op verskillende wyses aangedui kan word, gekoppel. Volgens sommige segspersone het die Hananwa se jaarbepaling in die verlede 'n aanvang geneem met die aanbreek van die oesseisoen, dit wil sê ongeveer einde Maart, begin April, sodra die oes gereed is om ingebring te word. Franz is van mening

dat die begin van die jaar met die aanbreek van die winter is, wat aangedui word deur die verskyning van die ster, bekend as **Naka**, wat volgens hom (1931:246) Canopus is. Coetzee stem egter nie hiermee saam nie. Hy is van mening dat Canopus die hele jaar sigbaar is en na sy oordeel behoort **Naka** eerder Sirius of Aldebaran of selfs Betelgeuse te wees,

> "want enige van hierdie baie helder sterre behoort begin Junie in die oosterhemel voor sonsopkoms sigbaar te wees, nadat dit teen die einde van April in die westerhemel na sonsondergang verdwyn het" (Coetzee 1978:31).

Wanneer die ster **Naka** die eerste keer in 'n jaar in die oggend waargeneem word, moet die waarnemer dit dadelik aan die stamhoof gaan meedeel. Aangesien daar geglo word dat die persoon wat die ster vir die eerste keer in 'n seisoen raaksien 'n geseënde jaar sal hê, hou die mans in die nag wag en wedywer hulle onder mekaar om die ster eerste te kan sien (Franz 1931:246).

Alhoewel dié gebruike deur die meerderheid van die ouer segspersone onthou word, is die enigste aktiwiteit wat tans nog in hierdie verband uitgevoer word, die sogenaamde **phasa**-seremonie. Teen die begin van September word 'n boodskap uitgestuur dat die lede van die verskillende **mephato** (regimente) elk 'n paal (verkieslik 'n mikstok) na die berg moet neem. Hierdie stokke word dan gebruik om die heining om 'n hut by die ou **mosada** (**mošate** - hoofsetel) in stand te hou. Hierdie hut word nie met 'n spesifieke stamhoof geassosieer nie, maar het klaarblyklik aan alle voormalige Hananwa-stamhoofde behoort en word geslagte reeds in stand gehou. Die herstel van die heining as gemeenskaps-aktiwiteit, is 'n aanduiding dat die ou jaar afgesluit is en dat die nuwe landbouseisoen 'n aanvang gaan neem. Hierna kan die verskillende gemeenskaps-rituele wat op die landboukundige aktiwiteite van toepassing is, met verloop van tyd uitgevoer word.

Die tersaaklike gemeenskapsrituele het eerstens bestaan uit 'n ritueel ter versekering van reën (**ho loba pula**), wat normaalweg aan die begin van

September bo-op die berg by 'n plek genaamd Moila<u>t</u>ha uitgevoer is. Volgens oorlewering is al die vorige Hananwa-stamhoofde hier begrawe. Die rol van die stamvrou van die stamhoof is in hierdie verband ook belangrik, aangesien sy as die reëngodin beskou word en as sodanig 'n rol in hierdie rituele vervul. Die erns hiervan kan afgelei word uit 'n vertelling wat tot 1876 dateer, naamlik dat die stamhoof se vrou[1] deur 'n aantal mans om die lewe gebring is toe sy onsuksesvol in die maak van reën was. Sy is later deur haar dogter opgevolg, wat hierdie taak suksesvol vervul het (Anoniem 1876:360).

Klaarblyklik bestaan daar ook verskeie ander wyses waarop die stamhoof, op spesiale versoek, reën kan 'roep.' Indien een van die hoofmanne hom nader met die versoek dat reën gemaak moet word, sal hy vir hom 'n bok neem. Vir hierdie doel sal hy een van die **bakgomana** (edelmanne) saamneem om hom in sy versoek by die stamhoof te ondersteun. Nadat sy versoek oorgedra is, sal die stamhoof byvoorbeeld sy vrou stuur om die vuurmaakplek skoon te maak. Die stamhoof sal dan aan die hoofman sê dat hy kan terugkeer huis toe, maar dat hy nie tydens sy terugtog met sy kierie op die grond moet druk alvorens hy naby sy huis is nie, want dit sal begin reën sodra hy dit doen.

'n Ander wyse waarop die stamhoof reën kan maak, is as hy in die hut bekend as **letsupi** (waar die reënmedisyne in potte gehou word) ingaan en die sogenaamde sweetpot (**pitša ya sethitho**) oopmaak. Laasgenoemde is 'n kleipot waarop daar klaarblyklik altyd water aan die buitewand voorkom. Hierdie pot is normaalweg toe, maar sodra die stamhoof die deksel afhaal, sal dit begin reën. 'n Verdere wyse waarop hy reën kan maak is dat hy, nadat hy daartoe versoek is, slegs die vingers van sy regterhand hoef af te lek waarna dit sal begin reën. Ferguson (1991:70) is van mening dat daar ook nat gras gebrand word om die wolke te 'roep.' Segspersone is dit egter eens dat hierdie metode slegs deur Roka-mense wat in die gebied woonagtig is, toegepas word.

---

[1] Uit die beskrywing van die geskiedenis kan afgelei word dat dit MATSEOKWANE se vrou moes gewees het.

Nadat al voorgenoemde voorbereidings uitgevoer is, sal die volgende ritueel, bekend as **ho ntsha peu** (om die saad voor te berei), uitgevoer word. Dit vind gewoonlik in die **mosada** (hoofsetel) van die stamhoof plaas. Hiervolgens word saad wat deur die hoofmanne van die verskillende wyke na die hoofsetel gebring is, ritueel behandel, waarna dit dan weer op seremoniële wyse deur die woongebied versprei word. Hiermee gepaard gaan ook die gemeenskaplike bewerking van die stamhoof se landerye deur die vrouens. In die verlede mag geen landerye sonder die toestemming van die stamhoof bewerk word nie en kon dit slegs gedoen word nadat die stamhoof s'n bewerk is. Indien 'n vrou byvoorbeeld hierdie reël oortree deur wel haar landerye te bewerk en sy betrap word, is haar skoffelpik gekonfiskeer. Om dit weer terug te kry, moes sy vier weke lank skoffelwerk vir die stamhoof in sy landerye doen (Baumbach 1874:90). Die oortreding van hierdie bepaling, so word geglo, sal óf droogte óf groot haelstorms en sterk winde in die komende jaar tot gevolg hê.

Die oes is oopgestel deur die ritueel bekend as **ho loma lerotse** (om die pampoen te byt), wat gewoonlik in Maart of soms ook in April deur die stamhoof uitgevoer word en saamval met die rypwording van die eerste groente. Geen produkte van die oes mag geëet word alvorens die stamhoof dit nie op rituele wyse oopgestel het nie. In die verlede was hierdie 'n reël wat streng nagekom moes word. Daar word vertel dat toe 'n man sy broer, wat hoofman oor 'n wyk was, betrap het dat hy waatlemoene op die landerye geëet het alvorens die oes oopgestel is, hy sy broer doodgeslaan het. By die verhoor van die saak het die stamhoof die jonger broer vrygespreek en hom selfs as hoofman oor die wyk aangestel.

Al bogenoemde handelinge en vertellinge, alhoewel moontlik op die waarheid gebaseer, is deel van die mitologie van die Hananwa. Die uitvoer en oorvertel daarvan dra by tot die bevestiging van die mag van die stamhoof en versterk gevolglik ook sy posisie as heerser. Rituele soos die maak van reën en die versterking van die saad, kan slegs suksesvol wees as die samelewing in 'n

toestand van morele balans is. Enige versteuring hiervan kan 'n situasie van rituele gevaar (onreinheid - **ditšhila** - kyk hoofstuk 9:3) tot gevolg hê, wat nadelig kan inwerk op die sukses van die ritueel. Deur die uitvoering van die ritueel verseker die stamhoof dus bloot dat die toestande in die sosiale wêreld aan die verwagtinge van die voorouers voldoen. Die stamhoof maak dus net so min reën as die prediker wat tot God daarvoor bid (Comaroff & Comaroff 1992:243). Aspekte soos die uitdeel van die saad, of die oopmaak van die sweetpot en so meer moet as 'dramatiese handelinge' gesien word wat geloofwaardigheid aan die uitvoerder daarvan (die stamhoof) gee.

Die ritueel ter versekering van reën is opgevolg deur die **ho hatolola naha**-ritueel. Volgens Trott was dit altyd hoofman Kubu[2] se plig om die medisyne daarvoor voor te berei (Trott 1937:308). Vanweë die tyd van die uitvoering daarvan, is baie mense geneig om dié ritueel direk aan die reënmaakritueel te koppel. Dit is egter nie heeltemal korrek nie. Die uitvoering van die **ho hatolola naha**-ritueel vind plaas om die land (= woongebied) te reinig as daar vermoed word dat dit op een of ander wyse ritueel onrein kan wees. Hierdie vermoede kan onder andere ontstaan as daar oorlog in die woongebied plaasgevind het, of as dit nie reën nie. Laasgenoemde kan die gevolg van verskeie redes wees, naamlik as 'n groot aantal oumense in die afgelope jaar oorlede is, as iemand selfmoord gepleeg het, of as 'n persoon wat langs die pad oorlede is nie volgens die korrekte prosedure begrawe is nie. Dit kan ook wees dat daar 'n lang tyd verloop het sedert die **ho hatolola naha**-ritueel uitgevoer is en daar dan besluit word om dit weer uit te voer ter algemene reiniging van die gebied.

In dieselfde verband is daar in die verlede ook reiningingsrituele uitgevoer met betrekking tot krygers na afloop van oorlogvoering. Dit is as noodsaaklik beskou aangesien hulle in 'n toestand van rituele gevaar (kyk hoofstuk 9:3) verkeer en op hierdie wyse byvoorbeeld 'n invloed kon hê op die sukses van ritueel ter

---

[2] Hierdie persoon word as die mees senior Hananwa-hoofman geag. Soms word daar in die ouer literatuur na hom verwys as 'n onderstamhoof.

versekering van reën. Met hul terugkeer vanaf die oorlog kom die krygers by die **mosada** (hoofsetel) bymekaar. Die van hulle wat van die vyand gedood het sal deur die omstanders geprys word. Hierna word hulle deur 'n magiër gereinig deurdat hulle met medisyne besprinkel word. 'n Paal wat met medisyne behandel is word op die grond neergelê. Elke kryger wat iemand gedood het, moet dan dieselfde aantal kere oor die paal spring as die aantal vyande wat hy gedood het. Daarna word op die heilige tromme[3] gespeel terwyl daar gedans word.[4] Uit die aard van die saak word hierdie ritueel vandag nie meer uitgevoer nie.

Dit is duidelik dat die verskillende gemeenskapsrituele nie net op die versekering van ekonomiese welvaart van die gemeenskap ingestel was nie. Soos reeds in hoofstuk 6:2 aangedui, kan aangevoer word dat dit ook 'n weerspieëling van die tradisionele politieke en religieuse strukture van die stam is en dat dit inderwaarheid deur hierdie strukture gebruik is as 'n meganisme vir die instandhouding daarvan. Die posisie van die stamhoof, enersyds op politieke gebied en andersyds op religieuse vlak, was tradisioneel sentraal in die lewe van die Hananwa. Deur sy deelname aan die gemeenskapsrituele en die ondersteuning daarin deur sy raadslede en hoofmanne, het hy die ekonomiese produksie-masjinerie sowel as die stam onder sy beheer gehad. Dié beskouing kan duidelik gesien word byvoorbeeld in die rituele oopstelling van die oes wat deur die stamhoof gebruik word om die genealogiese senioriteit en politieke gesag tussen homself en die verskillende hoofmanne te bevestig, aangesien hy die ritueel inisieer (kyk ook Hammond-Tooke 1974a:355-356).

---

[3] Hierdie tromme moet nie met die gewone danstromme (**meropa**) verwar word nie. Die **dikomana**-tromme word geheilig deur die bring van 'n menslike offer en gewoonlik word die maker van die tromme hiervoor gedood. Daarom word die volgende spreekwoord aangetref:

> "The man who makes the **dikomana** will see them with his eyes, but he will never hear them with his ears" (Roberts 1917:407).

Hierdie tromme word deur stamgeeste ("tribal spirits" - Roberts 1917:407) beset en gevolglik streng bewaak in 'n spesiale hut waar offers van bier soms oor die grootste trom uitgegooi word. Dit word slegs vir spesifieke gemeenskapsrituele gebruik, of vir ander doeleindes soos na afloop van oorlogvoering en word selde deur die gewone mense gesien. ('n Stel daarvan is in besit van Museum Africa in Johannesburg.)

[4] Rituele versterking van die krygers vind ook plaas voor die aanvang van die oorlog, kyk byvoorbeeld Anoniem 1894.

Die hiërargiese struktuur van die hoofmanne kom ook tot uiting in hierdie kulturele instellings, soos deelname aan die verskillende gemeenskapsrituele, byvoorbeeld die voorbereiding van die saad en landerye en die beskerming van die woongebied. Die rol wat sekere senior hoofmanne in hierdie verband speel moet gesien word as noodsaaklik vir die effektiewe uitvoering van die rituele, maar dien ook as erkenning en ondersteuning van die stamhoof. Dit is veral daardie hoofmanne wat as deel van die oorspronklike kerngroep van die Hananwa gereken word, wie se deelname in hierdie opsig onontbeerlik is. Die belangrikheid hiervan word deur historiese gebeure bewys. Een insident verhaal dat toe Ramahlo die reën-amulette gesteel het, Lerekolola (kyk tabel 4) nie kon reën maak nie (Trott 1935:38-39) en dat dit tot vandag nog 'n effek op die stamhoofskap het. Kyk ook byvoorbeeld Krige (1978:4) vir vergelykende materiaal in hierdie verband.

Die manipulering van rituele deur die stamhoof om sy gesag en mag te vestig en te behou is nie 'n verskynsel wat uniek aan die Hananwa is nie. Dit word ook wyd verspreid onder ander groepe aangetref. Ander gevalle bekend in die etnografie is onder meer die Pedi (Mönnig 1967:255) en die Kgaga (Hammond-Tooke 1981a:18-22). 'n Verdere voorbeeld is die Lobedu, waar die stamhoof die ritueel van reënmaak en elemente gekoppel aan die stamhoofskap soos langlewendheid en die vroulike persoon tot eie voordeel gebruik, selfs ook om haar invloed op 'n streeksbasis te bewerkstellig (Krige 1931; Krige & Krige 1943:310). Ook by die Hananwa berus die vermoë om reën te maak by die stamhoof en kan hy dit tot sy eie voordeel aanwend.

By die Nguni-sprekende mense het rituele ook hierdie funksie. So byvoorbeeld is die rituele oopstel van die oes geïntegreer met die rituele versterking van die posisie van die stamhoof, die reiniging van die krygers en ook die geïnstitusionaliseerde kritiek op die stamhoof, wat daartoe bygedra het dat Gluckman hierdie rituele beskryf het as "rituals of rebellion" (Gluckman 1963:110-136). Ander skrywers interpreteer dit egter anders, byvoorbeeld

Beidelman (1966:401) beskou dit eerder as 'n ritueel van purifikasie van die stamhoof, terwyl Lincoln (1987) van mening is dat dit as 'n uiting van verset teen kolonialisme beskou moet word.

In teenstelling met die landbou, het daar in die verlede en tans ook ten opsigte van die vermeerdering en beskerming van die veestapel geen sodanige rituele bestaan nie. In teendeel, die posisie ten opsigte van veeteelt is inderwaarheid die omgekeerde van landbou. Vee word hoofsaaklik met mans vereenselwig - as eiendom dien dit as aanduiding van status en kan ook aangewend word vir die opbou van verwantskapsisteme met die oordrag daarvan tydens die sluiting van 'n huwelik. Dit speel ook 'n rol in die uitvoering van die verskillende lewensiklusrituele, waar dit van tyd tot tyd as offerande gebring word. Maar die ekonomiese waarde daarvan moet nie onderskat word nie. Beeste het wel ook groot ekonomiese waarde gehad, soos wat byvoorbeeld afgelei kan word van die feit dat in 1877 een koei gelykwaardig was aan dertien mandjies graan (Baumbach 1877:448).

Die tegniese kennis waaroor die Hananwa beskik het en die aanwending daarvan tydens hulle vestiging as Ystertydperksamelewing in die gebied, getuig van 'n vertroudheid met die tegnologie wat in die produksie van alledaagse materiële kultuuritems benodig is. Die natuurlike omgewing het nie veel verskil van dit waaraan hulle gewoond was nie en het hulle dus oor 'n deeglike kennis beskik om die moontlikhede wat dit bied, te benut. Met hierdie kennis was hulle in staat om 'n tipiese reeks gebruiksvoorwerpe, wat wapens, werktuie, kleredrag en huishoudelike artikels soos kleipotte, mandjies en houtlepels insluit, te produseer. Dit wat nie plaaslik beskikbaar was nie, soos glaskrale en yster, is deur middel van handelsnetwerke bekom.

Om enigsins buite hierdie beperkinge te kon beweeg, moes hulle eers kennis maak met ander groepe, veral blankes, om sodoende 'n breër tegnologiese kennis op te doen. In laasgenoemde geval het hulle egter baie vinnig hierdie kennis

hulle eie gemaak, dit by plaaslike omstandighede aangepas en dit selfs in enkele gevalle verbeter.

Dit blyk verder dat die tradisionele materiële kultuur van die Hananwa nie veel afwyk van dit wat in die algemeen by die Noord-Sotho-sprekende samelewings voorkom nie. Vergelykings met byvoorbeeld die materiële kultuur van die Koni, woonagtig suid van die Hananwa, asook die Birwa, noordwes van die Hananwa, toon dat daar weinig verskil is. In teendeel, soos wat uit die bogenoemde blyk was daar oor 'n lang tyd intensiewe kontak tussen hierdie samelewings onderling, wat hierdie gelykstelling tot gevolg gehad het.

## 3. STRATEGIE VIR EKONOMIESE ONTVOOGDING

Die ekonomiese inkorporasie van die Hananwa by die groter Suid-Afrikaanse samelewing het twee fasette gehad

- eerstens die proses waarop hulle in die produksiemeganismes van die blankes betrek is, dit wil sê deur trekarbeid; en

- tweedens die proses waarvolgens hulle in 'n internasionale ekonomie betrek is.

Hierdie prosesse het hulle grootliks landboukundige ekonomie verander na een van deelname aan industrialisasie en mynbou. Hulle het egter van meet af nie die finansiële vermoë of ander hulpbronne (kyk hoofstuk 2) gehad om aktief daaraan deel te neem nie en is dus grootliks tot die vlak van arbeiders gemarginaliseer.

Volgens Du Toit (1969) was die nasionale ontwikkelingsplan van die regering om

'n aantal etniese nasionale streke, bekend as Bantustans of tuislande, daar te stel (kyk hoofstuk 7). Elk van hierdie gebiede sluit daardie areas in wat demografies en kultureel as sentraal vir 'n spesifieke Bantoetaal-sprekende groep beskou is. Die regering het vroeg reeds daarna gestreef om die swartmense tot selfstandigheid, veral op ekonomiese gebied, te stimuleer. Hierdie beleid moes volgens die regering sodanig gestruktureer wees dat dit net tot voordeel van die mense in die tuislande sou wees. Gevolglik het dit met sekere beperkings gepaard gegaan, naamlik opleiding net tot op 'n sekere vlak en werksreservering. Dié opvatting het die basis van die beleid van Bantoe-onderwys gevorm en word onder meer in die volgende gereflekteer:

> "The Committee[5] adopted the standpoint that there should be every possible professional opportunity for the Bantu in their homelands, where they would ultimately be in a position to reach the highest steps of the ladder in different professions, trades, industries and administration. In the Bantu residential areas, however, the Bantu will have to be restricted to certain limiting measures in order to prevent competition between White and the Bantu artisans. It is the privilege of the White man to reserve certain types of work for himself in his homeland, as it is the Bantu's prerogative to do so in his own homelands" (De Vaal 1965:7).

Die uitvloeisel hiervan was dat die regering 'n verskeidenheid werksverskaffings-aktiwiteite soos kleremakery, haarkappery, stoffeerwerk en sweiswerke geloots het, alles binne die raamwerk van die nasionale ontwikkelingsplan. 'n Deel van dié plan, wat op ekonomiese vlak hiervoor verantwoordelik sou wees, is volgens Du Toit geleë in twee instellinge wat spesiaal vir die doel geskep is, naamlik die **Bantoe Beleggingskorporasie** en die **Bantoe Ontwikkelingskorporasie**. Hiervolgens sou die ekonomiese selfstandigmaking, volgens eie beginsels en tradisies van elk van die gebiede, grootliks bereik word. Du Toit is van mening dat hierdie tipe ontwikkeling slegs geslaag sou wees indien dit die "grassroots" deelname van die lede van die samelewings gehad het (Du Toit 1969:291; Benbo 1976:14-15).

---

[5] Saamgestel uit verteenwoordigers van die Departemente Bantoe-onderwys, Bantoe Administrasie en -ontwikkeling, Onderwys, Kuns en Wetenskap en Arbeid (De Vaal 1965:7).

### 3.1 Bantoe Beleggingskorporasie (Wet 34 van 1959)

Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die stigting van die Bantoe Beleggingskorporasie (BBK), wat as doel gehad het die stimulering en bevordering van die ekonomiese ontwikkeling van bantoepersone in die 'tuislande'. Die hoof kenmerke van hierdie Korporasie se aktiwiteite is dat dit slegs op die Bantoe gerig is en wel net op dié woonagtig in die tuislande en dat dit ook beperk is tot die ekonomiese sfeer van aktiwiteite.

Die BBK het 'n wye reeks aktiwiteite gehad, maar die grootste hiervan was die beskikbaarstelling van finansies en kennis aan individue vir ekonomiese aktiwiteite binne die 'tuislande'. Op hierdie wyse is winkels, motorhawens, meubelfabrieke, bierbrouerye en biersale, meulens, bakkerye en sisalverwerkingsaanlegte gefinansier. In die omgewing van Blouberg was hierdie ondernemings meerdendeels in die nabygeleë Bochum of van die groter nedersettings gesetel, alhoewel van die kleinere besighede en winkels verspreid oor die hele woongebied aangetref word.

Die BBK is later volgens die Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Swart State, Wet 46 van 1968, as die **Ekonomiese Ontwikkelings Korporasie Beperk** (EOK) hersaamgestel. Die oogmerke van die EOK, wat nie veel afgewyk het van die BBK nie, was om regstreeks of deur middel van die Ontwikkelingskorporasies die ontwikkeling van die Nasionale State en hulle swart bevolking op die gebied van handel, nywerheid, mynbou en ander terreine te finansier, bevorder en tot uitvoering te bring (Botha 1983:391).

### 3.2 Bantoe Ontwikkelingskorporasie (Wet 86 van 1965)

Die BBK was dus ingestel op die ekonomiese ontwikkeling van swartmense in die algemeen, maar die ontwikkeling van die bevolking van 'n gebied waaruit 'n

groeiende ekonomiese sektor sou ontstaan, moes egter ook gedoen word. Vir hierdie doel is 'n Ontwikkelingskorporasie 'n paar jaar na die instelling van die BBK tot stand gebring (Du Toit 1969:293).

Met die stigting van die Ontwikkelingskorporasie deur middel van Wet 86 van 1965, is voorsiening gemaak vir die stigting van 'n ontwikkelingskorporasie vir elk van die etniese nasionale eenhede (Benbo 1976:15; Horrell 1973:71). Die doel daarvan was die beplanning en bevordering van alle aspekte van ekonomiese ontwikkeling van die 'tuisland', asook die bevordering van die algemene welsyn van die bewoners daarvan. Die belangrikste feit was dat dit op die bevordering van die bevolking van so 'n gebied as geheel sou konsentreer.

## 4. NUWE EKONOMIESE ROLVERDELING

Geen samelewing is staties nie en soos wat dit verander kan dit gebeur dat die rol wat 'n instelling in die samelewing vervul mettertyd ook kan verander. Dié betekenisverandering is duidelik in die Hananwa se ekonomie sigbaar. Dit wat landbou in die verlede vir hulle beteken het (kyk hoofstuk 8:2 bo), is vandag slegs aanvullend tot ander bronne van ekonomiese voortbestaan. Vanweë 'n groot toename in bevolkingsgetalle, wat dienooreenkomstig meer druk op die bodem plaas en dus 'n laer opbrengs per huishouding tot gevolg het, kan die meerderheid individuele huishoudings vandag self nie meer genoegsame voedsel uit hierdie beperkte beskikbare bronne produseer nie. Dit is tans dus moontlik om, in teenstelling met die tradisionele beginsels van ekonomiese selfvoorsiening en versorging, nuwe ekonomiese rolverdelinge te onderskei.

Arbeid is een van die enigste bronne waaroor die Hananwa beskik om in ruil vir die verkryging van 'n inkomste, aan te bied. Selfs in die verlede was dit so deurdat onderlinge hulpverlening ten opsigte van arbeid 'n bron van sekuriteit

vir elke huishouding was. Verskeie van die tradisionele bedrywe was arbeidsintensief (byvoorbeeld die bou van 'n hut, die brei van 'n beesvel of die bewerking van landerye) en om voldoende arbeid te bekom, kon 'n persoon 'n werksparty (**letaba**) reël. Dit behels dat die persoon wat die werk gedoen wil hê 'n hoeveelheid bier en voedsel voorberei. Vriende en verwante word genooi om te kom help met die werk en as vergoeding nuttig hulle van die voedsel en drank. 'n Werksparty wat gereël word om arbeid op die landerye te verseker staan as **letšema** bekend, maar funksioneer op dieselfde wyse as die **letaba**.

Die konsep van arbeid wat in ruil vir vergoeding aangebied word, is dus nie 'n totaal vreemde verskynsel vir die Hananwa nie. Vir die laaste honderd jaar en meer verlaat mense die woongebied om in die stede en op plase te gaan werk. Tans bevind 'n beduidende aantal mans en selfs vrouens hulle op hierdie wyse by die geldekonomie (kyk hoofstuk 3 & hoofstuk 8:5.6).

Maar, deelname aan trekarbeid bring noodwendig 'n verandering in die rol wat individue in die ekonomie van die huishouding speel. In die verlede was mans, wat voedselproduksie aan betref, grootliks net by veeteelt betrokke, wat eerder 'n sosiale en religieuse as ekonomiese waarde gehad het. Tans gaan hulle na die stede om geld te genereer, wat teruggestuur word aan die vrou vir gebruik ter aanvulling van 'n gebrekkige landboukundige bron. Sodoende verkry mans 'n groter aandeel in die huishouding se ekonomie.

Deelname deur groot getalle mans aan trekarbeid hou voordeel vir diegene wat agterbly in. Omdat al hoe minder persone plaaslik by die produksie van middele betrokke is, word dit dus lonend vir ander individue om in hierdie aktiwiteite te spesialiseer (kyk ook Van der Waal 1985). Hoe minder individue aan die produksie van voedsel en gebruiksvoorwerpe (kleipotte, mandjies, houtlepels en so meer) en die lewering van dienste (bouers) deelneem, hoe groter word elke individu se aandeel en sodoende kan hulle plaaslik vir hulself beter werksmoontlikhede en inkomste skep.

- <u>Gevallestudie 6</u>

  Hans Madibana is 'n bekende bouer in die weste van die woongebied. Terwyl hy nog by 'n konstruksiefirma aan die Wes-Rand gewerk het, het sy vrou plaaslik twee mans gekry om aanbouings aan hul huis te doen. Met die sluiting van die bouseisoen in Desember van dié jaar, het Hans teruggekeer en niks gehou van dit wat hulle gedoen het nie en besluit om dit self oor te doen. Hy het tot die besef gekom dat mans wat trekarbeiders is graag 'n deel van hul inkomste op hul wonings spandeer, maar nie altyd oor die tyd en vaardigheid beskik om dit self te doen nie. In 1983 het hy sy werk bedank wat hy vir meer as 10 jaar gehad het en het nou so 'n goeie besigheid tuis as bouer dat hy selfs ander persone in diens neem om hom te help. Volgens hom is die inkomste wat hy nou het nie altyd so gereeld as 'n salaris en diensbonus nie, maar die groot voordeel is dat hy permanent by sy gesin is.

Die grootste veranderinge het egter in die lewe van die vrou gekom, op ekonomies sowel as sosiale terrein. Die volgende aantal voorbeelde, geneem uit verskeie gevallestudies, help om hierdie nuwe situasie toe te lig.

- <u>Gevallestudie 7</u>

- Hester Mokgerepe is van mening dat haar verantwoordelikheidsin teenoor haar kinders hoër as die van haar man is. Hy is as gevolg van trekarbeid in die stad werksaam en het sy kinders vir slegs drie keer oor 'n periode van vyf jaar gesien. Sy sorg alleen vir hulle drie kinders deur bier te verkoop, hout te haal vir buurvrouens en self haar landerye te bewerk. Sy is nie meer bereid om die tradisionele onderdanige rol te aanvaar wat normaalweg van getroude vroue verwag word nie, aangesien sy geen ondersteuning van haar man kry nie.

Trekarbeid het 'n kategorie van 'enkel-ouer' gesinne daargestel wat tot soveel

as 79% van alle huishoudings insluit (kyk hoofstuk 3:2.3). Daar is gevolglik vrouens, veral weduwees en geskeides of met mans wat permanent in die stad woonagtig is, wat weens hierdie nuut verworwe onafhanklikheid bereid is om enkel te bly.

Dit beteken egter nie dat hierdie vrouens nie verhoudings met mans aangaan nie, soos wat wel in Hester se geval waar is. In hierdie rol word die vrouens as 'n "mistress" beskryf en is die verhouding op die ruil van haar gunste en gawes vir die bydrae wat die man tot haar inkomste maak of haar help met fisiese arbeid soos die bou van 'n huis, gebaseer. Tog is baie van hierdie verhoudings ook bloot gebaseer op beginsels van vriendskap en ondersteuning wat, soos deur 'n manlike segspersoon gestel is, al hoe belangriker word soos wat die oudag naderkom.

Daar bestaan plaaslik 'n klein groepie 'beroepsvroue' soos onderwyserresse, verpleegsters en klerke wat, alhoewel hulle in gesinsverband woon, glad nie meer die absolute gesag van die man aanvaar nie. Dit is egter nie maklik nie. Sommige onderwyseresse kla ook dat daar ten opsigte van salaris en aanstelling teen hulle gediskrimineer word in vergelyking met hul manlike kollegas. In baie gevalle is hulle beter as die mans gekwalifiseer, maar kry slegs junior poste. Werk is baie skaars en hulle moet dus vat wat hulle kan kry.

- 'n Jong onderwyseres, Sienna Malete, moes na twee jaar diens by 'n skool sak en pak met haar kinders, sieklike moeder, asook jonger susters en broers na 'n ander deel van die woongebied verhuis toe sy nie 'n heraanstelling gekry het nie, omdat 'n manlike kollega dit oorgeneem het. As oudste kind, is sy die selfaangewese hoof van die huishouding aangesien haar vader lank reeds oorlede is en haar broers baie jonger as sy is en ekonomies van haar afhanklik is. Sy het besluit om die nuwe pos te aanvaar en te verhuis, eerder as om sonder werk en die gevolglike vryheid wat 'n gereelde inkomste haar gun, klaar te kom. Die huis waarin

sy en haar broers en susters opgegroei het, is agtergelaat en met veel moeite en uitgawes is 'n sinkhuisie van minderwaardige aard in die nuwe dorp opgesit.

In die meeste huishoudings waar die mans in die stede werksaam is, het die vrou nie net in 'n groot mate die rol van gesinshoof oorgeneem nie, maar moet sy ook noodgedwonge geld genereer om te kan oorleef. Daar is reeds in hoofstuk 3 daarop gewys dat vrouens toenemend aan trekarbeid begin deelneem. Die afleiding hieruit is dat hulle al meer die gesag van die man kan afwerp en 'n meer gelykmakende huishoudelike situasie kan daarstel (kyk ook Niehaus 1988:126). In die praktyk is dit egter nie so nie en behou die mans steeds hulle dominante posisie (kyk hoofstuk 9:6 vir 'n uitbreiding hiervan). 'n Groep segspersone beweer selfs dat dit wenslik is dat vrouens eers vir 'n tyd in die stad moet werk. Uit die ondervinding wat 'n vrou hier opdoen, sou sy in 'n beter posisie wees om die man se nuwe behoeftes en waardes te verstaan en kan sy gevolglik beter vir hom 'sorg'.

- 'n Verpleegster, Agnes Madibana, wat by een van die klinieke oor hierdie onderwerp uitgevra is, is van mening dat haar vryheid afhang van hoe sy haar man beïndruk met die belangrikheid van haar pos by die kliniek. Dit is egter nie 'n maklike situasie nie aangesien hy vir 10 jaar nie 'n voltydse werk gehad het nie en hy maklik jaloers word op haar gereelde inkomste. Om die saak op te los gee sy hom maandeliks 'n deel van haar salaris, wat hy op homself spandeer, of gebruik om na die stad te gaan om werk te soek. Sy moet egter noodgedwonge ander planne maak om die tekort in haar inkomste aan te vul, byvoorbeeld deur die brou van bier.

Vanweë hierdie veranderinge het die vrou ook 'n groter rol in die sosio-kulturele lewe begin speel. Voorbeelde van waar die sosiale en ekonomiese rolle gekombineer word in die proses van oorlewing is die brou van bier en die maak van musiek, iets wat aanvanklik 'n sosiale basis gehad het, maar tans vir

kommersiële doeleindes aangewend word (kyk hoofstuk 8:5.5 onder).

## 5. INNOVERING VIR EKONOMIESE OORLEWING

Binne die raamwerk van die ekonomiese ontwikkeling van die gebied, naamlik dit wat hulle toegelaat is om te doen en dit wat vir hulle self moontlik was om te doen, het die mense van Blouberg verskeie strategieë ontwikkel in 'n poging om te oorleef.

### 5.1 Landboukundige aktiwiteite

In afdeling 2 hierbo is daar 'n kort uiteensetting gegee van die wyse waarop die ekonomie van die Hananwa in pre-koloniale tye gefunksioneer het. Dit is gevolglik gepas om te kyk hoe hierdie faset tans daar uitsien.

Die potesiaal van die landboukundige produksiemoontlikhede, soos wat dit deur die omgewing bepaal word, is reeds in hoofstuk 2 geskets. Die benutting daarvan het in wese nie veel verander nie. Vir ongeveer 85% van die mense (kyk hoofstuk 2:3.2) is dit steeds 'n bron waarop hulle staat maak vir oorlewing. Die skaal van die landbou wat deur die gemiddelde huishouding beoefen word, is van so 'n aard dat dit nie as 'n groot direkte bron van inkomste gereken kan word nie. Dit bring egter ekonomiese verligting, aangesien beskikbare kontant dan vir die aankoop van ander noodsaaklikhede gebruik kan word. Die tipes gewasse wat verbou en die voedsel wat daarvan geproduseer word, is in 'n groot mate onveranderd, alhoewel die produksiewyse nie noodwendig meer volgens die tradisionele gebruike is nie. Van mielies word meel gemaal, wat hoofsaaklik vir die kook van pap gebruik word. Die maaltyd word aangevul met bykosse (wat grootliks seisoenaal van aard is) in die vorm van groente soos boontjies,

pampoen en waatlemoen. Hoendervleis vorm ook soms deel van die maaltyd, veral dié van die gesinshoof. Sorghum wat geproduseer word, word hoofsaaklik gebruik vir die brou van bier, wat deur volwassenes aanvullend tot hul maaltyd gebruik word.

Kapitaal vir die bewerking van landerye is, naas droogte, die grootste faktor wat genoem word as rede hoekom daar die afgelope paar jaar nie geploeg en geplant word nie. Heelwat mense ploeg steeds met donkies, maar dan is die landerye relatief klein - ongeveer 0,5 - 2,0 ha groot.

- <u>Gevallestudie 8</u>

  'n Egpaar wat ongeveer sewentig jaar oud is, Frans en Maria Monyebodi, ploeg jaar na jaar hul stukkie grond van ongeveer 2 hektaar met donkies. In 'n poging om te optimaliseer op hul arbeid, plant hulle tot veertien verskillende soorte produkte (mielies, koring, boontjies, waatlemoene, pampoene, kalbasse en so meer) op hierdie land. Volgens hulle word die risiko hierdeur versprei: misluk een of twee van die gewasse, is daar moontlik van die ander om op terug te val. Die oorskot wat hulle produseer word vir kontant by plaaslike markte verkoop. Frans kla egter dat hy te oud word om so met die donkies te sukkel en oorweeg dit al meer om iemand te huur wat sy landerye met 'n trekker kan bewerk.

Die mense wat nie trekdiere besit nie, moet of donkies of 'n trekker huur. Die tarief vir die huur van laasgenoemde wissel na gelang van die grootte van landerye wat geploeg moet word, wat dit in tye van droogte en skaarste vir die meerderheid mense ekonomies onbekostigbaar maak. Daar is nie 'n standaard tarief nie, aangesien dit beïnvloed kan word deur die aard van die landery (klipperig, baie bome en so meer), maar, diesel uitgesluit, kan dit wissel van R25 tot R45 per hektaar. Soms word ook vir 'n deel van die opbrengs as vergoeding geploeg.

Nie almal het die finansiële vermoëns om hierdie tipe kontrak aan te gaan nie en daarom stig hulle werksgroepe (**matšema**) om mekaar te help. Dié groepe kan bure sowel as verwante insluit. 'n Groep vrouens sal byvoorbeeld saamspan met die doel om almal wat betrokke is se landerye te ploeg, plant en skoon te hou deur skoffelwerk. Hulle kan ook besluit om dit teen vergoeding vir ander mense te doen en die wins dan gelykop verdeel. Hierdie werksgroepe funksioneer nie net ten opsigte van die landbou nie, maar ook in ander aspekte. Dit kan veral in die laat somermaande gesien word as daar marulabier gemaak word. 'n Aantal vrouens kom bymekaar, versamel en verwerk die vrugte, waarna die produk onderling verdeel word. Ook met die sny van dekgras span die vrouens saam om mekaar te help.

Benewens die meer ooglopende probleme wat plaaslik op landboukundige terrein ondervind word, soos die gebrek aan grond en kapitaal en die langdurige droogte, is daar 'n verskeidenheid probleme vanuit ander oorde, soos intervensie van buite en kulturele voorskrifte, wat plaaslike boere soms ook moet oorbrug. Die volgende gevallestudies illustreer die kompleksiteit hiervan.

- Gevallestudie 9

  Piet Mojela, hoofman van een van die wyke aan die noordekant van Blouberg, is besoek. Tydens die kennismaking met hom is die doel van die navorsing aan hom verduidelik en is daar onder andere ook genoem dat die navorser belangstel om voorwerpe soos kleipotte, spiese, houtvoorwerpe, skoffelpiklemme, kralewerk en so meer vir die museumversameling aan te koop. Hierop het hy gevra of die navorser nie 'n ou spies raakgeloop het wat aan hom (die segspersoon) verkoop kon word nie. Sy verklaring vir sy behoefte aan sodanige voorwerp was dat sy oorlede vader hom gereeld in sy drome besoek en vra dat hy weer 'n swart bul moet aanhou, aangesien daar vroeër altyd een in die kudde was.[6] Dit

---

[6] Hierdie bees staan bekend as **kgomo ya badimo**, is verkieslik swart van kleur en word nooit geslag nie.

maak die vader ongelukkig dat daar nie meer so 'n bul is nie. Piet het gehoor gegee en 'n swart bul begin soek, maar die landboubeampte het hom afgeraai om sodanige bul te koop, aangesien dit die bloedlyn kon benadeel. Hy is dus aangeraai dat, indien hy 'n bul wil aankoop, hy 'n spesifieke tipe bees en bloedlyn moet bekom.

Piet het toe die geld gebruik om 'n trekker te koop, aangesien hy dit baie goed kon gebruik, enersyds om sy eie landerye te ploeg en andersyds as bron van inkomste deur ander mense se landerye te ploeg. Die dag toe hy die trekker huistoe geneem het, het die voorwiel afgebreek net voordat hy by die hek van sy woning wou indraai. Piet het byna verongeluk en die trekker was 'n wrak. Piet se verklaring hiervoor is dat sy vader die trekker se wiel afgebreek het, aangesien hy nie tevrede was met die aankoop daarvan nie en hom op hierdie wyse wou straf omdat hy nie die bul gekoop het nie.

Piet het nou nie meer kapitaal nie en kan nie die bul koop om sy voorouer gelukkig te hou nie. 'n Waarsêer het na konsultasie hom aangeraai om 'n ou spieslem (of skoffelpiklem), wat algemeen met die verlede en die voorouers geassosieer word, te vind. Hy kan dit by sy offeraltaar in die **moša** (lapa - werf) gebruik om met sy vader kontak te maak en sy saak te stel. Die spieslem word dus gesien as 'n skakel, 'n middel om kontak met sy vader te bewerkstellig. Sy verklaring hiervoor was dat dit ooreenkom met blankes se gebruik om blomme op grafte te plaas. Sodoende word kontak met hulle gemaak en hulle seën gevra (kyk hoofstuk 9:3).

- <u>Gevallestudie 10</u>

Christoffel Raserute beskryf homself as 'n beesboer - hy het ongeveer 22 beeste op die Trustplaas waar hy woonagtig is. Alhoewel hy nie graag daarvan slag of verkoop nie, is dit na sy beskrywing 'geld in die bank' wat hy vir noodgevalle kan gebruik. So 'n geleentheid was tydens sy vrou se onlangse siekte toe sy vir ses weke in die hospitaal in Pietersburg

opgeneem is. Maar die knellende droogte van die afgelope paar jaar het sy kudde aansienlik verminder deur vrektes. Om alles te kroon het sy hele trop boerbokke ook spoorloos verdwyn en is dit vermoedelik gesteel. Dit was eers met die sluit van sy dogter se huwelik en die beeste wat hy as trougoedere ontvang het dat hy weer as beesboer op sy voete gekom het en sy kudde weer in aantal toegeneem het.

Uit die bostaande kan afgelei word dat vee tans nog vir die Hananwa belangrik is en dat dit steeds deel van hul lewenswyse is en dus 'n rol in die verskillende rituele en seremonies het. Verder het dit ook ekonomiese en praktiese waarde. Beeste word slegs in uitsonderlike gevalle as trekdiere gebruik - donkies word hoofsaaklik hiervoor gebruik. Laasgenoemde het egter geen ander ekonomiese of rituele waarde nie en daar word dus slegs op natuurlike aanwas staatgemaak. In teenstelling hiermee word daar aktief gepoog om die boktroppe en beeskuddes aan te vul en word daar nie sonder meer van hierdie diere geslag om as voedsel te dien nie. By die afsterwe van 'n persoon, die sluit van 'n huwelik of inisiasie van 'n magiër, word daar gewoonlik 'n bees geslag. Hierdie is egter ook 'n ekonomiese belegging, aangesien die persoon wat die bees geslag het weet dat hy op 'n latere stadium vleis onder soortgelyke omstandighede van ander persone kan verwag. Bokke word meerendeels by kleiner gebeurliksheidsrituele soos die geboorte van 'n kind en tydens die huweliksonderhandelinge geslag.

In afdeling 2 hierbo is daarop gewys dat die stamhoof in die verlede die landboukundige produksiemasjienerie van sy onderdane gemanipuleer het deur die beheer wat hy oor sekere van die gemeenskapsrituele uitgeoefen het. Op navraag het dit geblyk dat daar min mense is wat hulle tans aan hierdie tradisionele rituele steur, veral die wat met landboukundige aktiwiteite gepaard gaan. In baie gevalle het daar reeds alternatiewe daartoe ontstaan, soos wat in die onderstaande voorbeelde aangedui word. Min van hulle beskou die agterweë laat daarvan as die oorsaak van die swak opbrengste. Meeste segspersone is van mening dat hierdie rituele tot die verlede behoort en dat dit hoofsaaklik die

aangeleentheid van die stamhoof is. Tog verskaf dit gemoedsrus as hulle hoor dat dit wel uitgevoer is (kyk hoofstuk 9:5).

In teenstelling met die tradisionele, word daar 'n aantal alternatiewe handelinge deur lede van die gemeenskap self uitgevoer indien dit vir hulle nodig blyk te wees. So is daar in 1990 deur van die gemeenskappe suid van die berg 'n biduur vir reën gehou. Alle lede van die betrokke gemeenskap het by 'n sentrale punt bymekaargekom, waar 'n diens gehou is en predikante van die verskillende kerkgenootskappe voorgelees en gebid het. 'n Persoon is deur die verskillende lede van die gemeenskap wat nie tot enige kerk behoort nie, aangewys om namens hierdie groep tot die voorouers te bid. Ongelukkig het die geleentheid in 'n 'politiekery' ontaard toe lede van verskillende kerke die geleentheid probeer gebruik het om hulle eie saak te bevorder.

'n Oesfees, bekend as **monyanya wa puno**, word deur die Lutherse Kerk gehou. In April, nadat die oes ingesamel is, sal lidmate van die kerk elkeen 'n bietjie van die opbrengs van die landerye na 'n voorafbepaalde erediens saamneem. Die predikant lewer 'n spesiale preek, bid en sê dankie vir die oes. Lidmate kan dan die saad en ander kossoorte wat gebring is koop. Ander wat nie landerye het nie of wat in die stad werksaam is, sal 'n klein kontantbedrag gee. Al die geld wat op hierdie wyse ingesamel word, gaan na die kerk vir gebruik in projekte.

## 5.2 Kleinskalige aktiwiteite

Daar is reeds vroeër in die hoofstuk gewys op die regering se beleid ten opsigte van werkverskaffing en dat dit grootliks op laevlak, ongespesialiseerde aktiwiteite ingestel was. Professionele opleiding kan slegs by enkele universiteite verkry word. Dit was egter onvoldoende en beperkend van aard en die mense moes self planne maak om deur middel van **kleinskalige aktiwiteite** ekonomies te oorleef. In sommige gevalle het die BBK projekte geïnisieer of dit

later ondersteun. 'n Toepaslike voorbeeld het te make met die Korporasie se rol in die produksie en bemarking van tradisionele handwerk.

Die potensiaal wat kleinskalige aktiwiteite en die informele ekonomie vir die individu inhou, is normaalweg baie beperk en sal altyd so bly en dien hoogstens as "a source for the generation of survival income" (Bendheim 1987:15). Die wanopvattinge wat oor die potensiaal daarvan heers, hang saam met 'n grootliks foutiewe siening daarvan, naamlik dat dit die aanvangstadium tot kapitalisme is. Hierdie standpunt, naamlik dat die informele ekonomie gesien word as 'n oorgang of leerskool vir toetrede tot formele entrepeneurskap, word ook deur die Kleinsake Ontwikkelingskorporasie ondersteun. Daarteenoor lê ander skrywers soos Fanselow (1990:250) weer klem op die irrasionele kenmerke van die informele ekonomie as bewys dat dit nie aan bogenoemde beskouing sal beantwoord nie. In die verband maak Bendheim die opmerking dat soos wat die aantal deelnemers aan die informele ekonomie toeneem, die markaandeel van elke deelnemer dienooreenkomstig afneem (Bendheim 1987:15). 'n Gemiddeld van nege vrouens soos wat herhaaldelik by twee van die taxi-haltes in die Blouberg-omgewing opgemerk is en wat almal dieselfde beperkte reeks groente en vrugte verkoop (byvoorbeeld tamaties, appels, lemoene, piesangs en grondboontjies), benewens 'n aantal winkels in die omgewing wat dieselfde produkte verkoop, dui op die irrasionaliteit van hierdie optrede. Maar, vanuit 'n ander oogpunt beskou, naamlik die wil om te oorleef en gevolglik daadwerklik 'n poging aan te wend, kan dit sekerlik nie as irrasioneel beskou word nie.

Binne hierdie raamwerk is die lewering van dienste of die verkoop van produkte die mees algemene ekonomiese aktiwiteite. Van hierdie vrugteverkopers sit permanent voor die stamkantoor en die plaaslike hoërskool. Die gemiddelde inkomste wat uit hierdie aktiwiteite gemaak word, is volgens die meerderheid deelnemers minimaal en op sommige dae word daar slegs 'n paar sent uit verkope gemaak. Die belangrikste vir die verkoopster is om vooruit te skat hoeveel voorraad om aan te koop, sonder om die gevaar te loop dat sy 'n

oorskot sal hê wat sleg kan word.

- <u>Gevallestudie 11</u>

  Sophia Modiba, 'n vrou by wie daar soms vrugte gekoop is, het 'n ooreenkoms met 'n taxi-eienaar in die gebied. Hy bring op 'n gereelde basis vir haar vrugte en groente (appels, piesangs, tamaties, kopkool) vanuit Dendron en Bochum. As die produkte vars is, is die prys hoog en verdien sy tot R15-00 per dag, veral oor naweke as daar baie mense is wat per taxi reis. Daarna neem die prys van die produkte af dienooreenkomstig dit ouer word en kan dit wees dat sy op sekere dae net R1-00 of R2-00 verdien. Die laaste vrugte moet sy en haar gesin self eet om nie 'n te groot verlies te ly nie. Toe Sophia onlangs siek word, het sy die bietjie kapitaal wat gebruik sou word om nuwe voorraad aan te koop, vir die koop van medisyne gebruik. Sy wou die geld wat haar seun uit die stad stuur gebruik om weer tot die besigheid toe te tree, maar moes dit gebruik om 'n verhoging in die skoolgelde van haar kleinkinders, wat by haar inwoon, te betaal. Sy het toe geld by 'n vriendin geleen om weer haar besigheid van die grond af te kry en betaal die skuld terug deur gratis vrugte aan die vriendin te verskaf.

Ander algemene aktiwiteite wat plaasvind is bouwerk. 'n Groot aantal bouers, sommige wat byvoorbeeld spesialiseer in die dek van grasdakke, word aangetref. Die prys vir laasgenoemde wissel van R200-00 tot R300-00, materiaal uitgesluit. Die kompetisie tussen die bouers is gevolglik baie sterk, wat tot voordeel van die kliënt is.

Produksie van dagga vind op groot skaal in die berg plaas. Dit word tans as 'n groot bron van kontant inkomste beskou en deelname aan die verbouing daarvan neem toe. Waar dit moontlik in die verlede slegs vir eie gebruik verbou is, word dit tans so ver as die Witwatersrand verkoop. Die plaaslike prys is R5-00 per vuurhoutjiedosie. Soos wat die produksie daarvan toeneem, verhoog die probleme

en risiko ook. Tydens drie geleenthede deur die loop van die navorsing is gesien hoedat die SAPD per helikopter kom, die landerye afbrand en vermeende produsente in hegtenis neem.

Die effek van kleinskalige aktiwiteite is dus dat dit slegs 'n klein aantal mense aan die lewe kan hou. Die inkomste wat op hierdie wyse verkry word, is te gering om enigsins 'n wesentlike bydrae tot 'n beter lewenskwaliteit te maak. Slegs een of twee persone kon dit wel doen, byvoorbeeld 'n baie bekende pottebakster en enkele gewilde magiërs (kyk ook Van der Waal 1985). Die potensiaal om dit aan te wend in die skep van addisionele werksgeleenthede, is gering aangesien die inkomste te laag is en dus kapitale uitbreiding nie moontlik maak nie. Op plaaslike vlak kan ekonomiese investering slegs deur persone gemaak word wat op 'n vaste inkomste in byvoorbeeld die trekarbeid kan steun. Die feit is egter dat veral mans juis hierdie geleentheid gebruik om vir hulle ou dag voorsiening te maak, 'n aktiwiteit wat beoefen kan word sodra hulle op pensioen aftree of moeg is vir trekarbeid. Dit skep dus bitter min nuwe geleenthede vir ander persone.

- <u>Gevallestudie 12</u>

  Een uitsondering op bogenoemde stelling is 'n entrepeneur wat aan die Oos-Rand genoeg handelsvernuf opgedoen en geld bymekaar gemaak het uit sy winkel dat toe dit tydens die 'onluste' van die 1980's afgebrand is, hy besluit het om hom by sy geboorteplek te hervestig. Hier het hy volgens die supermark-beginsel 'n groot winkel opgerig. Sy aanslag is nuut vir die mense van Blouberg, aangesien hy byvoorbeeld aflewerings (teen betaling) doen, krediet gee en produkte aanhou wat net in die stad bekombaar is. Sy winkel het later uitgebrei na 'n tweede een. Onlangs het hy ook 'n drankwinkel en "lounge" oopgemaak. Volgens sy eie verklaring neem hy slegs plaaslike mense in diens as werkers en kan in die verband as een van die min uitsonderings genoem word.

## 5.3 Handwerk[7]

Met die groter beskikbaarheid van massageproduseerde verbruikersware, soos kleredrag, emaljeskottels, plastiekware, messegoed en meubels, het die genoemde artikels tradisionele voorwerpe grotendeels vervang en het die produksie daarvan vinnig agteruit gegaan. Die groot aantal winkels in die Blouberg-omgewing dra hiertoe by. Eksterne stimulus het egter daartoe meegehelp om hierdie agteruitgang te stop en selfs teen te werk. Reeds so vroeg as in 1935 is daar 'n kommissie deur die regering aangestel om die ontwikkeling van tuisnywerhede in die vorm van handwerk in landelike gebiede te ondersoek. Die kommissie se aanbevelings behels onder meer die aanstelling van 'n Direkteur van Naturelle Tuisnywerhede deur die Departement Naturellesake en dat daar voldoende instrukteurs en toesighouers moet wees vir die organisering van die produksie en bemarking van hierdie handwerk (Shaw 1949; kyk ook Meyerowitz 1936 vir voorstelle oor die ontwikkeling van hierdie bedryf in Lesotho).

Die doel met die stimulering van tuisnywerhede, veral in die 'tuislande', was dat dit as addisionele bron van inkomste sou dien. Gevolglik het die Afdeling Bantoekuns en -handewerk van die BBK in 1971 tot stand gekom, met mnr. Zandberg Jansen as die eerste hoof (Bantu 1971:17). Die argument wat deur die Departement Naturellesake aangevoer is, is dat dit beter is vir iemand wat slegs arbeid het om te verkoop om dit vir sy eie gewin aan te wend vanuit sy eie tuiste. Die voordeel van tuisnywerhede is verder ook dat dit min kapitaal vereis, maar 'n hoë arbeidsinset het en dus toeganklik is vir die meeste mense (kyk in die verband ook Karsten 1972:13). In die meeste gevalle is die handwerk wat aan die mense geleer is Europees van aard en nie op die tradisionele ingestel nie - byvoorbeeld die houtwerkwinkel te Leipzig. Die klagte wat deur die

[7] Onderstaande beskrywing is ten dele gebaseer op onderhoude wat gevoer is met 'n aantal persone wat werknemers van die BBK was en wie se taak juis die praktiese implimentering van die Korporasie se aktiwiteite was.

Departement hierteen ingebring is, was dat dit die opgevoede swartmense van hul kulturele agtergrond afsny en dit hulle negatief teenoor hierdie agtergrond maak. Die ander kant van die saak het ontstaan in die vorm van kritiek deur die sendelinge wat in die vroeë jare die leiding in hierdie verband geneem het. Laasgenoemde se beskouing was dat hulle die lewenstandaard van hulle bekeerlinge wou verhoog, maar dit nie kan doen deur hulle met tradisionele aktiwiteite besig te hou nie (Van der Merwe 1984, 1987).

Tradisionele handwerk is wel deur die Departement gestimuleer, soms met meer bymotiewe as finansiële oorlewing - kyk hoofstuk 9:6 waar dit aangetoon word dat dit benewens ekonomiese redes, ook gebruik is om etnisiteit te bevorder. Die stimulering van hierdie tipe industrie is egter gebaseer op die wanopvatting dat die produksie van handwerk (in teenstelling met die produksie van kuriositeite as 'n fyn beplande en bestuurde strategie van ondernemers - kyk byvoorbeeld Steiner 1991), mense sal help om ekonomies te kan oorleef. Die probleem lê daarin dat dit individue help om te oorleef, maar niks meer as dit bied nie - dit het nie die kapasiteit om welvaart vir die individu te skep nie. Dit is interessant dat dit ook die waarneming is van mense vanuit ander swart plattelandse gebiede wat onlangs aan aktiwiteite van organisasies soos byvoorbeeld "Operation Hunger" deelgeneem het. Volgens segspersone was hierdie organisasie byvoorbeeld nog nooit in die Blouberg-omgewing aktief nie.

Ten opsigte van die behoud en stimulering van die tradisionele was die rol wat die Bantoe Beleggingskorporasie (BBK) gespeel het baie spesifiek, aangesien dit meerendeels op die bemarking van die sogenaamde tradisionele voorwerpe ingestel was, eerder as op die skep van moontlikhede en die gee van opleiding. Klaarblyklik is die Blouberg-omgewing deur die BBK ondersoek met die oog op die stimulering van hierdie tipe tuisnywerhede, maar is daar besluit dat daar nie voldoende aktiwiteite plaasvind wat 'n plaaslike strategie sou regverdig nie. Tans is daar verskeie individue wat aktief by die produksie van tradisionele handwerk as bron van inkomste betrokke is (kyk onder). Daar is dus besluit om

eerder te konsentreer op gebiede soos Venda, KwaNdebele en KwaZulu. Vir die doel van hulle bemarkingsaktiwiteite het die Korporasie twee hoof verkoopspunte gehad.[8] Die een, bekend as **Papatso**, is op die ou Warmbad pad, ongeveer 50 km noord van Pretoria geleë. 'n Ander punt is **e'Dayizenza** naby die Numbi-hek van die Kruger Wildtuin (Horrell 1973:119). Die moontlikheid dat mense vanuit die Blouberg-omgewing enigsins uit hierdie twee punte voordeel sou trek, is uiters gering.

Die volgende voorbeelde uit 'n aantal gevallestudies, gee 'n aanduiding van die uiteenlopendheid van aktiwiteite wat vir oorlewing aangewend word.

- Gevallestudie 13

- 'n Man, Hans Kubu, spesialiseer in die maak van vrouekleredrag wat as 'etnies' bestempel kan word (figuur 8). Aangesien hy een van die enigste persone is wat dit doen, is sy inkomste hieruit voldoende om sy hele gesin te onderhou. Omdat daar gedurig 'n toeloop van mense by hom is, het sy vrou begin om op 'n permanente basis bier te brou wat aan die kliënte verkoop word. 'n Bestaande situasie is dus as geleentheid geïdentifiseer en word as sodanig benut.

- Drie vrouens produseer kleipotte wat hulle in die woongebied verhandel. In 1980 was daar ongeveer 12 aktiewe pottebaksters in die groter gebied teenwoordig, maar teen 1990 was daar slegs 4 oor. Al 4 vrouens is redelik bejaard en het geen leerling aan wie hulle die tegnieke oordra nie. Die potte wissel in prys van R3-00 vir die kleinste tot R55-00 vir die grootste. Laasgenoemde neem ongeveer twee volle dae om te produseer. Die aktiefste van die vrouens produseer 'n verskeidenheid voorwerpe wat haar na raming 'n addisionele inkomste van ongeveer R1000-00 per

---

[8] Hulle was ook in ander gebiede soos Suidwes-Afrika (Namibië) en die Caprivi aktief.

seisoen in die sak kan bring. Dit word hoofsaaklik spandeer op skoolfondse, skooldrag en -boeke vir haar kinders en kleinkinders.

Die verminderde aantal deelnemers aan 'n spesifieke bedryf het in hierdie geval tot voordeel van die vrouens gewerk. Die omgekeerde word gevind in gevalle waar daar baie persone is wat dieselfde produk lewer.

- 'n Groot aantal mans produseer 'n verskeidenheid mandjies en houtvoorwerpe soos kieries, lepels en houtbakke vir verkoop (figuur 4). Geeneen het enige formele opleiding in houtwerk gehad nie. Die pryse wat vir die meer algemene voorwerpe behaal word, is laag, veral as die arbeid wat in die produksie daarvan gaan in ag geneem word. In die meerderheid gevalle word die materiaal gratis versamel, sodat dit wat wel verdien word net wins is. Daar is boonop te min kontant in omloop om hoër pryse daarvoor te vra. Lepels word vir R1-50 tot R2-50 verhandel. Houtbakke kan tot soveel as R7-50 behaal. Vir dieselfde prys kan 'n plastiekskottel gekoop word. Mandjies wissel van R5-00 tot R40-00 vir die groter wanmandjies. Die voorwerpe wat die hoogste prys behaal is die **sešiho** of graanhouer wat tot R120-00 kos. Dit neem egter twee tot drie weke om een mandjie te produseer, wat nie die verkryging van die materiaal insluit nie.

Die impak van die oorbenutting van roumateriale soos hout, het Lebowa se Departement van Natuurbewaring gedwing om 'n beperking in te stel op die afkap van bome. Dit maak dit dus vir die mense baie moeilik om materiaal te bekom. In Blouberg spesifiek, veral vanweë die voorkoms van geelhout, word daar deur hierdie Departement gepoog om die mense te verhinder om hout vir bogenoemde doeleindes te gebruik.

- 'n Aktiewe houtwerker, Frans Modiba, skryf gereeld van sy produkte soos wandelstokke, lepels, paproerders en stoele by die landbouskou te Bochum



**Figuur 4.** 'n Man besig om houtbakke en mandjies te vervaardig (Foto: W.A. Judson, 1969).

in en beweer dat hy op hierdie wyse 'n groter aanvraag vir sy produkte gekry het en kan hy op 'n gemiddelde inkomste van tot soveel as R60-00 per maand staat maak. Daarenteen het die meerderheid segspersone wat in hierdie verband uitgevra is beweer dat die voorwerpe wat hulle produseer om te verkoop slegs genoeg kontant oplewer om in persoonlike behoeftes soos geld vir rook- of drinkgoed te voorsien.

Min van hierdie vlegwerk en houtvoorwerpe word buite die onmiddellike gebied verhandel. Daar is reeds gewys op die potensiaal wat die vervaardiging van handwerk vir die kuriobedryf en die bemarking daarvan, byvoorbeeld deur die BBK, kon gehad het. 'n Groter inkomste sou moontlik uit handwerk van hierdie aard verdien kon word indien 'n groter afsetgebied gevind kan word. Die probleem wat in hierdie verband bestaan, is dat die konstantheid van produksie en kwaliteitsbeheer, faktore wat in 'n dinamiese bedryf belangrik is, nog nie deel van die plaaslike produksiekultuur is nie. Dit kan miskien met die groter ontwikkeling van eko-toerisme (kyk hoofstuk 2:3.5) 'n meer bestendige bron van inkomste vir hierdie groep mans word.

Die moderne verbruikersekonomie het 'n wye verskeidenheid materiale, tegnieke en geleenthede binne bereik van die Hananwa gebring, wat gebruik word in die produksie van gebruiksvoorwerpe en kunswerke en dit het in der waarheid tot groter kreatiwiteit by individue aanleiding gee. Dit wissel van die gebruik van PVA-verf en die koolstof in droë-sel batterye as kleurmiddel in muurversierings tot die gebruik van plastieksakkies wat in stroke gesny word om matte van te hekel. Die gekleurde draad wat uit telefoonkabels verkry word, word gebruik in die maak van mandjies of om handvatsels vir wandelstokke en dansstawwe mee te versier.

'n Nuwe kategorie persone het ontwikkel in kunstenaars wat 'n verskeidenheid voorwerpe produseer vir die estetiese genot daarvan, maar ook om dit as bron van inkomste te verkoop. Nie een van hierdie persone het formele opleiding

gehad nie, maar produseer wel werke wat by 'n sekere deel van die kunsmark groot inslag sal vind (kyk figuur 5). Die probleem is egter dat dit nie vir hulle moontlik is om hulle werk maklik by winsgewende kunsmarkte aan die Witwatersrand te kry nie.

- 'n Kunstenaar, Gert Kobe het reeds gepoog om in Johannesburg as agent vir 'n paar van die kunstenaars op te tree. Hulle het dadelik hul pryse opgestoot, wat dit vir Gert moeilik gemaak het om sy koste te dek. Hy het ook gou agtergekom dat dit wat hy betaal word nie naastenby vergelyk kan word met dit wat deur kunshandelaars vir die werke gevra word nie. Aan die ander kant was die wisselvallige voorsiening van die kunswerke ook problematies en het die stedelike handelaars hul vertroue in hom verloor. Hy het die werke toe op straat en by vlooimarkte probeer verkoop, maar sonder veel sukses. Omdat hy nou self in die stad moes bly om die werke te verkoop, het hy die bietjie geld wat hy verdien het spandeer op verblyf en om aan die lewe te bly. Baie teleurgesteld met die verloop van hierdie onderneming bly Gert nou by die huis en doen 'n bietjie bouwerk teen betaling. Dit is slegs in uitsonderlike gevalle dat hy nog kunswerke maak.

Deur gebruik te maak van 'n eksterne middelman as agent kan die kunstenaars moontlik 'n groter omset hê, maar hul eie winsgrens sal nie so groot wees nie. Die gevolg hiervan is dat hierdie kunstenaars slegs vir plaaslike aanvraag produseer en hulle die voorwerpe grootliks in ruil vir ander goedere (voedsel, bier, klerasie) of vir dienste gelewer, aanbied. 'n Groter toerismemark, wat moontlik kan ontstaan weens die ontwikkeling van eko-toerisme na die gebied, mag ook tot voordeel van hierdie persone wees aangesien dit 'n mark vir handwerk kan oplewer.

Binne bogenoemde raamwerk is daar ook 'n verskeidenheid ander aktiwiteite wat nie op die tradisionele ingestel is nie en deur individue gebruik word om



**Figuur 5. Tšhwene,** totem van die Hananwa, deur E. Mokgerepe, 1990 (Foto: J.A. van Schalkwyk, 1992).

ekonomiese oorlewing te bewerkstellig. Voorbeelde hiervan is persone wat diefwering, tuinmeubels en ander metaalwerk produseer. Hiervoor word elementêre kennis en toerusting benodig. Die aanvraag op plaaslike vlak is nie groot nie en die eintlike afsetgebied is in plekke soos Seshego geleë, maar daar is die kompetisie weer dienooreenkomstig groter. Vervoerkoste om dit in die groter sentrum te kry, verlaag ook die winsgrens dienooreenkomstig.

## 5.4 Gemeenskapsprojekte

Aktiwiteite vind nie altyd suiwer vanuit ekonomiese oorweging plaas nie. Projekte tot voordeel van die gemeenskap word ook aangepak en vind meerendeels op 'n koöperatiewe basis plaas. Die onderwerp word eers op wyksvlak bespreek, inligting ingewin en take aan individue of groepe individue toegeken. Daar word ook altyd vasgestel watter hulp van die owerhede verwag kan word. In gevalle van gemeenskapsontwikkeling maak elke huishouding, benewens 'n finansiële bydrae, ook 'n bydrae in die vorm van arbeid wat deur 'n man of vrou gelewer word. In hierdie opsig behou dit dus steeds die kenmerke van 'n werksparty (**letaba**). Voorbeelde wat hier aangebied word, is die bou van skole en veedippe, asook die voorsiening van water aan 'n gemeenskap.

In 'n dorp aan die westekant van die berg is daar gesien dat alle vrouens 'n beurt kry om deel van 'n sloot te grawe waarin 'n waterpyplyn aangelê sou word. Die mans het die meer tegniese deel van die projek soos die lê van die pype en die aanbring van die krane behartig. Dit het op inisiatief van hierdie gemeenskap self plaasgevind.

Met die bou van 'n hoër primêre skool (Std 3-5) suid van die berg het elke huishouding 'n hoeveelheid kontant bygedra vir die koop van venster- en deurrame en sinkplate vir die dak. Een groep was verantwoordelik vir die maak van die stene, 'n tweede groep vir die voorbereiding van die terrein en die grawe

van die fondamente en 'n derde groep vir die bouwerk.

Aktiwiteite soos hierdie kan die gemeenskap tot 'n eenheid saambind of belangegroepe in botsing met mekaar bring. Dit is veral op hierdie vlak waar die rol van die hoofman belangrik is en elke projek word sorvuldig bespreek voordat dit geïmplimenteer word. 'n Hoofman wat 'n saak tot sy eie voordeel wil bevorder, word vinnig onpopulêr en maklik by die stamhoof verkla. Dit het klaarblyklik in die verlede gebeur dat 'n hoofman wat nie die belange van sy wyk op die hart dra nie, deur 'n ander persoon vervang is.

## 5.5 Innovering en aanpassing

Ander instellinge word ook gebruik om ekonomies onafhanklik te wees. Voorbeelde is onder andere hulpvereningings soos **oorgooi** of **mohodisano** en begrafnisverenigings enersyds en **stokvel** aktiwiteite soos bierfeeste (**kotikoti**), werkspartye (**mataba**) en "concerts" andersyds (kyk ook Du Toit 1969; Thomas 1991, bied 'n effens anders tipologie).

Die verskil tussen hierdie twee groepe aktiwiteite is dat daar by eersgenoemde kategorie nie geld van buite in die stelsel ingebring word nie. Elke lid van die oorgooi-groep of begrafnisvereniging dra uit sy of haar eie inkomste by en gevolglik sal slegs die lede wat tot 'n vereniging behoort daarby baat vind. By die ander kategorie, gooi 'n aantal persone hul kragte bymekaar om geld te verdien. So sal 'n groep meisies onderneem om teen betaling hout bymekaar te maak vir 'n spesifieke persoon en die geld dan onderling verdeel. Vrouens onderneem om teen betaling skoffelwerk op landerye te doen. Skoliere oefen gereeld sang en skryf selfs toneelstukke, algemeen beskryf as 'dramas', wat hulle opvoer. Die publiek betaal dan om hierdie "concerts" by te woon. Die inkomste word onderling deur die groep verdeel.

Met verwysing na die generering van inkomste deur middel van byvoorbeeld stokvel-aktiwiteite, is reeds genoem dat een van die grootste rolveranderings wat ingetree het, die in die lewe van die vrou is. Dit is nie slegs op ekonomiese vlak nie, maar ook in hul sosio-kulturele lewe. Om hierdie veranderende rolle te akkommodeer, poog hulle om die twee fasette met mekaar te versoen. Praktiese voorbeelde hiervan is die brou van sorghumbier en maak van musiek.

In die verlede is bier[9] hoofsaaklik in sosiale verband genuttig en gratis aangebied. Tans het dit 'n bron van inkomste geword. Die brou van bier vir kommersiële doeleindes vorm deel van 'n fyn gebalanseerde strategie vir ekonomiese en sosiale oorlewing. Toe daar aanvanklik met die verkoop van bier begin is, het bierpartye as **kotikoti** bekend gestaan. Die bier word per **sekala**[10] verkoop. Sodra 'n persoon geld nodig het, sal sy vrou 'n hoeveelheid bier brou en mense aan wie die bier verkoop word uitnooi. Hy huur ook een van die **mokankanyane**-groepe (kyk onder) om vermaak te verskaf. Winkeleienaars doen dit ook van tyd tot tyd en dan staan dit as "promotion" bekend. Aangesien dit min of meer dieselfde persone is wat die bierpartye aanbied of bywoon, is die aktiwiteit 'n geslote eenheid, omdat dit min kontant in sirkulasie bring en ook hoofsaaklik in dieselfde sirkel gehou word.

Die maak van musiek en danse was in die verlede grootliks in die hande van die Hananwa mans en word steeds deur hulle beheer. Hulle is die hoofdeelnemers ("principals" - Wilson 1957:190-202) by die uitvoering van die meeste rituele en bepaal sodoende die geleentheid vir die uitvoering van musiek en danse. Tromme, wat die belangrikste van alle musiekinstrumente is, is ook onder hulle beheer. In die verlede is die verskillende danse hoofsaaklik deur mans uitgevoer en het hulle selfs kostuums daartydens gedra. Dit is bekend as **kosa** of **kiba ya**

---

[9] Kyk McAllister (1993) vir 'n oorsig van die historiese en kontemporêre gebruike van bier deur die suidelike Bantoe-sprekers.

[10] Afgelei van die Afrikaans vir skaal, aangesien dit sorgvuldig afgemeet word.

**dinaka**[11] en word gewoonlik binne 'n sosiale verband soos tydens 'n huwelik uitgevoer, of bloot net om gesellig saam te verkeer. In laasgenoemde geval is die instrumente wat gebruik word die **dinaka** (fluite), 'n **phalafala** of blaashoring en **meropa** (tromme). Verskillende groepe kom bymekaar en elk gee 'n vertoning. Hiervan sê Krige & Krige dat

> "the object is self-expression, without stress upon individual performance, and entertainment in which the competitive element is present merely to heighten the enjoyment" (Krige & Krige 1943:65).

Tans vind daar egter 'n afname in die voorkoms van manlike groepe plaas, met 'n dienooreenkomstige toename in vroulike groepe. Sodanig dat in die laaste aantal jare die getal aktiewe manlike groepe afgeneem het tot slegs een plaaslike groep, alhoewel groepe van buite die woongebied die area van tyd tot tyd besoek en daar optree. Daar is verskeie redes hiervoor. Een van die belangrikste is die afname in die tradisionele gemeenskapsrituele. Daar is ook reeds aangedui dat vrouens, as hoof van enkelouer huishoudings, 'n groter rol as broodwinner speel. 'n Ander oorsaak is geleë in die feit dat die meerderheid mans as trekarbeiders in die dorpe en stede werksaam is. Op hierdie wyse ontstaan daar dus 'n leemte in die uitvoering van musiek, waarin die vrouens met gemak kon in beweeg. Dit lei tot 'n nuwe dimensie van musiekmaak in die gemeenskap, aangesien vrouens die danse nou nie meer vir kompetisie of blote vermaak doen nie, maar dit ook vir finansiële gewin beoefen.

Tans bestaan daar verskeie van hierdie vrouegroepe (figuur 6). Elke groep word deur 'n persoon geadministreer, wat gewoonlik die plaaslike hoofman is. Hy is onder meer in beheer van die tromme, wat stameiendom is. Verder reël hy plekke vir die groep om op te tree, asook die vervoer van die groep en sien toe dat die groep betaal word. Dit alles doen hy teen vergoeding. Hierdie groepe

---

[11] **Kiba** = om tyd te hou met die voete, te dans, die voete te stamp, om ritmies te marsjeer (Ziervogel & Mokgokong 1975:509).

staan as **mokankanyane**[12] bekend en tree normaalweg op by bierpartye waar hulle die vermaak verskaf. Dit kan dus in der waarheid as 'n **stokvel** aktiwiteit geklassifiseer word.

Soos wat 'n groep bekendheid verwerf en meer geld verdien, sal hulle 'n kostuum saamstel wat tydens optredes gedra word. Dit het 'n 'etniese' inslag en bestaan uit kopdoeke, lang bloese (**ele**) en rompe. Dit word met kralewerk, dansstawwe in allerlei vorms, ratels wat om die enkels gebind word en die dra van tennisskoene afgerond. Soms sal 'n groep ook 'n aantal liedjies self komponeer, maar kan ook liedjies van ander groepe uitvoer. Hierdie liedjies handel hoofsaaklik oor plaaslike gebeure of situasies. Dit kan so ver gevoer word dat hulle hiermee op subtiele wyse met hul mans of selfs die stamhoof die spot dryf. Volgens die meeste vroue met wie hieroor gesels is, bied dit vir hulle ontvlugting van 'n daaglikse oninteressante roetine.

Alhoewel van relatiewe resente oorsprong, funksioneer hierdie vrouegroepe nie los van tradisionele bande nie, maar word hulle optrede aangepas om by die tradisionele kalender van aktiwiteite in te pas. So word alle byeenkomste waartydens tromme bespeel word, naamlik **kiba** en **mokankanyane**, dit wil sê algemene danse maar nie **kgopa**- en **setlhako**-danse[13] en **malopo**-danse nie, verbied. Dit duur vanaf Oktober met die uitvoering van die ritueel bekend as **ho ntsha peu** (om die saad te vra) tot Maart die volgende jaar met die uitvoering van die ritueel bekend as **ho loma lerotse** (om die pampoen te byt), met ander woorde van plant- tot oestyd (somer).

In hierdie stadium word die tromme ook toegemaak. Die boodskap word vanaf

---

[12] Volgens James (1989) is dit net sekere soorte liedjies wat deur hierdie vrouegroepe gesing word wat as **mokankanyane** bekend staan.

[13] **Kgopa** is die rituele afsondering van 'n meisie met die aanvang van haar eerste menstruasie. Dit gaan gewoonlik gepaard met danse deur vroulike lede van haar gesin asook vriendinne. Op die dag wat sy uit hierdie afsondering kom, word daar 'n openbare dans gehou wat ook deur vreemdelinge bygewoon kan word. Laasgenoemde staan as **setlhako** bekend.



**Figuur 6.** 'n Vrouedansgroep (Foto: J.A. van Schalkwyk, 1988).

die **mosada** (**mošate** - hoofsetel) versprei dat die stokke neergelê is en dat die 'tamboere'[14] toe is. In die verlede is 'n gat by die ingang van die stamhoof se **kgoro** (vergaderplek) gegrawe en 'n stok daaroor geplaas, waarna **mahwere** (medisyne) daaroor gegiet is. Die implikasie hiervan is dat die tromme nie bespeel mag word nie en daar gedans mag word tot tyd en wyl dit na afloop van die oestyd weer oopgemaak word nie. Alhoewel die tromme steeds toegemaak word, word die handelinge vandag nie meer uitgevoer nie en is dit tans dus grootliks spreekwoordelik van aard. Ander soortgelyke spreekwoorde is onder andere **ho fata sebešo**, om die vuurmaakplek oop te grawe (skoon te maak), dit wil sê om 'n saak na die stamhoof te neem en dit daar te bespreek - daar word nie werklik 'n vuurmaakplek skoongemaak nie; **re sua thari**, om 'n abbavel te brei, dit wil sê om 'n saak te debatteer en is 'n verwysing na die hande van die verskillende persone wat die vel brei.

Hierdie dansgroepe (**kiba** en **mokankanyane**) sal nou vir 'n laaste keer deur hulle leier bymekaar geroep word, tydens welke geleentheid die inkomste van hulle aktiwiteite verdeel word. Dit gaan gewoonlik gepaard met die hou van 'n fees deur die groep en hul verwante, waartydens hulle dans, bier drink en gesellig verkeer. Die inkomste wat hulle maak is uiters gering en wissel van R20 tot R50 per optrede. As dit onderling tussen die lede van die groep verdeel word, is dit nie veel per persoon nie. Gevolglik word die geld gespaar en aan die einde van die jaar verdeel, sodat elk dan dienooreenkomstig 'n groter bedrag ontvang. Aan die einde van die oestyd en na afloop van die seremonie ter oopstelling van die oes, sal die leier die groep bymekaar roep en sal daar weer bier gedrink en gedans word om die oopstel van die tamboere te vier.

Hierdie handelinge moet saam met verskeie ander vermydingshandelinge gesien word. So geld hierdie verbod ook byvoorbeeld vir die **dingaka** (kruiedokters) wat tydens die tydperk nie kruie mag uitgrawe nie. Reën is 'n belangrike faktor wat

---

[14] Die algemene plaaslike term waarmee daar na tromme verwys word.

die voorspoed van almal beïnvloed en niks mag gedoen word wat dit kan weerhou nie. Een van die belangrikste oorsake vir die wegbly van reën, is die voorkoms van die toestand van rituele gevaar (kyk hoofstuk 9:3). Volgens segspersone is die 'toemaak van die tamboere' daarop ingestel om die hou van feeste en gevolglike losbandigheid uit te skakel, aangesien dit kan lei tot dade wat nadelige gevolge kan hê vir die sukses van die verskillende rituele.

Dit is egter nie net op bogenoemde vlak waar vernuwing en selfs inkomstegenerering plaasvind nie. Sokker is baie gewild by die jong seuns. Met verloop van tyd het hulle genoeg speelvelde voorberei en word daar deesdae wedstryde tussen spanne van verskillende dorpe gereël. Elke span wil egter hul eie spanklere hê en vir fondse word toegangsgelde by die wedstryde gevra. Voor 'n wedstryd plaasvind word die veld met plastiek en goiing toegemaak. Toegangsgelde wissel na gelang van die reputasie van die besoekende span. In 'n gebied waar daar nie veel ander vermaak en tydverdryf is nie, betaal die toeskouers geredelik om deel van die aktiwiteite te wees. Die geld wat deur die span op hierdie wyse ingesamel word, word gespaar om vir die spelers spanklere te koop. In enkele gevalle het van die plaaslike spanne so goed gevaar dat hulle dit kon bekostig om op 'toer' te gaan na van die groter stedelike sentrums.

## 5.6 Trekarbeid

Die belangrikste bron vir ekonomiese oorlewing is trekarbeid. Soos in die geval van al die ander 'tuislande' in Suid-Afrika, word die patroon van werk by Blouberg gekenmerk deur min toegang tot plaaslike werksgeleenthede en hoë getal werkloses (kyk byvoorbeeld Niehaus 1988 vir 'n beskrywing van die situasie in Qwaqwa). Benewens landbou is trekarbeid die belangrikste strategie vir ekonomiese oorlewing. Anders as in ander gebiede, byvoorbeeld die Laeveld met sy sagtevrugte- en groenteboerderye (Fischer 1992:227), is arbeidsintensiewe boerdery in die onmiddellike omgewing van Blouberg min. Enkele groenteboere

het groot plase onder besproeiing en bied 'n aantal werksgeleenthede op seisoenale vlak. Projekte van die Departement van Landbou, soos byvoorbeeld die aanplant van sisallande en sitrusboorde (alhoewel nie in die Blouberg-omgewing nie, maar net suid daarvan in die Koni-gebied) hou ook beperkte werksgeleenthede in. Ontwikkeling van wildreservate, veeverbeteringskemas, watervoorsiening en so meer, bevoordeel slegs 'n klein aantal individue. Buite die gebied is bees- en wildplase aan die toeneem. Hulle neem egter minder arbeiders in diens en die 'oortollige' persone het geen ander keuse as om na die 'tuislande' terug te trek nie.

- Gevallestudie 14

  'n Voorbeeld hiervan is Karel Mahote, aan die noordekant van die berg. Hy was 'n trekkerbestuurder en het ook baie oor besproeiing geleer. Met sy ontslag het Karel die kennis wat hy oor die kweek van groente en die bemarking daarvan opgedoen het, tot sy eie voordeel begin aanwend en produseer nou tamaties, groenmielies en ander groente wat hy plaaslik verkoop. Die inkomste wat hy genereer is genoeg om 'n aantal vrouens op seisoenale basis in diens te neem. Tans huur Karel 'n persoon om met 'n trekker sy lande te ploeg, maar hy hoop om eendag sy eie trekker te koop. Sy seun Wilfred is egter van mening dat hulle 'n minibus moet aanskaf, aangesien dit as taxi meer geld sal inbring, maar ook omdat 'n mens nie al jou geld in een saak wil belê nie.

Die effek wat min plaaslike werksgeleenthede op die mense het, is dat die meerderheid van hulle vir lang tye ver van die huis af moet werk. Die historiese diepte van hierdie aktiwiteit is reeds in hoofstuk 5:4.3 aangedui. Die situasie verskil vandag aansienlik van wat in die verlede bestaan het. Toe was kommunikasie stadig en min en die tydsduur tussen die verskillende besoeke baie langer. Die heropname van die persoon met sy terugkeer uit die stad in die gemeenskap, was baie belangrik en verskillende reinigingsrituele is uitgevoer met tuiskoms. Die rede hiervoor is geleë in die konsep van rituele gevaar (kyk

hoofstuk 9:3).

'n Persoon wat lank van Blouberg weg was en in die stad of op 'n plaas gewerk het, sal met sy tuiskoms by 'n magiër aanmeld om gereinig te word. Beyer (1874:105) beskryf hierdie gebruik reeds in 1874. Die persoon sal iewers langs die pad wag tot dit donker is en dan na die magiër gaan. Dit word gedoen sodat niemand hom sien en op magiese wyse kan leed aandoen alvorens hy by die huis kom nie. Die magiër berei medisyne voor en die betrokke persoon sal daarmee besprinkel word. Sy hare word afgeskeer en sy klere en die geskenke wat hy terugbring word magies gereinig. In die verlede is sy lyf met rooi-oker behandel (kyk hoofstuk 9:3). Daarna gaan groet hy sy ouers en ander verwante formeel. Indien hy baie lank weg was, sal bier gebrou word en vriende en verwante genooi word om sy terugkoms te vier. Niemand sal egter spog met die geskenke wat vir hulle gebring is nie, aangesien, soos een segspersoon dit stel, die mense 'jou mag skuldig sien' en jaloers word. Met sy terugkeer stad toe, word die magiër weer besoek. Laasgenoemde verskaf medisyne aan hom vir geluk en voorspoed in die stad. 'n Bietjie medisyne word saam geneem om sy woonplek en besittings in die stad te reinig (kyk ook McAllister 1980:211-234 vir vergelykende inligting onder die Gcaleka in die Oos-Kaap). Hierdie reinigingsrituele word nie meer konsekwent uitgevoer nie en is dit meerendeels net die lede van die Zioniste kerk wat tydens hul terugkeer huistoe op hierdie wyse deur 'n kerkleier gereining word.

Trekarbeid het in die verlede hoofsaaklik op 'n kontrakbasis gefunksioneer. Met verstryking van die kontrak gaan die persoon terug huis toe en bly daar vir so lank as wat hy wil of tot sy geld op is. Hierdie patroon het egter baie verander en die meerderheid mense is nou permanent in diens by 'n werkgewer. Hulle gaan net tydens hul verlof of tydens geleenthede soos Kersfees en Paasfees huis toe. Tans word daar baie makliker per trein, bus, taxi of motor gereis. 'n Rit per taxi vanaf Pretoria tot by Blouberg en terug kos ongeveer R100-00. Daar is dus beter geleentheid om besoeke aan die huis te bring as wat in die verlede die

geval was. Meeste mense wat van hierdie diens gebruik maak is egter baie bekommerd oor die gevaar wat 'n reis per taxi inhou in terme van padongelukke. Gevolglik sal hulle, indien dit enigsins moontlik is, eerder van privaat vervoer of 'n geleentheid saam met 'n kennis gebruik maak om by die huis te kom.

Die makliker heen en weer beweeg tussen die stad en die huis, het ook 'n invloed op die verhouding met die stamhoof. Met die verstryking van 'n trekarbeider se kontrak was dit in die verlede gebruiklik om, met sy terugkeer vanaf die stad, die stamhoof te gaan groet (**lotsha**), waartydens 'n bedrag geld of ander geskenk aan hom oorhandig is.[15] Omdat die mans nou makliker en meer gereeld by die huis kom, het hulle opgehou om die stamhoof elke keer te groet of om geskenke vir hom te bring.

Die meerderheid trekarbeiders verdien ook meer as enige persoon wat plaaslik in diens van die administrasie is of privaat in byvoorbeeld van die winkels werk. Die dilemma is dat mense afhanklik is van die inkomste wat deur middel van trekarbeid verdien word. Segspersone is van mening dat hulle vir meer as die helfte van die totale maandelikse inkomste van 'n huishouding op hierdie bron staatmaak. Die bron kan egter skielik opdroog, soos wat uit die onderstaande gevallestudie afgelei kan word.

- <u>Gevallestudie 15</u>

  Willem Kobe het weens 'n motorongeluk in diens van sy werkgewer die gebruik van sy bene verloor en is gevolglik medies ongeskik verklaar. Hy was amper twintig jaar lank in diens van 'n koöperasie, wat na die ongeluk probeer het om hom in 'n ander pos te akkommodeer. Dit het egter nie uitgewerk nie en 'n bedrag geld is as vergoeding aan hom uitbetaal, wat hy toe gebruik het om 'n nuwe huis te bou. Dit wat

---

[15] Hierdie tipe heffing het in die verlede voorgekom en het uit voorwerpe soos luiperdvelle en ivoor wat aan die stamhoof oorhandig moes word, bestaan. Hy het egter elke persoon wat so iets bring vergoed deur 'n geskenk, byvoorbeeld 'n bok, terug te gee.

oorgebly het, het nie lank gehou nie. Hy maak nou, met die hulp van sy seun, eenvoudige meubels en verkoop dit as bron van inkomste. Laasgenoemde is egter nie naastenby genoeg om dit wat hy deur middel van trekarbeid verdien het te vervang nie en sy ander kinders moes noodgedwonge tot die arbeidsmark toetree.

Trekarbeid is egter meer as net 'n ekonomiese oorlewingstrategie. Dit word onder meer ook gesien as die enigste manier waarop 'n man 'huis kan opsit', met ander woorde kan trou (Spiegel 1980:121 het soortgelyke situasies in Lesotho gedokumenteer).

- <u>Gevallestudie 16</u>

  Joshias Monyebodi vertel dat hy eers in die stad moes gaan werk soek het om geld te verdien vir die verlangde bruidskat (ongeveer R400-00). Daarna kon hy nie ophou werk nie, want hy het gespaar om meubels te koop, asook om mettertyd 'n huis te kan bou. Teen die tyd dat hy genoeg geld gehad het om te trou, wat opsigself 'n duur aangeleentheid was, aangesien almal nuwe klere en uitrustings moes kry, asook die voedsel en geskenke, was die meubels wat hy by sy ma gestoor het al so verniel en was sy ma ook nie meer bereid om daarsonder klaar te kom nie. Hy het toe sonder sy eie meubels getrou en moes 'n paar stukke leen om huis te kon opsit.

Trekarbeid het egter ook 'n omgekeerde effek, naamlik armoede en gebroke sosiale bande. Voorbeelde daarvan is algemeen:

- <u>Gevallestudie 17</u>

- 'n Vrou met vier kinders se man werk reeds nege jaar in die stad sonder dat hy geld terug stuur huis toe. Haar skoonouers het self so min dat hulle haar nie kan help, behalwe deur die kinders op te pas. In die stadium

wat sy begin besef het dat haar man nie meer gereeld terugkom nie, het sy 'n magiër besoek om sy hulp te kry om haar eggenoot op te spoor en terug te bring. Dit was egter onsuksesvol. Sy is van mening dat die vrou by wie haar man in die stad bly oor sterker medisyne as hare beskik en gevolglik het sy die soektog opgegee. Sy verkoop nou groente by die bushalte in 'n poging om 'n inkomste te genereer. Sy bied ook verblyf aan 'n loseerder ('n onderwyseres by die plaaslike laerskool) om haar inkomste aan te vul.

- Twee jong seuns wat jare reeds vriende was, Joey en Ephriam, het besluit om hul matriekjaar oor te doen in die hoop dat hulle beter simbole sal kry. Na afloop van die tweede jaar het hulle wel beter simbole verwerf en is na die Oos-Rand met hierdie sertifikate op soek na werk. Die beste wat hulle kon kry was tydelike afloswerk as wagte by 'n sekuriteitsmaatskappy. Die een vriend het mettertyd 'n ou kontak in Pretoria opgevolg en was gelukkig genoeg om daar voltydse werk te kry - later het die werkgewer hom 'n beurs gegee om verder te studeer. Die ander vriend het in die Oos-Rand agtergebly en werk deeltyds as kassier by 'n groot kettingwinkel. Hy sien homself egter as die slimste van die twee (sy simbole was per slot van rekening beter as die van sy vriend). Die jaloesie wat hierop gevolg het, het mettertyd hul vriendskap beëindig.

Vir die trekarbeider speel bande van herkoms in die stad ook 'n rol. Dit is selde dat 'n persoon Blouberg vir die eerste keer sal verlaat om in die stad te gaan werk sonder om 'n kontakpersoon in die vorm van 'n vader, broer, vriend of oom daar te hê. Soos wat hy gevestig raak, sal daar weer van hom verwag word om dieselfde rol te speel ten opsigte van iemand anders wat nuut in die stad aankom. In die stad word hy deur hierdie kontak aan die "home boys" (dit wil sê persone wat ook vanaf Blouberg afkomstig is en geruime tyd reeds in die stad werk) voorgestel, wat gewoonlik 'n groep vorm. Die groep neem saam deel aan aktiwiteite soos bywoning van sokkerwedstryde of gaan saam na filmvertonings

en so meer. In baie gevalle stig hulle ook hulpgroepe soos **oorgooi** of begrafnisverenigings. As 'n persoon in die stad tot sterwe kom, sal dit hierdie groep se taak wees om sy verwante in te lig en ook om die lyk by die huis te besorg vir die begrafnis. Deur lid te wees van die groep, optimaliseer 'n persoon kontak met die mense by Blouberg - enige persone wat vir 'n naweek of met verlof terugkeer, neem boodskappe en geskenke huis toe, en bring weer antwoorde terug stad toe.

## 6. SAMEVATTING

Die ekonomiese onafhanklikmaking van die swart gebiede deur die vorige regering was dus nie suksesvol nie. Die mense stroom steeds na die stede op soek na werk.

Binne die raamwerk van beperkinge wat van buite op die Hananwa afgedwing is, naamlik 'n beperkte deelname aan die ekonomiese ontwikkeling van die land, is dit uit die bostaande bespreking duidelik dat daar plaaslik 'n verskeidenheid instellinge ontwikkel het wat deur die mense ingespan word ter aanpassing en vir ekonomiese oorlewing, nie net deur die individu nie, maar ook die gemeenskap as geheel. Die probleem is egter dat dit wat die mense toegelaat word om te doen en dit wat binne hulle vermoë val, slegs voldoende is om basiese oorlewing te bewerkstellig en nie om 'n verbetering in lewenstandaard en die skep van welvaart daar te stel nie. Armoede is dus aan die orde van die dag.

Grootliks vanweë hierdie armoede en magteloosheid, wend die mense nou meer pogings aan om self beheer oor hulle ekonomiese produksiemasjienerie te verkry. Dit spreek nie net uit die groter verskeidenheid ekonomiese aktiwiteite wat beoefen word nie, maar ook die wyse waarop die stamhoof dit nie meer vir sy

eie gewin kan manipuleer nie. Nie net ekonomiese rolle nie, maar ook sosiale rolle ondergaan drastiese verandering in 'n poging om te oorleef.

Die aanpasbaarheid waartoe die mense noodwendig gedwing word, het meegewerk dat individue en groepe individue baie aanpasbaar geword het in die identiteite wat hulle uitleef. Dit word in hoofstuk 9 beskryf.

# HOOFSTUK 9
# STIMULERING VAN 'N EIE IDENTITEIT

## 1. INLEIDING

Volgens Jooste (1977:114) was die ontwikkeling van 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling as staatsbestel in Suid-Afrika daarop ingestel om aan die gevolge van die "plurale nalatenskap van die kolonialisme" te ontkom deur die ontwikkeling van die volkstaatgedagte. Die grondslag vir hierdie gedagte is gesetel in die opkoms van (swart) nasionalisme en die proses van dekolonisasie wat daarop gevolg het. Soos wat koloniale gebiede op eie administrasie en onafhanklikheid aangedring het, is dit deur die koloniale moonthede aan hulle gegee. Die ontwikkeling van swart nasionalisme in Suid-Afrika het hand-aan-hand met hierdie wêreldwye proses gegaan. Die probleem in laasgenoemde geval was egter dat die regering van wie hierdie onafhanklikheid geëis is, nie in staat was om dit te gee sonder om van sy eie grondgebied afstand te doen nie. Soos Leo Marquard dit stel, "Britain's colonial subjects demanded self-government, not a share in the government at Westminister" (Marquard 1960:247). Daar moes dus vir hierdie mense grondgebiede - met ander woorde state - geskep word waarin hulle hulself kon regeer. Die wyse waarop dit gedoen is, is reeds in hoofstukke 6 en 7 bespreek.

Een van die belangrikste opvattinge wat algemeen in hierdie verband onder die beleidmakers van die tyd geheers het, was gebaseer op die aanvaarding dat die swartmense volgens hulle eie 'kulturele aard' moet ontwikkel (Welsh 1972:35) en vorm die kern van bespreking in hierdie hoofstuk.

Hierdie opvatting aangaande eie 'kulturele aard' moet gesien word in die lig van die Afrikaner-nasionalisme wat ontwikkel het en gesetel was in die Afrikaner se behoefte om hul eie identiteit te vestig. Hieruit ontwikkel die behoefte aan die gee of bevestiging van 'n identiteit aan die swartmense, om sodoende te verseker dat daar nie verwarring en vermenging van identiteite kon plaasvind nie. Die probleem is egter dat die ideologie waarvolgens dit gedoen is grootliks gebaseer was op 'n foutiewe aanname, naamlik dat daar 'n tradisionalisme by die swartmense geheers het, wat 'n gevolglike onveranderlikheid van hul lewenswyse veronderstel het. Deur die bestaande tradisionele gebruike te stimuleer en 'afvalligheid' teen te werk, het die regering van die dag gehoop om 'n aantal politieke eenhede met 'n eie identiteit daar te stel wat hulself kon handhaaf en onderhou en mettertyd tot selfstandige nasionale eenhede sou kon ontwikkel.

Dié opvatting oor die veronderstelde onveranderlikheid van die lewenswyse van swartmense blyk egter nie korrek te wees nie. Die reaksie van die swartmense op die ondervinding van trekarbeid, verarming en landelike omvorming het meegebring dat 'n dinamiese proses van aanpassing vanuit eie geledere ontwikkel het. Dit het gelei tot die uitbou van sogenaamde tradisionele praktyke tot strukture wat aan die veranderende behoeftes van die samelewing voldoen het. Daar het dus 'n aanpassingsproses van binne die samelewing plaasgevind en die samelewing het nie slegs die proses van buite, naamlik om tradisioneel en dus onveranderbaar te bly, aanvaar nie. Verandering en aanpassings het 'n bykomende funksie gehad om die samelewing saam te snoer en intra-groep identiteite te vorm. Dit gaan in hierdie hoofstuk onder meer toegelig word deur bespreking van die sosiale struktuur van die samelewing en die sisteem van geloof en handeling.

## 2. STRUKTUUR VAN 'N SAMELEWING

Sosiale organisasie hou verband met die verhoudinge wat tussen individue in 'n samelewing bestaan, soos wat dit deur samewoning, afkomsrekening en gemeenskaplike doelwitte bepaal word.

Die oorspronklike vestigingswyse onder die Hananwa was op samewoning binne verwantskapsverband gebaseer. Hieruit het nedersettings (kyk hoofstuk 3:3.5) op organiese wyse ontwikkel om klein dorpies te vorm, wat elk 'n administratiewe eenheid binne die groter geopolitieke opset gevorm het (kyk hoofstuk 4:3 & hoofstuk 6:2). Die keuse van die plek waar die vestiging plaasgevind het, was gewoonlik gebaseer op besluite wat onder meer aandag aan strategiese ligging, toegang tot water, brandhout en so meer gegee het. Vir vergelykende inligting oor hierdie onderwerp, kyk byvoorbeeld die werk van Bothma (1962), Mönnig (1967) en Kuper (1980).

In pre-koloniale tye was die kernelement in die reël van verhoudinge by die Hananwa die **huishouding** of **moša** (lapa -SNS - kyk hoofstuk 3:2.3). Binne die huishouding vorm die gesin die kleinste verwantskapseenheid. 'n Huishouding is saamgestel uit meer as een generasie. In 'n huishouding beklee die verskillende lede nie gelyke status en gesag nie. Die vader geniet die hoogste status en die meeste gesag. As sodanig verteenwoordig hy die huishouding by politieke en ekonomiese aangeleenthede. Hy is ook die leier by alle rituele handelinge waarby die huishouding van tyd tot tyd betrokke mag wees en dien as skakel tussen die huishouding en hul voorouers. Selfs na sy dood hou sy gesag oor die huishouding nie op nie want hy is bestem om ook een van hierdie voorouers te word.

Daarenteen is die status en gesag van die vrou baie minder as die van haar man, alhoewel sy ook eendag 'n voorouer wat geëer moet word, gaan wees. Dit is egter haar ouer broer (bekend as **malome**) wat 'n groot rol in haar huishouding, veral ten opsigte van haar kinders, speel. So sal haar kinders byvoorbeeld eendag huweliksmaats uit die kinders van die **malome** kry en is laasgenoemde ook die leier in enige ritueel wat verband hou met die vrou se verwante.

Die oorspronklike wyse van vestiging binne verwantskapsverband het verander en word tans slegs in 'n beperkte mate aangetref. Die huishouding bewoon nou 'n erf met vasgestelde grense, in baie gevalle ver weg van ander verwante. Ekonomies produktiewe mans is grootliks afwesig in die huishouding aangesien hulle in die stede en op plase werksaam is. Die huishouding verander nou na 'n eenheid wat weens ekonomiese redes, bestaan uit bejaarde mans, vrouens en kinders.

In die verlede was poliginiese huwelike algemeen. Dit kom vandag steeds in 'n beperkte mate voor. In huwelike van hierdie aard word daar 'n onderskeid tussen die senioriteit van die verskillende vrouens, wat gewoonlik verband hou met die volgorde waarvolgens hulle getrou het, getref.

'n Verdere verwantskap gebaseerde groepering is die **totemgroep**. 'n Persoon erf sy of haar totemaanhorigheid van die vader. In hoofstuk 4 is aangedui dat die Hananwa die bobbejaan as totem het (figuur 6). Dit wil voorkom of totemaanhorigheid geen ware funksie het nie en dat dit slegs op vermeende historiese bande van verwantskap dui.

Alhoewel afkomsrekening en plaaslike gebondenheid die belangrikste beginsels vir groepvorming is, is daar ook ander groeperings soos regimente wat nie op afkoms gebaseer is nie. Meer resente groeperings van hierdie aard is onder meer kerkgenootskappe, politieke groepe, begrafnisgroepe en vakbonde.

Een van die vernaamste bekommernisse van die Hananwa is die voortbestaan van verwantskapsbande en reproduktiewe vermoeëns van die gesin. Trouens, die vrou se biologiese en sosiale vervulling is in haar vermoë om kinders te baar gesetel. Die stelling van Sieber en Walker, waar hulle in die algemeen uitspraak lewer oor tradisionele Afrika-samelewings, som die situasie baie goed op:

> "Children not only guarantee the well-being of the individual in life, they will also provide a proper burial and ensure the transition of the spirit of the parent to the afterworld to take its

place as an ancestor and possibly to be reincarnated as a member of the family" (Sieber & Walker 1989:28).

Daar kan dus verwag word dat groot klem op die konsep van vrugbaarheid geplaas sal word, wat ook onderskryf word deur die uitvoerige huweliks-onderhandelinge. Dit is daarom verrassend dat daar by die Hananwa min rituele is wat om geboorte wentel, in teenstelling met byvoorbeeld gemeenskappe wat verder noord in Afrika woonagtig is (kyk Sieber & Walker 1989). Dit word hier veronderstel dat die oordrag van trougoedere en die gevolglike versekering van 'n nageslag wat dit impliseer, hierdie simbole vervang.

Bande van verwantskap en vriendskap bly vir die Hananwa belangrik en gevolglik moet die belang daarvan herhaaldelik bevestig word. Volgens Hammond-Tooke (1981a:127) kan dit toegeskryf word aan die bestaan van die konsepte van towery en rituele gevaar en is dit gevolglik noodsaaklik om situasies van potensiële konflik te vermy (kyk die stelling van Hammond-Tooke in hoofstuk 9:3 onder). 'n Voorbeeld hiervan is die reël van verhoudinge tussen aanverwante. Die algemene etnografie is geneig om die indruk te skep dat die verskillende vermydingsreëls, of die sogenaamde **hlompha**-reëls (**hlonepa**), waar die vrou se gedrag teenoor haar skoonfamilie deur sekere formaliteite en respekbetoning, asook terughoudendheid gekenmerk word, slegs onder die Nguni voorkom. Dit blyk dat dit in 'n ander vorm onder die Hananwa voorkom, wat andersom plaasvind as by die Nguni en die Suid-Sotho (kyk Kunene 1958).

Wanneer 'n man trou, praat hy glad nie direk met sy skoonma nie (**ho ila** - om te vermy), tensy hy eers 'n sekere vergoeding aan haar lewer, waarna sy met hom sal praat. In die tussentyd vind gesprekvoering tussen hulle altyd deur 'n derde persoon plaas, of op 'n indirekte manier. Gewoonlik gee die man 'n geskenk in die vorm van 'n paar rand aan sy skoonmoeder, om haar "mond oop te maak" - dit staan bekend as **ho rufa** of **phula molomo**. Hierdie reël geld blykbaar ook teenoor 'n man se vrou se broers se vrouens.

Die belangrikheid van die handhawing van goeie verhoudinge en die ordelike verloop van sake tussen verwante word duidelik tydens huweliks- en begrafnisrituele geïllustreer.

Volgens Mönnig is die sluit van 'n huwelik by die Pedi slegs opeenvolgende fases in 'n regshandeling en gaan dit glad nie gepaard met enige godsdienstige of magiese handelinge ter voorbereiding, reiniging of beskerming daarvan nie (Mönnig 1967:129). Wat in die algemeen vir die Pedi waar is, blyk ook vir die Hananwa waar te wees.

Die sluit van 'n huwelik bring 'n verandering in die status van die twee individue mee. Vir die man behels dit die bereiking van die volle status as volwassene. Alhoewel hy reeds as geïnisieerde sekere regte binne stamverband verkry het, verkry hy met die sluit van 'n huwelik ook sekere regte oor en verpligtinge tot die verwantegroep waartoe hy behoort. Hoewel die bruid se status van meisie na vrou verander, sal sy eers haar volwaardige posisie as volwassene bereik met die geboorte van haar eerste kind.

Tradisioneel het die huwelik by die Hananwa om die oordra van beeste van die bruidegom se verwante na die bruid se mense gedraai en die gevolglike oorgang van die bruid na die man se verwante. Die klem lê dus op die samebinding van twee verwantegroepe, eerder as twee individue. Gevolglik is die onderhandelinge in die hande van die twee belangegroepe. In dié verband is huwelike in die verlede en selfs vandag nog volgens spesifieke voorkeurvereistes gereël. Een van die belangrikstes hiervan was huwelike tussen kruisneef- en -niggie.

Die onderhandelinge wat hierby betrokke is verloop gewoonlik oor 'n lang periode en gaan gepaard met 'n aantal simboliese handelinge as bevestiging daarvan. Dit is daarop gemik om die twee verwantegroepe met mekaar te skakel en hou verband met die paartjie wat gaan trou se vermoë om kinders voort te bring en gestand aan die lewering van trougoedere te doen.

By voltrekking van die huwelik word 'n takskerm, bekend as **sesašathe**, in die werf opgerig waarin die bier gehou word. 'n Wit vlag word aan 'n lang paal by die ingang tot die werf opgerig. Wit word aangedui as teken van vreugde en goeie dinge en word weerspieël in die feit dat enige persoon by hierdie verrigtinge kan aansluit en dat hy op vriendelike wyse ontvang en behandel sal word. Dieselfde seremonie word mettertyd ook by die meisie se huis gehou.

Op die dag van die huwelik word 'n maaltyd aangebied waartydens die teenwoordiges op 'n bepaalde wyse saam gegroepeer word. Dit word beskou as 'n manifestering van die bande wat tussen die twee verwantegroepe gesluit is. By 'n huwelik wat in die omgewing van Makgabeng bygewoon is, is drie groeperinge onderskei:

- **bagotse ba basadi**, verwante en vriende van die man se aanstaande skoonouers;

- **bagotse ba banna**, verwante en vriende van die man se ouers;

- **baeng**, enige ander besoekers.

Die eerste twee van bogenoemde groepe het hulle maaltyd saam in die **moša** (**lapa** - werf) genuttig, terwyl die laaste groep afsonderlik onder 'n boom voor die woning geëet het. Die groeperinge was egter nie streng formeel nie en daar is heelwat deur die aanwesiges heen en weer beweeg. Na afloop van die ete is die potte bier wat vir die huwelik gebrou is in die **moša** ingeneem en langs mekaar geplaas. Daarna het die bruidegom se moeder die name van die potte aan die aanwesiges uitgeroep:[1]

[1] Hierdie is normaalweg nie 'n vaste reeks nie, maar kan van huwelik tot huwelik verskil. Die genoemde potte is egter daardie wat in die meeste gevalle aangetref word. Dieselfde verdeling sal ook weer by die vrou se huis aangetref word.

- **tima molato** (om die probleme te blus, dit wil sê die probleme uit die weg te ruim), vir die bruid en bruidegom se mense om uit te drink en wat die band wat tussen hulle gesmee is, simboliseer;

- **pitša ya dikgadi le bakgonyana,** pot vir die bruidegom se verwante en vriende;

- **pitša ya bagotse** (pot van vriende), vir die pa en ma van die bruid en hul verwante;

- **thongwana**, vir die vrouens wat die bier help maak het;

- **bjalwa bja dithwala** of **pitša ya dirotwana** vir die besoekers wat geskenke gebring het;

- **banyaki bja ditonki** (die wat donkies soek), 'n eufemisme om te verwys na mense wat toevallig daar verbykom - dit word by die hek gelaat;

- **pitša ya mosada**, 'n pot vol bier wat aan die stamhoof, of plaaslike hoofman, gestuur word.

Soos met die voedsel is daar nie streng formeel by hierdie groepe gehou nie en die aanduiding van die verskillende potte moet dus eerder gesien word as 'n simboliese erkenning van die aanwesiges.

Met die afsterwe van 'n persoon word daar baie gedoen om hierdie bande van verwantskap en vriendskap nuut saam te stel en te bevestig, om sodoende die moontlikheid van kwaadwillige handelinge uit die weg te ruim. As 'n persoon, byvoorbeeld 'n man, op sterwe lê, sal van sy ouderdomsgenote by sy huis in die **kgoro** bymekaarkom en daar waak tot hy dood is. Die **mmaditsela** (tussenganger) wat oorspronklik gereël het vir die man se huwelik het nou die taak om die vrou

se familie in kennis te stel. By sy aankoms moet hy "die stok neergooi" (**ho lata thupa**) - dit is slegs spreekwoordelik en dra die boodskap oor dat die man se lewe verby is.[2]

'n Ambulans kom haal die lyk en neem dit na die hospitaal te Bochum waar dit versorg word en eers teen die Vrydag teruggeneem word huis toe. Daar word normaalweg gepoog om 'n begrafnis oor 'n naweek te hou sodat verwante en vriende wat in die stede werksaam is, dit ook kan bywoon. Dië Vrydag word daar deur die nag 'n nagwaak (**moletelo**) gehou, waartydens daar gebid en gesing word. Die volgende dag vind die begrafnis plaas.

Met die begrafnisgangers se terugkoms by die huis van die oorledene, word daar voedsel aan hulle voorgesit. Die voorbereiding daarvan en die bou van die takskerm (**sesašathe**) waarin die bier en voedsel gehou word, word deur die lede van die begrafnisvereniging waaraan die oorledene behoort het gedoen voordat die lyk vanaf die hospitaal teruggebring word vir die begrafnis. Hulle sal ook 'n bydrae vir die aankoop van die kis maak en die ambulans betaal.

Nadat die oorledene begrawe is, word 'n magiër gehaal. Laasgenoemde meng medisyne in 'n skottel water en met 'n tak van die **mosehla**-boom (huilboom - **Peltophorum africanum** Sond.) word die medisyne in en voor die huis, asook op die werf en begrafnisgangers gesprinkel. Die oorledene se persoonlike besittings word in die **moša** (werf) geplaas en ook besprinkel. Hierdie reinigingshandelinge staan bekend as **ho hatolla**, naamlik om iets weg te neem of iemand wat getoor is gesond te maak. Die Zioniste daarenteen, besprinkel al die begrafnisgangers met geheiligde water alvorens hulle die werf van die oorledene binnegaan.

Die oorledene se kinders word behandel deur medisyne, bekend as **seruma**, in die

---

[2] Indien die persoon wat aanvanklik die **mmaditsela** was reeds oorlede is, sal een van sy seuns hierdie taak oorneem, want as 'n **moša** eers eenmaal as 'n tussenganger vir 'n familie opgetree het, sal daardie **moša** altyd as tussenganger vir die spesifieke familie bly.

ore en neus te drup en hulle ook daarvan te laat drink. Hierdie medisyne word van 'n wortel wat onder die grond uitgegrawe, fyngestamp en met water gemeng is, gemaak. By gebrek hieraan, sal die kinders stadig van handeling word en altyd aan die slaap bly.

Die weduwee se hare word afgeskeer - net 'n strook word aan die bokant van die kop gelaat, in 'n styl bekend as **tlopo**. 'n Toutjie bekend as **thapo ya moswana**, of ook **letete** genoem, word van vesels van die **mohosirumo**-plant (skoonma se tong) of van die bas van die **moumo**-boom (**Ficus** sp.) gemaak en deur die weduwee om haar nek gedra. 'n Mantel van bokvel is in die verlede om die skouers gedra, alhoewel dit vandag nie meer algemeen gedoen word nie. As die vrou **maseka** (arm- en beenringe van draad) gedra het, sal sy dit ook afhaal.

Die muurversierings van die oorledene se woning en selfs dié van naasbestaandes word in hierdie stadium met 'n dun lagie modder oorgepleister. Dit is veral die geval by die afsterwe van die vader of moeder van die huishouding. As dit 'n kind is wat oorlede is, sal slegs die hut waarin die kind geslaap het op hierdie wyse toegepleister word. Daarenteen word dit van alle stamlede verwag om dit te doen indien die stamhoof tot sterwe kom. Die woning word dan vir 'n tydperk van 'n jaar (maar korter in geval van kinders wat oorlede is) ongeverf gelaat, tot met die ritueel bekend as **ho ntsha setšhila**. Hierdie woning vorm dus visueel 'n kontras met ander in die omgewing en dui op die 'andersheid' of toestand van rituele gevaar waarin die inwoners daarvan verkeer.

Tydens hierdie jaar van rou word die weduwee aanvanklik beperk in haar bewegings en mag sy vir die eerste drie maande nie van haar huis af weggaan nie. Na ongeveer drie maande gaan sy na die woning van die plaaslike hoofman, mits sy natuurlik die voorgeskrewe kleredrag dra. Daar was sy dan haar regtervoet en linkerarm met water wat sy daar kry. Nou kan sy haar huis verlaat, maar mag nie baie ver daarvan gaan nie. Met hierdie reinigingsritueel word sy dus weer op 'n beperkte mate in die groter gemeenskap opgeneem. Sy

moet egter ook altyd 'n stukkie van die blaar van 'n besonderse soort aalwyn met haar saamdra. Laasgenoemde is klein, donkergroen, met kolle en word gewoonlik by die ingang tot die **moša** (werf) geplant. As sy in die oggend uitgaan, neem sy 'n stuk blaar saam en indien sy by 'n kruispad of beeskraal kom, moet sy op 'n stukkie van die blaar spoeg en dit op die grond neergooi. Hierdie handeling dien om enige onreinheid te neutraliseer. Die haarstyl, bokvel wat sy oor haar skouers dra en die toutjie om die nek, wys haar in die openbaar as 'n weduwee uit.

Die gebruik om die aalwyne by die ingang tot die werf te plant, word in baie gevalle nog steeds aangetref. Dit word by die hek van die werf, die beeskraal en ook op die hoeke van die landerye geplant. Die funksie van die aalwyne is om 'vuilheid', dit wil sê onreinheid (**setšhila**) af te weer. 'n Persoon plant self die aalwyne en dit word nie noodwendig deur 'n magiër gedoen nie. Hierdie gebruik kom ook in 'n ander vorm by die wonings van die lede van die Apostoliese- en Zioniste kerke voor. In hierdie gevalle is dit egter 'n stuk wol of draad, respektiewelik, wat bo-oor die ingang gespan word. Die funksie daarvan is dieselfde as dié van die aalwyn - alle onreinheid wat moontlik in die woning ingebring kan word, word hierdeur afgeweer. Die Apostole bring soms nog verdere amulette aan die draad aan om die krag hiervan te versterk.

Na verloop van ongeveer een jaar word bier gebrou, wat bekend staan as **bjalwa bja meriri** (bier van die hare) en verwante en vriende word uitgenooi om daarvan te kom drink. Terselfdertyd sal 'n magiër ook geraadpleeg word. Laasgenoemde gooi sy dolosse om vas te stel wat die naam van die voorvader is wat die oorledene 'ontvang' het. Tydens hierdie geleentheid word die toutjie (**letete**) wat die weduwee om haar nek dra, afgehaal. Die naasbestaandes se hare, wat nooit gedurende daardie jaar geskeer is nie, word ook afgeskeer. Dit word deur die magiër gedoen wat die hare 'met die naam van die voorvader' afskeer. Dit geld vir die vrou en haar kinders sowel as vir die ander familielede. Die oorledene se naasbestaandes se liggame word met medisyne, bekend as **moilliso** ingesmeer,

waarna 'n amulet (**sethongwa**) aan die weduwee en soms ook aan haar kinders gegee word. Dit word gedoen deur die lede van die man se **mosa** (huishouding) wat almal bymekaarkom en in een rigting kyk. Die vrou se verwante hang die amulet om haar nek, waarna die magiër die knoop styftrek. Indien die vrou nog jonk is, sal 'n man wat die oorledene se plek inneem gekies word en volgens die leviraatsgebruik kinders by haar verwek.

Die weduwee moet, bygestaan deur 'n vriendin, haar ook op rituele wyse by die **mosada** (**mošate** - hoofsetel) gaan reinig, soortgelyk aan die reiniging wat by die huis van die hoofman plaasgevind het. Hierdeur word sy en die ander agtergeblewenes op rituele wyse weer deel van die samelewing gemaak - nie net in konteks van die onmiddellike verwante nie, maar ook in die groter gemeenskap.

Laasgenoemde seremonie staan bekend as **ho ntsha setšhila** - om die vuilheid/onreinheid uit te haal. Dit is 'n simboliese handeling waardeur die oorledene losgemaak word van sy versorgingsverpligtinge teenoor sy naasbestaandes. Dit is noodsaaklik dat hierdie handelinge uitgevoer word na die oes ingebring is, aangesien daar gesê word dat die koring 'eers moet terugkom.' Tydens die tydperk van rou word slegs die helfte van 'n man se landerye geploeg en geplant. As daar nagelaat word om die voorskrifte van hierdie ritueel na te kom, sal dit droogte tot gevolg hê.

Die bier wat vir hierdie geleentheid gebrou word, word as volg verdeel:

- een pot bier, bekend as **tima molato** (om die probleme te blus), wat deur die verwante gedrink word en impliseer dat alle moeilikheid of probleme wat tussen hulle mag bestaan uit die weg geruim is;

- die tweede pot, bekend as **bjalwa bja diphiri** (bier van die hiëna) word deur die persone wat die graf gegrawe het, aan die buitekant van die

**moša** (werf) gedrink - die simboliek in hierdie benaming is ooglopend;

- die derde en laaste pot staan bekend as **bjalwa bja banyaki ba ditonki** en is 'n verwysing na die persone wat toevallig daar verbygaan (byvoorbeeld as hulle gaan donkies soek) en dan by die verrigtinge aansluit.

Die hoeveelheid bier, die volgorde waarin dit uitgegee word en die groepering van mense aan wie dit gegee word, is 'n weerspieëling van bestaande sosiale bande en verwantskap. Dit is duidelik dat in beide rituele (huwelik en die begrafnis) die bande of intra-groep verhoudinge tussen die verskillende verwantegroepe en vriende bevestig word. Op die wyse word die moontlikheid van enige kwadegevoelens wat byvoorbeeld uit beskuldigings van towery wat ten opsigte van die persoon se dood mag ontstaan, uit die weg geruim.

Die sosiale struktuur van die Hananwa-samelewing het dus oor die afgelope 100 jaar en meer baie verandering ondergaan, wat veral toegeskryf kan word aan faktore wat van buite op hulle ingewerk het. Byvoorbeeld, onder invloed van sendelinge het poliginiese huwelike verdwyn; deelname aan trekarbeid het op sosiale en ekonomiese verhoudinge ingewerk; en weens regeringsinmening het vestigingswyse drasties verander. Tog is daar kohesie in die Hananwa-samelewing wat veral by groepe individue in 'n samehorigheidsgevoel manifesteer en herhaaldelik deur rituele tydens huweliksluiting en begrafnisse bevestig word. Dit kan grootliks toegeskryf word aan die bestaan van 'n dinamies veranderlike en aanpasbare, maar ook terselfdertyd onderhoudende, sisteem van geloof en handelinge.

## 3. 'N SISTEEM VAN GELOOF EN HANDELINGE

Die sosiale en produksie reëlings wat in die vorige eeu by pre-koloniale

samelewings bestaan het, het ook die klassifisering van wesens en kragte, dinge en handelinge, ruimte en tyd, genoodsaak. Die simbole en verhoudings waaruit hierdie opset bestaan het, was nie neutraal en arbitrêr nie. Die voortsetting van 'n gesentraliseerde, hiërargiese samelewing soos wat hierbo beskryf is, het die simboliese handhawing van die stamhoofskap oor die huishoudelike aangeleenthede, agnatiese politiek oor die matrilineêre verwantskap, beeste oor landbou, mans oor vrouens en so meer ingesluit. Tewens, hierdie patroon van simboliese dominansie was 'n essensiële komponent van die bestaande leierskap, naamlik die voorstelling van die heelal as 'n natuurlike orde van kategorieë en konvensies (Comaroff & Comaroff 1991:152).

Dit is gelukkig moontlik om, aan die hand van geskrifte van vroeë sendelinge, hierdie voorstelling van die natuurlike orde te rekonstrueer. Volgens hulle kan verskeie elemente in die tradisionele religieuse aktiwiteite van die Hananwa onderskei word. Die eerste hiervan is die erkenning van die bestaan van 'n Opperwese. Dit is egter slegs enkele individue wat vandag nog enige begrip van hierdie figuur, bekend as **Seotswane** het en dit nie met die begrip **Modimo** verwar nie. Sommige segspersone het **Seotswane** ook as Satan aangedui. Soos in die geval van die Pedi (Mönnig 1967:45), is die algemene gebruik van die benaming **Modimo** die resultaat van die werk van sendelinge. Ouer literatuurverwysings oor die Noord-Sotho in die algemeen, dui op die bestaan van 'n ander benaming, naamlik **Khutswane** (Trott 1927:12, Jäckel 1928:18). Dit is nie duidelik waar die verskil met die Hananwa benaming vandaan kom nie. Van **Seotswane** word gesê dat hy die aarde, berge, riviere en so meer geskape het en hom toe teruggetrek het. Tans is daar geen skakeling met hom nie en het hy ook geen invloed op die mens nie.

Volgens Stech, 'n sendeling van die Berlynse Sendinggenootskap wat in die 1870's by Blouberg gestasioneer was, het die Hananwa in die verlede tot soveel as twaalf verskillende gode onderskei. Dit is tans moeilik om inligting in verband met enige van hulle te bekom, aangesien byna geen segspersoon meer hierdie

benaminge ken nie:[3]

- **Ralabepa** is die hoofgod en vader van alle krag en sterkte en word gevrees vir sy wraak en mag oor vuur. Daar word geglo dat hy in die omgewing van Vendaland woonagtig is.

- **Ramochasoa** is die god van water. Hy lewe onder op die bodem van waterpoele en gevolglik sal niemand dit waag om 'n gat naby die water te grawe nie.

- **Ramaepa** woon bo-op Sesalong, 'n kop op die plaas Leipzig, vanwaar hy wag hou en toesien dat vyande nie die land (= woongebied) binnekom nie.

- **Makofatsiloe, Maseletsoane, Manakisoe** en **Ngoalenkalo** is almal gode met wie ouers hulle kinders bangmaak.

- **Sedatyane** word baie gevrees. Hy bly in 'n bos in die middel van die land (woongebied) en gevolglik mag daar geen hout in die omgewing gekap word nie.

- **Toona** is die god van weerwraak en het klaarblyklik die vorm van 'n groot slang.

- **Khohoropo** is 'n klein voëltjie wat veral tydens inisiasie vereer word.

- **Lotiloe** word beskou as die god van dans.

- **Modudutsa,** 'n komeet, word ook verheerlik (Stech 1879b:32-33; Anoniem 1878b:460-461).

---

[3] Stech se oorspronklike spelling en terminologie word net so behou.

Die indruk wat Stech met hierdie uiteensetting van die gode skep is dat die Hananwa politeïsties is. Dit word hier aangevoer dat dit nie die geval is nie aangesien daar in die religie van die Hananwa geen dienshandeling ten opsigte van enige van hierdie wesens tans of in die verlede bestaan het nie.

Tweedens kan die geloof in die bestaan van voorouergeeste (**badimo**) en die gevolglike dienslewering aan hulle onderskei word. Dit vorm steeds een van die belangrikste elemente in die tradisionele godsdiens van die Hananwa. Dit is belangrik om te onthou dat onderskeid gemaak kan word tussen familiegeeste en stamgeeste. Eersgenoemde kan slegs hulle eie nasate se lewens beïnvloed. Stamgeeste daarenteen, verteenwoordig al die afgestorwe stamhoofde en het dus belang by die stam as geheel en kan gevolglik almal se lewens beïnvloed, byvoorbeeld deur middel van natuurrampe. Dienslewering aan die voorouers neem die vorm van offerande aan en is 'n handeling waaraan verskeie familielede gewoonlik deelneem.

Die oorlede verwante, of dan voorouers, kan vir enige belangrike saak, veral wat op die huishouding betrekking het, geraadpleeg word. In die geval van die stamhoof sal hy sy voorouers raadpleeg in verband met sake wat die stam as geheel aangaan. Hierdie handeling kan plaasvind by die graf van die betrokke voorouer, of by die offeraltaar wat in die werf ingerig word. Die nie-nakoming van hierdie skakeling kan uiters komplekse probleme tot gevolg hê, soos later beskryf word.

Die offeraltaar wat op die werf gebou word, staan as **Modimo wa fase** of **bakgalabjeng** bekend. Hierdie altaar word gemaak deur een van twee bolplante, **lehwama** of **titikwane**,[4] in 'n gat op die werf te plant. Alvorens die plant geplant word, word daar eers 'n paar silwermuntstukke en pensmis, met die bloed van

[4] Eersgenoemde, **Boöphane distica**, word as vroulik bestempel, terwyl die tweede, **Hypoxis villosa**, as manlik bestempel word. Die onderskeid word klaarblyklik getref op grond van hul fisiese voorkoms. Die keuse van watter een van die twee gebruik word, hang af vir watter voorouer die altaar ingerig word. Dit kan ook wees dat altwee tipes gelyktydig gebruik word.

'n bok gemeng en in die gat gegooi. Hierna word die plant ingesit en die vloer word weer netjies afgewerk. In enige stadium wanneer daar kontak met die voorouers gemaak word, sal bier of snuif by die altaar geoffer word, waarna die versoeke aan die voorouers oorgedra word. Die kontak wat op hierdie wyse gemaak word, kan verbeter indien 'n voorwerp wat aan die betrokke voorouer behoort het daarby geplaas word. As daar nie 'n voorwerp beskikbaar is nie, kan enige ou voorwerp, wat met die verlede en die voorouers geassosieer word, in die plek daarvan gebruik word. Hierdie gebruik is nie 'n nuwe beginsel nie, maar kan redelik ver in die verlede teruggevoer word. Vergelyk byvoorbeeld in hierdie verband eerw. Beyer se beskrywing daarvan wat uit 1874 dateer (Beyer 1874:104).

Laastens is daar die geloof in en die aanwending van towerkrag. Die aanwending van hierdie willose, bonatuurlike kragte kan deur enigeen wat oor die nodige kennis beskik, uitgevoer word. Gewoonlik is dit die magiër (**ngaka**) wat in hierdie verband optree. Deur die manipulering van hierdie kragte kan die **ngaka** siektes genees, verborge dinge verklaar en beskerming aan huis en haard verleen.

Dieselfde kragte kan natuurlik ook kwaadwillig deur 'n towenaar (**moloi**) aangewend word. Die ongeluk wat sodoende op 'n individu of sy huishouding gerig word, vereis verklaring en behandeling. Deur die magiër te betrek kan die oorsake en omstandighede wat dit meegebring het, vasgestel word. Die beginsel van waarsegging is geleë in die opvatting dat afgestorwenes steeds 'n invloed op die lewe van hulle verwante kan hê. Omdat die voorouergeeste egter nie direk met die lewendes kan kommunikeer nie, moet hulle dit op 'n indirekte wyse doen, deur middel van byvoorbeeld drome, asook gebeure wat in die vorm van siektes of teenspoed op die pad van die lewendes geplaas word. Die interpretasie van die boodskap is egter nie altyd duidelik nie en is dit gewoonlik die rol van die verskillende magiërs om dit te vertolk. So kan siekte of teenspoed geïnterpreteer word as 'n situasie waar 'n persoon nie in harmonie met sy of haar afgestorwe verwante (voorouers) is nie en gevolglik iets moet doen om

hierdie harmonie te herstel. Dit is die taak van die magiër om hierdie boodskap van die voorouers te interpreteer en 'n regstellende handeling aan die pasiënt voor te skryf.

Die Hananwa onderskei hoofsaaklik twee kategorieë magiërs, naamlik **dingaka** en **malopo**, wat verskillende vorme van waarsegging toepas. Van die onderstaande vorme is net die eerste twee nie self waargeneem nie:

- die gebruik van 'n stel tromme, bekend as **dikomana**, wat onder sekere omstandighede gespeel word (Roberts 1917, 1932; Anoniem 1932);

- die bestudering van die ingewande van 'n geslagte bok, bekend as **sedimo**, om sodoende byvoorbeeld die oorsprong van die siekte vas te stel (Anoniem 1876:369; Jäckel 1928:16);

- ander vorme van bogenoemde, byvoorbeeld 'n sprinkaan wat met medisyne behandel en losgelaat word, met die oogmerk dat dit verlore goedere asook vee sal opspoor;

- die gebruik van sekere hulpmiddele soos die gooi van dolosse (**ditaola** - Roberts 1915, 1917; Coertze 1931; Trott 1934; Plug 1987);

- bonatuurlike gewaarwording, wat verkry word deur transe en in drome, soos teenwoordig by die geestesdansers (**malopo**) (figuur 7).

Alhoewel verskillende kategorieë magiërs onderskei kan word, is hulle opleiding in breë trekke basies dieselfde. Die aspirant magiër sal sy of haar opleiding as leerling by 'n erkende magiër doen. Dit strek gewoonlik oor 'n periode van twee tot drie jaar. Vir hierdie opleiding moet die aspirant magiër die leermeester vergoed. In die verlede was dit gebruiklik om beeste as vergoeding aan te bied, maar vandag wissel dit tussen R400-00 tot R500-00.

- Gevallestudie 18

Die opleiding van Lettie Nkgweng as **ngaka ya lelopo** (geestesdanser) was heel formeel. Dit het begin deurdat 'n voorouer voorwerpe by haar gesoek het wat hy in sy eie lewe gebruik het, maar sy self nie gehad het nie, naamlik waarseggingstukke. Omdat sy dit nie gehad het nie, het die voorouer 'n siekte na haar gestuur. By Lettie het die simptome van dié siekte gemanifesteer as 'n seer lyf en bene wat nie goed gekoördineer het nie.

Na verloop van 'n paar maande wat sy hierdie pyne verduur het, het Lettie na 'n magiër (**ngaka ya ditaola**) gegaan. Laasgenoemde het op versoek haar waarseggingstukke geraadpleeg en sodoende die rede vir Lettie se ongesteldheid vasgestel. Die **ngaka** het onderneem om Lettie te behandel en 'n ooreenkoms is aangegaan waarvolgens laasgenoemde by die **ngaka** gaan inwoon het. Die koste verbonde aan die opleiding is bepaal op R500-00, of dan ongeveer die waarde van een bees.

Voor haar vertrek vanaf haar huis word 'n bees geslag. Die vleis word geëet, maar die kopbeen, bene uit die voor- en agterpote (bo- en onderbeen) en die vel van die voorkop van bees word in 'n sak toegedraai. Lettie besoek saam met haar hele gesin (man, kinders, broers en susters) die graf van die betrokke voorouer. 'n Gat is by die koppenent van die voorouer se graf gegrawe en elke persoon teenwoordig het die geleentheid gekry om een van die bene of 'n stuk van die vel in die gat te gooi. Daar is tot die voorouer gebid, waarna die gat toegegooi is.

Lettie het hierna haar intrek by die huis van die **ngaka** geneem en met haar opleiding begin. In hierdie tyd besoek die voorouer die persoon in drome en stel eise met betrekking tot die middele wat gesoek moet word. Sodra die persoon wakker word, gaan hy of sy dan uit om dié middele te soek, byvoorbeeld medisyne wat uitgegrawe moet word.

Na afloop van hierdie periode van opleiding het die **ngaka** wat Lettie behandel het, haar huis toe geneem. 'n Offerfees (**ho phasa**) waar gedans, gesing en bier gedrink is, is gehou. Lettie se ouers en vriende het die bier



**Figuur 7.** 'n Geestesdanser (**lelopo**) besig om te dans (Foto: J.A. van Schalkwyk, 1988).

gebrou en almal in die omgewing is genooi om aan die verrigtinge te kom deelneem. Van die leermeester se helpers vergesel hulle. Terwyl Lettie in haar huis tot die voorouers bid, het die leermeester en haar helpers in die werf op die maat van tromme gedans. Later is Lettie uit die huis gebring en het sy saam met die ander gedans. Deurentyd gee die toeskouers klein bedraggies geld aan haar om haar terug te verwelkom.[5]

Hierna kon Lettie haar plek as **lelopo** in die gemeenskap inneem. Sy sal egter nie dadelik pasiënte ontvang nie en sal eers oor 'n lang periode haar vermoeëns moet bewys deur deelname aan rituele wat deur ander gekwalifiseerde persone gehou word.

Gemeet aan die aantal persone wat waarseggingsaktiwiteite beoefen - by verskeie geleenthede in verskillende nedersettings is daar 'n gemiddeld van vyf deelnemende **malopo** getel wat almal plaaslik woonagtig is - kan die sterk inslag wat dit steeds het, aanvaar word. Die magiërs speel vandag 'n belangrike rol tussen die tradisionele en verwesterste wêrelde waarbinne die mense leef. Daar is reeds in hoofstuk 7 gewys op die stres wat in hierdie samelewings bestaan weens faktore soos armoede, kompetisie om hulpbronne en so meer. Die aangeleenthede waaroor hulle gekonsulteer word wissel van die opspoor van verlore goedere, die vasstelling van die oorsaak van siekte, uitwys van kwaadwillige towenaars, die reiniging van 'n persoon wat terugkeer vanaf die stad en deelname by 'n begrafnis. Die rol wat hierdie magiërs en ook die verskillende kerkgenootskappe vervul, om die stres wat by hierdie samelewings bestaan te ontlaai, moet dus nie onderskat word nie.

Die toename in die aantal magiërs hou moontlik direk verband met die finansiële voordele wat dit inhou. Betaling deur pasiënte vir konsultasie van die magiër

---

[5] Hierdie is in ooreenstemming met Turner se aanduiding van die drie opeenvolgende fases in die verloop van gebeurlikheidsrituele, naamlik die ritueel van skeiding, die ritueel van oorgang en die ritueel van heropname (Turner & Turner 1982:202).

verskaf 'n gereelde inkomste vir laasgenoemde. Dit neem gewoonlik die vorm van 'n bok aan, terwyl dit deesdae ook 'n bedrag geld gelykstaande aan die waarde van 'n bok kan wees (ongeveer R80-00). Selfs die opleiding van ander magiërs kan 'n groot bron van inkomste wees. 'n **Lelopo** vertel dat sy R400-00 per kandidaat vir opleiding ontvang, benewens die geld wat die persoon moet betaal vir verblyf en onderhoud. 'n **Ngaka** wat gereeld inisiasieskole hou, sê dat hy tot soveel as R100-00 per inisiant vir sy dienste kan ontvang.

Soos wat die geval by die meerderheid Sotho-sprekende groepe is, kom die konsep van rituele gevaar ook by die Hananwa voor. Dit is 'n komplekse opvatting wat klaarblyklik afsonderlik van voorouerdiens en die geloof in towerkrag staan. In navolging van Pauw word die term rituele gevaar bo die van onreinheid ("pollution", of **ditšhila**) verkies, omdat laasgenoemde slegs een van 'n verskeidenheid simbole van gevaar is wat in hierdie opsig geldig is. Ander simbole in hierdie verband is, volgens Pauw, **heat** (**ho fiša**), **darkness** (**sefifi**) en **shadow** (moriti) (Pauw 1990:75). Die toestand van rituele gevaar word aangetref "where matter is out of place, or when persons are in a marginal position."

Volgens Hammond-Tooke lê die rede vir die bestaan van die konsep in die volgende:

> "It would seem that, in a society where there is overlapping between kin and affines, between neighbours and kin, between nature and culture, and, in addition, a tight control within a demographically congested defined area, the importance of **order** becomes paramount. Things must be in place, especially cognitively. Confusion of categories can lead to social breakdown. Boundaries must be drawn and extreme measures taken to prevent their blurring. This is done, partly, by fencing the boundaries with ritual prohibitions and taboos. It is in this, it is suggested, that the importance for the Sotho of [ritual danger] may be found" (Hammond-Tooke 1981a:127).

Sentraal in die konsep van rituele gevaar is drie kleure, naamlik wit, rooi en swart, elk wat tydens spesifieke fases van die lewenssiklusritueel aangewend

word. Wit word deur die Sotho gesien as om 'koel' eienskappe te hê. Indien 'n persoon dus in 'n "liminal" (Turner & Turner 1982:202) fase verkeer en gevolglik beskou word as om 'warm' of in 'n toestand van rituele gevaar te wees, sal hy byvoorbeeld met as wit gesmeer word. Daar word geglo dat as oor 'koel' eienskappe beskik. Simbolies is as die omgekeerde van vuur en manlike en vroulike Hananwa inisiante word tydens inisiasie met as wit gesmeer om hulle 'koel' te hou (kyk byvoorbeeld Roberts 1916).

Rooi word gewoonlik met bloed geassosieer en dit is opmerklik dat in rituele wat met die 'hergeboorte' van die individu in 'n nuwe lewensfase te doen het, die betrokkenes se liggame met rooi-oker bedek word. Wanneer 'n pasgebore baba vir die eerste keer uit die hut gebring word en aan die gesin en ander verwante voorgestel word, word hy/sy met rooi-oker gesmeer. In die stadium wat manlike en vroulike inisiante die stamskool finaal verlaat, word hul liggame ook rooi gesmeer. 'n Bruid word op soortgelyke wyse, op die dag wat sy na haar man se huis geneem word, met oker rooi gesmeer. Die rooi kleur dien dus as aanduiding dat hierdie persoon of persone 'warm' is en dat hulle in der waarheid nog vermy moet word.

Verder word daar geglo dat swart oor reinigende eienskappe ("purifactory properties") beskik. In hierdie verband sal 'n vrou wie se man onlangs oorlede is, se liggaam met **motshidi**, die gebrande sade van die suurpruimboom (**Ximenia caffra**), swart gesmeer word (kyk Verryn 1981, Hammond-Tooke 1981a, 1981b). Tans word hierdie gebruik grootliks deur die dra van swart klere of 'n swart lappie om die arm van die persoon vervang.

Gekoppel aan hierdie kleursimbolisme bestaan daar ook 'n aantal ander simbole wat gebruik word. So word die seuns en dogters tydens inisiasie aan 'n verskeidenheid simbole blootgestel wat oor 'koel' eienskappe beskik, alles om die situasie van 'warm' wees te neutraliseer. Voorbeelde hiervan is die olifant en krokodil wat as koel diere beskou word. Tydens inisiasie, byvoorbeeld,

word die seuns aan 'n houtbeeld in die vorm van 'n krokodil blootgestel, wat sal bydra tot die afkoel van hul 'warm' toestand (kyk Van Schalkwyk 1991, Roberts 1916).

Vir verdere beskrywings van die konsep van rituele gevaar, kyk byvoorbeeld Hammond-Tooke (1981a, 1981b), Verryn (1981) en Pauw (1990).

Elemente van die tradisionele religieuse sisteem soos voorouerdiens en geloof in towery, kom nog redelik algemeen voor. Die Hananwa se belewenis van siekte en teenspoed is in hulle wêreldbeskouing gesetel. Daarvolgens kan die oorsprong van siektes en teenspoed ook in die bonatuurlike gesetel wees en is daar steeds behoefte na 'n dienshandeling om dit te akkommodeer. Dit wil voorkom asof ongeveer een uit elke vyf huishoudings nog steeds aktief tot die voorouers aanbid.[6] Dit blyk dat hierdie aspek van die tradisionele lewenswyse toeneem, byvoorbeeld in die vorm van die **lelopo**-kultus wat in resente tye oor die groter Sotho-gebied versprei het (kyk Boersema 1984) (figuur 7).

Kerkgenootskappe soos die Zionist Christian Church (ZCC) en die Apostoliese kerke, het verskillende elemente uit die tradisionele lewenswyse behou. Die sukses van die ZCC word deur Hanekom toegeskryf aan die kultiese benadering of gedrag by die ZCC. Hulle verleen aan tradisionaliste 'n sekere status deurdat hulle dan ook daarop kan aanspraak maak dat hulle aan 'n kerk behoort en dus nie meer "heidene" is nie (Hanekom 1975:61). Dit skryf hy toe aan die feit dat ou en nuwe opvattinge nie sinkretisties nie, maar dualisties naas mekaar bestaan.

Volgens Comaroff is daar 'n wanopvatting dat daar binne 'n kerk soos die ZCC 'n doelbewuste teruggryping na die tradisionele gebruike is. Volgens haar is dit eerder 'n dinamiese konstruksie wat binne die raamwerk van 'n gegewe

---

[6] Die inligting word ondersteun deur die frekwensie in voorkoms van offeraltare, bekend as **Modimo wa fase**, in die huishoudings wat besoek is.

historiese proses tot stand gekom het en is die kontinuering van die tradisionele daarin geleë dat dit bloot 'n ander gestalte gekry het onder druk van nuwe sosio-religieuse omstandighede (Comaroff 1985:194). So is die tradisionele religieuse ampsdraers, byvoorbeeld die stamhoof, deur kerklike funksionarisse vervang, maar die beginsel het basies dieselfde gebly (kyk ook Hanekom 1975:111).

'n Voorbeeld van hierdie kontinuïteit by die ZCC is die konsep van rituele gevaar. Soos wat by die meer tradisionele Noord-Sotho die geval is, word daar ook deur die lede van die ZCC 'n verband tussen die toestand van rituele gevaar en sonde gemaak. In sekere omstandighede is dit onafwendbaar, soos in die geval van 'n vrou wat geboorte gegee het, iemand wat met 'n lyk in aanraking was, of tydens menstruasie. Om van hierdie onreinheid of sondetoestand ontslae te raak, moet die betrokke persoon hom of haar aan reinigingsrites onderwerp - soos wat byvoorbeeld reeds genoem is in hoofstuk 8:5.6 by die terugkeer van trekarbeiders, die sluit van 'n huwelik, die heropname van die weduwee na die afsterwe van haar eggenoot, die reiniging van begrafnisgangers of die seën van pasgetroudes. Op 'n ander vlak is daar byvoorbeeld die magiese beskerming van die woning wat steeds deur lede van hierdie kerke beoefen word. Dit is reeds hierbo bespreek hoe die tradisionele gebruik van aalwyne vir die afweer van onreinheid (**setšhila**), deur amulette in die vorm van draad en wol deur die lede van die ZCC en die Apostoliese kerke vervang is. As 'n persoon wat ritueel onrein is by hierdie punt verby beweeg, sal die **lepheko** (amulet) hierdie onreinheid skadeloos stel. Dié tipe handelinge staan in skerp kontras met die afkeur van hierdie kerke in alle ander vorme van tradisionele aktiwiteite, byvoorbeeld die dra van tradisionele kleredrag en die deurloop van tradisionele gebeurlikheidsrituele soos inisiasie. In hierdie verband dien die verskillende aktiwiteite en selfs kleredrag en kentekens om die intra- en inter-groep verhoudinge binne die raamwerk van die religie te versterk.

'n Verdere faset van die geloofsisteem van die Hananwa omsluit die verskillende

rituele. Deur middel van rituele gee 'n samelewing in simboliese vorm uitdrukking aan sy sosiale ervarings. Dit is 'n wyse waarvolgens die simboliese begrip van realiteit deur die individu beleef en uitgeleef word. Elke persoon begryp sy plek in hierdie realiteit deurdat hy homself in hierdie simboliese sisteem plaas of daar geplaas word. Deur sy deelname aan en interpretasie van ritueel word dit vir hom 'n werklikheid en kan hy sodoende deel hê aan die korporatiewe persepsie ("corporate perception" - kyk Swantz 1970:33) van sy samelewing.

By die Hananwa vind hierdie deelname en interpretasie van die simboliese sisteem vir die individu op twee vlakke plaas, naamlik in die verskillende gebeurlikheidsrituele waarby hy van tyd tot tyd aktief betrokke is en die gemeenskapsrituele wat op 'n periodieke grondslag sy lewe reguleer. 'n Voorbeeld is gemeenskapsrituele soos die maak van reën en voorbereiding van die saad, wat deur die stamhoof in samewerking met sy rade en senior hoofmanne, gemanipuleer word met die doel om die struktuur van die sosiale wêreld te bevestig en te hernu. So word die ritueel ter voorbereiding van die saad streng volgens senioriteit uitgevoer en vorm dit jaarliks 'n openbare stelling en erkenning van rang en status. Die sentrale rol van die stamhoofskap word weereens daardeur bevestig (kyk hoofstuk 8:2). Die gebeurlikheidsrituele, soos inisiasie, die huwelik, diens aan die voorouers en so meer, word in antwoord op 'n individuele of gemeenskaplike krisis gehou en is daarop gemik om as deel van die sosialiseringsproses, harmonie in die lewe van die individu met die samelewing te bewerkstellig.

Die inisiasie van jongmense word steeds in 'n beperkte mate deur die mense van Blouberg uitgevoer. Die beheer oor die verskillende inisiasieskole is gesetel in die hande van die stamhoof en hy word hierin deur sy hoofvrou bygestaan. Indien hy 'n inisiasieskool wil instel, moet een van sy eie seuns teenwoordig wees om geïnisieer te word. Die skool van die stamhoof is gewoonlik eerste ingestel, waarna hy vuur (**serumola**) aan enige hoofman wat dit vra gegee het om sy eie

**meloto** (stamskool) in te stel. Die inisiasieskool vir meisies neem na afloop van die skool vir seuns 'n aanvang. Vir die res van die tyd is die inisiasie van seuns in die hande van sekere senior hoofmanne, wat toestemming van die stamhoof het vir die hou van hierdie instelling. Dit gebeur egter nie meer gereeld nie en gevolglik gaan die meerderheid van die jong seuns nou na die naburige gebiede, byvoorbeeld in Makgabeng en by die Koni, om geïnisieer te word. Daar word wel inisiasieskole in Blouberg self gehou en segspersone beweer dat die skole wat vir die winter van 1990 beplan was deur die stamhoof afgelas is weens die voorkoms van politieke 'oproer' in die stamgebied (kyk hoofstuk 6:6.2).

Die inisiasie van seuns behels die bywoon van die **koma** of inisiasieskool waartydens hulle besny word (kyk Roberts 1916). Na afloop hiervan word hulle in regimente ingedeel (kyk tabel 5). 'n Jong segspersoon wat uitgevra is waarom hy die ritueel deurloop het, se antwoord was dat hy hierdeur 'n man word en dit 'n trots in sy Sotho-herkoms by hom gevestig het. Sy vriend, wat dit nie deurloop het nie, het dit as "old customs" wat in vandag se lewe nutteloos is, afgemaak. 'n Segspersoon verbonde aan die Lutherse Kerk het in die verband die mening uitgespreek dat hy niks kan doen om die seuns te keer as hulle wel geïnisieer wil word nie. In teendeel, volgens hom versterk dit bloot hul karakter en maak dit van hulle ware mans.

In die verlede het daar na verloop van 'n aantal jare 'n tweede inisiasieskool of **komana** plaasgevind. Laasgenoemde word egter nie meer uitgevoer nie. In teendeel, die meerderheid van die jonger seuns wat hieroor uitgevra is, was nie eens bewus van die bestaan van hierdie tweede inisiasieskool nie.

Die grootste verskil tussen die oorspronklike inisiasie van die Hananwa en soos dit vandag uitgevoer word, lê daarin dat dit in die verlede 'n werklike toets vir en oorgang na volwassenheid was. Vandag funksioneer dit eerder grootliks as

> "an introduction to the understanding of the coming of manhood. It is not the actual transition, biologically or socially; it is a form of preparation which emphasizes the male qualities of the growing

boys" (Swantz 1970:170).

Dit kan byvoorbeeld gesien word in die groot getalle baie jong seuns wat nog nie puberteit bereik het nie, maar wel die stamskool bywoon.

Die inisiasie van meisies of **bjale** (kyk Franz 1929) wat gewoonlik gekoppel was aan die inisiasie van die seuns vind ook nie meer plaas nie, maar die meisies deurloop steeds die **kgopa** of rituele afsondering met die begin van hul eerste menstruasie. In die verband word daar gesê dat die meisie die **ntsha** (duiker) gesien het. Dit is ook die dier wat die Hananwa vermy (**ho ila**) - die implikasie hiervan is dat sy ook vermy moet word en het te make met die toestand van rituele gevaar waarin sy in daardie stadium verkeer.

Die meisie word vir 'n tydperk van een week in die hut afgesonder, alhoewel dit ook soms net vir 'n naweek kan duur. In hierdie tyd word daar 'n vriendin aangewys wat haar oppas en bystaan. 'n Voor- en agterskort word aangetrek en haar liggaam met 'n mengsel van rooi-oker, vet en medisyne gesmeer. Tydens hierdie tydperk van afsondering word veral inligting in verband met seksualiteit aan haar oorgedra - al die moets en moenies in verband met hierdie onderwerp, byvoorbeeld om nie geslagsomgang te hê terwyl sy menstrueer nie, of om nie terwyl sy menstrueer 'n huis binne te gaan waar daar siekes is nie. Met ander woorde, al die basiese begrippe in verband met die konsep van **ho fiša** (om warm te wees) word aan haar oorgedra. Saans kom die vrouens wat in die omgewing woon en van haar vriendinne wat reeds die **kgopa** deurloop het in die hut bymekaar. Terwyl daar op tromme geslaan en gedans word, word die genoemde inligting aan die meisie oorgedra, sommige daarvan selfs deur middel van die liedere wat gesing word.

Tydens die laaste dag van afsondering word die meisie, begelei deur haar vriendinne, na die rivier geneem waar sy die rooi-oker afwas en nuwe klere kry om aan te trek. Indien mans op pad na of van die rivier teëgekom word, slaan

die meisies hulle met stokke sodat hulle moet weggaan. In die tussentyd word 'n bok geslag en met haar terugkeer vanaf die rivier word 'n fees gehou, wat gepaard gaan met danse (bekend as **setlhako**) waaraan die meisie se vriendinne ook deelneem. Normaalweg mag mans hierdie aktiwiteite slegs op 'n afstand gadeslaan. So 'n dans wat bygewoon is, was een van die min geleenthede waar daar nog van die tradisionele kleredrag en kralewerk van die Hananwa gesien is. Hierdie stukke word sorgvuldig vir die volgende geslag bewaar en kan ook aan meisies wat nie oor sodanige stukke beskik nie, geleen word.

Die doel van hierdie feestelikheid is nie net om die volwassewording van die meisie te vier nie, maar ook om aan die gemeenskap aan te kondig dat daar 'n meisie gereed is om in die huwelik te tree, dit wil sê indien sy nie reeds volgens die stelsel van voorkeurhuwelike oor 'n potensiële eggenoot beskik nie (kyk in hierdie verband ook Swantz 1970:174).

Na deurloping van inisiasie word die inisiante as volwasse beskou en kan hulle trou. Inisiasie soos wat dit in die verlede uitgevoer is, het 'n kollektiewe statusverandering vir die jongelinge ingehou en het ten doel gehad om intra-groep verhoudinge te bewerkstellig. Nie alle jongmense deurloop meer die tradisionele proses van inisiasie nie en die vraag kan gestel word of hierdie instelling nie bloot deur 'n ander verplaas is om uitdrukking op 'n ander plek en in 'n ander vorm te vind nie. Voltooiing van 'n skoolloopbaan en die verkryging van 'n vaste werk is faktore wat tans ook 'n rol hierin speel.

Na die navorser se oordeel sou 'n soortgelyke instelling die deurloping van katkisasie en die uiteindelike opname van die individu as volwaardige lidmaat van die Lutherse Evangeliese Kerk, wees. Alhoewel die verskillende instellinge nie hier gelyk gestel word nie, kan dit tog geïnterpreteer word as om dieselfde einddoel te hê, naamlik die sosialisering van die jongeling en sy of haar opname as volwassene in die groter gemeenskap. Na opname in die kerk word die verskillende lidmate uitgeken, nie net weens die rol wat hy of sy binne die

geledere van die Kerk speel nie, maar ook op 'n fisiese vlak. Na aanneming is die meisies geregtig om 'n swart rok met 'n bypassende wit hoed en wit kraag, asook 'n speld, alles bekend as **seaparo sa baswa**, te dra. Die seuns dra swart pakke en die speld. Alhoewel hulle hierdie artikels self moet koop, word dit deur die Kerk aan hulle toegeken. Hierdie uniform word tydens spesiale geleenthede, soos byvoorbeeld tydens nagmaal, gedra. As die ouer vrouens die weeklikse biduur bywoon (**basadi ba merapelo**) trek hulle dieselfde uitrustings aan.

Baie van die opvattinge en rituele wat hierbo beskryf is, het verval. In hul plek het nuwes bygekom, byvoorbeeld in die verskillende kerkgenootskappe en rituele soos dié wat met trekarbeid verband hou. Ander het weer innovasie en aanpassing in struktuur, vorm en moontlik ook betekenis ondergaan.

Ritueel het in die verlede en tans ook tot groter sosiale kohesie, interaksie en binding bygedra. Die individu word deur sy lewe gedurig aan verskillende rituele en ander instellinge onderwerp wat sosialisering, groepsvorming en aanvaarding meebring. Dit versterk intra-groepsidentifisering en dra by tot die behoud van groepsidentiteit by die Hananwa.

## 4. IDEOLOGIE VAN 'N EIE IDENTITEIT

Dit kan met 'n redelike mate van sekerheid aangevoer word dat die beleid van segregasie oorpronklik nie kulturele skeiding as mikpunt gehad het nie. Vir die periode 1905 tot 1948 kan daar geen of weinig aanduiding gevind word dat die poging tot territoriale segregasie op enige wyse gebaseer was op, of verband gehou het met 'n behoefte om aan swartmense 'n gebied ooreenkomstig die historiese, taalkundige en kulturele affiniteite van elk van die verskillende groepe te gee nie. Genl. Hertzog, wat in hierdie periode die voortou met die beleid van segregasie geneem het, wou slegs 'n territoriale skeiding maak tussen

blankes en swartmense en nie tussen Afrikaner en Zulu of Tswana of Venda of Xhosa of Sotho en so meer nie (Tatz 1962:159).

Met die bewindsaanvaarding deur die Nasionale Party in 1948 tree hierdie element egter sterk na vore. Trouens, selfs voor bewindsoorname is dit in beleidsverklarings baie duidelik gestel dat dit een van die hoekstene van die beleid van apartheid sou wees - kyk byvoorbeeld die uitspraak van dr. D.F. Malan in 1944 wat in hoofstuk 6:4 aangehaal is, waar hy van mening is dat die swartmense hulself moet "ophef op die grondslag van dit wat hul eie is".

Moraliserende uitsprake ter motivering van hierdie beleid was aan die orde van die dag. 'n Voorbeeld, uit G. Cronje se werk **'n Tuiste vir die nageslag - die blywende oplossing van Suid-Afrika se rassevraagstukke** (1945), spreek boekdele in hierdie verband:

> "Die kapitalisme is sielloos en gewetenloos. Juis daarom voer dit tot sosiaal-ekonomiese vernietiging van hulle wat aan sy geldmag-dwingelandy onderwerp is. In Suid-Afrika betaal ook die naturel 'n dure prys vir die voorspoed van die geldbase. Nie alleen sy arbeidskrag word uitgebuit nie. Ook dit wat hy aan kultuur en geestelike waardes besit, bly in die slag.
>
> **Die Boerenasie beskou dit as jammer dat die Bantoe se rassetrots en eie kultuur verlore sal gaan.**[7] Alleen die rassebeleid van die Boere sal die Bantoe van algehele ondergang red, nie langs die valse weg van sogenaamde gelykstelling nie (dit nie!), maar langs die weg van apartheid.
>
> Die Boerenasie wil in Suid-Afrika vir die witman 'n vaderland verseker wat tot in lengte van dae 'n tuiste vir die nageslag sal wees maar gun ook vir die naturelle en die kleurlinge aparte tuistes waar hulle langs eie weg en uit eie krag tot 'n eie nasieskap kan ontwikkel en 'n eie kultuur kan skep en 'n eie bydrae kan lewer" (Cronje 1945:25).

Hierdie lang aanhaling is voldoende om die basis vir hierdie ideologie aan te dui: 'n paternalistiese houding deur die blanke regering en vir die swartmense die

---

[7] Eie beklemtoning.

ontwikkeling tot nasieskap volgens eie 'kultuur' binne die grense van 'n eie grondgebied. Die sentiment en emosie wat hierin aangetref word, is egter veel eerder 'n weerspieëling van die Afrikaner se eie soeke na identiteit en deur dit vir ander te help vestig, word die Afrikaner se identiteit by implikasie ook versterk, soos onder andere gesien kan word in die gedeelte van die aanhaling hierbo wat beklemtoon word. Na 1948 was die doel van die regering juis om afsonderlike 'tuislande' vir elk van die hoof swart groepe, gebaseer op hulle taalkundige en kulturele affiniteite, te skep (Tatz 1962:159), terwyl die Afrikaner dan in die res van die land sy eie identiteit sou kon behou en uitleef.

Die ontwikkeling van 'n eie identiteit, gebaseer op tradisionele instellinge vir die swartmense is as baie belangrik deur die regering beskou (kyk ook McAllister 1991:131-132). Dit word weerspieël in die standpunt van die destydse minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, minister M.C. de Wet Nel, naamlik dat daar geen beperkinge op die ontwikkeling van enige groep in sy eie gebied gestel mag word nie en dat dit so toegepas moet word dat dit nie die identiteit van enige ander groep bedreig nie. Die ontwikkeling van die verskillende 'tuislande' sou verder, volgens die betrokke minister, op tradisionele beginsels gebaseer wees en hy stel dit dat al die ontwikkelingswerk gedoen sal word in ooreenstemming met die swartmense se lewenswyse en deur middel van hulle stamgewoontes (Bantu 1966:9). In die verband wys Comaroff in sy studie van die stamhoofskap onder die Tswana daarop dat dit inherent aan die beleid van afsonderlike ontwikkeling was om die politieke struktuur van die tuislande op die tradisionele politieke sisteem te baseer (Comaroff 1974:36) (kyk hoofstuk 6).

Die belangrikheid van die ontwikkeling van 'n eie identiteit kom sterk na vore byvoorbeeld in die volgende stelling:

> "Afsonderlike ontwikkeling aanvaar die doeltreffendheid van die verdeling van mense in nasies en dring daarop aan dat elke groep dieselfde regte en geleenthede in sy eie gebied moet geniet. Die beleid aanvaar die waardigheid van die mense binne die verband van afsonderlike nasies met afsonderlike kulture" (Bantu 1966:10).

Die mate waartoe die manipulering van die tradisionele sou plaasvind, is opvallend. 'n Voorbeeld hiervan is die onderstaande uitspraak van Van Heerden (1955),[8] een van die vele persone wat in die tyd op intellektuele vlak regverdiging vir die beleid van afsonderlike ontwikkeling bepleit het (kyk ook hoofstuk 6:4):

> "**Instead of developing with the help of European neighbours along their own lines to the ultimate goal, the Bantu entered, totally unprepared for this completely different and drastic change, the intellectual territory of the White man. The spiritual impact was overwhelming and shattered to a great extent that which had been cherished as precious through the centuries - their culture.**[9]
>
> In this process of retrogression sight has been lost of many of these things that together go to establish the greatness and special character of a people. Some of these are -
>
> a) the way of educating the children in the customs and practices of the tribe, by ingraining into them the absolute necessity for proper etiquette;
> b) the reverence for older people;
> c) the telling of fables and folk-lore, which is the most beautiful expression of the human spirit;
> d) the mode of salutation is being supplanted by that of the White man;
> e) the material culture - works of art from clay, beads, wood and skins, is being forgotten through disuse;
> f) the stately poise of the Bantu women is disappearing because the European's mode of living has been adopted; and
> g) the tasty Bantu dishes, the nourishing values of which have been proved by centuries of generations, have been supplanted by the White man's unhealthy eating habits. The woman who picks "morogo" is ashamed of the fact, because people might brand her as uncivilised.
>
> Only by staying firmly rooted in the traditions and history of the past, can the Bantu hope to be true representatives of their glorious tradition. **Let the Bantu take from the European civilisation what is good and clean and useful and add to that the many beautiful things of their own heritage. In this way only will the Bantu save themselves from losing their identity in a tumultuous**

---

[8] Inspekteur van Bantoe-onderwys, tydens 'n lesing gegee by die jaarlikse Konferensie van die Katolieke Bantoe-onderwys Unie.

[9] Beklemtoon in die oorspronklike.

> **world.**[10] Let them be true to their own" (Van Heerden 1955:62).

Die klem wat op die rol van die tradisionele gelê is, maar ook die paternalisme en stereotipering wat inherent in hierdie stelling opgesluit is, is tekenend van die houding wat by die beleidmakers geheers het en die pogings wat aangewend is om swartmense te oorreed om by hierdie beleid in te skakel. Selfs twintig jaar na bogenoemde uitspraak is die oorredingswerk ten opsigte van hierdie beleid steeds gedoen. Die kulturele basis vir die beleid kom byvoorbeeld tot uiting in die stellings gemaak op 10 Maart 1977 deur adv. B.J. Vorster:

> "Die basiese beleid van die Nasionale Party is om volkere onafhanklik te maak. Dit is Swartvolkere en nie 'n stuk grond wat ons onafhanklik maak nie. Dit is die Tswanavolk wat ons onafhanklik maak. Dit is die Noord-Sothovolk, die Shangaanvolk, die Vendavolk wat ons onafhanklik wil maak" (aangehaal in Jooste 1977:114).

Hierdie aspekte is nie net op die politieke gebied beklemtoon en uitgebuit nie. Om die beleid suksesvol tot volvoering te bring, moes die kinders reeds op skool daaraan blootgestel word en hul identiteit ook by hulle tuisgebring word:

> "Veelvolkige onderwys, of differensiasie op volksvlak, is noodsaaklik omdat elk 'n eie identiteit, 'n eie kultuur, eie mandaat, eie samelewing impliseer. Die onderwys mag nooit sommer algemeen, neutraal of internasionaal wees nie, maar moet altyd spesifiek afgestem wees op die lewensbeskouing, die taal en die samelewing van daardie volksgroep waarvoor die onderwys bedoel word. **As dit nie gebeur nie, klop die kurrikulum wat die jeug leer nie met die "kurrikulum" wat hulle later moet leef nie"** (Stone 1975:13).[11]

Een van die grootste gevare wat deur die regering voorgehou is, is die feit dat swartmense, veral dié in die stede, weens kontak met die blankes die westerse leefwyse begin aanneem het en al meer en meer in daardie rigting begin

---

[10] Beklemtoon in die oorspronklike.

[11] Professor, Departement Didaktiek en Vergelykende Opvoedkunde, UNISA. Eie beklemtoning.

ontwikkel het. Dit, volgens hulle, is strydig met die argument dat die swartmense 'primitief' en 'onontwikkeld' is. Gevolglik moes daar noodgedwonge faktore vir differensiasie gevind word. Die antwoord is in die begrip stamverwantskap of "tribalism" gevind. Hellmann omskryf dit dat die swartmense 'n groot deel van hul stamgewoontes ("social structure and ... culture") moet behou, maar ook 'n moderne ekonomie moet hê (Hellmann 1957:1). Hierdie stamverwantskap, wat soms kunsmatig deur die regerings-amptenare aangewakker is (kyk ook Dubow 1991:115), is dan gebruik as bewys van die swartmense se primitiwiteit. Stamverwantskap - dit wat met swart gebruike en reg in verband gebring is - sou die verskil in 'beskawing' en 'kultuur' tussen blank en swart aandui. As die verskille duidelik uitgewys kan word - asook die feit dat die swartmense minderwaardig teenoor die blankes is - kon daar regverdiging vir afsonderlike of anderse behandeling van die groepe in die wetgewing gekry word. Met die herinstelling van stamverwantskap word dit dan duidelik dat die swartmense baie van die blankes verskil en kon hulle gevolglik nie in 'n gemeenskaplike politieke samelewing ingesluit word nie (Dubow 1991:111-119; Tatz 1962:43). Elemente van hierdie beginsel is reeds so vroeg as 1927 in die Wet op Naturelle-administrasie en later die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (kyk hoofstuk 6:5.2) vervat en was 'n poging tot die hervestiging van stamverwantskap by swartmense.

Daar is ook pogings aangewend om onder die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur, No. 46 van 1959 (kyk hoofstuk 6:5.3) hierdie stamverwantskap na die stede uit te brei. Dié wet maak voorsiening dat die Bantoe-owerheid, aangestel onder die Wet op Bantoe-owerhede, 1951, 'n swart persoon kan aanwys om die lede van die stam wat in stedelike gebiede werksaam is, op 'n Adviesraad wat deur die Stedelike Raad saamgestel is, te verteenwoordig. Hierdie persoon sal dan as 'n soort 'ambassadeur' vir sy stam optree (Sachs 1965:279; Tatz 1962:179). Daar is geglo dat die stedelike swartmense in hul hart steeds aan die tradisionele bande van Venda, Sotho, Zulu, Tswana, Tsonga en so meer verknog was en dat hulle aanvaarding van die westerse lewenswyse iets

was wat hulle graag sou wou afwerp. Hierdie persepsies is byvoorbeeld op stellings soos die onderstaande gebaseer:

> "In the towns, the Bantu assimilate a Western way of life and wear Western clothes in their daily round. With the vast majority, however, this is a surface adoption. In their hearts they remain unalterably traditional in outlook and, in their 'town' homes, they uphold their traditional customs as far as environment will allow them to do so" (Huskisson[12] 1968:16).

Daar is dus geglo dat die dooie en sterwende stamverwantskap weer in die mense aangewakker sou kon word en hulle na hul gebied van herkoms, dit wil sê die reservate, teruggeneem kon word (Dubow 1991:115; Tatz 1962:189). In die verlede en tans nog was daar wel gronde vir die bestaan van hierdie persepsies. Kyk in hierdie verband byvoorbeeld die werk van Schapera (1947) en Mayer (1961), waarin gewys word op die kontak wat trekarbeiders en ander migrante na die stede met die plattelandse gebiede en hul tradisionele lewenswyse behou het. Ook by Blouberg was dit die geval. So vertel een man by Blouberg dat hy na 'n verblyf van 31 jaar in die stad na die afsterwe van sy vader teruggekeer het om die tradisionele posisie van hoofman oor te neem.

Die probleem was egter dat die meerderheid mense in stedelike gebiede hulle nie daaraan gesteur het nie, dit nie meer wou gehad het nie en ook nie in hierdie gebiede wou bly nie. Daar het nie in die verlede nie, en daar bestaan ook nie tans by die Hananwa 'n sterk organisasie soortgelyk aan **Inkatha** wat soos in KwaZulu/Natal 'n prominente rol speel ten opsigte van die behoud en herskepping van die tradisionele nie (kyk Klopper 1991). Die stamhoofskap kon moontlik so 'n rol gespeel het, maar dit is deur 'n verskeidenheid faktore ondermyn (kyk hoofstuk 6:4.2). Die resultaat daarvan is dat die tradisionele elemente van hul lewenswyse wat behoue gebly het en ook die nuwe 'tradisies' wat ontstaan het, 'n baie meer natuurlike beeld gee van hoe 'n samelewing onder druk kan

---

12 Yvonne Huskisson, 'n kenner van tradisionele swart musiek, was ook doyen van Radio Bantoe.

verander of dieselfde bly om, in die woorde van James (1989), dit te kan aanwend in 'n poging tot aanpassing by 'n nuwe lewenswyse. Mettertyd sou die mense slegs deur middel van uitgebreide hervestigingsprogramme na die gebiede teruggedwing kon word. In die groter Blouberg-omgewing is daar letterlik duisende mense op hierdie wyse hervestig (kyk hoofstuk 7).

## 5. MANIPULERING VAN TRADISIONELE KULTURELE INSTELLINGE

In die poging om die konsep van stamverwantskap en gevolglik 'n eiesoortige identiteit by die swartmense te hervestig, is die bestaande kulturele instellinge oor 'n wye spektrum deur verskillende 'agente' van buite die Hananwa-samelewing gemanipuleer. Daar is reeds genoem hoe die tradisionele politieke struktuur uitgebou is om die huidige stelsel te vorm, asook hoe die mense van Blouberg tradisionele aspekte gebruik vir ekonomiese oorlewing. Benewens dit is daar ook deur die Departement Naturellesake op ander vlakke gepoog om die voortsetting van die tradisionele lewenswyse te stimuleer.

'n Voorbeeld hiervan is die seremoniële instelling van 'n nuwe stamhoof wat deur hierdie Departement uitgebou is om sogenaamde tradisionele praktyke te onderskraag. 'n Standaard prosedure is mettertyd vir die aanstel van stamhoofde uitgewerk.[13] Die opvolger word tydens 'n openbare geleentheid ingelig dat hy die stamhoof is, waarna 'n mantel en 'n mus van luiperdvel, beide deur die Departement verskaf, vir hom aangetrek word. 'n Halssieraad gemaak van geel en swart krale, word om sy nek gehang. Tydens hierdie byeenkoms sal alle regte, pligte en magte wat sy vader gehad het, aan hom oorgedra word. Dit het ook die gebruik geword dat die stamhoof van 'n ander, naburige stam teenwoordig sal wees om die nuwe stamhoof op seremoniële wyse in verband

[13] Dit kan onder andere afgelei word uit die verskeie artikels wat oor die jare in die tydskrif Bantu, mondstuk van hierdie Departement, verskyn het.

met sy pligte in te lig. Die plaaslike kommissaris en ander lede van die Departement Naturellesake is ook teenwoordig. Dit gebeur ook soms dat 'n stoel aan die stamhoof gegee word, wat op spreekwoordelike wyse die "stoel" of posisie van gesag wat hy nou beklee, verteenwoordig.

Hierdie is weereens 'n bewys van, aan die een kant die ontmagtiging van die swartmense, maar aan die ander kant die manipulering van tradisionele gebruike. Segspersone by die Hananwa is van mening dat daar nie veel ritueel aan die inhuldiging van 'n nuwe stamhoof verbonde was nie, aangesien, na hulle verklaring, hy in hierdie posisie gebore word en nie daartoe verkies word nie. Van groot belang in die lewe van die stamhoof is sy **rangwane** (sy vader se jonger broer) en sy moeder. Eersgenoemde het hom veral met die algemene bestuur van die stam en in regspleging ondersteun. Sy moeder het 'n belangrike rol in die rituele lewe van die stamhoof vervul en is ook die persoon wat die simbole van die stamhoofskap bewaar, byvoorbeeld die krale, luiperdvelmantel en so meer. Aangesien die stamvrou altyd uit een van drie families moet kom, sal 'n jong stamvrou dus met haar huwelik haar **rakgadi** (vader se ouer suster) as skoonma hê. By laasgenoemde leer sy dan alles ten opsigte van die stamhoofskap en sal sy weer eendag haar oudste seun, nadat hy sy vader opgevolg het, ondersteun.

Dit is egter juis in hierdie verband dat sommige segspersone voel dat die simbole van die stamhoofskap tans nie korrek aangewend kan word nie. Die rede hiervoor is volgens hulle dat stamhoof KGALUSHI (hoofstuk 4) se vrou nie uit die regte familie afkomstig was nie. Die aangewese vrou wou blykbaar nie met hom trou nie en het hy toe 'n ander vrou as hoofvrou geneem. Laasgenoemde was egter nie afkomstig van een die adellike families waarvan die stamvrou 'n lid moet wees nie. Alhoewel die daaropvolgende stamhoofde met vrouens uit hierdie families getrou het, is hulle volgens die segspersone weens bogenoemde insident inderwaarheid net 'waarnemend'. As bewys vir hulle stelling voer hulle aan dat die laaste aantal stamhoofde nie die 'krag' gehad het om die hut waarin

die stamhoof-voorwerpe gebêre word, oop te maak nie. Die noodwendige uitvloeisel hiervan is dat hierdie stamhoofde nie die verskillende gemeenskapsrituele in volle detail kan uitvoer nie, met die gevolg dat die mense hulle vertroue in die stamhoofskap verloor het.[14]

Dit is ook moontlik dat amptenare van buite die Hananwa hierdie interne verdelinge besef het en dit vir eie doeleindes probeer manipuleer het. Daar is in hoofstuk 6 aangedui hoedat verskillende amptenare die stamhoofskap wou beïnvloed het.

Alhoewel dit amptelike beleid was om die tradisionele te stimuleer, kon dit nie in alle gevalle uitgevoer word nie. Landbou, waar die voortbestaan van tradisionele landboukundige praktyke as kontraproduktief beskou is, is 'n voorbeeld hiervan (kyk hoofstuk 8). Een van die probleme was die rituele en seremonies wat aan landbou gekoppel was. As voorbeeld van die probleem wat dit tot gevolg gehad het, kan daar onder meer na die oesfees verwys word. Om die oopstelling van die oes te vier, is daar 'n ritueel bekend as **ho loma lerotse** (om die pampoen te byt) uitgevoer. Dit is gevolg deur 'n seremonie bekend as **mokato**, waartydens daar met beeste oor 'n afstand van selfs so ver as 10 - 15 kilometer resies gejaag word. Normaalweg is dit eers met die stamhoof se beeste uitgevoer op die dag wat die oopstelling van die oes plaasgevind het. Die verskillende hoofmanne kon ook so 'n fees hou, maar slegs indien dit reeds by die stamhoof plaasgevind het.

Beeste van verskillende krale (**mašaka**) is by een punt bymekaar gebring. Met die gee van 'n teken word die beeste so vinnig moontlik aangejaag. Die resies word gelei deur 'n persoon wat 'n wit vlag[15] dra en vooruit hardloop. Almal wat

---

[14] Hierdie is 'n netelige saak wat aangeraak word en kan verreikende gevolge hê. Vir die navorser lê die antwoord daarin dat hy slegs die opvatting van sekere segspersone weergee en die implikasie daarvan in die breër verband van die navorsingsdoelstelling interpreteer.

[15] Hierdie was aanvanklik 'n stok waaraan volstruisvere geheg is en het as **sefoka** bekend gestaan.

meedoen skreeu en fluit. Halfpad neem 'n ander groep hardlopers oor en word daar tot by 'n voorafbepaalde plek gehardloop. Na afloop van die wedloop word die vlag bo die kraal van die bees wat gewen het, gehys. Daarna word daar gedans en bier gedrink. Gewoonlik word die beeste geoefen vir hierdie geleentheid, deur hulle na die water of vanaf die weiveld na die beeskrale te jaag. Na afloop van die **mokato** met die stamhoof se beeste gaan die verskillende hoofmanne terug na hulle onderskeie wyke. Daar sal elkeen vir sy eie wyk die **ho loma lerotse**-ritueel uitvoer en dit dan met 'n eie **mokato** opvolg. Vergelyk ook Krige (1931:230-232) vir 'n beskrywing van hierdie seremonie onder die Lobedu en Van Schalkwyk (1985b:66) vir 'n beskrywing daarvan onder 'n ander Noord-Sotho-sprekende groep (Molepo).

Hierdie gebruik is egter etlike dekades gelede deur die Administrasie stopgesit, grootliks vanweë die negatiewe uitwerking wat al hierdie inspanning op die kondisie van die beeste het (Lund 1936:21). Die afstel hiervan moes egter vervang word deur iets anders en daar kan aangevoer word dat die konsep van 'n landbouskou wat deur die afdeling Landbou van die Departement Naturellesake ingestel is, grootliks die rol van hierdie feeste vervang het, veral byvoorbeeld die fees van die eerste vrugte. Tewens, hierdie opvatting word gereflekteer in die woorde van een van die betrokke amptenare, naamlik:

> "... there seems no reason why these shows should not in time take on the nature of traditional agricultural festivities such as are found among all farming people the world over, including the Bantu themselves" (Sampson 1956:87).

Landbouskoue is op plaaslike en streeksvlak ingestel. Vir die Blouberg-omgewing word dit te Bochum gehou. Die doel, soos wat dit aanvanklik geformuleer is, was om die resultaat van die landbou-ontwikkeling ten toon te stel. Die skou is gewoonlik ook deur 'n verteenwoordiger van die Departement Naturellesake geopen. Benewens die landbouprodukte is die tradisionele kulturele element ook

hier gestimuleer. Sogenaamde tradisionele voorwerpe[16] en ander handwerk word hier uitgestal, beoordeel en pryse toegeken. Van die meer algemene voorwerpe wat tydens hierdie skoue gesien is, is lepels, wanmandjies en kleipotte. Dit is interessant dat 'n persoon nie nodig het om self die voorwerp wat hy by die skou inskryf te produseer nie. Enige persoon kan iets by iemand koop en dit dan inskryf. Die prys word dus nie noodwendig aan die vervaardiger van die voorwerp toegeken nie, maar aan die eienaar.

Benewens die tentoonstelling van produkte, is hierdie skoue ook so gestruktureer om 'n etniese bewussyn by die deelnemers te bevorder en belangstelling in die tradisionele kultuur te stimuleer - dit alles met die uiteindelike doel om 'n eie identiteit en dus afsonderlike ontwikkeling te propageer. Tydens so 'n jaarlikse landbouskou sal groepe van verskillende distrikte teen mekaar deelneem, veral op die gebied van sang en dans. Dit word dan later weer voortgesit by half- en eindrondtes waar verskillende etniese groepe teen mekaar kompeteer. Sodoende word daar, op 'n onbewustelike wyse, trots in die etniese identiteit gestimuleer en word die regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling daardeur bevorder.

Die Departement Bantoe-onderwys het hom dit ook ten doel gestel om die Bantoekuns en -handwerk (d.w.s "egte Bantoekuns en -handwerk") soveel as moontlik te bevorder en in alle skole as vak te doseer. Volgens 'n artikel in die tydskrif Bantu, amptelike mondstuk van die Departement Naturellesake, is die doel van die Departement om die "volkseiendomlikheid" van die Bantoe te ontwikkel. Die bepalinge was egter dat dit egte "Bantoekuns" moet wees en nie 'n navolging van die Westerse kuns nie. Volgens die beleid moet die geleentheid aan die Bantoekind gegee word om hom in sy eie wêreld uit te lewe en vir hierdie doel is daar ook 'n nuwe afdeling Bantoe-tuisnywerheid gestig (kyk ook hoofstuk 8:5.2). Dië afdeling moet Bantoekuns en -handwerk as tuisnywerheid

---

[16] Die Etnologie afdeling van die Departement het in meer as een geval van hierdie tradisionele voorwerpe aangekoop en dit is dan mettertyd aan verskillende museums oorgedra. Daar is amper nooit van die nie-tradisionele materiaal op hierdie wyse aangekoop nie. Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria beskik oor groot versamelings voorwerpe wat op hierdie wyse bekom is.

aanmoedig en bevorder en skep sodoende 'n geleentheid vir die Bantoe om sy kunsskeppinge op kommersiële basis van die hand te sit. Die argument word verder gevoer deurdat gesê word dat die belangrikste koper van kultuurgoedere die groep is wat dit geproduseer het (Bantu 1962:306-314), wat, ironies genoeg, wel gebeur het. Dit het egter in 'n groot mate 'n stagnering in die kunste bewerkstellig, wat weer die beginsel versterk het dat die mense nie verwesters moes word nie, maar tradisioneel moet bly lewe.

Dié beginsels word selfs weerspieël in die nasionale ontwikkelingsplan wat vir Lebowa as selfregerende gebied uitgewerk is. Alhoewel daar in hierdie plan erken word dat die geskiedenis van die 'stamme' van Lebowa gekenmerk was deur die neiging tot onderlinge stryd en versplintering en dat daar eers in die periode na 1900 stabiliteit in hul verspreidingspatroon gekom het (Botha 1983:325), is daar tog gehoop dat 'n veronderstelde kulturele eenheid, gebaseer op taal, herkoms en samewoning, sal kan bydra tot die ontwikkeling van 'n nasionale staat:

> "Dit is duidelik dat hierdie algemene Sothoverband tot 'n trots in Lebowa as nasionale tuiste uitgebou behoort te word. ... 'n Mens besef dat die besluit om 'n program van nasiebou te loods 'n politieke besluit is en nie noodwendig binne 'n algemene plan vir die ontwikkeling van Lebowa pas nie. ... Twee sake staan egter vas: (i) Die kulturele eenvormigheid wat reeds in Lebowa bestaan, maak die deurvoering van 'n program van nasiebou baie makliker as noordwaarts in Afrika; en (ii) die deurvoering van enige program wat die mense van Lebowa tot saamhorige aksie stimuleer, sal 'n kragtige sielkundige faktor wees om ontwikkelingsmikpunte binne bereik te bring" (Botha 1983:176).

## 6. GROEPERINGE EN VERDELINGE

Soos reeds aangedui staan die inwoners van Blouberg tans in verskillende verhoudinge en netwerke tot mekaar. Dit is deels die gevolg van die bestaan van

'n eie identiteit, maar ook die manipulering van kulturele instellinge wat van binne en buite die Hananwa-samelewing oor die loop van jare plaasgevind het. Hierdie verhoudinge kan enersyds samebindend van aard wees, maar andersyds kan individue en groepe ook in opposisie tot mekaar staan. Identifisering met een groep beteken egter nie noodwendig uitsluiting van 'n ander nie. Oor die algemeen kan daar aangedui word dat die mense van Blouberg eerder 'n samehorigheids- of groepsgevoel openbaar as verdeeldheid.

Volgens James (1992:2) is een van die grootste faktore wat in hierdie verband by die Pedi 'n rol speel, die kerk. Die onderskeid wat gemaak word, is tussen die bekeerdes (kerkgangers) en diegene wat lojaal aan die stamhoof gebly het, bekend as **baditšhaba**. Die onderverdeling is, soos wat sy ook tereg sê, baie vaag en nie altyd geldig nie. Dieselfde is by die Hananwa die geval. Reeds in die vorige eeu was daar veral vanaf die kant van die stamhoof teenkanting teen die sendelinge en hulle aktiwiteite (kyk byvoorbeeld Sonntag s.j.:1). Tans is hierdie faktor nie meer so 'n groot probleem nie. Die verdelinge wat wel bestaan is hoofsaaklik tussen die verskillende kerkgenootskappe. Dit is egter nie iets wat aktief uitgeleef word nie en verskille kom slegs van tyd tot tyd na vore. Die biduur vir reën wat in 1991 gehou is en waarna reeds in hooftuk 8 verwys is, is 'n voorbeeld van 'n geval waar die verskille tussen kerke na vore gebring is.

Ander verdelinge vind op politieke vlak plaas en kan verskeie vorme aanneem. Die belangrikste hiervan is 'n verdeling tussen aanhangers en teenstanders van die stamhoof. Soos reeds hierbo aangedui, is hierdie meerendeels 'n probleem wat reeds uit die vorige eeu dateer en wat te make het met die opvolging van die stamhoof. Veral by sommige faksies in die gemeenskap is daar steeds sterk gevoelens hieroor.

'n Verdere verdeling is die meer resente politieke groeperinge. Aangesien die Hananwa as entiteit tot onlangs in 'n groot mate hulle politieke aspirasies bloot binne die verband van die Lebowa Gebiedsowerheid kon uitleef, is daar nie veel

verdeling in hierdie verband nie. Daar is wel gevalle waar die jeug teen die ouer garde in opstand kom, soos reeds in hoofstuk 6:6.2 bespreek is. Die resente opname van mense binne die groter politieke verband van die land sal heel moontlik ook verdelinge volgens hierdie lyne verder laat uitkristaliseer.

Hierdie groepering en verdelinge in die Hananwa-samelewing, wat as gevolg van al die komplekse sosiale, politieke, ekonomiese, religieuse en historiese redes bestaan, word visueel baie duidelik in hulle materiële kultuur en dan veral die kleredrag oorgedra. In die verband sê Mare

> "One of the most obvious ways of signifying distinctiveness lies in dress and ornamentation - whether this be the colourful dress of many religious sects, the rebellious extremes of punk or the khaki of the Afrikaner Weerstandsbeweging" (Mare 1992:8).

Dit word algemeen aanvaar dat die funksie van kleredrag onder andere ook dien om komplekse sosiale kodes en waardes, asook groepsidentiteit en -aanhorigheid te kommunikeer. Dit is die rede hoekom elke nuwe lewensfase gepaard gaan met die 'verwerwing' van daardie lewensfase se kleredrag - die persoon word as't ware daarin ingebore. Groepe of individue wat aan hul kleredrag uitgeken kan word, is byvoorbeeld:

- die stamhoof met sy besonderse kleredrag en sierade;

- geestesdansers (**malopo**) en ander waarsêers;

- die ouer, ongeskoolde vrouens se tradisionele kleredrag (figuur 8), teenoor die jonger, geskoolde vrouens wat westerse kleredrag dra;

- tradisioneel was daar ook die onderskeid in die kleredrag wat ongetroude meisies en getroude vrouens gedra het en ook die van inisiante, seuns sowel as meisies.



**Figuur 8**. Etniese kleredrag van vrouens (Foto: J.A. van Schalkwyk, 1990).

Benewens dië verskillende tradisionele groeperings, bestaan daar vandag by Blouberg ook 'n aantal nuwe groeperings:

- die vroueliga van die Evangeliese Lutherse Kerk met hulle swart uniform;
- die Zioniste en ander kerkgroepe wat deur uniforms en kentekens onderskei word;
- skoolkinders, byvoorbeeld die onderskeid tussen die skooldrag van laer- en hoërskoolkinders;
- jeuggroepe soos die Ivey's en Pantsulas, elk wat 'n besonderse tipe kleredrag en houding vereis;
- kleredrag, veral die dra van T-hemde wat aanhorigheid tot politieke of ander belangegroepe aandui.

Die tradisionele drag is tans grootliks vervang met 'n tipe drag wat bloot as Sotho-agtig beskryf kan word, veral in die geval van getroude vrouens. By hulle is tradisionele drag, veral onder die ouer, minder geskoolde vrouens, met 'n tipe etniese drag, bestaande uit 'n rok (ele) en doeke wat om die onderlyf gebind word, vervang. Hierdie benaming is heel waarskynlik afgelei van die ou el lengtemaat, aangesien materiaal in die verlede daarvolgens gekoop is. Die herkoms en funksie van hierdie drag is nie baie duidelik nie. Mönnig (1967:107) is van mening dat hierdie rokke deur sendelinge onder die Pedi gevestig is. Tyrrel bied egter 'n heeltemal ander verklaring vir die oorsprong daarvan. Sy is van mening dat

> "hospitals unwittingly introduced a custom in dress by fitting their maternity patients with smocks to wear while awaiting confinement. This dress now is the symbol of fruitful womanhood, and the symbol of married women" (Tyrrel 1968:73).

Dit is opmerklik dat hierdie uitrustings, die kleure, benaminge en simboliek daarin, aansienlik ooreenstem oor groot dele van die Noord-Sotho-sprekende gebied.

Die jonger garde is egter nie so gedienstig om hierdie kleredrag te dra nie. Deur westerse klere te dra, kan hulle hul selfstandigheid toon. Dit is grootliks ook die aansporing vir hul deelname aan jeuggroepe soos die Ivey's en Pantsulas. Dit is egter nie seker of laasgenoemde groepe so maklik in die plattelandse gebiede herkenbaar is as wat in die stede die geval is nie. Dit is hoofsaaklik ouer skoliere en moontlik maar net individue wat in die stede tot hierdie groepe behoort en dit tydens besoeke tuis uitleef.

Die verdeeldheid van die mense van Blouberg is egter selde antagonisties van aard, aangesien die groepe baie maklik kan saamsmelt om 'n ander of groter bedreiging teen te staan.

Samebinding vind op sosiale vlak plaas en het hoofsaaklik te make met bande van residensie. In hierdie verband is daar ook moontik 'n etniese grondslag, aangesien van die ouer wyke meerendeels uit vreemdelinge bestaan wat hulle daar as groep kom vestig het (kyk hoofstuk 4). Oor die algemeen lei gemeenskaplike lief en leed mense ook om as groep te identifiseer. Met die verandering wat in vestigingswyse plaasgevind het, is die onderlinge hulpverlening en ondersteuningsnetwerke nie meer hoofsaaklik op bande van verwantskap gebaseer nie, maar eerder op vriendskap en buurskap. Verder kan dit ook meer tydelik van aard wees en is dan op aspekte soos probleemgerigte oplossings vir projekte, soos werkspartye, of selfs ontspanning, byvoorbeeld bierdrinkpartye en sportbyeenkomste gebaseer.

Onder sekere omstandighede sal dié samehorigheidsgevoel 'n etniese inhoud hê, wat gebaseer is op die gemeenskaplike geskiedenis en lotgevalle van die mense van Blouberg. In hierdie verband is een van die samebindende faktore geleë in

die verhaal oor die ontstaan en aanvanklike benaming van die Hananwa, soos in 1916 deur eerw. N. Roberts opgeteken. Die vermeende stamvader van die Hananwa word as ene Maliti aangedui (of variasies daarvan volgens ander bronne - kyk hoofstuk 4:2), wat twee seuns gehad het. Die jongste van die twee het Lebogo (LEBOHO) geheet. Weens 'n opvolgingstryd breek laasgenoemde met sy volgelinge van die Malete weg. Hulle ontduik 'n agtervolgingsaksie onder aanvoering van die ouer broer en word daarna deur die agtervolgers, die Bahananwa genoem, wat beteken "the deniers, refusers or quarrellers", met verwysing na die feit dat hulle nie wou saamwerk nie (Roberts 1916:244-245). Hierdie verhaal word hoofsaaklik deur die stamhoofskap en kerngroep van die Hananwa geëien en dien om hulle as heersergroep saam te snoer. Soos Bruner & Gorfain dit stel,

> "Occasionally a story becomes so prominent in the consciousness of an entire society that its recurrent telling not only define and empower storytellers but also help to constitute and reshape society" (Bruner & Gorfain 1984:56).

Hierdie gevoel van samehorigheid is verder ook gebaseer op gemeenskaplike bewoning van die gebied. Hulle verowering van Blouberg as grondgebied en insidente soos hul teenstand teen aanvalle deur buitestaanders, byvoorbeeld die Ndebele en later die ZAR, het bygedra om hierdie groepsgevoel te versterk. In die verband het die berg in die verlede as toevlugsoord gedien en word dit as simbool van eenheid en krag gesien.

Hoe langer 'n persoon in die gebied teenwoordig is, hoe sterker is hierdie gevoel van samebinding. Die Hananwa het as dominante groep in die verlede bepaal wie en onder watter omstandighede vreemdelinge hulle in die gebied kon vestig. Selfs die plek om te woon is vir hulle bepaal. Later toe hulle in der waarheid reeds beheer oor die grondgebied verloor het, was dit steeds die stamhoofskap wat oor die grondgebied met die regering onderhandel het. Alhoewel afstammelinge van groepe wat hulle later in die gebied kom vestig het hul eie besonderse vertellinge oor hul herkoms het, identifiseer meeste van hulle ook

met die Hananwa, grootliks vanweë historiese lotgevalle soos reeds in hoofstukke 4 en 5 aangedui. Meer resente intrekkers sal bloot vanweë pragmatiese oorwegings met die Hananwa identifiseer, soos wat die onderstaande gevallestudie duidelik illustreer.

- <u>Gevallestudie 19</u>

  Charles Mojela, 'n segspersoon wat ongeveer 12 jaar gelede uit die omgewing van Louis Trichardt in die gebied hervestig is, is van mening dat hy nie omgee om as Hananwa geïdentifiseer te word nie. Dit is per slot van rekening 'Pretoria' (dit wil sê die regering) wat hom daar kom hervestig het en sy pasboek uitgereik het. Dít het hom 'n plek om te woon en 'n werk in die stad bekom. In sy hart sal hy altyd aan sy oorspronklike herkoms (hy het as jong man uit Zimbabwe in die Republiek aangekom) vasklou, alhoewel hy nooit weer na laasgenoemde plek wil teruggaan nie.

Verder speel gemeenskaplikheid van grondgebied nie net plaaslik 'n rol nie, maar ook by die mense wat in die stede werksaam is en hou dit daar bande van verwantskap, vriendskap en hulpverlening ver van die gebied van herkoms in stand - kyk hoofstuk 8:5.6.

Die manipulering van tradisionele kulturele instellinge was dus nie eensydig deur 'agente' van buite uitgevoer nie, maar ook van binne. As resultaat hiervan is etniese identiteit maklik by die Hananwa herkenbaar en manifesteer in die kleredrag, ekonomiese aktiwiteite, maar ook in die musiek, danse, voedsel wat gekook word, die uitvoering van geleentheids- en gemeenskapsrituele, geloof in voorouers, besoeke aan magiërs en so meer. Dit is veral by die vrouens meer opmerklik as by mans en gevolglik sou dit maklik wees om te redeneer dat die vrouens by Blouberg die deel van die gemeenskap is wat etnisiteit uitleef. Die mans leef in twee wêrelde (stedelik en platteland), praat twee tale en so meer. Daarenteen dra die vrouens etniese kleredrag, praat hoofsaaklik Hananwa en bly

tuis om die kinders te versorg. Etnies sosiale identiteite verskil dus tussen die mans en vrouens, wat aanleiding tot die ontwikkeling van stres kan gee. Die oorlewing van sosiale verhoudinge het dus 'n sin vir die verlede, dit wat as etniese identiteit manifesteer, baie nodig en is dit veral in hierdie verband dat tradisies doelbewus geskep en in stand gehou word (Hobsbawm & Ranger 1984:9). 'n Voorbeeld hiervan is die sogenaamde tradisionele vroue dansgroepe. Die krag daarvan is geleë in die feit dat etniese identiteit, as groepsidentiteit sin gee deurdat dit klem op die gemeenskap, kontinuïteit en plek van herkoms plaas (Mare 1992:20).

Hierdie opvatting sluit aan by die van Klopper (1991:206). Sy dui aan dat by die Zulu die manipulering van die tradisionele 'n poging van die mans is om vrouens aan hulle onderdanig te hou. Sy is van mening dat dit tot voordeel van die mans se outoriteit oor vrouens is om hulle aan te spoor om tradisionele praktyke te behou, insluitende die dra van tradisionele kleredrag. Sou die vrouens tradisioneel in hulle lewenswyse bly, sou hulle nie 'n groot begeerte openbaar om na die stede te gaan nie. Die mans kan gaan waar hulle wil en terugkeer na die 'tuisland' wanneer dit hulle pas. Hulle het dus die beste van twee wêrelde (kyk ook James 1992 vir 'n soortgelyke benadering).

## 7. SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk is begin met beskrywings van die sosiale struktuur en religieuse handelinge van die Hananwa soos wat dit met die begin van die periode van kontak met die blankes daaruit gesien het. Uit die bostaande beskrywing is dit duidelik dat daar faktore was wat enersyds vir die behoud van elemente van die tradisionele gewerk het en ander wat weer verandering en vernuwing aangemoedig het. In albei gevalle het dit van binne asook van buite die Hananwa-samelewing gekom.

In 'n poging om in drastiese veranderende omstandighede te oorleef het die Hananwa self verskeie strategieë wat op tradisionele aspekte van hulle lewenswyse gebaseer was, ontwikkel. Tradisie is dus in hierdie geval as hulpbron gebruik in 'n poging om aan te pas en te oorleef. Dit was nie net op materiële gebied die geval nie, maar ook op die sosiale, politieke en religieuse vlakke waar dit aangewend is om intra-groepvorming te bewerkstellig en in stand te hou.

Aan die ander kant was daar die stimulus in verband met die behoud van die tradisionele wat van buite die Hananwa samelewing afkomstig was. Die regering was van mening dat daar nog altyd by hulle 'n hunkering na die oue en die bekende sou wees. Foster (1973:26) noem dit die "rural is best" persepsie. 'n Nasionale ideologie is ontwerp en strategieë is ingestel om dit te bevorder. Die doel van die regering was om met die manipulering van die tradisionele gebruike en die proses van verandering, 'n identiteit by die mense aan te wakker, wat dan weer die beleid van afsonderlike ontwikkeling sou stimuleer. Dit sou gedoen word deur vir die swartmense 'n 'herkenbare' lewenswyse, gebaseer op tradisionele beginsels, in hulle eie gebiede te vestig.

Tog, soos in hoofstukke 7 en 8 aangedui, was dit nie altyd moontlik om hierdie beginsels suiwer as beleid toe te pas nie. Die rede is dat daar ook voorsiening vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die afsonderlike gebiede en hul inwoners gemaak moes word. Dit was in 'n groot mate teenstrydig met die gedagte van die behoud van 'n tradisionele lewenswyse en het die twee beginsels mekaar grootliks teengewerk, wat eventueel daartoe bygedra het dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling misluk het.

# AFDELING V
# SLOT

In hierdie afdeling word die proefskrif afgesluit. Dit bestaan uit 'n samevatting van die navorsing, soos dit gemeet word aan die bereiking van die doel van die navorsing. Dit sluit ook 'n bespreking in van die waarde wat 'n multi-dissiplinêre benadering vir die antropologie in die breë inhou.

# HOOFSTUK 10

# SLOT

> "Both history and ethnography are concerned with societies *other* than the one in which we live. Whether this *otherness* is due to remoteness in time, or to remoteness in space, or even to cultural heterogeneity, is of secondary importance compared to the basic similarity of perspective. What constitutes the goal of the two disciplines? Is it the exact reconstruction of what has happened, or is happening, in the society under study? To assert this would be to forget that in both cases we are dealing with systems of representations which differ from each member of the group and which, on the whole, differ from the representations of the investigator... All that the historian and ethnographer can do, and all that we can expect of either of them, is to enlarge a specific experience to the dimensions of a more general one, which thereby becomes accessible *as experience* to men of another country or another epoch" (Levi-Strauss 1979:16-17).

Die doel van hierdie navorsing was, soos in hoofstuk 1 uiteengesit, om die strukturele dimensie van ervaring van die inwoners van 'n spesifieke landelike omgewing te skets. Vir hierdie doel is die Hananwa, woonagtig te Blouberg in die Noordelike Provinsie, as eenheid van waarneming gekies. Die basiese tese wat ondersoek is, is dat die huidige aard van **verhoudinge** betekenisvol verband hou met 'n **proses** van kontak en veranderinge in die streek in die besonder, asook in die konteks van die groter Suid-Afrikaanse sosiale, politieke en ekonomiese sisteem in die algemeen. Bogenoemde prosesse sou saamwerk om 'n spesifieke beeld van die inwoners van hierdie gebied te skep. Hiervoor word die gebeure van veral die afgelope 200 jaar as van belang beskou.

Die totstandkoming van 'n moderne Suid-Afrika het gepaard gegaan met 'n lang uitgerekte stryd om beheer oor meer opvallende hulpbronne en simbole - grondgebied, politieke mag, welvaart en so meer te verkry.

Die beskrywing van hierdie stryd om hulpbronne en simbole, het begin met 'n beskrywing van die Hananwa as pre-koloniale eenheid. Daar is aangedui dat daar voldoende natuurlike hulpbronne in die Blouberg-omgewing was en dat die Hananwa oor die toepaslike tegnologie beskik het om dit te ontgin en die meeste van hul behoeftes uit die plaaslike omgewing te bevredig (hoofstuk 2).

Dit is duidelik dat hul lewenswyse op daardie tydstip enkele sentrale elemente omsluit het. Die belangrikste hiervan was die stamhoofskap, 'n stelsel wat gebaseer was op die beginsel dat erkenning en arbeid opgevloei het na die stamhoof en dat goeie guns weer afgevloei het na sy onderdane (hoofstuk 6:2). Hierdie sisteem is ondersteun deur die instelling van 'n aantal gemeenskapsrituele, waarvan die belangrikste die maak van reën en die fees van die eerste vrugte is (hoofstuk 8:2). Deur die manipulering van hierdie rituele verseker die stamhoof voortdurende ondersteuning van sy onderdane. Selfs ten opsigte van regspleging bevestig die Hananwa-stamhoof sy dominante posisie aangesien die hof van die stamhoof die hof van hoogste gesag is waarheen alle sake vir beslegting verwys kan word (hoofstuk 6).

Die ekonomie van die Hananwa was aanvanklik 'n bestaansekonomie, gebaseer op die produksie van genoegsame voedsel vir eie gebruik. Veeteelt was grootliks die gebied van die man, terwyl landbou as belangrikste bron van voedselvoorsiening die terrein van die vrou was (hoofstuk 8:2). 'n Verdere kenmerk van hierdie lewenswyse was dat dit ekonomies gelykmakend van aard was. Klasseverskil het nie om ekonomiese aspekte gewentel nie en was dit om hierdie rede vir hulle moontlik om maklik lede van omliggende samelewings te inkorporeer.

Op daardie tydstip was die Hananwa een van 'n groepering mense wat 'n gemeenskaplike gebied bewoon het en sekere strukture en gebruike met omliggende groepe in gemeen gehad het. Vanuit 'n posisie van politieke dominansie kon hulle egter die omliggende mense beïnvloed, omvorm en beheer. Dit was egter nie 'n eensydige optrede nie, aangesien hulself ook in 'n groot mate deur die proses geraak is. Hulle het geleef in 'n dinamiese wêreld van uitgebreide regionale verhoudinge en veranderende samelewings (hoofstuk 4).

Hulle bestaan as die Hananwa sou eers tydens die koloniale periode vaste gestalte kry (hoofstuk 5). Eerstens het die koms van die blankes 'n groot invloed op hulle gehad deurdat dit hulle eie interne dinamika as't ware in posisie gevries het. Hulle sou na die kontak nie meer vanuit 'n dominante posisie alleen kon bepaal hoedanig hul identiteit en lewenswyse daaruit sou sien nie en is dit deur magte en kragte groter as hulself beïnvloed. In dié vroeë stadium van kontak was dit hoofsaaklik die sendelinge wat hulle lewenswyse bepaal en voorgeskryf het, maar ook berig daaroor gedoen het (hoofstuk 5:4.2). Die beeld wat deur hierdie vroeë beriggewers geskep is, was hoofsaaklik negatief van aard en grootliks gebaseer op foutiewe interpretasies van kulturele instellinge soos poliginie, gemeenskapsrituele, die lewering van trougoedere en diens aan die voorouers. Dit het ook aanleiding gegee tot die stereotipering van hierdie samelewings as onveranderlik en 'primitief'.

Hierdie eerste kontak is met drastiese effek deur politieke ontwikkelinge (hoofstuk 5) en die Westerse tegnologie gevolg. Dit het nie net produksiepatrone beïnvloed nie, maar ook sosiale, ekonomiese en politieke verhoudinge. Die ekonomiese patroon het verander van selfvoorsiening en -versorging na een van afhanklikheid van eksterne bronne, veral deelname aan trekarbeid (hoofstuk 5:4.3 & hoofstuk 8:5.6). Die grootste invloed op hulle was egter die proses van sosiale omvorming waarvolgens daar doelbewus deur 'n politieke bedeling van buite gepoog is om nie net vir die Hananwa 'n lewenswyse voor te skryf nie, maar ook om 'n identiteit vir hulle te skep, aan die hand van 'n ideologie wat

op 'n aantal politieke 'mites' gebaseer was.

In die proefskrif is aangevoer dat daar vier basiese vereistes vir die suksesvolle konstruksie van 'n identiteit of omvorming van die 'ander' vir hierdie mense voorgehou is: politieke selfregering (hoofstuk 6), 'n eie grondgebied (hoofstuk 7), ekonomiese welvaart (hoofstuk 8) en 'n eiesoortige lewenswyse (hoofstuk 9). Die voorbehoud daarin was dat dit onder toesig en beheer van die sentrale regering sou plaasvind.

Die essensie van die proses wat beskryf is, is nie soseer geleë in die politieke dominering van die een groep oor 'n ander nie. Dit handel eerder oor die transformasie van die 'ander' en die resulterende wisselwerking volgens voorbehoude wat nie deur hulle self, dit wil sê die Hananwa, gekies is nie (Comaroff & Comaroff 1991:15). Alhoewel daar op besliste wyse deur die regering gepoog is om hierdie aksies suksesvol deur te voer, kan daar nie gesê word dat enige daarvan eensydig geïmplimenteer en suksesvol afgehandel is nie.

Daar is ook aangedui dat die Hananwa nie passief gestaan het in die proses nie, maar dat hulle wel aktief daaraan deelgeneem het. Hulle het saamgewerk, teruggeveg, 'dwars getrek' (hoofstuk 6) en geïnnoveer, alles gebaseer op die voordeel wat dit vir hulle kon inhou. In die woorde van Comaroff, in die aanhaling waarmee hoofstuk 1 begin is, het hulle 'n aktiewe rol in die dialektiek van hul eie geskiedenis gespeel (Comaroff & Comaroff 1991:15).

Die belangrikste vrae wat na vore kom is: Wat was die gevolge van hierdie proses? Hoe, en met wie identifiseer die Hananwa hulself en hoe word hulle deur ander beskou? In antwoord hierop is dit noodsaaklik dat daar weer kortliks gekyk word na die faktore wat 'n bepalende rol in die skep van identiteit speel.

Die eerste van hierdie faktore is die rol van die **geskiedenis as perspektief van die tyd** (hoofstuk 1:2.2). Vanweë besondere gebeure wat plaasgevind het, het

daar deur die loop van jare by individue en groepe individue 'n beeld oor wie en wat die Hananwa is, maar ook van hoe hulle oor hulself dink, ontstaan. Dit is 'n beeld wat op verskillende wyses en vlakke geskep, omvorm, aangebied en aan hulle toegeskryf is, naamlik:

- as deel van ideologiese en politieke diskoers deur veral amptenare en politici;

- op die gebied van akademiese navorsing deur sendelinge, navorsers en amptenare;

- eksterne, populêre diskoers, byvoorbeeld in letterkunde, die pers, oorleweringe en mites; en

- interne diskoers wat deur die Hananwa self as migrant, inwoner en stamhoof aangebied is.

Dit het veral bygedra tot die konstruksie van die **opposisionele** aard van hul identiteit (hoofstuk 1:2.3) - die skep van identiteit in konteks van inter-groep konflik: die Hananwa as entiteit in teenstelling met ander groepe.

'n Verdere aspek wat ter sprake is, is die **skep of herskep van tradisie.** Dit hang saam met die **objektivering** van kultuur (hoofstuk 1:2.3) - die wyse waarop groepe mense sekere aspekte uitbou en verander as deel van hul identiteit. Dit spruit uit die opvatting dat 'tradisie' (of kultuur of gebruike) beskou word as 'n hulpmiddel in die hantering van kontemporêre situasies van herstrukturering en aanpassing. Daar is aangevoer dat 'tradisionele' elemente in die lewenswyse van die Hananwa behoue gebly het en veral op die vlak van ekonomiese oorlewing tot uiting gekom het. Hierdie situasie het dit vir sommige buitestaanders moontlik gemaak om te glo dat die skepping van 'n identiteit vir die Hananwa 'n mate van sukses gehad het. Maar, die rede vir die behoud hiervan word die

beste verstaan as 'n konstante veranderde uitdrukking van ontwikkelende groepsidentiteit en as reaksie van hierdie groepe op die ondervinding van trekarbeid, verarming en landelike omvorming. In die proefskrif is uitgewys hoe die Hananwa hierdie proses tot hulle voordeel gebruik het in die vorming en instandhouding van inter-groep verhoudinge, maar veral ook intra-groep verhoudinge: stamhoof teenoor onderdane, mans teenoor vrouens, Christen teenoor nie-Christen, ryk teenoor arm, inwoners teenoor nuwe setlaars en so meer.

'n Ander faktor wat 'n rol gespeel het, is die manipulering van al hierdie opvattinge en die houdinge wat daarop gebaseer is, vir doeleindes van 'n politieke ideologie (hoofstuk 1:2.4). Vanweë die bestaan van die beeld van 'n 'tradisionele' Afrika en sy mense, asook die rol wat dit in die bepaling van houdinge en verhoudinge gespeel het, is dit aangewend in die ontwikkeling van abstrakte sosiale teorieë. In Suid-Afrika het dit aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n ideologie van afsonderlike ontwikkeling, waarvolgens veral swartmense binne afgebakende gebiede, hul eie lewenswyse, gebaseer op die 'tradisionele', kon bepaal.

Al drie die faktore het saamgewerk tot die skepping van 'n identiteit vir die Hananwa wat op twee verskillende, dog grootliks vervlegde, vlakke manifesteer:

- Die mobilisering van 'n enkelvoudige identiteit deur politici, gebaseer op 'n beskouing van etnisiteit as staties (die primordiale siening) en as deel van 'n toegeskryfde lewenswyse, wat van die veronderstelling uitgaan dat dit mense van nature saambind.

Die navorsing het aangetoon hoe hierdie elemente gemanipuleer is om etniese identiteit uit te bou, te vestig en te verseker. Dit sou, volgens beplanning van die nasionale regering, binne die grense van die nasionale state deur die bepaalde groep mense uitgeleef kon word. Hierdie etnisiteit manifesteer wel in

die lewe van die Hananwa en is gevolglik ook deur die politici gemanipuleer. Word die Hananwa egter daarna uitgevra kan daar afgelei word dat dit nie 'n hoogsontwikkelde konsep by hulle is nie. Daarvoor is die antwoorde daarop te uiteenlopend van aard.

Hierdie etniese identiteit is in teenstelling met die ander identiteite wat in hulle alledaagse lewensondervinding tot uiting kom.

- Die alledaagse lewensondervinding van mense wat hul eie, sinvolle identiteit ontwikkel vanweë die verskillende opsies wat hulle daagliks moet uitoefen. Hierdie selftoegeskrewe identiteit kan verander na gelang die situasie verander.

Dit manifesteer in geslags-, familie-, trekarbeider-, stamhoof-, kerk-, onderwyser-, magiër-, vader- en ander identiteit. Hoe meer vryhede die mense het om hul eie identiteit vanuit verskillende situasies te ontwikkel, hoe minder blyk hulle geneig te wees om by die tradisionele, historiese identiteit te hou.

Samevattend kan gesê word dat die gedwonge instandhouding van elemente van 'n 'tradisionele' lewenswyse en stamaanhorigheid wat van buite op hulle afgedwing is, maar ook vir eie gewin deur hulself gemanipuleer word, het van hierdie mense inwoners van Blouberg gemaak. Die behoud hiervan, hetsy gedwonge of vrywilliglik, het die mense van Blouberg lank uitgesluit van deelname aan politieke mag, ekonomiese welvaart en die ontwikkeling van die groter Suid-Afrikaanse samelewing. Tog is hul identiteit nie 'n strakke vasklou aan die tradisionele, pre-koloniale beeld nie, maar is dit dinamies van aard en word dit gedurigdeur herskep en aangepas by veranderende omstandighede wat van binne en buite op hulle as samelewing inwerk. Dit maak dit dus moontlik dat hulle maklik as burgers van 'n groter samelewing, wat op globale vlak funksioneer, sal kan inskakel.

Hierdie laaste hoofstuk begin met 'n aanhaling van Levi-Strauss oor die verband wat daar tussen antropologiese en historiese navorsing bestaan. Antropologie as vak hou hom in die breë besig met verhoudings en prosesse, eerder as met entiteite en gebeure. Dieselfde kan ook van die kontemporêre geskiedskrywing gesê word.

Deur die veranderende aard van antropologiese kennis en die produksie van daardie kennis te ondersoek, bevraagteken hierdie navorsing die gedagte dat kennis oor 'n samelewing beperk moet word tot sosiale-kulturele verhoudinge wat op 'n een-tot-een grondslag (navorser tot segspersoon) gebaseer is. Antropologie is lank nie meer 'n enkelvoudige dissipline nie, maar eerder 'n vermenging van praktyke werksaam in 'n wye reeks sosiale kontekste en gevolglik moet dit die invloed van argeologie, geskiedenis, letterkunde, mondelinge oorleweringe en so meer insluit. Uit die navorsing het dit duidelik geword dat dit moontlik is om verskillende vakdissiplines aan te wend om sodoende op 'n breër basis, insig oor die chronologiese verloop en werking van sosiale prosesse te kry.

# BIBLIOGRAFIE


Acocks, J.P.H. 1975. **Veld types of South Africa.** Memoirs of the Botanical Survey of South Africa, no. 40. Pretoria: Navorsingsinstituut vir Plantkunde.

Anoniem, s.j.a. **The Bahananwa lane (sic) of succession to kingship.** Ongepubliseerde verslag, lêer no. 5/4/3/80. Lebowakgomo: Departement van die Hoofminister.

Anoniem, s.j.b. **Die Bahananwa van Blouberg: Bochumgebied (Malaboch).** Ongepubliseerde verslag, lêer no. 5/4/3/80. Lebowakgomo: Departement van die Hoofminister.

Anoniem, 1872. Nachrichten von unserer Station Blauberg. **Berliner Missionsberichte** 17/18:308-321.

Anoniem, 1876. Nachrichten von unserer Station Makchabeng (Transvaalien). **Berliner Missionsberichte** 21/22:354-372.

Anoniem, 1878a. Nachrichten von unserer Station Makchabeng (Transvaalien). **Berliner Missionsberichte** 19/20:444-451.

Anoniem, 1878b. Nachrichten von unserer Station Blauberg (Transvaalien). **Berliner Missionsberichte** 19/20:454-462.

Anoniem, 1880a. Blauberg. **Berliner Missionsberichte** 11/12:208.

Anoniem, 1880b. Nachrichten von unserer Station Makchabeng. **Berliner Missionsberichte** 15/16:307-310.

Anoniem, 1880c. Nachrichten von unserer Station Blauberg. **Berliner Missionsberichte** 19/20:357-375.

Anoniem, 1889. Nachrichten von unserer Station Makchabeng. **Berliner Missionsberichte** 19/20:471-479.

Anoniem, 1894. De Kaffer-oorlog. Met het Pretoria Commando. **De Volksstem** 20/06/1894.

Anoniem, 1932. War drums of Malaboch. **The Star**, Johannesburg, August 25.

Baines, T. 1877. **The Gold Regions of South Eastern Africa.** London: Edward Stanford.

Bantu, 1954. Definitions. **Bantu** 4:3.

Bantu, 1955. 'n Nuwe Tuiste. **Bantu** 5:59.

Bantu, 1962. Bantoekuns en -handewerk op drumpel van nuwe groei. **Bantu** 9(5):306-314.

Bantu, 1966. Bantoe aktief betrek in eie ontwikkeling. **Bantu** 13(1):8-10.

Bantu, 1971. Tradisie in aanvraag. **Bantu** 18(7):16-19.

Bantu, 1972a. Bantoetuislande: grondwetlike vordering. **Bantu** 19(1):2-9.

Bantu, 1972b. Lebowa: grondwetlike verandering. **Bantu** 19(12):2-5.

Bantu, 1973. Lebowa - riglyne vir konsolidasie. **Bantu** 20(7):2-5.

Baumbach, [M.] 1874. Heidensitte. **Berliner Missionsberichte** 5/6:90.

Baumbach, [M.] 1875. Schweres Warten. **Berliner Missionsberichte** 17/18:349-350.

Baumbach, [M.] 1877. Handel um Korn. **Berliner Missionsberichte** 21/22:448-449.

Beidelman, T.O. 1966. Swazi royal ritual. **Africa** 36(4):373-405.

Becker, P. 1972a. **Path of blood.** London: Panther books.

Becker, P. 1972b. **Rule of fear.** London: Panther Books.

Becker, P. 1972c. **Hill of destiny.** London: Panther Books.

Benbo, 1976. **Swart ontwikkeling in Suid-Afrika.** Pretoria: Buro vir ekonomiese navorsing insake Bantoe-ontwikkeling.

Bendheim, P. 1987. **At the city's edge: a study of some aspects of the informal sector in informal housing areas, Durban.** Durban: Inkatha Institute for South Africa.

Berg, J.S. 1994. Persoonlike mededeling. Hoof: Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria.

Beyer, [E.B.] 1870. Halbjahrsbericht (1869) der Station Blauberg. **Berliner Missionsberichte** 10:147-149.

Beyer, [E.B.] 1874. Die Bakchananoa in Blouberg. **Berliner Missionsberichte** 5/6:102-107.

Boersema, N. 1984. **Die Malopokultus by die Kgaga van Maake.** Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Boeyens, J.C.A. 1994. "Black Ivory": the indenture system and slavery in Zoutpansberg, 1848-1869. In Eldredge, E.A. & Morton, F. (eds.) **Slavery in South Africa: captive labour on the Dutch frontier.** Pp 187-214.

Boonzaier, E. & Sharp, J. (eds.) 1989. **South African keywords: the uses and abuses of political concepts.** Cape Town: David Philip.

Boshier, A.K. 1972. A note on the Masetedi. **South African Journal of Science** 68:206-208.

Bosman, D.J. 1955. **Apartheid or segregation.** Johannesburg: Hortors Limited.

Botha, S.J. (red.) 1983. **'n Voorgestelde Nasionale Ontwikkelingsplan vir Lebowa.** Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Bothma, C.V. 1962. **Ntshabeleng social structure: a study of a Northern Transvaal Sotho tribe.** Pretoria: Government Printer.

Brabers, A.J.M. 1985. Barytes. In Coetzee, C.B. (ed.) **Mineral resources of the Republic of South Africa.** Pp 269-272.

Brandl, G. 1986. **The Geology of the Pietersburg area.** Geological Survey. Pretoria: Government Printer.

Breutz, P.-L. 1953. **The Tribes of Marico district.** Ethnological Publications No. 30. Pretoria: Government Printer.

Breutz, P.-L. 1958. Tswana tribal government today. **Sociologus** 8(2):140-154.

Breytenbach, W.J. 1974. **Bantoetuislande: verkiesings en politieke partye.** Pretoria: Afrika-Instituut.

Brown, D. 1993. Ethnicity as a psychological and political ideology. Paper presented at the **Conference on Ethnicity, Identity and Nationalism in South Africa: Comparative Perspectives.** Rhodes University, Grahamstown, South Africa, 2-24 April 1993.

Bruner, E.M. & Gorfain, P. 1988. Dialogic narration and the paradoxes of

Masada. In Plattner, S. & Bruner, E.M. (eds.) **Text, play, and the story: the construction and reconstruction of self and society.** Pp. 56-79.

Carneiro, R.L. 1981. The chiefdom: precursor to the state. In Jones, G.D. & Kautz, R.R. (eds.) **The transition to statehood in the New World.** Pp. 37-79.

Cernea, M.M. & Guggenheim, S.E. (eds.) 1993. **Anthropological approaches to resettlement: policy, practice, and theory.** Boulder: Westview Press.

Clifford, J. 1988. **The predicament of culture. Twentieth-century ethnography, literature, and art.** Cambridge: Harvard University Press.

Coertze, P.J. 1931. Dolosgooiery in Suid-Afrika. **Annale van die Universiteit van Stellenbosch** 9B3:1-44.

Coertze, P.J., Language, F.J. & Van Eeden, B.I.C. 1943. **Die oplossing van die Naturellevraagstuk in Suid-Afrika.** Johannesburg: Publicite Handelsreklamediens.

Coetzee, C.B. (ed.) 1985. **Mineral resources of the Republic of South Africa.** 5th Edition. Pretoria: Geological Survey.

Coetzee, D.F. 1978. Die wyse waarop die Bantwane seisoenale verskynsels in verband met die natuur en hemelliggame gebring het. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie** 1(1):29-32.

Coetzee, D.F. 1979. Die **Batseta-** en indoenastelsel by die Bantwane. **Tydskrif vir Etnologie** 2(1):41-44.

Colson, E. 1971. **The social consequences of resettlement.** Manchester: Manchester University Press.

Comaroff, J.L. 1974. Chiefship in a South African Homeland. **Journal of Southern African Studies** 1(1):36-51.

Comaroff, J.L. 1982. Dialectical systems, history and anthropology: units of study and questions of theory. **Journal of Southern African Studies** 8:143-172.

Comaroff, J. 1985. **Body of power, spirit of resistance.** Chicago: University of Chicago Press.

Comaroff, J. & Comaroff, J. 1991. **Of revelation and revolution: Christianity colonialism, and consciousness in South Africa.** Vol. 1. Chicago: The University of Chicago Press.

Comaroff, J. & Comaroff, J. 1992. **Ethnography and the historical imagination.** Boulder: Westview Press.

Coplan, D. 1985. **In Township tonight! South Africa's Black city music and theatre.** Johannesburg: Ravan Press.

Cronje, G. 1945. **'n Tuiste vir die nageslag - die blywende oplossing van Suid-Afrika se rassevraagstukke.** Johannesburg: Publicite Handelsreklamediens.

Cronje, G. 1947. **Regverdige rasse-apartheid.** Kaapstad: Citadel Pers.

Cronje, G. 1948. **Voogdyskap en apartheid.** Pretoria: J.L. van Schaik.

Cumings, C.E. 1933. The old ruins of Blaauwberg. **Sunday Times** 26/3/1933.

Curtin, P.D. 1964. **The image of Africa: British ideas and action, 1780-1850.** Madison: University of Wisconsin Press.

Davenport, T.R.H. 1987a. Can sacred cows be culled? A historical review of land policy in South Africa, with some questions about the future. **Development Southern Africa** 4(3):388-400.

Davenport, T.R.H. 1987b. **South Africa: a modern history.** Johannesburg: Macmillan South Africa.

De Jager, F.S.J. 1985. Coal. In Coetzee, C.B. (ed.) **Mineral resources of the Republic of South Africa.** Pp. 289-339.

De Jongh, M. 1994. Mozambican refugee resettlement: survival strategies of involuntary migrants in South Africa. **Journal of Refugee Studies** 7(2/3):220-238.

Delius, P. 1985. Migrant labour and the Pedi, 1840-1980. In Marks, S. & Atmore, A. (eds.) **Economy and society in pre-industrial South Africa.** Pp. 293-312.

Denbow, J.R. 1984. Cows and Kings: a Spatial and Economic analysis of a Hierarchical Early Iron Age Settlement System in Eastern Botswana. In Hall, M. et al **Frontiers: Southern African Archaeology Today.** Pp. 24-39.

Departement Bantoe Administrasie en Ontwikkeling. Band 4866, lêer F54/1074/2. Pretoria: Transvaalse Argiefbewaarplek.

Departement Openbare Werke. Band 844, lêer 5/1851.

Departement Naturellesake. Band 803, lêer 286/162.

Departement Naturellesake. Band 803, lêer 292/162.

De Vaal, J.B. 1965. Trade and technical education - its scope and objectives. **Bantu Education Journal** 11(10):7-12.

De Volkstem, 20 Junie 1894.

De Volkstem, 4 Julie 1894.

De Wet, C. 1993. A spatial analysis of involuntary community relocation: a South African case study. In Cernea, M.M. & Guggenheim, S.E. (eds.) **Anthropological approaches to resettlement: policy, practice, and theory.** Pp. 321-350.

Dicke, B.H. 1931. Brief aan die direkteur, Transvaal Museum, 13/11/1931. Lêer TM 1/31-33, Argief, Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

Dicke, B.H. 1932. The tsetse-fly's influence on South African history. **South African Journal of Science** 19:792-796.

Die Burger, 1925. Generaal Hertzog spreek Naturelle toe. **Die Burger**, 4/12/1925.

Die Burger, 1944. Kleurbeleid van die H.N.P. **Die Burger**, 8/5/1944.

Dubow, S. 1991. **Racial segregation and the origin of Apartheid in South Africa, 1919-1936.** Oxford: Macmillan.

Duthie, A. 1992. The Blouberg team learns from Zimbabwe. **African Wildlife** 46(1):11.

Du Toit, B.M. 1969. Co-operative institutions and culture change in South Africa. **Journal of Asian and African Studies** 4:275-299.

Du Toit, B.M. 1982. Involuntary migration and government policy: population displacement in South Africa. In Hansen, A. & Oliver-Smith, A. **Involuntary migration and resettlement: the problems and responses of dislocated people.** Pp. 139-158.

Eldredge, E.A. & Morton, F. (eds.) 1994. **Slavery in South Africa: captive labour on the Dutch frontier.** Boulder: Westview Press.

Fanselow, F.S. 1990. The bazaar economy or how bizarre is the bazaar really? **Man** (NS) 25:250-265.

Farini, G.A. 1886. **Through the Kalahari Desert**. 2de uitgawe, 1973. Kaapstad: C. Struik.

Ferguson, C.C. 1991. **Conservation options for Blouberg, Lebowa: proposals based on a socio-ecological study.** Unpublished report. Pretoria: Department of Development Aid.

Fischer, A. 1992. **Die historiese en sosiale formasie van 'n nedersetting in Mhala, Gazankulu.** Ongepubliseerde D.Litt et Phil proefskrif. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Foster, G.M. 1973. **Traditional societies and technological change.** Second edition. New York: Harper & Row.

Franz, [C.H.R.] 1903. Blauberg: kampf um die koma. **Berliner Missionsberichte** 20:643-644.

Franz, G.H. 1931. Some customs of the Transvaal Basotho. **Bantu Studies** 5(3):241-246.

Franz, G.H. 1939: Malebogo. **Huisgenoot** 23(881):35, 89, 91.

Franz, G.H. 1957. **Masilo se oorwinning.** Pretoria: J.L. van Schaik.

Franz, G.H. 1967. **Laaste verhale.** Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

Franz, H.M. 1929. Mädchenbeschneidung in Nord-West-Transvaal. **Die Brücke: Wissenschaftliche Beilage** 6(2):1-5, 8.

General Staff, War Office, 1907. **Native strongholds and locations of the Transvaal.** London: His Majesty's Stationary Office.

Grillo, R. & Rew, A. (eds.) 1985. **Social Anthropology and Development Policy.** London: Tavistock Publications.

Gluckman, M. 1963. **Order and rebellion in tribal Africa.** London: Cohen & West.

Hall, M. 1987. **The changing past: farmers, kings and traders in Southern Africa, 200-1860.** Cape Town: David Philip.

Hall, M., Avery, G., Avery, D.M., Wilson, M.L. & Humphreys, A.J.B. (eds.) 1984. **Frontiers: Southern African Archaeology Today.** BAR International Series 207.

Hamilton, C.A. 1993. **Authoring Shaka: Models, metaphors and historiography.** Unpublished Ph.D thesis. Baltimore: Johns Hopkins University.

Hammond-Tooke, W.D. 1974a. World-view II: a system of action. In Hammond-Tooke, W.D. (ed.). **The Bantu-speaking peoples of Southern Africa.** Pp. 344-363.

Hammond-Tooke, W.D. (ed.) 1974b. **The Bantu-speaking peoples of Southern Africa.** London: Routledge & Kegan Paul.

Hammond-Tooke, W.D. 1981a. **Boundaries and belief: the structure of a Sotho worldview.** Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Hammond-Tooke, W.D. 1981b. **Patrolling the Herms: social structure, cosmology and pollution concepts in Southern Africa.** Raymond Dart Lecture, Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Hanekom, C. 1975. **Krisis en kultus. Geloofsopvattinge en seremonies binne 'n Swart kerk.** Kaapstad: Academica.

Hansen, A. & Oliver-Smith, A. 1982. **Involuntary migration and resettlement: the problems and responses of dislocated people.** Boulder: Westview Press.

Harries, C.L. 1929. **The laws and customs of the Bapedi and cognate tribes of the Transvaal.** Johannesburg: Hortors Limited.

Harries, P. 1989. Exclusion, classification and internal colonialism: the emergence of ethnicity among the Tsonga-speakers of South Africa. In Vail, L. (ed.) **The creation of tribalism in Southern Africa.** Pp. 83-117.

Hellman, E. (ed.) 1949. **Handbook on Race Relations in South Africa.** London: Oxford University Press.

Hellman, E. 1957. Tribalism in modern society. **Race Relations Journal** 24:1-11.

Hill, R., Muller, M. & Trump, M. (eds.) 1991. **African Studies Forum, Vol. I.** Pretoria: Human Science Research Council.

Hobsbawm. E. 1984. Introduction: Inventing traditions. In Hobsbawm, E. & Ranger, T. (eds.) **The invention of tradition.** Pp. 1-14.

Hobsbawm, E. & Ranger, T. (eds.) 1984. **The invention of tradition.** Cambridge: Cambridge University Press.

Hofmeyr, S. 1890. **Twintig jaren in Zoutpansberg.** Kaapstad: J.H. Ross & Co.

Horrell, M. 1973. **The African homelands of South Africa.** Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

Huffman, T.N. 1986. Iron Age settlement patterns and the origins of class distinction in Southern Africa. **Advances in World Archaeology** 5:291-338.

Huffman, T.N. 1990. Persoonlike mededeling. Hoof: Departement Argeologie, Universiteit van die Witwatersrand.

Huskisson, Y. 1968. The story of Bantu music. **Bantu** 15(7):16-21.

Jäckel, M. s.j. **Gananoa: die Missionsarbeit im Gebiet von Blauberg in Suid-Afrika.** Berlin: Heimatdienst.

Jäckel, M. 1928. Erfahrungen über die religiösen Anschauungen der Heidenwelt. **Mission und Pfarrant** 21(1):10-20.

James, D. 1989. **Makgakgasa: Women's music in a Lebowa village.** Unpublished paper presented at the Conference of the Association for Anthropology in Southern Africa. Bellville: University of the Western Cape.

James, D.A. 1992. **"I dress in this fashion". Women, the life-cycle, and the idea of SeSotho.** Johannesburg: African Studies Institute, University of the Witwatersrand.

Jantjes, G. 1983. The words about us. **Art Libraries Journal** 8(4):14-22.

Jones, G.D. & Kautz, R.R. (eds.) 1981. **The transition to statehood in the New World.** Cambridge: Cambridge University Press.

Jooste, C.J. 1977. Volksidentiteit, Volkseenheid en Pluralisme. **Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede** 28(4):102-117.

Karsten, D. 1972. **The economics of handicraft in traditional societies.** Afrika-studienstelle no. 79. München: Weltforum Verlag.

Kasfir, S.L. 1992. African art and authenticity. A text with a shadow. **African Arts** 25(2):40-53, 96-97.

Kennedy, T.G. 1959. Herinneringe aan die ou dae in die Noord-Transvaal. **Bantu** 4:25-28.

Kgashane, A. 1988. Persoonlike mededeling. Prediker: Volle Evangeliese Lutherse Kerk, Blouberg.

Klopper, S. 1991. Mobilising cultural symbols in twentieth century Zululand. In Hill, R., Muller, M. & Trump, M. (eds.) **African Studies Forum, Vol. I.** Pp. 193-226.

Kotze, A.E. 1987. **Die fonologiese sisteem van Hananwa**. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Krige, E.J. 1931. Agricultural ceremonies and practices of the Balobedu. **Bantu Studies** 5(3):207-239.

Krige, E.J. 1978. **African techniques of domination and state formation: their relevance today**. 16th Raymond Dart Lecture. Johannesburg: University of the Witwatersrand Press.

Krige, E.J. & Krige, J.D. 1943. **The realm of the Rain-queen**. London: Oxford University Press.

Krige, J.D. 1937. Traditional origins and tribal relationships of the Northern Transvaal. **Bantu Studies** 11(4):321-356.

Kuper, A. 1975. The social structure of the Sotho-speaking peoples of Southern Africa. **Africa** 45(1):67-81; 45(2):139-149.

Kuper, A. 1980. Symbolic dimensions of the southern Bantu homestead. **Africa** 50(1):8-23.

Kuper, A. 1988. **The invention of primitive societies. Transformations of an illusion**. London: Routledge.

Kunene, D.P. 1958. Notes on **hlonepa** among the Southern Sotho. **African Studies** 17:159-182.

Lacey, M. 1981. **Working for Boroko: the origins of a coersive labour system in South Africa**. Johannesburg: Ravan Press.

Lestrade, G.P. 1928. Some notes on the political organisation of the Bechwana. **South African Journal of Science** 25:427-432.

Levi-Strauss, C. 1979. **Structural Anthropology**. Harmondsworth: Penguin Books.

Lincoln, B. 1987. Ritual, rebellion, resistance: once more the Swazi **Ncwala**. **Man** (NS) 22(1):132-156.

Lodge, T. 1990. **Black politics in South Africa since 1945**. Johannesburg: Ravan Press.

Lokasiekommissie, 1905a. **Bahananwa tribe under Malaboch**. Band C27/16. Pretoria: Transvaalse Argiefbewaarplek.

Lokasiekommissie, 1905b. **History: Malaboch and Kibi**. Band C27/19. Pretoria: Transvaalse Argiefbewaarplek.

Lokasiekommissie, 1905c. **Report on Malaboch's location**. Band C27/16. Pretoria: Transvaalse Argiefbewaarplek.

Lokasiekommissie, 1905d. **Report on Kibi's location**. Band C27/16. Pretoria: Transvaalse Argiefbewaarplek.

Loubser, J.H.N. 1991. The ethnoarchaeology of Venda-speakers in Southern Africa. **Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein** 7(8):145-464.

Lowe, G. 1888. My first visit to Leboc, the chief of the Hanana tribe. **Wesleyan Missionary Notices** 6s 3(12):279-281.

Lund, A.E. 1936. Studies in animal native husbandry, 15. Notes on customs and animal management of the Malaboch tribe. **Journal of the South African Veterinary Medical Association** 7(1):20-23.

Lye, W.F. & Murray, C. 1980. **Transformations on the Highveld: the Tswana and Southern Sotho**. Cape Town: David Philip.

Malan, B.D. & Brink, A.S. 1951. Pre-European ruins on Brodie Hill, no. 1061,

Pietersburg. **South African Journal of Science** 48(4):133-137.

Mare, G. 1992. **Brothers born of warrior blood: politics and ethnicity in South Africa.** Johannesburg: Ravan Press.

Marks, S. & Atmore, A. (eds.) 1985. **Economy and society in pre-industrial South Africa.** London: Longmans.

Marks, S. & Trapido, S. 1987a. **The politics of race, class and nationalism.** In Marks, S. & Trapido, S. (eds.) **The politics of race, class and nationalism in twentieth-century South Africa.** Pp. 1-70.

Marks, S. & Trapido, S. (eds.) 1987b. **The politics of race, class and nationalism in 20th century South Africa.** London: Longmans.

Marquard, L. 1960. **The peoples and policies of South Africa.** London: Oxford University Press.

Massey, D.R. 1981. **Labor migration and rural development in Botswana.** Unpublished D.Phil dissertation. Boston: Boston University.

Mayer, P. 1961. **Townsmen and Tribesmen: Conservatism and the process of urbanization in a South African city.** Cape Town: Oxford University Press.

Mayer, P. (ed.) 1980. **Black villagers in an industrial society.** Cape Town: Oxford University Press.

McAllister, P.A. 1980. Work, homestead and the shades: the ritual interpretation of labour migration among the Gcaleka. In Mayer, P. (ed.) **Black villagers in an industrial society.** Pp. 205-253.

McAllister, P.A. 1991. Using ritual to resist domination in the Transkei. In Spiegel, A.D. & McAllister, P.A. (eds.) **Tradition and transition in South Africa.** Pp. 129-144.

McAllister, P.A. 1993. Indigenous beer in Southern Africa: functions and fluctuations. **African Studies** 52(1):71-88.

Meyerowitz, H.V. 1936. **A report on the possibilities of the development of village crafts in Basutoland.** Morija: Morija Printing Works.

Miller, C.L. 1985. **Black darkness: Africanist discourse in French.** Chicago: Chicago University Press.

Miller, C.L. 1990. **Theories of Africans. Francophone literature and anthropology in Africa.** Chicago: Chicago University Press.

Miller, D. 1980. Settlement and diversity in the Solomon Islands. **Man (NS)** 15:451-466.

Miller, D., Rowlands, M. & Tilley, C. (eds.) 1989. **Domination and resistance.** London: Unwin Hyman.

Milner, A. 1933. **The Milner papers.** Edited by C. Headlam. Vol. II. London: Cassell & Co.

Mitchell, J.C. 1970. Tribe and social change in South Central Africa: a situational approach. **Journal of Asian and African Studies** 5:83-101.

Mönnig, H.O. 1967. **The Pedi.** Pretoria: J.L. van Schaik.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1988. **Basic concepts in the methodology of the social sciences.** Pretoria: Human Sciences Research Council.

Murray, C. 1980a. The Tswana and Southern Sotho People. In Lye, W.F. & Murray, C. **Transformations on the Highveld: the Tswana and Southern Sotho.** Pp. 9-23.

Murray, C. 1980b. Migrant labour and changing family structure in the rural periphery of Southern Africa. **Journal of Southern African Studies** 6(2):139-156.

Murray, C. 1992. **Black mountain. Land class and power in the Eastern Orange Free State, 1880s to 1980s.** Edinburgh: Edinburgh University Press.

Musiker, N. 1984. **South African History. A Bibliographical Guide with Special Reference to Territorial Expansion and Colonization.** New York: Garland Publishing.

Nel, M.D.C. de Wet. 1961. Die morele grondslag van ons Apartheidsbeleid. **Bantu** 8(8):383-398.

Niehaus, I.A. 1988. Domestic dynamics and wage labour: a case study among urban residents in Qwaqwa. **African Studies** 47(2):121-143.

Norton, R. 1993. Culture and identity in the South Pacific: a comparative analysis. **Man (NS)** 28:741-759.

Norton, W.A. 1922. Circumcision rites as a native chronology. **Transactions of the Royal Society of South Africa** 10(4):245-252.

Odendaal, M.W. 1970. **Religie en die gesin by die Noord-Sotho.** Ongepubliseerde BA-honneurs skripsie. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Omer-Cooper, J.D. 1988. **History of Southern Africa.** London: James Currey.

Pauw, B.A. 1990. Widows and ritual danger in Sotho and Tswana communities. **African Studies** 49(2):75-99.

Perry, J. & Perry, C. 1991. Where were the guests? Republic festival 1981. In Spiegel, A.D. & McAllister, P.A. (eds.) **Tradition in Transition in Southern Africa.** Pp. 167-183.

Plattner, S. & Bruner, E.M. (eds.) 1984. **Text, play, and the story: the construction and reconstruction of self and society.** Prospect Heights, Illinois: Waveland Press.

Plug, I. 1987. An analysis of witchdoctor divining sets. **Research by the National Cultural History and Open-air Museum** 1(3):47-67.

Preston-Whyte, E. & Rogerson, C. (eds.) 1991. **South Africa's informal economy.** Cape Town: Oxford University Press.

Rae, C. 1898. **Malaboch, or notes from my diary on the Boer campaign of 1894 against chief Malaboch.** London: Sampson Low, Marston & Co.

Ranger, T. 1984. The invention of tradition in Central Africa. In Hobsbawm, E. & Ranger, T. (eds.) **The invention of tradition.** Pp. 211-262.

Rasmussen, R.K. 1978. **Migrant kingdom: Mzilikazi's Ndebele in South Africa.** London: Rex Collins.

Raum, O.F. & De Jager, E.J. 1972. **Transition and change in a rural community.** Alice: Fort Hare University Press.

Republiek van Suid-Afrika, 1969. Bepalings van die grense van die gebied van die Bahananoa-stam en die instelling van die Bahananoa-stamowerheid in die gebied Bochum, distrik Pietersburg. **Staatskoerant** no. 2053, 15 Augustus 1969.

Rhoodie, N.J. & Venter, H.J. 1960. **Die Apartheidsgedagte: 'n sosio-historiese uiteensetting van sy ontstaan en ontwikkeling.** Kaapstad: HAUM.

Ritter, E.A. 1972. **Shaka Zulu.**London: Panther Books.

Roberts, N. 1915. A few notes of **to kolo**, a system of divination practised by

the superior natives of Malaboch's tribe in the Northern Transvaal. **South African Journal of Science** 11:367-370.

Roberts, N. 1916. The Bagananoa or Ma-Laboch: notes on their early history, customs and creed. **South African Journal of Science** 12:241-256.

Roberts, N. 1917. Bantu methods of divination: a comparative study. **South African Journal of Science** 13:397-408.

Roberts, N. 1932. The witchdoctor's drums. **The Star**, Johannesburg, August 20.

Rogers, H. 1949. **Native Administration in the Union of South Africa.** 2nd Edition. Government Printer: Pretoria.

Rowlands, M. 1989. The archaeology of colonialism and constituting the African peasantry. In Miller, D., Rowlands, M. & Tilley, C. (eds.) **Domination and resistance.** Pp. 261-283.

Sachs, E.S. 1965. **The anatomy of Apartheid.** London: Collet's Publishers

Said, E. 1978. **Orientalism.** London: Routledge & Kegan Paul.

Sampson, E.W. 1956. Bantu agriculture: large or small shows. **Bantu** 4:85-88.

Sansom, B. 1974. Traditional economic systems. In Hammond-Tooke, W.D. (ed.) **The Bantu-speaking peoples of Southern Africa.** Pp. 135-176.

Schapera, I. 1941. **Select Bibliography of South African Native life and problems.** London: Oxford University Press.

Schapera, I. 1945. Notes on the history of the Kaa. **African Studies** 4(3):109-121.

Schapera, I. 1947. **Migrant labour and tribal life.** London: Oxford University Press.

Scholes, B. 1992. Blouberg: the magic mountain. **African Wildlife** 46(1):6-9.

Scott, G.M. 1990. A resynthesis of the primordial and circumstantial approaches to ethnic group solidarity: towards an explanatory model. **Ethnic and Racial Studies** 13(2):147-171.

Scudder, T. & Colson, E. 1982. From welfare to development: a conceptual framework for the analysis of dislocated people. In Hansen, A. & Oliver-Smith, A. **Involuntary migration and resettlement: the problems and responses of dislocated people.** Pp. 267-287.

Sentrale Statistiekdiens, 1991. **Bevolkingsensus 1991, opsommende resultate.** SSD-verslag No. 3-01-01. Pretoria: Staatsdrukker.

Shaw, E.M. 1949. South African Bantu Art and Craft. In Hellman, E. (red.) **Handbook on Race Relations in South Africa.** Pp. 628-645.

Sichone, O.B. 1989. The development of an urban working-class culture on the Rhodesian Copperbelt. In Miller, D., Rowlands, M. & Tilley, C. (eds.) **Domination and resistance.** Pp. 290-298.

Sieber, R & Walker, R.A. 1989. **African Art in the cycle of life.** Washington: National Museum of African Art.

Sonntag, C. s.j. **My friend Maleboch, chief of the Blue Mountains.** Translated from the German by K. Sonntag. Pretoria: K. Sonntag.

Sonntag, C. 1897. **Brief aan Kommandant-Generaal P. Joubert.** SS Band 6923, CR 5986/97. Pretoria: Transvaalse Argiefbewaarplek.

Spiegel, A.D. 1980. Rural differentiation and the diffusion of migrant labour remittances in Lesotho. In Mayer, P. (ed.) **Black villagers in an industrial society.** Pp. 109-168.

Spiegel, A.D. 1988. The ambiguities of betterment: a Transkei case study. **African Studies** 47(2):145-154.

Spiegel, A.D. & Boonzaier, E. 1989. Promoting tradition: images of the South African past. In Boonzaier, E. & Sharp, J. (eds.) **South African keywords: the uses and abuses of political concepts.** Pp. 40-57.

Spiegel, A.D. & McAllister, P.A. 1991. Introduction. In Spiegel, A.D. & McAllister, P.A. (eds.). Tradition and transition in South Africa. **African Studies Fiftieth Anniversary Volume.** Pp. 1-10.

Spiegel, A.D. & McAllister, P.A. (eds.) 1991. Tradition and transition in South Africa. **African Studies Fiftieth Anniversary Volume** 50(1 & 2):1-274.

Staatsekretaris, 1969. SS R4678/88, No. 1174, Pretoria: Transvaalse Argiefbewaarplek.

Stayt, H.A. 1931. **The Bavenda.** London: Oxford University Press.

Stech, C. 1879a. **Letter to the Superintendent of Native Affairs.** SN1, N211/79. Pretoria: Transvaalse Argiefbewaarplek.

Stech, C. 1879b. The gods of the Basuto. **Folklore Journal** 1(2):32-33.

Steiner, C.B. 1991. The trade in West African art. **African Arts** 24(1):38-43, 100.

Stone, H.J.S. 1975. Die differensiasiebeginsel in die onderwys. **Tydskrif vir Rasseaangeleenthede** 26(1):13-17.

Swantz, M-L. 1970. **Ritual and symbol in transitional Zaramo society.** Studia Missionalia Upsaliensia XVI. Uppsala: Gleerup.

Tatz, C.M. 1962. **Shadow and substance in South Africa.** Pietermaritzburg: University of Natal Press.

Thomas, E. 1991. Rotating credit associations in Cape Town. In Preston-Whyte, E. & Rogerson, C. (eds.) **South Africa's informal economy.** Pp. 290-304

Thomas, N. 1989. Material culture and colonial power: ethnological collecting and the establishment of colonial rule in Fiji. **Man (NS)** 24:502-520.

Thornton, R. 1983. Narrative ethnography in Africa, 1850-1920: the creation and capture of an appropriate domain for Anthropology. **Man (NS)** 18:502-520.

Transvaal Native Affairs Department, 1905. **Short history of the native tribes of the Transvaal.** Pretoria: Government Printer.

Trott, W. 1927. Gottesvorstellungen der Basotho. **Brücke** 4(2):11-13.

Trott, W. 1934. Kampf gegen die Zauberei. **Der Missions-Freund** 86(11):83-84.

Trott, W. 1935. Lerekolola-batho. **Thsupa-mabaka**, Pp. 37-40.

Trott, W. 1937. Brauchtum und Sippenwesen der Basotho und der Aufbau der Kirche. **Neue Allgemeine Missions-Zeitschrift** 14(10):305-314.

Trott, W. 1938. Missionar Trott, Blauberg. **Berliner Missionsberichte** 4:55.

Tudor, H. 1972. **Political myth.** New York: Praeger Publishers.

Turner, V. (ed.) 1982. **Celebration: studies in festivity and ritual.** Washington: Smithsonian Institute Press.

Turner, V. & Turner, E. 1982. Religious celebrations. In Turner, V. (ed.) **Celebration: studies in festivity and ritual.** Pp. 201-219.

Tyrrell, B. 1968. **Tribal peoples of Southern Africa.** Cape Town: Books of Africa.

Uitvoerende Raad. Band 2279, No. 2786. Pretoria: Transvaalse Argiefbewaarplek.

Uitvoerende Raad. Band 2291, No. 3257. Pretoria: Transvaalse Argiefbewaarplek.

Vail, L. (ed.) 1989. **The creation of tribalism in Southern Africa.** London: James Currey.

Van der Merwe, D.S. 1936. **A Preliminary Survey of Places and Objects of Archaeological interest in the Northern Transvaal.** Unpublished report. Johannesburg: Archaeological Survey.

Van der Merwe, D.W. 1984. Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900. **Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis** 46(1). Pretoria: Staatsdrukker.

Van der Merwe, D.W. 1987. Die Berlynse Sendinggenootskap en Kerkstigting in Transvaal, 1904-1962. **Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis** 50(2). Pretoria: Staatsdrukker.

Van der Merwe, I.J. 1983. **Die stad en sy omgewing.** Kaapstad: Citadel Pers.

Van der Waal, C.S. 1985. **Die betekenis van die informele sektor: kleinskalige vervaardiging in KwaNdebele en Venda.** Ongepubliseerde D.Litt et Phil proefskrif. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Van Heerden, P.W. 1955. The Bantu - Quo vadis? **Bantu** 11:59-70.

Van Schalkwyk, J.A. 1985a. Vaalpense: verwarring en waarheid. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie** 8(4):146-153.

Van Schalkwyk, J.A. 1985b. **Die tegniese skeppinge van die Molepo van Thabamoopo.** Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van Schalkwyk, J.A. 1990. Die kultuurhistoriese betekenis van die Berlynse sendingstasies in die Bloubergomgewing, Noord-Transvaal. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis** 4(4):244-249.

Van Schalkwyk, J.A. 1991. Crocodiles, history and the presentation of 'Facts'. **South African Journal of Art and Architectural History** 2(1):27-30.

Van Schalkwyk, J.A. & Moifatswane, S.M. 1991. The siege of Leboho: South African Republic fortifications in the Blouberg, Northern Transvaal. **Military History Journal** 8(5):175-181, 183.

Van Warmelo, N.J. 1935. **A preliminary survey of the Bantu Tribes of South Africa.** Ethnological publications, No. 5. Pretoria: Government Printer.

Van Warmelo, N.J. 1940. **The copper miners of Musina and the early history of the Zoutpansberg.** Ethnological publications, No. 8. Pretoria: Staatsdrukker.

Van Warmelo, N.J. 1953. **Die Tlokwa en Birwa van Noord Transvaal.** Etnologiese Reeks No. 29. Pretoria: Staatsdrukker.

Van Warmelo, N.J. 1977. **Anthropology of Southern Africa in Periodicals to 1950.** Pretoria: Government Printer.

Verryn, T. 1981 'Coolness' and 'heat' among the Sotho peoples. **Religion in Southern Africa** 2(1):11-38.

Wagner, R. 1985. Zoutpansberg: the dynamics of a hunting frontier, 1848-1869. In Marks, S. & Atmore, A. (eds.) **Economy and society in pre-industrial South Africa.** Pp. 313-349.

Weidemann, N.C. 1946. Die Malaboch-oorlog (1894). **Historiese Studies** 7(1):1-48.

Welsh, D. 1972. The cultural dimension of apartheid. **African Affairs** 71:35-53.

Westphal, E.O.J. 1975. Notes on the Babirwa. **Botswana Notes and Records**

7:191-194.

Whisson, M.G. 1985. Advocates, Brokers and Collaboraters: anthropologists in the real world. In Grillo, R. & Rew, A. (eds.) **Social Anthropology and Development Policy**. Pp. 131-147.

Wiid, F.G.J. 1972. **Die Gananwa van Mmalebogo**. Ongepubliseerde verslag, lêer no. 5/4/3/80. Lebowakgomo: Departement van die Hoofminister.

Wiid, F.G.J. 1982. Opvolging: teorie en praktyk in Lebowa.**Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie** 5(1):7-18.

Wilson, M. 1957. **Rituals of kinship among the Nyakyusa**. London: Oxford University Press.

Yawitch, J. 1981. **Betterment: the myth of homeland agriculture**. Johannesburg: Institute of Race Relations.

Ziervogel, D. & Mokgokong, P.C. 1975. **Groot Noord-Sotho-Woordeboek**. Pretoria J.L. van Schaik & Unisa.

Zöllner, L. & Heese, J.A. 1984. **Die Berlynse Sendelinge in Suid-Afrika**. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.